# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

**Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen**
**Zeitschrift für die Geisteswissenschaften**
**Journal of Humanities**




Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 63 | Volume 63
Nommer 1 | Number 1

**MAART 2023**
**MARCH 2023**

# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

**Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen**
**Zeitschrift für die Geisteswissenschaften**
**Journal of Humanities**

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751
Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

---

LW Hiemstra Trust

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur ’n ruim subsidie van die L.W. Hiemstra Trust – Opgerig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra
The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

---

**1**

Uitgewer/Publisher
**Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns**
**The South African Academy for Science and Arts**
Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574
Privaat sak/Private bag X11
Sunnyside 0132
Suid-Afrika/South Africa
Maart/March 2023

# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities



**HOOFREDAKTEUR / EDITOR-IN-CHIEF:**

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

**REDAKSIEKOMITEE / EDITORIAL COMMITTEE**

DP (Danie) Goosen – Godsdienswetenskap/Religious Studies (Akademia, Pretoria)
EPJ (Ewert) Kleynhans – Ekonomie/Economics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics (Nelson Mandela Universiteit, Port Elizabeth)/(Nelson Mandela University, Port Elizabeth)
G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

**REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL**

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)
AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)
WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)
P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)
ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)
PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)
IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)
JJ (Koos) Malan, Publiekreg/Public Law (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)
JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisyn/Language practitioner (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)
Susan Meyer – Afrikaans, Opvoedingswetenskappe/Afrikaans, Education Sciences (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/Philosophy of Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)
JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)
DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)
JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)
HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)
JP (Cillers) van den Berg – Duits; Algemene Literatuurwetenskap/German; Theory of Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)
GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

**REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL** (*vervolg*)
L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/Theory of Literature (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)
AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)
Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese Burgerskapsonderwys/ Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic Citizenship Education (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)
MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

**REDAKSIE – INTERNASIONAAL / EDITORIAL BOARD – INTERNATIONAL**
Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)/(Leiden University, The Netherlands)
E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam, Nederland)/(Free University and University of Amsterdam, The Netherlands)
Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)
WL (Willie) van der Merwe – Godsdiensfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)/(Free University, Amsterdam, The Netherlands)
Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)/(Radboud University, Nijmegen, The Netherlands)
Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit Leuven, België)/ (University of Maastricht and Catholic University of Leuven, Belgium)

Ex officio: A (Anne-Marie) Beukes – Hoof- Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer

*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.
*Journal of Humanities* by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

**Intekengeld vir 2023 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):**
**Subscription fees for 2023 in South Africa (VAT and postage included):**
*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*: R400,00 per jaargang/volume
*S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*: R350,00 per jaargang/volume

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.
Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.
Menings deur outeurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.
Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

**Rig korrespondensie aan/Correspondence to**:
Die Publikasiebeampte/The Publications Officer
Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
Privaat sak/Private bag X11, Sunnyside 0132, Suid-Afrika/South Africa
E-pos: publikasies@akademie.co.za
Webwerf: http://www.tgwsak.co.za
Tel: 0861 333 786

Gedruk deur V&R Drukkery (Edms) Bpk, Pretoria. Tel.: (012) 333-2462

**TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE**
**Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen**
**Zeitschrift für die Geisteswissenschaften**
**Journal of Humanities**

*Jaargang 63 Nommer 1, Maart 2023 / Volume 63 Number 1, March 2023*

# Inhoudsopgawe

## Navorsings- en Oorsigartikels / Research and Review Articles

**DJ Cloete en Herculene Kotzé**
Deon Meyer se *Koors* en *Fever*: 'n Ondersoek na die romans se posisie in die (Suid-)Afrikaanse en Engelse (Amerikaanse) literêre polisisteem / *Deon Meyer's* Koors *and* Fever*: An investigation into the novels' position in the (South) African and English (American) literary polysystem* ..... 1

**Karlien Conradie en Estelle Swart**
Die waarde van literêre teater in die bewussynsopvoeding van psigoterapiestudente / *The value of literary theatre in the consciousness education of psychotherapy students* ..... 23

**Petria Winter, Monique Rabé, Juan Bornman, Febe de Wet, Marien A. Graham en Jeannie van der Linde**
Kodewisselingspatrone by natuurlike, gesproke taal in 'n groep jong Afrikaanse kinders: 'n Verkennende studie / *Code-switching patterns in natural spoken language in a group of young Afrikaans-speaking children: An exploratory study* ..... 45

**Zanette Meintjes**
Verskansing: Die voorkoms en gebruik van beperkings- en weerhoudingsmerkers in studente se argumentatiewe tekste / *Hedging: The occurrence and use of restriction and restraint markers in students' argumentative texts* ..... 65

**Fanie Cloete**
'n Herbeoordeling van Niccolò Machiavelli se die-doel-heilig-die-middele-benadering tot regeerkunde / *A re-assessment of Niccolò Machiavelli's the-end-justifies-the-means approach to governance* ..... 83

**André Duvenhage**
Koalisiepolitiek in Suid-Afrika: Die kuns van die (on)moontlike? / *Coalition politics in South Africa: The art of the (im)possible?* ..... 99

**Bert Olivier**
Kenniswerkers en neoliberale "goewermentaliteit" – Benda Hofmeyr se *Foucault and Governmentality: Living to Work in the Age of Control* / *Knowledge workers and neoliberal governmentality – Benda Hofmeyr's* Foucault and Governmentality: Living to Work in the Age of Control ..... 122

**Izak Oosthuizen en Hannes van der Walt**
Van apartheid na 'n bedeling gegrond op fundamentele regte in Suid-Afrika: Het die politieke transformasie gelei tot 'n verbetering in onderrig en leer? / *From apartheid to a fundamental rights dispensation in South Africa: Did political transformation result in an improvement in education?* ..... 139

**Anika Els, Elize Vos, Ronél van Oort en Donnavan Kruger**
Riglyne om selfgerigte lesers en leerders in Natuurwetenskap te ontwikkel / *Guidelines for developing self-directed readers and learners in Natural Science* ............................................ 154

## Taalrubriek

**Tom McLachlan**
'n Soort taalcredo ............................................................................................................. 178

## Varia

**Eep Francken**
Ze namen een tussenjaar: De Afrikaanse literatuur in Nederland in 2022 ................................. 180

## Gedigte

**Hennie Pieterse** .............................................................................................................. 184

## Boekbespreking

**Heilna du Plooy**
Vier skrywers met sterstatus. *Blitsverkopers, beeldvorming en bemarking* deur Joanita Erasmus-Alt en HP van Coller .......................................................................... 185

## Uitnodiging

Oproep om bydraes: *Afrikaans 100: 1925–2025* ........................................................... 188

**Voorskrifte / Guidelines** ................................................................................................ 190

# Deon Meyer se *Koors* en *Fever*: ’n Ondersoek na die romans se posisie in die (Suid-)Afrikaanse en Engelse (Amerikaanse) literêre polisisteem

***Deon Meyer’s* Koors *and* Fever*: An investigation into the novels’ position in the (South) African and English (American) literary polysystem***

**DJ Cloete**
Departement Professionele Studies
Akademia, Pretoria
Suid-Afrika
E-pos: DJC@Akademia.ac.za

**Herculene Kotzé**
Skool vir Tale
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: herculene.kotze@nwu.ac.za



DJ Cloete



Herculene Kotzé

| | |
|---|---|
| **DJ Cloete** het sy MA in Algemene Taal- en Literatuurstudies met die titel, *Die vertaling van kodewisseling in Deon Meyer se* Koors, aan die NWU behaal en het in 2021 sy NGOS by Akademia verwerf. Hy tans is ’n dosent verbonde aan die Fakulteit Opvoedkunde by Akademia. Voor die aanvang van sy huidige pos was hy ’n dosent in Afrikaanse taalkunde by die Noordwes-Universiteit se Vanderbijlparkkampus en was ook nou betrokke by projekte wat deur ICELDA en SADiLaR geloods is, insluitende ’n internasionale projek soos *Skryfhulp Afrikaans* (in samewerking met die KU Leuven). Hierdie projekte se doel is om hulpmiddels te ontwikkel wat studente kan ondersteun tydens hulle akademiese loopbaan en ook om meertaligheid binne die hoëronderwyskonteks te bevorder. DJ se navorsingsbelangstelling sluit onder meer variasietaalkunde en rekenaargesteunde taalonderrig in. | **DJ Cloete** obtained his MA in Linguistics and Literary Theory at the NWU with the title, *Die vertaling van kodewisseling in Deon Meyer se* Koors, and obtained his PGCE at Akademia in 2021. He is currently a lecturer in the Faculty of Education at Akademia. Prior to taking up his current position, he was a lecturer in Afrikaans linguistics at the North-West University’s Vanderbijlpark Campus and he collaborated on projects launched by ICELDA and SADiLaR, including international projects like *Skryfhulp Afrikaans* (in collaboration with KU Leuven). The aim of these projects is to develop tools that can support students during their academic careers and to promote multilingualism within the higher education context. DJ’s research interests include linguistic variation and computer-assisted language learning. |
| **Herculene Kotzé** het haar BA (Taalpraktyk) en MA (Taalpraktyk: Tolking) onderskeidelik in 2003 en 2006 aan die Universiteit van die Vrystaat voltooi. Gedurende daardie tydperk het | **Herculene Kotzé** completed her BA (Language Practice) and MA (Language Practice: Interpreting) in 2003 and 2006 respectively at the University of the Free State. During that time she |

**Datums:**
Ontvang: 2022-08-01 Goedgekeur: 2023-01-24 Gepubliseer: Maart 2023

| | |
|---|---|
| sy by dieselfde instelling as navorsingsassistent en institusionele tolk gewerk. Sy aanvaar in 2006 ’n pos as navorser en institusionele tolk by die Noordwes-Universiteit en registreer en werk vir die Institusionele Taaldirektoraat tot 2009. Gedurende 2009 aanvaar sy ’n pos by die Universiteit van Pretoria en werk daar as senior taalpraktisyn tot 2012. Sy keer egter in 2012 terug na die Noordwes-Universiteit, waar sy tans aangestel is as Adjunkdirekteur van die Skool vir Tale se Potchefstroomkampus. | worked as a research assistant and institutional interpreter at the same institution. She accepted a position as researcher and institutional interpreter at the North-West University in 2006, where she registered for a PhD and worked in the Institutional Language Directorate until 2009. From 2009 to 2012 she was employed by the University of Pretoria as a senior language practitioner. She returned to the North-West University in 2012 where she is currently appointed as Deputy Director of the School of Languages on the Potchefstroom Campus. |

**ABSTRACT**

***Deon Meyer's* Koors *and* Fever*: An investigation into the novels' position in the (South) African and English (American) literary polysystem.***

*According to Hermans (1999:42), the polysystem theory approach (hereafter PST) promotes the functional and goal-oriented approach to translation. Such an approach means that the emphasis is on the search for explanations that are primarily aimed at the target culture. Shuttleworth (2009:200) explains that PST (as set out by Even-Zohar and other experts) is not a complete, waterproof package, but rather a starting point for further study. If the model is approached in this way, it will constantly add value to investigations of a theoretical as well as a descriptive nature.*

*When looking at crime fiction, the impact of translations can be examined as part of the suspense fiction/thriller subsystem, especially in the case of Deon Meyer whose works have been translated into more than 27 different languages. For purposes of this article, we have made use of Deon Meyer's* Koors *and* Fever *to illustrate the value and importance of text positioning within a larger system – more specifically, the American literary polysystem and the South African (Afrikaans) literary polysystem. Thus, the larger social context within which both these texts were created, but also received, is unlocked.*

*The primary research method in this study is a systems theory analysis. Considering the data used, it is also deemed a reception study and uses a paratextual analysis to analyse the data*. Fever's *position in the American literary polysystem is determined using the paratext, namely reviews by literary critics and online reviews by the public, as well as examining aspects in and around the novels. Looking at* Fever's *paratext, the novel functions as translated suspense fiction within the American suspense fiction subsystem*. Fever *has been received mostly positively according to the online reviews by critics and the general readership, and the position that* Fever *subsequently occupies in this system is mainly due to its positive reception. Furthermore, the reason why* Fever *is accepted into this particular system may most possibly be due to the fact that Meyer won one of the USA's top book prizes, the American Barry Prize for Best Thriller for* Thirteen Hours *(Malan, 2011; also Meyer, 2019) already in 2011, and has therefore already entered the American literary polysystem. Awarding Meyer with this prize shows that Meyer's translated English novels also form part of the American suspense fiction polysystem and serve as a good indication that his novels are no longer on the periphery of this system, but that his work is increasingly becoming part of the American context and that it also enjoys international recognition.*

*The preceding points do not yet include the aspects of the discussion related to the peritext. What is important here is the quote from Stephen King that is used on the front page, namely "Reminiscent of* The Stand *and* The Passage. *Great stuff." However, there is no indication (on the cover at least) that this novel is a type of post-apocalyptic novel and if the reader knows Meyer's other works, they may expect a typical crime novel. The American publishers decided to put Stephen King's quote on the front page and it is placed there strategically, because it gives the reader an indication of what they can expect.* The Passage *by Justin Cronin is described by* The Guardian *(2010) as a post-apocalyptic vampire story and* The Stand *by Stephen King is described by Amazon (2011) as Stephen King's apocalyptic outlook on a world overwhelmed by a plague. If the reader is acquainted with these books, this quote will provide him with some insight into what to expect in Meyer's* Fever.

*The information provided by the paratext of the novel*, Fever, *is twofold. The first is that the novel is a translation (although it is not explicitly mentioned) and that the polysystem is receptive to translations from the source language, which is Afrikaans. The second is that, although Meyer is a crime fiction writer, this novel is also part of the literary polysystem that includes apocalyptic / post-apocalyptic novels.*

*In the discussion of the findings, it is shown that Meyer's novel occupies a central position in the aforementioned subsystem and may be an indication of the type of translation strategies used. The discussion of "repertoremes" and "textemes" emphasises the repertoire of a specific author or text. These repertoremes form a unique network of relationships in a text (Toury, 2012:304). The unique network of relationships can be seen in the way a novel is classified according to genre, but also includes typical linguistic and narrative elements and the process of translation can influence this network of relationships. The translator may decide to use more conventional repertoires, or more innovative repertoires – especially if these texts are closer to the centre of the literary system (Even-Zohar, 1990). When the genre or structure of* Fever *is considered, it seems that a more conventional repertoire was used (possibly the strong memory of* The Stand), *but when the text's narrative and linguistic elements are considered, a more innovative repertoire was used. The choices made by the translator about certain (South) African words that are included in the translation (and for which a glossary is provided), are relevant here, but also the fact that the translated novel takes place in South Africa, and not, for example, in America.*

*It seems that, although crime fiction is typically not considered as "canonised literature", it can indeed be considered that it takes a more central position in the literary system and change current schools of thought regarding crime fiction.*

**KEYWORDS:** polysystem theory, literary polysystem, suspense fiction, crime fiction, Deon Meyer, paratext, reception, systems theory approach, paratextual analysis, translation, literary canon

**TREFWOORDE:** polisisteemteorie, literêre polisisteem, spanningsverhaal, misdaadfiksie, Deon Meyer, parateks, resepsie, sisteemteoretiese benadering, parateks-tuele analise, vertaling, literêre kanon

## OPSOMMING

Wanneer daar na misdaadfiksie gekyk word, kan die impak van vertalings as deel van die spanningsverhaalsubsisteem ondersoek word, veral in die geval van Deon Meyer wie se werke al in meer as 27 verskillende tale vertaal is. Vir die doel van hierdie artikel word daar gebruik gemaak van Deon Meyer se *Fever* en *Koors* ter illustrasie van die waarde en belang van

teksposisionering binne 'n groter sisteem – in hierdie opsig, die Amerikaanse literêre polisisteem en die Suid-Afrikaanse (Afrikaanse) literêre polisisteem. Sodoende, word die groter sosiale konteks waarbinne beide hierdie tekste geskep maar ook ontvang is, ontsluit. Die primêre ondersoekmetode in hierdie studie is 'n sisteemteoretiese ontleding. In die lig van die data wat gebruik word, word dit ook as 'n resepsiestudie beskou en maak dit gebruik van 'n paratekstuele analise om die data te analiseer. Die ontvanklikheid vir hierdie roman van Meyer mag daaraan te danke wees dat hy in 2011 reeds een van die VSA se topboekpryse, die American Barry Prize for Best Thriller, gewen het en daarom reeds deel van die Amerikaanse literêre polisisteem vorm. Wanneer daar na die parateks van *Fever* gekyk word, funksioneer die roman as 'n vertaalde spanningsverhaal binne die Amerikaanse spanningsverhaalsubsisteem. Die aanlyn resensies van *Fever* het grootliks 'n positiewe ontvangs deur kritici en die algemene leserspubliek getoon, en die posisie wat *Fever* vervolgens in hierdie sisteem inneem, is hieraan te danke. Dit blyk te wees dat, alhoewel misdaadfiksie tipies nie as "kanoniserende literatuur" beskou word nie, dit inderdaad meer sentraal tot die betrokke literêre polisisteem geposisioneer kan wees en bestaande denke hieroor kan verander.

## 1. Inleiding

Volgens Hermans (1999:42) bevorder die polisisteemteoriebenadering (hierna PST) die funksionele en doelgeoriënteerde benadering tot vertaling. Dergelike benadering beteken dat die klem geplaas word op die soeke na verduidelikings wat primêr gerig is op die ontvangende kultuur.

PST maak voorsiening vir verskynsels op verskillende vlakke, sodat die polisisteem van 'n gegewe nasionale letterkunde beskou word as 'n element wat 'n groter sosiale sisteem ontsluit (Shuttleworth, 2009:197). In 'n groter sosiale konteks word letterkunde nie net as 'n stel tekste gesien nie, maar ook in 'n breër sin as 'n stel faktore wat die produksie, bevordering en ontvangs van tekste bepaal. Die waarde van die polisisteemteorie lê daarin dat dit die ou unilaterale verhouding tussen vertaling en die oorspronklike teks vervang met 'n multilaterale matriks geanker in die vertaalkultuur (Hermans, 1999:42). Bykomend laat PST die navorser toe om te kyk na die interaksie tussen gekanoniseerde sentrale sektore van die kulturele domein en minder gesogte, meer perifere sektore soos die speurverhaal. In die lig hiervan, noem Cawelti (1990:5) reeds meer as 30 jaar gelede dat 'n bykomende voordeel van die aanwending van PST is dat dit 'n kenmerkende manier is waarop ons ons gedagtes oor hoe die letterkunde met tyd verander, kan ondersoek. Die gebruik van PST laat ons dus toe om te kyk na die geleidelike assimilasie van ons idees oor letterkunde wat deel vorm van populêre genres wat pertinent geskei was van die letterkundige hoofstroom, soos misdaadfiksie.

Shuttleworth (2009:200) verduidelik dat PST (soos dit deur Even-Zohar en ander kundiges uiteengesit is) nie 'n volledige, waterdigte pakket is nie, maar eerder 'n vertrekpunt vir verdere studie. Solank as wat die model op hierdie wyse benader word, sal dit voortdurend waarde toevoeg tot ondersoeke van 'n teoretiese sowel as 'n deskriptiewe aard.

Wanneer daar na speurverhale gekyk word, kan die impak van vertalings as deel van die spanningsverhaalsubsisteem ondersoek word, veral in die geval van Deon Meyer wie se werke al in meer as 27 verskillende tale vertaal is. Met betrekking tot hierdie artikel word daar gebruik gemaak van Deon Meyer se *Fever* en *Koors* ter illustrasie van die waarde en belang van teksposisionering binne 'n groter sisteem – in hierdie opsig, die Amerikaanse sowel as die Suid-Afrikaanse (Afrikaanse) literêre polisisteem. Sodoende word die groter sosiale konteks waarbinne beide hierdie tekste geskep maar ook ontvang is, ontsluit.

## 2. Agtergrond

### *2.1 Die polisisteemteorie*

Die polisisteemteorie behels verskeie komponente wat uiteindelik ’n invloed het op die literêre sisteem. Die polisisteem, ’n model van Even-Zohar (1990), is bedink as ’n heterogene, hiërargiese konglomeraat (of sisteem) van idees wat mekaar beïnvloed en ten doel het om ’n aaneenlopende, dinamiese proses van evolusie in die polisisteem as ’n geheel mee te bestudeer (raadpleeg ook Shuttleworth, 2009:197).

Die polisisteem van ’n gegewe nasionale letterkunde kan beskou word as ’n element wat ’n groter sosiale sisteem ontsluit (Shuttleworth, 2009:197). In ’n groter sosiale konteks word letterkunde nie net as ’n stel tekste gesien nie, maar ook in ’n breër sin as ’n stel faktore wat die produksie, bevordering en ontvangs van hierdie tekste bepaal. Even-Zohar (1990:14) noem dat die (uni-)sisteem uit alles bestaan wat as die sentrale stratum geïdentifiseer is, wat bestaan uit die “amptelike kultuur” wat in standaardtaal, gekanoniseerde letterkunde en gedragspatrone van die dominerende klasse gemanifesteer is; en waar periferieë kategories as ekstra-sistemies gesien is (indien dit enigsins gesien is), in ooreenstemming met die “inside view” van die “people-in-the-culture” (Even-Zohar, 1990:14, raadpleeg ook Lotman, 1975:57 en Voegelin, 1960:60).

Soos kulturele, politieke en ekonomiese elemente deel vorm van die vertaalproses, vorm dieselfde komponente ook deel van die polisisteem. Verskeie komponente wat deel vorm van hierdie sisteem wat uiteindelik ’n invloed het op die literêre sisteem, sluit onder andere die politieke, opvoedkundige, ideologiese en ekonomiese sisteme in (Barrow, 2016:20), maar hierdie verskillende komponente is egter nie die fokus van die onderhawige studie nie. PST het waardevolle insigte gebied in die manier waarop vertaalde literatuur binne die breër literêre en historiese sisteme van die doelkultuur funksioneer (Wolf, 2007:6) en binne die konteks van die studie kan daar gesien word hoe dit verband hou met deskriptiewe vertaalkunde waar die fokus ook meer op die doelteks en doelkultuur is (vergelyk die bespreking van Spies (2013:42)). Spies (2013:83) noem dat daar verskillende aspekte binne die literêre polisisteem “mag” uitoefen deur die produksie en resepsie van vertaalde literêre werke binne ’n bepaalde sisteem te beïnvloed, te bepaal en te beperk. “Hierdie magte kan abstrakte konsepte soos instellings, die patronaat[1] en die mark, of persone (of groepe persone) soos die produsente en gebruikers van tekste insluit” (Spies, 2013:83). Net soos die tekste binne die literêre polisisteem, noem Spies (2013:83) dat hierdie magte in ’n gedurige stryd met mekaar is waar hulle om mags-posisies wedywer, maar tog ook saamwerk binne die literêre polisisteem. Hierdie wedywering en samewerking behels ’n netwerk (wat ook deur die literêre polisisteem geïmpliseer word) van verhoudings tussen rolspelers, soos agente en instellings.

Vervolgens word PST aangewend om Deon Meyer se tekste binne die Suid-Afrikaanse en Amerikaanse literêre polisisteem te plaas, wat die teoretiese agtergrond bied om te verstaan watter keuses deur die verskillende rolspelers uitgeoefen word. Die *rolspelers* sluit onder andere diegene in wat deel vorm van die “instelling”, soos kritici, uitgewers, skrywersgroepe, akademiese instellings, en so meer (Even-Zohar, 1990:37). Die *keuses* waarna hier verwys

[1] Spies (2013:73) noem dat die patronaat (“patronage”) die faktore, instellings of persone wat die vertaling van tekste kan beïnvloed, is. Lefevere (soos aangehaal deur Spies, 2013:73) noem dat die ideologie, politiek, sosiale kwessies, ekonomie en status (van die outeur, bronteks en vertaler) hieronder ressorteer.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a1

word, behels byvoorbeeld die tipe tekste wat gekies moet word vir vertaling, soos bepaal deur die rolspelers in Even-Zohar se model,[2] en hoe so ’n vertaling binne ’n sisteem funksioneer en uiteindelik hoe dit die keuses op ’n tekstuele vlak beïnvloed (sien ook Barrow, 2016:18).

Die volgende afdeling fokus derhalwe op PST om Deon Meyer se *Koors* en *Fever* binne die twee verskillende sisteme te posisioneer. Daar kan aanvaar word dat die Engelse tekste van Meyer in verskeie polisisteme geplaas kan word, maar omdat dit so ’n komplekse sisteem met ’n groot aantal faktore is, sal slegs die Amerikaanse literêre polisisteem in hierdie artikel ondersoek en bespreek word.

### *2.2 Die komponente van die polisisteem*

Weens die dinamiese aard van die polisisteem is dit nodig om te verstaan dat verskillende tekste meeding om die sentrale posisie van die polisisteem. Munday (2012:166) bevestig hierdie perspektief en verduidelik dat interaksie en posisionering van hierdie sisteme in ’n dinamiese hiërargie plaasvind. Barrow (2016:24) voeg by dat ’n literêre polisisteem gesien kan word as ’n hiërargie wat saamgestel word uit verskillende stratums, wat ’n ander konseptualisering is van die sentrum-periferie-verbande tussen die verskillende sisteme en subsisteme. Hierdie dinamiek het ’n noue verband met die proses van kanonisering (Barrow, 2016:24). Even-Zohar (1990:15) gee ’n oorsig van gekanoniseerde teenoor niegekanoniseerde strata en verduidelik hierin dat *gekanoniseerd* aandui dat ’n model of teks aanvaar word deur die dominante kringe binne ’n kultuur, terwyl *niegekanoniseerd* omgekeerd beteken dat die model of teks deur hierdie kringe verwerp word. Soos Barrow (2016:25) tereg verwys na Even-Zohar, beteken dit nie dat die teks beskryf kan word as “goeie” of “slegte” literatuur nie.

Om hierdie konsep beter te verduidelik, is dit nodig om die verskillende komponente van Even-Zohar (1990:31; vergelyk ook Kruger, 2012:100 en Barrow, 2016:20) se Skema van die Literêre Sisteem te verstaan. Hierdie skema is gebaseer op die bekende Kommunikasiemodel van Jakobson (1960), wat verwerk is om faktore oor die literêre (poli-)sisteem in ag te neem (Even-Zohar, 1990:31):

Instelling [konteks]

Repertoire [kode]

Produsent [spreker] ------------------------------------------ [aangesprokene] Verbruiker

(“skrywer”) (“leser”)

Mark [kontak/kanaal]

Produk [boodskap]

**Figuur 1:** *Skema van die Literêre Sisteem gebaseer op Jakobson se Kommunikasiemodel*

[2] Vergelyk die onderstaande model vir die uiteensetting van die verskillende komponente.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a1

Even-Zohar gee die volgende beskrywing van die model, en soos Kruger (2012:101) aantoon, beklemtoon hy die feit dat al die faktore interafhanklik van mekaar is: ’n Verbruiker kan ’n produk “verbruik” wat deur ’n produsent geproduseer is, maar vir ’n produk (soos ’n teks) om gegenereer te word, is dit nodig dat ’n gedeelde repertoire bestaan. Hierdie repertoire se verbruik word deur ’n instelling bepaal. ’n Mark moet bestaan waar so ’n tipe produk oorgedra kan word. Geeneen van die faktore wat hierin vervat is, kan beskryf word asof dit in isolasie funksioneer nie en die tipe verbande wat gemerk kan word, kom oor al die moontlike asse van die skema voor.

Alhoewel al hierdie komponente interafhanklik is, vervul repertoire ’n kernrol. Even-Zohar (1990:39) beskryf die funksie van repertoire om die samevatting van reëls en elemente wat beide die maak en gebruik van enige gegewe produk (of te wel teks) behels, te identifiseer. Kalmer (2013:16) voer aan dat tekste die aktualisering van hierdie wette is: “Die polisisteem kan […] nie tot blote teks of repertoire gereduseer word nie, maar na wisselwerking tussen die twee.”

Toury (2012:303) omskryf ook die konsep van *repertoire* en sien dit as ’n stel gekodifiseerde items wat deur sistemiese relasies beheer word. Verder kan daar gekyk word na die kleiner gedeeltes van ’n repertoire, wat ook as “repertoremes” (voortaan in Afrikaans *repertoreme*) beskou kan word en omskryf word as enige teken wat deel vorm van die repertoire ten spyte van rang of omvang (Toury, 2012:304). Verder vorm repertoreme deel van ’n unieke netwerk van verhoudings in ’n teks wanneer dit gebruik word in ’n spesifieke teks wat die repertoreem ook ’n teksteem maak (Toury, 2012:304).[3]

Hoe groter die gemeenskap wat spesifieke produkte maak en gebruik, hoe groter moet die ooreenkoms met so ’n repertoire wees (Even-Zohar, 1990:39). Alhoewel die graad van bekendheid ten opsigte van ’n spesifieke repertoire nie heeltemal dieselfde is vir gespreksvoerders (die bogenoemde produsent/spreker of ook skrywer; en die verbruiker/aangesprokene of ook leser) nie, sal daar in ’n spesifieke interaktiewe situasie (gesprek/kommunikasie) byna geen interaksie wees sonder ’n minimum gedeelde kennis nie (Even-Zohar, 1990:39). Verder beskou Even-Zohar (1990:16) die “voorafkennis” en “ooreenstemming” as sleutelterme vir die konsep van repertoire.

Na aanleiding hiervan merk Barrow (2016:24) die volgende op oor misdaadfiksie as ’n genre (of subsisteem) wat sy eie repertoire het, wat ook gesien kan word as die tipiese linguistiese en narratiewe elemente wat gebruik word om ’n teks te konstrueer:

> Dit sluit moontlik in die verwagtinge en konvensies wat geassosieer word met narratiewe styl soos karakter, stel en plot, waarin kultuur noodwendig figureer. Daar kan aangeneem word dat in verskillende literêre sisteme (bv. Duits en Suid-Afrikaans), die subsisteem of genre tot ’n mate ’n ander repertoire sal hê. Die vertaaluitdaging is die verhouding tussen die brongenre-repertoire en die doelgenre-repertoire. Daar is moontlik motiverings om verskillende elemente te behou vanuit die bron-repertoire afhangende van die funksie van die vertaling in die ontvangende sisteem. Alternatiewelik kan daar ’n skuif wees na meer gereelde opsies (“habitual options”) in die doelsisteem se repertoire. Verder beïnvloed vertaling ook die veranderinge op die verhouding tussen die teksteme in ’n bepaalde teks.[4]

---

[3] Verwys hier na Cloete, DJ. 2020. Die vertaling van kodewisseling in Deon Meyer se *Koors*. Noordwes-Universiteit: MA-Verhandeling wat hierdie deel verder uiteensit met behulp van voorbeelde uit die teks.

[4] Eie vertaling.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a1

Alhoewel ’n vertaling of ’n vertaalde werk gewoonlik in isolasie gesien word, blyk dit uit die voorgenoemde aanhaling dat die idee van repertoire na vertalings oorgedra kan word. Even-Zohar (1990:45) vra selfs waarom vertalings in isolasie gesien word en of daar dieselfde verbande getrek kan word soos wanneer daar oor die oorspronklike werke geteoretiseer word. Verder word die vraag gestel watter verbande daar is tussen vertaalde werke wat aangebied word as feite wat vanuit ander letterkundes kom en afgesonder is van hul tuiskontekste, en vervolgens geneutraliseer word van die sentrum-periferie-stryd (Even-Zohar, 1990:45).

Alhoewel Even-Zohar nie vertaalde werke gebruik in die verduideliking van sy konsep van *repertoire* nie, staan hy ’n volledige afdeling af aan vertaalde werke in *Polysystem Studies*, naamlik “The Position of Translated Literature within the Literary Polysystem”. Hierin redeneer hy dat vertaalde werke ten minste op twee wyses ooreenstem met die teorie: (a) die manier waarop die vertaalde tekste se brontekste deur die doelliteratuur gekies word, die beginsels van seleksie wat altyd ooreenstem met die tuis-ko-sisteme (“home co-systems”) van die doelliteratuur; en (b) die manier waarop die vertaalde werke spesifieke norme, gedrag en beleide aanneem wat afkomstig is van hul verbande met ander tuis-ko-sisteme (Even-Zohar, 1990:46). Dit word nie beperk tot die linguistiese vlak nie, maar vind ook op die seleksievlak plaas, en vertaalde literatuur kan ook ’n repertoire van sy eie besit en selfs tot ’n sekere mate eksklusief daaraan wees (Even-Zohar, 1990:46). Alhoewel die moontlikheid bestaan dat ’n vertaling as ’n teks op die periferie van enige gegewe polisisteem gesien kan word, is dit nie in alle gevalle so nie en Even-Zohar (1990:46) se argument is dat die posisie van ’n vertaalde teks bepaal word deur die spesifieke “konstellasie” van die polisisteem wat ondersoek word.

## 3. Metode

Die primêre ondersoekmetode in hierdie studie is ’n sisteemteoretiese ontleding. In die lig van die data wat gebruik word, word dit ook as ’n resepsiestudie beskou en dit maak gebruik van ’n paratekstuele analise om die data te analiseer.

Die posisie van *Fever* in die Amerikaanse literêre polisisteem word vasgestel deur gebruik te maak van die parateks, naamlik om resensies deur literêre kritici en aanlyn resensies deur die algemene publiek te analiseer, sowel as aspekte in en rondom die romans te ondersoek. Volgens Genette en Maclean (1991:264) is die parateks gelyk aan die periteks en die epiteks van ’n roman. Genette en Maclean (1991:264) verduidelik twee elemente van parateks. Periteks verwys hoofsaaklik na elemente wat verbandhou met die posisionering van items in verhouding met die teks self. ’n Voorbeeld is die titel of voorwoord. Daarenteen beskryf Genette en Maclean (1991:264) epiteks, die tweede element, as dit wat rondom die teks plaasvind, byvoorbeeld mediasteun of private kommunikasie.

Barrow (2016:63) stel dit op ’n eenvoudige manier: die parateks omring en verleng die teks. Die paratekstuele elemente is dit wat as waardevol of aanloklik gesien word rondom die teks. Hiermee word daar gefokus op die manier waarop tekste “vir die doelkultuur (ontvangerkultuur) verpak” word en hoe hulle dit ontvang (Barrow, 2016:63). Dit behoort ’n aanduiding te gee van wat op die voorgrond geplaas word omdat dit beskou word as belangrik ten opsigte van die funksie van die vertaalde teks in die doelsisteem (ontvangersisteem) (Barrow, 2016:63). Met inagneming van die aanhaling van Genette en Maclean hier bo, word daar aangetoon dat die paratekstuele elemente bydra tot die posisionering van die roman in die doelkultuur, maar dat dit ook die moontlikhede skep om die teks beter te posisioneer binne ’n spesifieke literêre polisisteem. Een voorbeeld hiervan is die grootte en posisie van die boek se titel en die outeur se naam op die voorblad, as ’n aanduiding van die outeur se bekendheid in die doel- literêre of polisisteem (Barrow, 2016:64).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a1

Verskeie resensies word gebruik as deel van die epiteks om beide *Koors* en *Fever* binne die onderskeie polisisteme te posisioneer. Eerstens word aandag gegee aan resensies wat plaaslik in Suid-Afrika gepubliseer is oor die Afrikaanse roman, en daarna aan resensies wat in Amerika verskyn het oor die Engelse vertaling van die roman. Baie van die Engelse resensies is in Brittanje geskryf, maar na ’n noukeurige soektog kon daar bepaal word watter resensies wel in Amerika gepubliseer is. ’n Groot hoeveelheid inligting word voorsien deur aanlyn boekwinkels, byvoorbeeld ’n sinopsis van die roman en ook opsommende resensie; terwyl ander aanlyn platforms/winkels ook resensies deur die algemene leserspubliek bevat. Daar is ook op hierdie aanlyn resensies gesteun om Meyer se romans en sy posisie binne ’n spesifieke literêre sisteem te bepaal.

## 4. Paratekstuele analise

Die inligting wat verkry is uit die paratekste oor beide die Afrikaanse en Engelse (Amerikaanse) tekste is gebruik om te bepaal wat die funksie en doel van hierdie tekste in die onderskeie literêre sisteme is, veral wat betref speurverhale. Die parateks word ook in die groter polisisteembenadering gekontekstualiseer. Die paratekstuele analise steun op epitekste soos aanlyn resensies (resepsie) deur kritici en die algemene leserspubliek om te bepaal watter posisie hierdie tekste in die onderskeie polisisteme, naamlik die Afrikaanse spanningsverhaalsubsisteem en die Amerikaanse spanningsverhaalsubsisteem inneem, maar ook die peritekste soos die voorblad, titel, kolofon en so meer. As deel van hierdie bespreking word die debat rondom die posisie van misdaadfiksie in sy geheel ook bygetrek (vergelyk 4.2.1. hier onder).

### *4.1 Epiteks: Die Suid-Afrikaanse literêre polisisteem en* Koors

#### *4.1.1 Algemene literêre polisisteem*

Volgens Barrow (2016:25) (sien ook Le Roux, 2013:145) lê misdaadfiksie[5] se kulturele status tussen “high-brow” en “low-brow”, oftewel gesofistikeerde letterkunde en middelmoot- of ontspanningsliteratuur, en daar word nog steeds gevra of ’n spanningsverhaal ’n kunsvorm is of nie. Le Roux (2013:145) merk wel op dat sommige titels gesien kan word as ontspanningsliteratuur (“low-brow”), maar die genre self kan as relevant en lewensvatbaar beskou word. Naidu (2013:130) beskou die Suid-Afrikaanse misdaadroman as formule-gedrewe, met ’n vinnige pas, plot-gedrewe, met meer aksie as speurwerk, gewelddadig, en gewoonlik met ’n einde in ’n klimaksagtige fase of fisiese magspel. Verder noem Naidu (2013:128) dat hierdie romans ’n wêreld van politieke intrige, toenemende transnasionalisme, glans, seks en globale korrupsie uitbeeld, en dat hulle aksiebelaaide en vinnige storielyne karakteriseer. Barrow (2016:57) voer na aanleiding hiervan aan dat die konvensies van die Suid-Afrikaanse misdaadroman voldoen aan die hardgebakte[6] konvensies (“hard-boiled[7] conventions”) van

---

5 Hierdie term word gebruik as die sambreelterm vir alle fiktiewe literatuur wat op misdaad fokus (dieselfde as Naidu, 2013:127).

6 Hierdie term word ontleen aan Van Heerden se proefskrif.

7 Die prominentste misdaadfiksie wat in Brittanje en Amerika ontwikkel het, word deur Wessels (soos genoem in Barrow, 2016:53) beskou as die fatsoenlike/beskaafde misdaadfiksie en die geharde speurroman.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a1

misdaadfiksie: ’n misdaadsbestryder ondersoek ’n saak en raak betrokke in die onderwêreld, waar dit moeilik is om onderskeid tussen reg en verkeerd te tref.

In Suid-Afrika is die Afrikaanse misdaadromans, en veral Meyer se boeke, topverkopers en hulle word daarom getipeer as ’n populêre genre (Nicol, 2015; sien ook *Koors* se buiteblad). Volgens Even-Zohar (1990:16) is populêre genres, soos niegekanoniseerde literatuur, egter dikwels tekenend van sekondêre of perifere sisteme, sodat populêre misdaadfiksie meesal geposisioneer word as ’n sekondêre of perifere sisteem binne die literêre polisisteem. Hierteenoor meen Cawelti (soos aangehaal deur Rolls, 2016) dat misdaadfiksie ’n groot dryfveer is om die literêre kanon te hersien en te demokratiseer:

> As King’s[8] work on Crime Fiction as World Literature inevitably places translation at the heart of the transnational mobility of the genre, Crime Fiction, which, as John G. Cawelti has argued, is a great driver of literary canon revision and democratization, can now prepare itself to become the object of its own tendency to open borders. (Rolls, 2016: 446)

Die artikel, “Whose National Allegory is it Anyway? Or What Happens When Crime Fiction is Translated?” deur Rolls (2016) verskuif beide die misdaadfiksie en vertaling (in ’n beperkte mate) na ’n meer sentrale posisie in die literêre polisisteem. Waar Rolls (2016) verwys na die Franse konteks, fokus De Kock (2016) op die Suid-Afrikaanse politieke konteks en hoe dit tot die ontwikkeling en opkoms van misdaadfiksie aanleiding gegee het: “Postapartheid writing constitutes an investigation into, and a search for, the ‘true; locus of civil virtue in decidedly disconcerting social conditions, in an overall context of transition” (De Kock, 2016:5).

Hy verwys na Anthony O’Brien se uitspraak oor die post-1994-jare, wat ’n normalisering van die politieke ekonomie beleef het wat hy tipeer as die neokoloniale uitkomste van ’n antikoloniale “struggle”, na aanleiding van Graham Pechey (De Kock, 2016:3).

De Kock wys daarop dat die sogenaamde “nuwe” demokrasie die ruimte skep vir ’n postapartheid literêre kultuur waarin onder meer ondersoek ingestel word na die oorsake van die omkering (*inversion*), of selfs verdraaiing (*perversion*) van die eindbestemming van ’n land. Binne dergelike ontsporings, wat grens aan die kriminele, kan die merkwaardige groei in misdaadskryfwerk in die post-bevrydingstydperk verklaar word. Dit behels sowel fiksionele speurverhale as niefiksiewerke van “egte misdaad”, met daarby inbegrepe ook nog die kritiese analise van hierdie werke.

De Kock (2016:4) dui aan dat hy ondersoek instel oor hoe verskeie skrywers, insluitende Deon Meyer, probeer om die lokus of posisie van publieke/openbare deugsaamheid te herdefinieer in ’n konteks waar die grense tussen reg en verkeerd nie duidelik is nie. Verder verwys De Kock (2016:36) ook na Warnes wat beweer dat Meyer (en Orford) “keep faith with some of the core features of ‘serious’ South African literature: its capacity to document social reality, to expose injustice, and to conscientise readers into different modes of thought and action”.

8 Hier word daar verwys na die volgende werk van King soos bevind in Rolls (2016) se bronnelys: Stewart King, ‘Crime Fiction as World Literature’, *Clues: A Journal of Detection,* 32.2 (2014), 8–19 (p. 8).

### *4.1.2 Outeur in die polisisteem*

Barrow (2016:57) argumenteer dat die meeste van Meyer se werk voldoen aan die beskrywing van die Amerikaanse hardgebakte misdaadfiksie, soos uiteengesit deur Wessels. Omdat Meyer se werk hieraan voldoen, word hy as ’n skrywer in die sentrum van die misdaadfiksie-subsisteem beskou. Hierdie perspektief mag egter verskil as Meyer in dieselfde subsisteem in Amerika geplaas word en wanneer daar na sy vertaalde werke gekyk word. Hierteenoor, noem Nicol (2015) wel dat Meyer se romans op dieselfde vlak is as internasionale misdaadfiksie wat plot en letterkundige effektiwiteit betref. Venuti (2008:154) meen ook dat die toename in verkope van misdaadromans nie beperk word tot werke wat oorspronklik in Engels geskryf is nie, maar vreemde/anderstalige misdaadromans insluit wat vertaal is in Engels. Venuti (2008:154) vra selfs die vraag of die toename in populariteit en breër lesersgemeenskap van hierdie genre toegeskryf kan word aan die vertalings wat moontlik die vreemdheid in hierdie genre beklemtoon en, of enige van die kulturele eienskappe werklik die vertaling en redaksieproses weerstaan.

Van Heerden (2018:6) som die uitings wat verskeie teoretici of kritici gemaak het oor Meyer se werk as volg op:

> Naas Nicol is daar talle persone wat soortgelyke bewerings maak, byvoorbeeld dat Deon Meyer se werk die “pretensieuse” skeidslyn tussen “ligte leesstof” en letterkunde oorbrug (Gouws, 2004), dat sy romans gerus kan opskuif na ’n hoër kategorie as “blote spanningsverhale of ontspanningslektuur” (Van der Westhuizen, 2008), dat hy beskou moet word as een van ons “waardevolste literêre bates” (Wessels, 2008) en dat Meyer waarskynlik veel meer gesogte “literêre” pryse sou verower het as dit nie was vir die tradisionele snobisme jeens misdaadfiksie nie (Human, 2015).

Dit is hier belangrik om aan te toon dat verskeie teoretici en kritici reeds deelneem aan die debat oor die posisie van nie net misdaadfiksie nie, maar spesifiek ook Deon Meyer se werke.

### *4.1.3 Teks*

*Koors* volg nie dieselfde resep as die tipiese Meyer-roman nie. ’n Sentrale gedeelte van hierdie roman handel oor die verhouding tussen pa en seun – Willem en sy seun Nico. Selfs die omslag dui aan dat hierdie verhouding aandag binne die roman geniet, met die aanhaling: “Hulle het my pa doodgeskiet. Ek gaan hulle kry.” Hierdie verhouding is een van die kenmerke van ’n storie wat gekenmerk word deur geharde karakters en hulle optrede, wat deur Pronzini en Adrian (1997:3) geïdentifiseer word: die karakter en die probleme inherent aan menslike gedrag word beklemtoon en die karakterkonflik is van kernbelang, terwyl die misdaad of dreiging van misdaad waarmee die storie sigself besig hou, van sekondêre belang is. Steenkamp (2017) wys daarop dat die bogenoemde reklame-slagsin op die omslag die leser verlei en dat ’n mens sal kan dink dat hierdie ’n spanningsriller met ’n “vinnige pas, ’n paar ontploffings en grieselrige moord of twee” is, maar dit is nie die geval nie. Hierteenoor noem Steenkamp (2017) wel dat *Koors* al die kenmerke van die Meyer-treffer behou, maar die tema is onverken in ’n speurverhaal.

In sy bespreking van *Koors* verwys Van Heerden (2018:208) na Prins (2016), wat weer uitwys dat alhoewel Meyer met hierdie roman ’n nuwe koers ingeslaan het, dit steeds in die eerste plek spanningsfiksie is. Van Heerden (2018:208) beaam ook dat die roman genoegsame spanningsvolle episodes en subnarratiewe het om die sentrale misdaadgegewens op die


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a1

agtergrond te hou tot met die dubbele onthulling in die slot. Hierbenewens sluit *Koors* wel ander elemente in, soos die Bildungsroman, elemente van romanse, krygsliteratuur en volskaalse oorlog (Van Heerden, 2018:209). Verder maak Van Heerden (2018:215) die samevattende opmerking dat *Koors* neig na die meer "mimetiese[9]" pool van Cawelti se literêre spektrum en dat dit aansienlike gewig verleen aan die idee dat Meyer, as skrywer van populêre misdaadfiksie, die tradisionele Afrikaanse literêre kanon sal kan oopbeur. Op grond van hierdie stellings kan daar aangevoer word dat *Koors* en ook Meyer nie net in die sentrum van die misdaadfiksiegenre in die polisisteem is nie, maar dat hy ook nader beweeg aan die sentrum van die Afrikaanse literêre kanon.

### *4.2 Epiteks: Die Amerikaanse literêre polisisteem en* Fever

#### *4.2.1 Algemene literêre polisisteem*

Van Heerden (2018:3) toon aan dat daar 'n wending in die Westerse denkwêreld plaasgevind het en beweer dat dit meestal verband hou met die opkoms van kultuurstudies en met die idees van poststrukturalistiese denkers (ook Burger, soos aangehaal deur Van Heerden, 2018:3). Volgens Van Heerden (2018:4) het hierdie wending meegebring dat die bevoorregte posisie van "hoë kultuur" toenemend uitgedaag en bevraagteken word. Wanneer daar dan gekyk word na die debat wat geheers het oor wat in die literêre kanon betrek moet word, veral ten opsigte van Engelse en Amerikaanse literatuur, dui Cawelti (1990:5) aan dat 'n baie groot deel van hierdie debat gehandel het oor die verkenning van letterkunde wat geskep is deur vroue en minderheidsgroepe, en om juis hierdie groepe se werke meer in die literêre kanon te beklemtoon. Cawelti (1990:5) noem dat daar ook 'n kenmerkende manier is waarop ons gedagtes oor letterkunde verander het. Dit behels onder andere die geleidelike assimilasie van ons idees oor letterkunde wat deel vorm van populêre genres wat pertinent geskei was van die letterkundige hoofstroom, wat die speurverhaal insluit. Hadley (2017) gee op *Oxford Research Encyclopedias* 'n oorsig van die Amerikaanse speurfiksie in die twintigste eeu en dui aan dat Amerikaanse speurfiksie as genre grootliks verander het sedert die ontstaan daarvan. In hierdie oorsig word daar verduidelik dat die manlike protagonis, as die "held" wat misdaad opgelos het met die minste geweld en met omgee vir die samelewingsomstandighede van die tyd, verander het in die taai, vuurwapen-swaaiende hardgebakte speurder wat altyd kommentaar lewer op alles wat verkeerd is om hom (Hadley, 2017). Vandag los dieselfde speurder, wat ook nou dikwels vroulik is, misdaad op vir vriende en familie en betoog oor verskeie diskriminerende praktyke (Hadley, 2017). Speurfiksie het wegbeweeg van 'n vertroostende afleiding na iets wat ons vertel oor die wêreld waarin ons lewe en die beste manier om in vrede saam te lewe (Symons, soos aangehaal deur Hadley, 2017).

Ten spyte van (moontlik te danke aan) die veranderinge in hierdie genre, is dit steeds 'n baie bekende genre en as gevolg van die populariteit daarvan laat die polisisteem van misdaadfiksie gereeld toe dat nuwe boeke en vertalings die sisteem betree. Werke van onder andere Deon Meyer en Karin Brynard vorm byvoorbeeld deel van die Amerikaanse spanningsverhaalpolisisteem. In die Amerikaanse literêre sisteme lê Meyer (en ook Brynard) se romans op die periferie van die polisisteem, veral wanneer daar gekyk word na die vertalings

[9] Met hierdie term sluit Van Heerden (2018:217) die volgende in: etiese vrae oor misdaad, postkoloniale kommentaar, ekokritiek, ens.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a1

in Engels wat in Amerika gepubliseer word. Publishers Weekly se redakteur, Post (2019), lewer verslag oor die vertalings in Engels wat in Amerika gepubliseer is (hy sluit doelbewus die publikasies in die Verenigde Koninkryk en hervertalings uit) en dui aan dat daar in 2018 (die jaar waarin *Fever* deur Grove Atlantic gepubliseer is (Grove Atlantic, 2019)) slegs 495 titels vertaal is. Post (2019) berig ook dat die drie tale waaruit die meeste werke vertaal word, Spaans, Frans en Duits is. Afrikaans verskyn nie onder die top 10 van hierdie tale nie, en dit gee ’n aanduiding dat Meyer se werk op die periferie van daardie literêre polisisteem lê. Hierdie afleiding kan gemaak word na aanleiding van die aantal vertaalde werke wat gepubliseer word in vergelyking met die totale aantal publikasies in die VSA, waarvan misdaadfiksie voorts net ’n persentasie van die vertaalde werke is.

### *3.1.2 Outeur en vertaler in die polisisteem*

Deon Meyer het al ’n groot hoeveelheid pryse vir sy werke ontvang, maar wat hier van belang is, is dat hy in 2011 reeds een van die VSA se topboekpryse vir *Thirteen Hours* gewen het (Malan, 2011; ook Meyer, 2019). Die toekenning van die American Barry Prize for Best Thriller toon aan dat Meyer se *vertaalde* Engelse romans deel vorm van die Amerikaanse spanningsverhaalpolisisteem en dien ook as ’n goeie aanduiding dat sy romans nie meer op die periferie van hierdie sisteem lê nie, maar dat sy werk toenemend deel begin word van die Amerikaanse konteks en ook internasionale erkenning geniet. Die etlike pryse wat sy romans al ontvang het, kan op Deon Meyer se webwerf gesien word: https://www.deonmeyer.com/bio.html#awards.

### *4.2.3 Teks*

Stephen King (2017), die wêreldberoemde outeur van – onder andere – spanningsverhale, het onlangs getwiet oor *Fever* (die vertaling van *Koors*) wat in Amerika uitgegee is en gesê, “UK readers, you have a nice surprise coming. No, not Brexit, FEVER, by Deon Meyer. Reminiscent of THE STAND and THE PASSAGE. Great stuff.” Hierdie uiting oor Meyer se roman is nie die enigste positiewe ontvangs wat *Fever* in Amerika ontvang het nie. Dit blyk dat Meyer se werk nie meer op die periferie van die misdaadfiksiepolisisteem geplaas word nie.

Die eerste resensie wat bespreek word, is geskryf deur Michele Leber en is geplaas op *Booklist Online*[10] (die resensie is ook te sien op Deon Meyer se webwerf). In hierdie resensie skryf Leber (2017) soos volg oor *Fever*:

> ... a thought-provoking, postapocalyptic examination of the human condition, with two diverse views of our species: Willem’s core empathy versus Domingo’s assertion that men are animals. With its stunning final revelation, this is a remarkable literary achievement.

[10] Volgens die “FAQ” afdeling op *Booklist Online* (2019) word die volgende beskrywing oor hierdie webwerf gegee: “*Booklist* is a book-review magazine that has been published by the American Library Association for more than 100 years, and is widely viewed as offering the most reliable reviews to help libraries decide what to buy and to help library patrons and students decide what to read, view, or listen to.” en “*Booklist Online* is the web version of the *Booklist* print magazine.”


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a1

’n Ander resensie wat op *Publishers Weekly*[11] gepubliseer is, geskryf deur Richard Pine (2017), beskryf *Fever* as “Meyer (Trackers) neatly integrates a whodunit into a sophisticated postapocalyptic thriller set in South Africa” en sê dat

> Willem’s tireless efforts are clouded by the reader’s knowledge of how things will end for him, and Meyer effectively teases his ultimate reveal. Thoughtful character development complements the clever storytelling.

Albei hierdie resensies deur kritici dui op ’n positiewe ontvangs van *Fever*, maar hierteenoor bied Christopher Chan (2018) se resensie wat op *The Strand Magazine*[12] se webwerf gepubliseer is ’n ander perspektief oor *Fever* en noem dat dit ’n lang reis in ’n post-apokaliptiese samelewing is, en al lys hy ’n paar positiewe aspekte oor die roman, kritiseer hy die boek se lengte, en is van mening dat die opbou na die klimaks stadig plaasvind en dat die afwyking na politiek en filosofie afbreuk doen aan die dramatiese spanning.

Die gebruik van aanlyn resensies van ’n spesifieke roman deur resensente sowel as die algemene leserspubliek bied die moontlikheid om die posisie van ’n roman binne ’n bepaalde literêre sisteem te plaas. Om te verseker dat resensies gebruik word wat spesifiek vir die Amerikaanse uitgawe van die roman geskryf is, moes daar noukeurig gesoek word vir spesifiek Amerikaanse platforms wat resensies plaas. Dit was ook nodig om die oorsprong vas te stel van resensies wat deur die algemene leserspubliek geskryf is. Sommige platforms is tipies Amerikaans, maar ander (soos Amazon) is internasionale aanlyn winkels wat ’n wyd verspreide leserspubliek bedien. Om te verseker dat resensies gebruik word wat wel deur Amerikaners geplaas is, is daar slegs gebruik gemaak van resensies waarvan die leser se profiel aangedui het dat hulle in Amerika woon. Op Amazon is daar in totaal 618 kliënteresensies,[13] waarvan 28 deur Amerikaners geskryf is. Elkeen van die kliënte se profiele is nagegaan om te bepaal of hulle ’n aanduiding gegee het uit watter land hulle kom. Ag-en-twintig van hierdie kliënte is volgens hulle Amazon-profiel woonagtig in Amerika. Met die soektog het nie alle kliënte hulle stad of land bygevoeg nie en daar mag moontlik egter meer as net 28 Amerikaners wees wat ’n resensie geskryf het.

Amazon (2019) gebruik ’n staafgrafiek met ’n gradering (“rating”) van wat elke leser aan die roman toeken. Met 618 lesers se gradering in ag genome, het hierdie roman ’n gemiddelde gradering van 4.5 uit 5 sterre ontvang. Twintig van die 28 Amerikaanse lesers het die roman 5 sterre gegee. Van hierdie lesers het die volgende opmerkings saam met hulle gradering gemaak:

---

11 Volgens *Publishers Weekly* se “About”-afdeling word die volgende inligting voorsien: “*Publishers Weekly*, familiarly known in the book world as *PW* and “the bible of the book business,” is a weekly news magazine focused on the international book publishing business. It is targeted at publishers, booksellers, librarians, literary agents, authors and the media. It offers feature articles and news on all aspects of the book business, bestsellers lists in a number of categories, and industry statistics, but its best known service is pre-publication book reviews, publishing some 9,000 per year.”

12 Volgens die “About The Strand Magazine”-afdeling op *The Strand Magazine* (2019) se webwerf word hierdie tydskrif beskou as: “a quarterly which offers the best of both worlds – publishing previously unpublished works by literary masters such as John Steinbeck, F. Scott Fitzgerald, Joseph Heller, Mark Twain, Tennessee Williams and H.G.Wells, as well as new works of fiction by today’s bestselling authors such as Alexander McCall Smith, Michael Connelly, Joseph Finder and Jeffery Deaver. Our reviews section looks at the latest mystery/thriller offerings, Sherlock Holmes pastiches, and anthologies, in addition to audiobooks and DVDs.”

13 Aantal kliënteresensies soos op 02 Februarie 2023.

**TABEL 1: Gradering van lesers op Amazon**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | The book may be 530 pages long, but it is very hard (truly, almost impossible) to put down – at least for someone like me who is interesting [sic] in how things work, or don't. | Victoria Weisfield, 11 April 2018 |
| 2 | Really interesting story told in a way that could actually happen. | Nana Sherry, 18 Desember 2017 |
| 3 | The author is from South Africa and the novel is also placed in South Africa using geographical names, flora, fauna and the like. It makes it real yet also foreign at the same time. Thoroughly enjoyed it with the unusual twists towards the end [sic] the book. | Daniel L. Driewer, 21 November 2017 |
| 4 | I have read every book Mr Meyer has had translated into English and loved them all. Although I miss Bennie I hope I will see him again, hopefully sober and productive, in a future book. But this book held me spellbound from start to the unpredicted finish. | Barb B, 15 September 2017 |
| 5 | I'm a fan of Deon Meyer's work, so I was intrigued to find he'd written a stand-alone post-apocalyptic novel. Great exploration of ethical themes in reinvention of society wrapped in a terrific thriller with well developed and complex characters. Truly enjoyed it! | T Stricker, 18 November 2018 |
| 6 | The characters, Africa after an apocalypse, twists and turns all told with compassion and condemnation. Don't miss it! I was sorry that it had to end. | Joanne Mansell, 18 Julie 2019 |

Van die opmerkings ("resensies") wat die vier ander lesers gemaak het wat nie vyf sterre vir hulle gradering gegee het nie, lui soos volg:

> "Much of the story is told from Nico's perspective and his trials over the next four years. Nico has some special physical skills but he is no more mature than your next door neighbor's teenager. He's annoying; I never got to a point where I cared for him nor for his issues. The story goes on and on and then with about 20 pages to go we get The Big Explanation. The Big Twist. I didn't like it all, I thought it was a bit silly." (Kenneth C. Mahieu, 11 November 2017). (Gradering: 2 sterre)

> "I wish the last third (half) weren't wasted on war and battles. I can read that anywhere and it's formulaic and boring." (Barbara Morrell, 22 Februarie 2018). (Gradering: 3 sterre)

Uit hierdie aanlyn resensies van die algemene leserspubliek is daar verwysings na verskeie aspekte in die roman, onder andere die karakterontwikkeling, maar daar word ook klem gelê op die feit dat die roman in Suid-Afrika (of Afrika) afspeel. Die resensies verwys ook gereeld na Meyer se ander romans, wat as 'n aanduiding kan dien dat die leserspubliek ook met van sy ander werke vertroud is.


’n Resensent vanuit die geledere van die algemene leserspubliek het ook daarna verwys dat hierdie roman ’n vertaling is:

> “The author, Deon Meyer, was born in South Africa and wrote the book in Afrikaans. So, to me, part of the price being charged is for the English translation of this very long book into English by Laura Seegers (and she did a brilliant job).” (Cheryl Stout, 28 Augustus 2019)

Hierin noem die persoon dat die vertaler goeie werk gelewer het. Verder het twee van die algemene leserspubliek se resensies oor *Fever* melding gemaak van top-Amerikaanse skrywers soos Stephen King en Cormac McCarthy en genoem dat Meyer se roman op dieselfde kerf as ’n roman soos *The Stand*[14] geklassifiseer kan word. Alhoewel Meyer se werke deel van die vertaalde spanningsverhaal literêre sisteem vorm, is hier bewyse dat hy nader aan die sentrale posisie van spanningsverhale in die Amerikaanse literêre sisteem beweeg.

## 5. Periteks

Hieronder is die voorblad van die Afrikaanse e-boek, *Koors*:





***Figuur 2:*** *Voorblad van Koors (e-boek)*

[14] *The Stand* het op Amazon ’n gradering van 4.7 uit 5 sterre ontvang deur 31 781 lesers soos op 02 Februarie 2023.

Die voorblad van *Koors* kondig aan dat Deon Meyer "Die gewildste skrywer in Afrikaans" is. Verder is daar ook 'n lokfrase, "Hulle het my pa doodgeskiet. Ek gaan hulle kry", wat verskyn aan die onderkant van die roman om die leser nuuskierig te maak. Die beeld wat op hierdie voorblad verskyn, fokus op die gemeenskap wat hulle vesting langs die dam maak en die lokfrase dui op die pa-en-seun-verhouding wat in die roman voorkom. In vergelyking met *Fever* is die verhouding van die naam en titel se grootte ongeveer dieselfde (vergelyk Figuur 3 hier onder). Die manier waarop hierdie voorblad ontwerp is, is al deel van die Deon Meyer-handelsmerk.

Die voorblad van *Fever* soos dit deur Grove Atlantic (2019) voorsien word, is oorwegend oranje met bruin vlekke, wat herinner aan 'n ou foto – moontlik 'n uitbeelding van 'n tyd in die verlede. Aan die linkerkant van die voorblad sien die waarnemer die rugkant van twee manlike figure wat op 'n verweerde teerpad in die rigting van 'n huis stap. As die inhoud van die teks in gedagte gehou word, is hierdie manlike figure heel moontlik Nico en sy pa, Willem. Daar word in die openingsgedeeltes van die teks beskryf hoe Nico en sy pa probeer om te oorleef en hoe hulle in 'n huis wegkruip, en dit hou nou verband met die beeld wat die leser op die omslag/voorblad teëkom. Verder verskyn die titel ook op die omslag, tesame met 'n aanhaling van Stephen King (hierdie was vroeër ook voorsien as 'n twiet deur King): "Reminiscent of *The Stand* and *The Passage*. Great stuff." Stephen King word ook as een van die wêreld se suksesvolste skrywers beskou en hy het al meer as 50 boeke gepubliseer (Stephen King, 2019); dit is moontlik die rede waarom hierdie aanhaling op die voorblad verskyn. Onder die titel verskyn die literêre vorm wat hierdie boek aanneem, genaamd "a novel". Aan die onderkant van die voorblad verskyn die naam van die outeur, Deon Meyer, duidelik sigbaar, hoewel dit kleiner as die titel is.




***Figuur 3:*** *Voorblad van* Fever *(e-boek)*


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a1

Die volgende inligting oor die periteks van die roman is verkry uit ’n e-boek wat met spesiale vergunning van Grove Atlantic gebruik is. Die Amerikaanse gedrukte weergawe is nie vrylik in Suid-Afrika beskikbaar nie, waar boekwinkels die uitgawe verkoop wat deur Hodder en Stoughton uitgegee word. Die titelblad van die roman sluit die titel, *Fever*, met die beskrywing “The memoirs of Nicolaas Storm, concerning the investigation of his father’s murder” in. Op ’n volgende bladsy verskyn daar ook ’n lys titels van ander werke deur Deon Meyer. Eers op die derde bladsy verskyn die titel, die literêre vorm, “a novel”, die skrywer se naam, Deon Meyer, en dat hierdie roman uit die Afrikaanse weergawe deur KL Seegers vertaal is. Verder word die uitgewer se naam, “Grove Press” en “New York” aangedui. Op die volgende bladsy is die kolofon te vind en dui die kopiereg van die roman aan en ook dat daar kopiereg op die Engelse vertaling is. ’n Kennisgewing dat reproduksie van die boek verbied word, word ook voorsien. Inligting van ander uitgewers word aangebied, naamlik die oorspronklike uitgewer, Human & Rousseau, as die uitgewer van *Koors* in 2016; en die eerste uitgewer van die Engelse roman, Hodder en Stoughton, ’n Hachette VK Maatskappy in Groot Brittanje, in 2017. Meer besonderhede van Grove Press word voorsien en daar word aangedui dat hulle deel vorm van Grove Atlantic in New York en dat die roman versprei word deur Publishers Group West.

Nadat al die uitgewers se inligting en ander besonderhede voorsien is wat tipies op die kolofon van ’n roman verskyn, tref die leser die inhoudsopgawe aan. Dit toon hoe die roman verdeel is. Die inhoudsopgawe dui ook aan hoe die roman in spesifieke jare verdeel word, naamlik “The Year of the Dog” (“Die Jaar van die Hond”), “The Year of the Crow” (“Die Jaar van die Kraai”), “The Year of the Jackal” (“Die Jaar van die Jakkals”), “The Year of the Pig” (“Die Jaar van die Vark”) en “The Year of the Lion” (“Die Jaar van die Leeu”).[15] In die roman self kan die leser sien dat elk van hierdie indelings ook onderverdeel word in hoofstukke met nommers van twee tot eenhonderd en twintig. Die eerste hoofstuk is voor die “jaar”-indelings geplaas. Na die inhoudsopgawe word die leser van ’n kaart van Suid-Afrika voorsien, wat die leser ’n aanduiding gee van die mees prominente plekke wat in die roman teëgekom word. Voor die eerste hoofstuk is daar ook aanhalings wat Meyer in die oorspronklike Afrikaanse weergawe ingesluit het, wat deel vorm van die periteks. Hierdie aanhalings hou verband met die formaat en inhoud van die boek. Voorbeelde hiervan in Meyer (2017) sluit die volgende in:

> *The initial mystery that attends each journey is: how did the traveller reach his starting point in the first place?*
>
> *— Louise Bogan*
>
> *Memories of mortification persist for decades…*
>
> *— Oliver Burkeman, Help*
>
> *Every autobiography is concerned with two characters, a Don Quixote, the Ego, and a Sancho Panza, the Self.*
>
> *— W.H. Auden*
>
> *Autobiography is usually honest but it is never truthful.*
>
> *— Robert A. Heinlein, Friday*

[15] In die Afrikaanse e-boek word die leser nie van ’n inhoudsopgawe voorsien nie en die tipiese kolofoninligting verskyn aan die agterkant van die roman. Ander titels van werke deur Meyer word ook aan die agterkant van die e-boek voorsien asook ’n lys van titels van werke wat as luisterboeke beskikbaar is.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a1

> *Down these mean streets a man must go who is not himself mean, who is neither tarnished nor afraid. The detective must be a complete man and a common man and yet an unusual man. He must be, to use a rather weathered phrase, a man of honour.*
>
> *— Raymond Chandler*

Op die laaste bladsy van die e-boek van dié Amerikaanse uitgawe sal die leser 'n erkenningsafdeling, bibliografie en glossarium aantref. Die glossarium is 'n interessante toevoeging tot die Engelse uitgawe. Hierdie glossarium sluit woorde in wat tipies in die roman gebruik word maar nie werklik 'n ekwivalent in Engels het nie. Daar is in totaal 24 woorde in die glossarium opgeneem. Daar is geen glossarium in die Afrikaanse uitgawe nie omdat al die woorde wat hierin gebruik word relatief bekend vir die gemiddelde Suid-Afrikaanse, Afrikaanse leser is.

## 6. Bevindinge

### *6.1 Die funksie en doel van* Fever *binne konteks van die polisisteem*

In die e-boek van *Fever* word die leser nie op die voorblad bewus gemaak van die feit dat die roman 'n vertaling is nie, maar wel binne die eerste drie bladsye van die boek. Hier word aangedui dat die roman uit Afrikaans deur KL Seegers vertaal is. Op die voorblad is daar geen aanduiding dat hierdie roman 'n tipe van postapokaliptiese roman is nie en indien die leser Meyer se ander werke ken, mag hulle moontlik 'n tipiese misdaadroman verwag. Die Amerikaanse uitgewers het besluit om Stephen King se mening oor die boek op die voorblad te plaas. Hierdie aanhaling is strategies daar geplaas omdat dit die leser 'n aanduiding gee van wat hy/sy kan verwag. *The Passage* deur Justin Cronin word deur *The Guardian* (2010) beskryf as 'n postapokaliptiese vampierverhaal en *The Stand* deur Stephen King word deur Amazon (2011) beskryf as Stephen King se apokaliptiese uitkyk op 'n wêreld wat deur 'n plaag oorrompel is.

Die inligting wat deur die parateks van die roman, *Fever*, gebied word, is tweevoudig. Die eerste is dat die roman 'n vertaling is (alhoewel dit nie eksplisiet genoem word nie) en dat die polisisteem ontvanklik vir vertalings vanuit die brontaal is. Die tweede is dat alhoewel Meyer 'n misdaadfiksieskrywer is, hierdie roman ook deel vorm van die literêre polisisteem wat apokaliptiese/postapokaliptiese romans insluit. Die ontvanklikheid vir hierdie roman van Meyer mag daaraan te danke wees dat hy in 2011 reeds een van die VSA se topboekpryse, die American Barry Prize for Best Thriller, gewen het en daarom reeds deel van die Amerikaanse literêre polisisteem vorm. Verder mag die Amerikaanse polisisteem ook ontvanklik vir hierdie roman wees omdat dit 'n postapokaliptiese verhaal is en aansluit by ander romans wat in dieselfde kategorie geplaas word en bekend is onder lesers in Amerika. Hierdie punte toon dat Meyer se romans, en spesifiek dan *Fever*, die grense van misdaadfiksie en vertaalde werke se polisisteme oorskry en aanklank by die lesers in Amerika vind, en vanuit hierdie perspektief 'n verkooppunt word.

### *6.2 Die posisie van Meyer se roman in die Amerikaanse literêre sisteem*

Even-Zohar (1990:46) voer aan dat die posisie van 'n vertaalde teks bepaal word deur die spesifieke "konstellasie" van die polisisteem wat ondersoek word, en dat dit nie beteken dat 'n vertaling van 'n teks in alle gevalle op die periferie van enige gegewe polisisteem gesien kan word nie. Voorts is Even-Zohar van mening dat populêre genres, soos niegekanoniseerde literatuur, dikwels beskou word as sekondêre of perifere sisteme en dat daar geargumenteer

kan word dat populêre misdaadfiksie oor die algemeen 'n sekondêre of perifere sisteem is (en sodanige posisie inneem) in die literêre polisisteem. Op grond van die bestaande resensies deur beide literêre kritici en die algemene Amerikaanse leserspubliek, en veral ook omdat Meyer se romans naas bekende Amerikaanse skrywers genoem word, blyk dit dat *Fever* 'n meer sentrale posisie in die subsisteem, naamlik vertaalde spanningsverhale inneem.

So 'n sentrale posisie van Meyer se roman in die voorgenoemde subsisteem kan 'n aanduiding wees van die tipe vertaalstrategieë wat gebruik is. Vergelyk hier die bespreking van repertoreme en teksteme wat klem lê op die repertoire van 'n spesifieke skrywer of teks. Hierdie repertoreme vorm 'n unieke netwerk van verhoudings in 'n teks, aldus Toury (2012:304). Die unieke netwerk van verhoudings kan gesien word in die manier waarop 'n roman volgens genre geklassifiseer kan word, maar sluit ook tipiese linguistiese en narratiewe elemente in en die proses van vertaling kan hierdie netwerk van verhoudings beïnvloed. Die vertaler kan besluit om van meer konvensionele repertoires gebruik te maak, of van meer innoverende repertoires – veral as hierdie tekste nader aan die sentrum van die literêre sisteem is (Even-Zohar, 1990). Wanneer die genre of struktuur van *Fever* in ag geneem word, blyk dit dat daar van 'n meer konvensionele repertoire gebruik gemaak is (moontlik die sterk herinnering aan *The Stand*), maar wanneer die narratiewe en linguistiese elemente daarvan in ag geneem word, is daar van 'n meer innoverende repertoire gebruik gemaak. Die keuses wat die vertaler gemaak het ten opsigte van sekere (Suid-)Afrikaanse woorde wat in die vertaling ingesluit is en waarvoor daar 'n glossarium voorsien is, is hier ter sprake, maar ook die feit dat die vertaalde roman in Suid-Afrika afspeel en byvoorbeeld nie veramerikaans is nie.

## 7. Gevolgtrekking

PST het die geleentheid gebied om in hierdie artikel die doel, funksie en posisie van *Koors* en *Fever* in hul onderskeie literêre polisisteme te bepaal.

Die gekose metode – om aanlyn resensies van hierdie roman deur resensente sowel as die algemene leserspubliek te ontleed – situeer die roman binne 'n bepaalde literêre sisteem deur middel van 'n paratekstuele analise. Wanneer daar na die parateks van *Fever* gekyk word, funksioneer die roman as 'n vertaalde spanningsverhaal binne die Amerikaanse spanningsverhaalsubsisteem. Die aanlyn resensies van *Fever* het grootliks 'n positiewe ontvangs deur kritici en die algemene leserspubliek getoon, en die posisie wat *Fever* vervolgens in hierdie sisteem inneem, is hieraan te danke.

'n Uitvloeisel van die studie, wat ook verdere navorsing regverdig, is die bydrae wat dit kan maak tot die debat oor teksposisionering van verskillende tipe tekste, soos misdaadfiksie. Dit blyk dat, alhoewel misdaadfiksie tipies nie as "kanoniserende literatuur" beskou word nie, dit inderdaad meer sentraal tot die betrokke literêre polisisteem geposisioneer kan wees en bestaande opvattings hieroor kan verander.

## BIBLIOGRAFIE

Amazon. 2019. Fever. https://www.amazon.com/Fever-Deon-Meyer/dp/0802126626#customerReviews [04 September 2019].

Amazon. 2011. The Stand. https://www.amazon.com/Stand-Stephen-King/dp/0307743683 [27 August 2019].

Barrow, WL. 2016. System, agent, process: The selection of translation strategies in the translation of crime novels from Afrikaans to German – a comparative study of two novels by Deon Meyer. Vanderbijlpark: NWU. (MA Dissertation).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a1

Booklist Online. 2019. Frequently Asked Questions. booklistonline.com/faq [04 September 2019].

Cawelti, JG. 1990. Canonization, Modern Literature, and the Detective Story. In Delamater & Prigozy (eds). *Theory and Practice of Classic Detective Fiction*. New York: Doubleday.

Chan, C. 2018. Review of the week: Fever by Deon Meyer. *Strandmag*. https://strandmag.com/review-of-week-fever-deon-meyer/ [12 February 2019].

De Kock, L. 2016. *Losing the Plot: crime, reality and fiction in postapartheid writing*. Johannesburg: Wits University Press.

Even-Zohar, I. 1990. Polysystem Theory in Polysystem studies. *Poetics Today*, 11(1). https://www.tau.ac.il/~itamarez/works/books/Even-Zohar_1990--Polysystem%20studies.pdf [15 Augustus 2018].

Hermans, T. 1999. *Translation in Systems. Descriptive and system-oriented approaches explained*. Cornwall: St. Jerome.

Genette, G & Maclean, M. 1991. Introduction to Paratext. *New Literary History*, 22(2):261-272.

Gouws, A. 2004. Infanta is 'n meesterlike speurtog na die siel. *LitNet*, http://www.oulitnet.co.za/seminaar/infanta.asp [11 Julie 2022].

Grove Atlantic. 2019. Fever. https://groveatlantic.com/book/fever/ [14 August 2019].

Hadley, M. 2017. American Detective Fiction in the 20th Century. http://oxfordre.com/literature/view/10.1093/acrefore/9780190201098.001.0001/acrefore-9780190201098-e-585 [5 February 2019].

Human, T. 2015. *Kobra* deur Deon Meyer. *Tydskrif vir letterkunde,* 52(1):249-251.

Kalmer, H. 2013. Van Plaas tot Agterplaas: die uitbeelding van Afrikaners in Johannesburg in drie Hertzogpryswenners. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (MA-verhandeling)

King, S. 2017. Twitter post. https://twitter.com/StephenKing/status/847187112315248641 [12 February 2019].

Kruger, H. 2012. *Postcolonial Polysystems: the production and reception of translated children's literature in South Africa*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company.

Leber, M. 2017. Booklist Review: Fever. https://www.booklistonline.com/Fever-Deon-Meyer/pid=8867542 [04 September 2019].

Le Roux, E. 2013. South African crime and detective fiction in English: a bibliography and publishing history. *Current writing: text and reception in southern Africa*, 25(2):136-152.

Lotman, JM, Uspenskij, BA, Ivanov, VV, Todorov, VN & Pjatigorskij, AM. 1975. Theses on the Semiotic Study of Cultures (as Applied to Slavic Texts). In Sebeok (ed). *The Tell-Tale Sign*. Lisse: The Peter de Ridder Press, pp. 57-83.

Malan, M. 2011. Deon Meyer wins top US book prize. https://www.channel24.co.za/News/Local/Deon-Meyer-wins-top-US-book-prize-20110919 [12 February 2019].

Meyer, D. 2019. Biography. https://www.deonmeyer.com/bio.html [12 February 2019].

Meyer, D. 2017. Fever [e-book]. Available: https://www.amazon.com/Fever-Deon-Meyer-ebook/dp/B074N898TJ/ref=sr_1_1?crid=3EFNLUFWFPG3S&keywords=fever+deon+meyer&qid=1657527851&s=books&sprefix=fever+deon+m%2Cstripbooks%2C411&sr=1-1 (USA edition made available with special use via Grove Atlantic via email.)

Meyer, D. 2016. *Koors* [e-boek]. Beskikbaar: https://www.amazon.com/Koors-Afrikaans-Deon-Meyer-ebook/dp/B01JIJKLS4/ref=sr_1_1?dchild=1&keywords=koors&qid=1585810974&sr=8-1

Munday, J. 2001. *Introducing translation studies: theories and applications*. London: Routledge.

Naidu, S. 2013. Crime fiction, South Africa: a critical introduction. *Current writing: Text and reception in Southern Africa*, 25(2):124-135.

Nicol, M. 2015. A short history of South African crime fiction. *Books live. Crime beat*. http://crimebeat.bookslive.co.za/a-short-history-of-south-african-crime-fiction/ [26 July 2019].

Pine, R. 2017. Fever. https://www.publishersweekly.com/978-0-8021-2662-7 [19 January 2022].

Post, C. 2019. The Plight of Translation in America. https://www.publishersweekly.com/pw/by-topic/industry-news/publisher-news/article/79407-the-plight-of-translation-in-america.html [1 March 2019].

Pronzini, B & Adrian, J (eds).1997. *Hard-Boiled: An Anthology of American Crime Stories*. Oxford: Oxford University Press.

Rolls, A. 2016. Whose national allegory is it anyway? Or what happens when crime fiction is translated? *Forum for Modern Language Studies*, 52(4):434-448.

Shuttleworth, M. 2009. Polysystems. In Saldanha & Baker (eds). *Routledge encyclopedia of translation studies*. 2nd ed. Abingdon: Routledge, pp. 197-200.

Steenkamp, E. 2017. *Koors* deur Deon Meyer, ’n Litnet Akademies-resensie-essay. http://www.litnet.co.za/koors-deur-deon-meyer-n-resensie-essay/ [17 Mei 2018].

Spies, C. 2013. Die wisselwerking tussen die agente betrokke by die publikasieproses van literêre vertalings. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch. (PhD-proefskrif).

The Guardian. 2010. The Passage: a post-apocalyptic vampire tale you can get your teeth into. https://www.theguardian.com/books/booksblog/2010/jun/11/justin-cronin-passage-hype [27 Augustus 2019].

Toury, G. 2012. *Descriptive translation studies and beyond: revised edition*. Amsterdam: John Benjamins Publishing.

Van der Westhuizen, G. 2008. Meyer se sewende stel weer eens nie teleur. *Beeld,* 25 November.

Van Heerden, N. 2018. Misdaadfiksie en die literêre kanon in Afrikaans: ’n Ondersoek na aanleiding van die romans van Deon Meyer. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (PhD-proefskrif).

Venuti, L. 2008. *The translator’s invisibility. A history of translation*. 2nd ed. London: Routledge.

Voegelin, CF. 1960. Casual and Non-Casual Utterances within Unified Structure. In Sebeok (ed). *Style in Language*. Cambridge: MIT Press, pp. 57-68.

Wessels, A. 2008. *Onsigbaar* deur Deon Meyer. *Tydskrif vir letterkunde,* 45(2):230-233.

Wolf, M. 2007. Introduction: the emergence of a sociology of translation. In: Wolf, M & Fukari, A. (eds). *Constructing a sociology of translation*. Amsterdam: John Benjamins Publishing, pp. 1-38.

# Die waarde van literêre teater in die bewussyns-opvoeding van psigoterapiestudente

***The value of literary theatre in the consciousness education of psychotherapy students***

**Karlien Conradie**
Departement Opvoedkundige Sielkunde
Fakulteit Opvoedkunde
Universiteit Stellenbosch
Suid-Afrika
E-pos: karlienL@sun.ac.za

**Estelle Swart**
Departement Opvoedkundige Sielkunde
Fakulteit Opvoedkunde
Universiteit Stellenbosch
Suid-Afrika
E-pos: estelle.swart@sun.ac.za


Karlien Conradie


Estelle Swart

**Karlien Conradie** is 'n dosent en akademikus in die Departement Opvoedkundige Sielkunde aan die Universiteit Stellenbosch. Sy is ook 'n geregistreerde opvoedkundige sielkundige. Deur haar navorsing poog sy om die estetiese disposisie as spesifieke psigoterapeutiese ingesteldheid binne die domein van onderrig en opleiding te verken en te bevorder. Sy stel belang in die benaderings van die persoonsgesentreerde, *Gestalt*- en eksistensiële psigoterapieë, en in die teoretiese beskouings van die eksistensiële en hermeneutiese fenomenologie.Sy is die outeur van 'n hoofstuk in die akademiese handboek *Insigte uit Opvoedkundige Sielkunde* (Juta), asook die vakkundige boek *Teacher Education for Transformative Agency: Critical perspectives on design, content and pedagogy* (Stellenbosch, SUN Media).

**Karlien Conradie** is a lecturer and academic in the Department of Educational Psychology, Stellenbosch University. She is also a registered educational psychologist. Through her research, she seeks to explore and promote the aesthetic disposition as a specific psychotherapeutic mindset within the domain of teaching and training. She is interested in person-centred, *Gestalt* and existentialist psychotherapies. Her main theoretical orientation draws on existential and hermeneutic phenomenology. She is the author of a chapter in the academic textbook *Understanding Educational Psychology* (Juta) as well as the scholarly book *Teacher Education for Transformative Agency: Critical perspectives on design, content, and pedagogy* (Stellenbosch, SUN Media).

**Datums:**
Ontvang: 2022-08-12 Goedgekeur: 2023-02-02 Gepubliseer: Maart 2023


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a2

| | |
|---|---|
| **Estelle Swart** is 'n hoogleraar in opvoedkundige sielkunde aan die Universiteit Stellenbosch. Sy het uitgebreide ervaring in opvoedkundige sielkunde en inklusiewe onderwys. Haar navorsings- en onderrigfokus sluit professionele leer, inklusiewe onderwys en kinders met leerprobleme en gestremdhede in. Sy is 'n NNS gegradeerde navorser, en outeur en mede-outeur van verskeie artikels in nasionale en internasionale vaktydskrifte, mederedakteur van twee boeke en outeur van verskeie boekhoofstukke. Sy het etlike referate by nasionale en internasionale kongresse gelewer. | **Estelle Swart** is a professor of educational psychology at Stellenbosch University. She has extensive experience in educational psychology and inclusive education. Her research and teaching focus includes professional learning, inclusive education and children with learning difficulties and disabilities. She is a NRF rated researcher, and author and co-author of several articles in national and international journals, co-editor of two books and author of several book chapters. She has delivered several papers at national and international conferences. |

## ABSTRACT

***The value of literary theatre in the consciousness education of psychotherapy students***

*The capacity to comprehend experiences in a coherent way and attribute meaning to existence is unique to human beings. Through* Dasein, *being consciously concerned with the onto-phenomenological experience, thus interpreting what it means to exist amid that which is and is still becoming, human beings strive to connect with their* Lebenswelt *(a lived world). Only when individuals are consciously receptive to and involved in their own ontological being and becoming can they empathise with the very nature of another. Woven into this larger disposition characterised by continuous onto-phenomenological self-making-in-a-situation* (Bildung) *– the Nietzschean call – is the empathic attitude. In the context of psychology, in particular psychotherapy, the empathic attitude – that is, being sensitively aware of how we understand ourselves, others and the world we share – is undeniably part of the repertoire of qualities that a therapist ought to possess. Often, however, the attitude of novice therapists towards what is happening between them and their clients here and now involves inflated self-awareness that is devoid of ontological considerations. Frequently, this results in a clichéd form of empathy based primarily on sentimental emotionality. It seems to be true that, in a ubiquitous cyberculture characterised by self-absorption and the mere accumulation of simplistic explanations, the ability to be ontologically receptive – as the* sine qua non *of an empathetic attitude – is gradually becoming undervalued.*

*Art, in particular literary theatre, has the capacity to push psychotherapy students (as spectators) to the edge of what it means to be human beings; by implication, therefore, it constitutes an appeal for existential phenomenological involvement. Suddenly the spectators cannot escape the incantatory circle of what is affectively transcendent and become participants in their own self-developmental needs and psychological yearnings.*

*This article seeks to illustrate how the existential phenomenological elements of literary theatre, including physicality (language, movement, actions and sound), time and spatiality, can be used to comprehend an embodied involvement (being with the client, here, now) and encourage ontological reflection in psychotherapy students. In this regard, literary theatre displays certain existential phenomenological characteristics that can be understood and applied as part of a pedagogical enterprise in psychotherapy teaching and training. Some core characteristics include inner stillness, a sensitive-receptive attitude, and an awareness of Jungian or depth-psychology archetypes. Of importance is therefore the existential*

*phenomenological attitude of the psychotherapy student towards a child's being (onto-involvement) in the therapy room or clinical evaluation situation.*

*By way of a conceptual explication, we attempt to provide an understanding of the relationship between the psychological function of literary theatre and the existential phenomenological attitude of the educational psychology student. This attitude embodies a certain artistry or aesthetic disposition, characterised by qualities such as honed intuition, sensitive awareness and the formation of nuanced connections. Such artistry allows the psychotherapy student to explore the developmentally and contextually layered client, and to articulate* den Zachen Zelbst *meaningfully by way of contemplative, nuanced thought and language*. Den Zachen Zelbst, *ingrained in the Husserlian and Heideggerian vernacular of philosophy of phenomenology, refers to existence as intentional; to be consciously concerned with the meaning of being, therefore life-world experience, as opposed to merely registering and measuring impressions from the outside world. An existential phenomenological disposition cannot be assumed, however, nor can it be simply taught as part of a postgraduate module on psychotherapy skills. Instead, the existential phenomenological disposition ought to be fostered and developed through carefully crafted embodiment activities of an intersectional nature (the intersection of philosophy, psychology, literature and drama, for example) as part of the teaching and training of psychotherapy students.*

*This article attempts to cast light on the existential phenomenological disposition as an essential attitude of the psychotherapy student, especially in the context of an often unmindful, mechanistic and utilitarian society. At its core, the existential-phenomenological attitude presupposes a more embodied (as opposed to essentialist) psychotherapy, characterised by ontological awareness, deepening insight and symbolic language. These intellectual qualities need to be protected at all costs from the technocratic materialism of mass psychology.*

**KEYWORDS:** consciousness development, psychotherapy, literary theatre, archetypes, psychology students, training, novice psychotherapists, existential phenomenological disposition, mass psychology, symbolic language

**TREFWOORDE:** bewussynsopvoeding, psigoterapie, literêre teater, argetipes, psigoterapiestudent, opleiding, beginnerpsigoterapeute, eksistensieel-fenomenologiese disposisie, massasielkunde, simboliese taal

## OPSOMMING

In hierdie konseptuele artikel word die waarde van literêre teater in die bewussynsopvoeding van psigoterapiestudente as beginnerterapeute toegelig. ’n Eerste uitgangspunt van die artikel is bewussynsopvoeding om die ontologiese ingesteldheid as singewende intensionaliteit te kultiveer wat gekenmerk word deur synsdenke en sensitiwiteit vir die gelyktydige teenstrydighede eie aan die menslike bestaansproblematiek. Teen hierdie agtergrond word die betekenisvolheid van bewussynsopvoeding as geestelike ideaal of *Bildung*-strewe beskryf, eerder as die performatiewe ideaal van nuwe kennis gerig deur ’n gespesifiseerde doel. Twee moontlike eietydse dilemmas wat psigoterapiestudente se ontwikkelende vermoë tot bewussynsmatige betrokkenheid soms bemoeilik, word terselfdertyd belig. Dit sluit in beginnerpsigoterapeute se oormatige selfbewustheid en sentimentele emosionaliteit, asook die tegnokratiese aard van massasielkunde. In die daaropvolgende afdelings verduidelik ons aan die hand van enkele eksemplariese onderrigvoorbeelde hoe literêre teater vanweë die inherente beliggaming van die eksistensieel-fenomenologiese karakter daarvan moontlik kan bydra tot

die verskerping en inoefening van psigoterapiestudente se vermoë tot groter bewussynsmatigheid.

Kuns, spesifiek literêre teater, beskik oor die inherente vermoë om die teaterganger te druk tot aan die rand van wat dit vereis om mens te wees, by implikasie dus ’n oproep tot ontologiese gemoeidheid. Meteens kan die teatergangers nie aan die inkanterende kring van ontroering ontkom nie en word hulle in der waarheid deelnemers aan hul eie begeertes en verlangens. Literêre teater lê die kroniek van die menslike psige bloot, juis omdat argetipiese inhoud en eksistensiële bestaanselemente soos liggaamlikheid, tyd en ruimtelikheid in die teks en regie veranker is. Die inkanterende tekensisteem (musiek, sang, klanke, poppe, akteurs, dialoog en handeling) kenmerkend van die teaterervaring werk mee om argetipiese inhoud te aktiveer. Implisiet aan argetipiese ervaringe is die beginsel van instinktiewe psigiese ordening. Dit is die aprioriese strewe daarna om teenoorstaande elemente te verenig, om tegelykertyd individualiteit én verbondenheid, goedheid én donker onderstrominge, lewe én dood te ervaar en te verreken. Literêre teater kan dus as ’n ordeningsmite beskou word, omdat dit dikwels op uitnemende wyse funksioneer as houer vir of uitdrukking of ontsluiting van argetipes, te wete die diaboliese, goedheid, dood, wedergeboorte, anima, animus, en so meer. Die artikel poog om die waarde van literêre teater in die student se verrekening van sy of haar eie wesensaard, as psigoterapeutiese eis, te illustreer. Uit hierdie bewussynsmatige ingesteldheid spruit empatie voort as kernvermoë wat die psigoterapeut uiteindelik in staat stel om die onvoltooide, die paradoksale, die vervloeide ingebindheid van alles, as ryk skakerings te artikuleer.

## 1. Inleiding

Die verwerwing van ’n geakkrediteerde magisterkwalifikasie in opvoedkundige sielkunde vorm deel van die veelvlakkige proses waardeur kandidate uiteindelik by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGBSA) as professionele opvoedkundige sielkundiges geregistreer kan word. Die MEd Psig-program van die Departement Opvoedkundige Sielkunde van die Universiteit Stellenbosch dien as voorbeeld van sodanige kwalifikasie en bestaan uit gestruktureerde kursuswerk. As deel van hul kursuswerk word magisterstudente in opvoedkundige sielkunde blootgestel aan psigoterapeutiese gevalswerk.

Hierdie nabetragtingsartikel spruit voort uit waardevolle praktykbegeleidingservaringe tydens die terapieonderrig en -opleiding van magisterstudente in opvoedkundige sielkunde oor ’n tydperk van agt jaar. Die onderrig en opleiding van magisterstudente sluit in die ontwikkeling van kennisteoretiese insigte, krities-dialektiese redeneervermoë, artikulasiesoepelheid en prakties-tegniese psigometriese, diagnostiese en psigoterapeutiese vaardighede.[1] Bogenoemde MEd Psig-program is derhalwe gerig op die kultivering van studente se vermoë om op intellektueel genuanseerde wyse om te gaan met die alomvattende leer- en ontwikkelingsprosesse van die mens, en om agter te kom waardeur en hoe hierdie delikate prosesse beïnvloed en ontwikkel kan word. Eie refleksie oor literêre teater, sowel as beginnerpsigoterapeute se vermoë tot die bewussynsmatige, oftewel singewende intensionaliteit as antropologiese prinsipe, het mettertyd aanleiding gegee tot die koppeling tussen sommige eksistensieel-

[1] Vir ’n volledige uiteensetting en omskrywing van die minimumopleidingstandaarde vir opvoedkundige sielkunde, sien die hersiene RGBSA-dokument van 2019. Die betrokke dokument verskyn in die bibliografie van hierdie artikel.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a2

fenomenologiese beginsels van literêre teater en die bewussynsmatigheid van die psigoterapiestudent.

Met literêre teater word bedoel opvoerings waarvan die fokus hoofsaaklik bewussynsverruiming eerder as vermaak is. Dit beteken egter nie dat vermaak heeltemal uitgesluit of selfs ondergeskik aan die denkende ingesteldheid is nie. Wanneer teater egter in staat is om die kroniek van die menslike psige bloot te lê, kan dit dikwels sekere eienskappe van die persoonlike sowel as kollektiewe onbewuste in die teks en regie insluit en veranker, byvoorbeeld psigiese komplekse, projeksie en argetipes. Literêre (letterkundige) teater hou verder verband met die letterkunde en letterkundige genres soos drama, poësie en prosa. Dit veronderstel die tipe teks wat aan vasgestelde letterkundige kriteria voldoen en daarom vir ontledingsdoeleindes gepas is.

Hierdie artikel probeer aantoon hoe die waarde van literêre teater in die bewussynsopvoeding van psigoterapiestudente as pedagogiese onderneming begryp kan word. Vervolgens word die bewussynsmatige ingesteldheid afgegrens as die eksistensieel-fenomenologiese bewussyn van die psigoterapiestudent.

## 2. Eksistensieel-fenomenologiese bewussyn van die psigoterapiestudent

Tydens psigoterapeutiese gevalswerk kom dosente soms onder die indruk van studente se ontwikkelende fenomenologiese denkwyse, dit wil sê hulle bewustheid van en nadenke oor die oergerelasioneerdheid van die menslike bestaan: wat dit is om ’n mens, verwikkeld in die groter landskap en wêreld, te wees.

Die belangrikheid van die fenomenologiese denkwyse binne sielkundige konteks is daarin geleë dat dit, in vergelyking met die naturalistiese denkstrominge, ’n meer verdiepende deurskouing van menswees bied. Die klem val op die intensionele gerigtheid en oorspronklike (outentieke) leefwêreld van mense, in plaas van die bestudering van individue as nie-eksisterende objekte wat hoofsaaklik uit meetbare psigiese funksies en gedragsvorme bestaan. Voordat studente die kliënte ten opsigte van verskillende ontwikkelingsdomeine evalueer, word hulle dus aangemoedig om eers die veelheid en kompleksiteit van die kliënte se menswees in hulle verhouding tot die wêreld te probeer peil. Die fenomenologies-antropologies-eksistensiële mensbeeld[2] is hier ter sake en veronderstel 1) dat ’n mens intensioneel gerig is op die wêreld deur middel van onder meer waarnemings, denke, fantasie en voorstellings om daardeur betekeniswêrelde te skep; 2) dat ’n mens, naas fisies-psigiese wese, ook ’n self-bewussynswese is wat hom van homself kan distansieer en homself, asook die verhouding met die wêreld, daardeur kan beskou en evalueer; en 3) dat daar van meet af aan ’n appèl tot individuele mense gerig word om voortdurend sin te maak van hul eie gesitueerdheid (voortdurende mens-wêreld-verhouding).

Bogenoemde antropologiese oriëntering geld nie slegs die opbou van kliënt- of gevalskonseptualiserings nie. Doelbewuste bemoeienis hiermee herinner studente dikwels ook aan hul eie bewussynsingesteldheid. Dit is slegs wanneer die psigoterapeute sensitief is vir en betrokke raak by hul eie eksistensieel-fenomenologiese problematiek dat hulle die

2 Twee destydse Afrikaanse sleuteltekste – deur Sonnekus (1986:16-50) en Nel (1968:1-21) – bied ’n omvattende omskrywing en deurtasting van die Husserliaanse *Lebenswelt*, oftewel *leefwêreld*, as gedagtestroming binne die antropologiese synswyse (bestaanswyse). Die akademikus George Yonge (2021) het opnuut die kollig op hierdie tekste laat val in sy artikel wat handel oor onder andere die opvoedingsgebeurtenis as ’n fundamenteel fenomenologiese aangeleentheid.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a2

moontlike wesensaard van ’n ander as’t ware kan invoel. Binne die konteks van die praktiserende sielkunde is hierdie sensitief invoelende bewustheid, oftewel empatiese ingesteldheid, onteenseglik deel van die repertoire van kwaliteite wat deur die beginnerpsigoterapeut ontwikkel en verfyn behoort te word. In die volgende afdeling word daar aandag geskenk aan die besondere wyse waarop die eksistensieel-fenomenologiese bewussyn uitmond in empatie.

## 3. Empatie as uitvloeisel van die eksistensieel-fenomenologiese bewussyn

Die empatiese ingesteldheid bestaan uit twee domeine, naamlik die kognitiewe en die affektiewe (Zaki, 2014). Terwyl die kognitiewe domein die vermoë behels om insig te toon in die fyn genuanseerde psigiese belewenislandskap, dui die affektiewe domein op begrip vir emotiewe aspekte van ervaring, soos gevoel, emosie en gemoedsgesteldheid. Empatie het dus te make met ’n denkende, maar ook sensitief invoelende ingesteldheid. Hierteenoor staan die simpatieke ingesteldheid, wat hoofsaaklik meegevoel met iemand se lotsbedeling behels. Dit impliseer egter nie noodwendig insig in die persoon se emosies nie (Loewenstein & Small, 2007). Dikwels blyk dit dat die empatiese ingesteldheid bloot afgemaak word as ’n verbygaande eienskap wat terloops by die repertoire van professionele deugde van studente in die versorgingsberoepe ingesluit word (MacLeod, 2001; Srivastava & Das, 2016).

Vir ’n sielkundige om werklik empaties ingestel te wees, vereis inspanning en volgehoue dieptepeilings van menslike bestaanskwessies. Dit is welbekend dat mense se ervaring van die sielkundige of psigoterapeut se diepe meelewing en begrip aanleiding kan gee tot psigologiese genesing (Clark, 2010). Op die gebied van sielkunde, veral psigoterapie, is Carl Rogers (1902–1987) veral bekend vir sy deurgronding van die vermoë tot empatie (1961, 1975, 1980). Volgens hom behels die empatiese ingesteldheid die psigoterapeut se intuïtiewe vermoë om paradoks en deurleefdheid te identifiseer en om verbeeldingryke assosiasies te maak met wat moontlik deur ’n ander ervaar word.

Rogers (1975:4) versinnebeeld die empatiese ingesteldheid – ’n manier van wees saam met ’n ander – soos volg:

> The way of being with another person which is termed empathic has several facets. It means entering the private perceptual world of the other and becoming thoroughly at home in it. It involves being sensitive, moment to moment, to the changing felt meanings which flow in this other person, to the fear or rage or tenderness or confusion or whatever, that he/she is experiencing.

Vir Rogers en andere, soos Feller en Cottone (2003) en Watson (2002), is die empatiese ingesteldheid terselfdertyd ’n intense dog subtiele manier van luister om bepaalde gevoelstoestande te identifiseer en dit korrek te reflekteer. Sowel die kognitiewe as die affektiewe domein van die empatiese ingesteldheid is onmiskenbaar in die sin dat die inhoud van psigoterapeute se respons net so belangrik is soos hulle vermoë tot sensitiewe bewustheid. Dit is die taak van die psigoterapeut om deur middel van taal wat die ryke repertoire van gevoelstoestande omspan, te poog om ’n dieptepeiling van die kliënt se innerlike, dikwels verborge, landskap te maak.

Die digteres Sheila Cussons (1922–2004) se beskrywing van woorde as die “ontsluitspier” (1990:20) versinnebeeld die rol van taal in die blootlegging, maar ook deurgronding, van menslike ervaring. Uiteindelik is die kontemplatiewe psigoterapeut altyd maar gemoeid met die segging van wat menslik is deur middel van “taal: die menslikste van wat ons menslik het” (Cussons, 1980:8). Die empatiese ingesteldheid is dus allermins ’n passiewe en onkritiese verskynsel wat geen intellektuele eise aan die psigoterapeut stel nie. Trouens, dit is eerder ’n


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a2

aktiewe proses waarin die psigoterapeut se vermoë tot verskerpte intuïsie en diepsinnige nadenke en sy of haar verwoordingsvermoë 'n rigtinggewende rol in die psigiese groeiproses van die kliënt speel.

Ware empatie behels 'n sensitiewer antenne vir die verwikkeldheid van die ontologiese alles, subtiele wisselinge en gelyktydige teenstrydighede: die aanwesige afwesigheid, sigbare onsigbaarheid, ongewone gewone, die vreemde herkenbaarheid. Dit kom dus voor asof die kwaliteit van sensitiewe invoelendheid as beide sensories en intuïtief beskryf kan word: sensories vanweë die verskerpte sintuiglike liggaamlikheid van die ervaring en intuïtief vanweë die gevoeligheid vir synsmoontlikhede, betekenisse en -verhoudings. Die afleiding is dat empatie – met ander woorde om denkend sowel as sensitief-invoelend te handel – die uitvloeisel is van 'n veel groter vermoë, naamlik die eksistensieel-fenomenologiese ingesteldheid.

## 4. Die ontwikkelende eksistensieel-fenomenologiese ingesteldheid van die student as beginnerterapeut

Vanweë die aard van hul ontwikkelingsvlak word beginnerpsigoterapeute se eksistensieel-fenomenologiese ingesteldheid soms gekenmerk deur oordrewe selfbewustheid en sentimentele emosionaliteit (Skovholt & Rønnestad, 2003:49-50). Sulke eienskappe het te make met beginnerpsigoterapeute se reaksie op die inhoud van die kliënt se mededelings en optrede, eerder as met 'n ontoereikende vermoë tot empatie. Dit word dan soms verkeerdelik as 'n geykte vorm van empatie geïnterpreteer vanweë die sentimentele emosionaliteit daarvan.

Ineenvloeiing van die eie (persoonlike) en dit waarmee die student tydens gevalswerk gekonfronteer word, is 'n algemene uitdaging aan die begin van 'n psigoterapeut se professionele ontwikkeling (Corey, 2016:31). Praktykbegeleiding wat sensitief vir hierdie uitdaging is, kan egter aan studente die geleentheid bied om by 'n voortdurende proses van kritiese nabetragting (reflektiewe denke) en selfevaluering betrokke te raak. Dit voorkom veral die risiko dat die psigoterapeut in die kliënt se psigiese landskap opgeneem word en sodoende sy of haar eie identiteit prysgee. Goeie praktykbegeleiding kan die beginnerpsigoterapeut ondersteun in die identifisering van ontoereikende ervarings, vrese of onvervulde strewes wat andersins tot projeksie (oordra van eie houdings of gevoelens op die kliënt) en teenoordrag (eie onwelkome, dikwels onderdrukte gevoelens van die psigoterapeut wat op die kliënt gerig word) aanleiding kan gee. Projeksie en teenoordrag maak deel van mense se outomatiese verdedigingsresponse uit en het ten doel om mens teen gevoelens van angs, verleentheid, minderwaardigheid en skuld te beskerm. Omdat mense, beginnerpsigoterapeute inbegrepe, meestal onbewus is van hierdie veroordelende reaksiepatrone en dit nie kan eien of in bedwang kan bring nie, word die kliënt-psigoterapeut-verhouding belemmer. Dit gebeur natuurlik ook met gesoute psigoterapeute en daarom is bewustheid van eie reaksiepatrone noodsaaklik.

Die dimensie van die persoonlike speel nietemin 'n bepalende rol in die psigoterapeutiese ontmoeting en kan nie van die professionele dimensie geskei word nie; die twee is eerder verweef met mekaar. Corey (2016:17) beklemtoon die belang van die menswees, of menslikheid, van die psigoterapeut soos volg:

> Because counseling is an intimate form of learning, it demands a practitioner who is willing to shed stereotyped roles and be a real person in a relationship. It is precisely within the context of such a person-to-person relationship that the client experiences growth. If as counsellors we hide behind the safety of our professional role, our clients will keep themselves hidden from us. If we become merely technical experts and leave

our own reactions, values, and self out of our work, the result is likely to be sterile counseling.

In aansluiting hierby meen Egan (2012:16) dat ’n psigoterapeut se menswees selfs belangriker is as die keuse van teoretiese modelle en intervensiemetodes en tegnieke. Hier het dit betrekking op psigoterapeute se gestroopte betrokkenheid (sonder voorbehoud en voorafbepaling) en die inherente strewe om deurentyd met verdiepende insig tot die wesenlikheid van die mens binne sy of haar wêreldverhouding, oftewel synsrelasie, deur te dring. Dit is hierdie altyd sinsoekende ingesteldheid wat van ’n psigoterapeut ’n onmiskenbare krag in psigoterapie maak. Vanuit hierdie bewussynsmatigheid, oftewel intensionele deurleefdheid, blyk die vermoë tot empatie te ontspring. Met intensionele deurleefdheid word bedoel ’n spontane openheid vir die antropologiese synswerklikheid, in teenstelling met statiese waarnemings wat merendeels op meganistiese wyse ver-taal word as kategorieë, diagnoses en toestande.

Daar word vervolgens aandag geskenk aan die buitetalige – synsgerelasioneerdheid – as essensiële belewenis (voorvereiste) vir ’n meer bewussynsmatig georiënteerde psigoterapie.

## 5. Buitetalig en talig: Eksistensieel-fenomenologiese kunstenaarskap

’n Sensitiewe, ontvanklike ingesteldheid laat studente toe om bewus te wees van veral wat buite taal lê, en van hoe dit (die buitetalige) dikwels op fenomenologiese wyse as beliggaming van die Husserliaanse *Sache selbst,* oftewel deurleefde bestaanservaring, dien. Met deurleefdheid word bedoel ’n verheffende of singewende bewustheid van die onlosmaakbare vervlegting, dus synsrelasie, van mens, omgewing en tyd binne ’n ontologiese totaliteit of werklikheid (Moran, 2013:298-299). Ter sake is die oorstyging van die sensoriese bestudering van ’n objek of saak tot ’n metafisiese vergeesteliking of verinnerliking. ’n Mens sou ook kon praat van die onsigbare, die sakramentele wat deur die gewone, die sigbare onthul (verbeeld, vertaal) word. Die buitetalige gewaarwording wanneer byvoorbeeld rotskuns bewonder word, kan só talig gemaak word: *grofgeskuur van klip en kaalvoet inmekaar vereelt, versteen.*[3]

Bogenoemde vertolking dien as voorbeeld van segging deur middel van die simboliese, die metaforiese: om die verborgene uit te sê, teenwoordig te stel. Anders gestel: Die poëtiese verleen toegang tot die eksistensieel-fenomenologiese synsgerelasioneerdheid. Binne die konteks van die psigoterapie is ’n spontane openheid vir die antropologiese synswerklikheid belangrik, want onderliggend aan enige tipe terapie is altyd die ontologiese vraag na wat dit is om te wees en te deurleef. Ingesluit is die fenomenologiese eienskap om met verwonderende bemoeienis om te gaan met wat nou ís, maar terselfdertyd steeds word.

Die kind in die terapielokaal wat “nie kan stilsit nie”, word die kind wat “kwispel-kwispel tussen tafel en stoel”. Die sensories-konkrete word ver-taal as reeds volledig mens (as totaliteit) en nie as diagnostiese cliché wat (in/binne taal) bestaan nie. Onderliggend hieraan is die vermoë tot die *voortaalse* (prelinguale) en die *ver-taal-de* (geartikuleerde/talige) wat doelbewus en op volgehoue wyse deur die student in opvoedkundige sielkunde in die psigoterapie verwerf en verfyn behoort te word. ’n Mens kan dit die sielkundestudent se eie eksistensieel-fenomenologiese kunstenaarskap noem, ’n deurgang na ware empatie in plaas van oppervlakkige emosionalisme.

---

3 Eksemplariese vertolking. Die bygaande foto is van ’n rotstekening op Gifberg, Vanrhynsdorp, en kom uit een van die skrywers se persoonlike fotoversameling (Desember 2019).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a2



***Figuur 1:*** *’n Eksistensieel-fenomenologiese moment: grofgeskuur van klip en kaalvoet inmekaar vereelt, versteen*

Studente se vermoë tot die voortaalse betrek ’n verskerpte, gelyktydig sensoriese en intuïtiewe bewustheid van die vervloeide ingebindheid van ’n ganse bestaan. Voortvloeiend hieruit is die vermoë tot die *talige* (ver-taal-de), met ander woorde die vermoë om dit wat verinnerlik is – bewustelike inademing van ’n moment of indruk – deur middel van begripsraamwerke betekenisvol te artikuleer. Dit maak gevolglik aanspraak op die emotiewe, dit wil sê ’n student se beskrywende repertoire van gevoelsbelewenisse eie aan die menslike toestand. Só word ontnugtering en verlies byvoorbeeld in Peter Verhelst (2011:39) se *Die geheim van die keel van die nagtegaal* poëties ver-taal:

> Maar pyn gehoorsaam nie normale wette nie. Pyn is soos verdriet. Verdriet swel op en maak jou moeg, eindeloos moeg. Ná ’n tyd is die verdriet so groot dat dit jou heeltemal bedek en dat jy nie meer daaronder kan uitkom nie, hoe jy ook al probeer. So groot is die verdriet dat daar niks anders meer is nie as Die Verdriet.

’n Mens hoor die fenomenologiese ingesteldheid eggo in bogenoemde beskrywing. Länge en Klaassen ((2021:750) beskryf dit binne die konteks van psigoterapie soos volg:

> The phenomenological attitude is practiced by becoming inwardly empty, awake, and receptive; by experiencing what is happening, while removing myself and my concerns from the experience of the other; and receiving, experiencing, recognizing the other empathically.

Die afleiding is dat wanneer studente op intensionele wyse toelaat dat die wesenlike hulle deurspoel in ’n tipe inkantering soortgelyk aan ontroerende teater, hul beter in staat sal wees om die kliënt se verlangens tot stand te vertel en dus singewend te deurgrond.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a2

Dit vereis egter diepgaande bemoeienis met en intensionele oorgawe aan gesteldhede of gebeure soos dit is, ten einde te poog om die wesenlikheid daarvan te peil. Hierdie eienskap, onderliggend aan die estetiese disposisie, stem ooreen met die Duitse konsep *Einfühlung* (Jeffers, 2009:3) en verwys na 'n sensitief invoelende ingesteldheid met betrekking tot gebeure en gewaarwordinge. Wanneer psigoterapiestudente in gebreke bly wat die vermoë tot verinnerliking betref, is 'n diepgaande deurgronding van die gelade innerlike landskap van die kliënt nie moontlik nie – alleenlik 'n oppervlakkige en miopiese waarneming.

## 6. Bewussynsdenke onder druk

In die vorige afdelings is die belangrikheid daarvan onderstreep dat beginnerpsigoterapeute tydens praktiese begeleiding 'n bewustheid van hul eie persoonseienskappe ontwikkel en dit telkens evalueer in die konteks van hul professionele optrede. Corey stel dit so: "By remaining open to self-evaluation, you not only expand your awareness of self but also build the foundation for developing your abilities as a professional" (2016:17). Alhoewel selfbewustheid en emosionaliteit deel van die normale ontwikkeling van die beginnerterapeut uitmaak, kan dit in samehang met die hedendaagse sosialemediakultuur gekenmerk deur oppervlakkige ekspressiwiteit en kitsoplossings, die vermoë tot bewussynsmatige betrokkenheid bemoeilik en selfs bedreig. Met bewussynsmatige betrokkenheid word bedoel die psigoterapeut se diepe bewustheid van en intensionele betrokkenheid by die saak van bepeinsing of staat van belewenis.

Die vermoë tot dieptepeilings, meervoudige denke en die singewende aanwending van taal, teenoor 'n oppervlakkige, instrumentalistiese benadering, is belangrike aangeleenthede in hierdie verband. Tog wil dit voorkom of die premie wat op goedontwikkelde komposisionele denke geplaas word, telkens onder druk kom in 'n wêreld wat sy ore uitleen aan die kitsklaar en ongenuanseerde verklarings wat die massasielkunde bied.

Die beoefening van die sielkunde in die breë word gekenmerk deur velerlei teorieë en modelle wat dikwels as raamwerke dien vir die diagnose, normalisering en genesing of regstelling van menslike worsteling. Die gevaar wat hierin skuil, is volgens Greenberg (2013) dat die psigiese gevoelighede inherent aan die menslike bestaan eintlik ontken word wanneer dit hoofsaaklik in mediese terme ontleed en omskryf word. Gevolglik word die verskrikking van mens te wees dikwels uitgebuit en gereduseer tot bemarkbare, pasklaar intervensiestrategieë en oorvereenvoudigde kennisuitsprake ontdaan van diepgaande denke en genuanseerde artikulering. Dit kan beskryf word as die outomatiese ideaal, oftewel die tegnokratiese materialisme van die massasielkunde. Hiervolgens gaan dit veral om die verarmde rol van kritiese denke en taal as noodsaaklike synsmiddele om die intensiteit van die lewe onder woorde te bring. Die tydsame, eksistensieel-fenomenologiese verwerwing van ontologiese historisiteit en synsbetekenis word vervang deur 'n tekstuurlose oppervlak (beroof van 'n oorspronklike leefwêreld) – 'n gladde vervoerband bestaande uit vinnig versamelde simptome, gebeure en gedrag wat algoritmies aan mekaar verbind is. In sy artikel waarin hy die filosofiese standpunte onderliggend aan die outomatiese samelewing ontleed, beskryf die filosoof Rossouw (2022:12) onder meer hoe magtige instellings, massas data en digitale media, sowel as kunsmatige algoritmes, snel meewerk om toenemend beheer oor die mens se inherente selfstandige optrede te verkry.

Die geoutomatiseerde wyse waarop die menslike leefwêreld vanuit 'n eksistensieel-fenomenologiese opsig bedreig word, impliseer 'n samelewing ontdaan van diepe denke, kritiese evaluering en omvattende ontleding. Dit hou ook 'n gevaar vir die ontwikkelende


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a2

beginnerpsigoterapeut in, aangesien dit maklik sou kon lei tot blote onbevraagtekende navolging van wetmatighede, protokolle en kodes. In die konteks van die psigoterapie sluit dit in simplistiese afleidings en gevolgtrekkings, tegnokratiese lysting van simptome en voortydige, ondeurgronde diagnose. Gevolglik word studente verhinder om 'n meer bewussynsmatige ingesteldheid aan te kweek wat deur empatiese synsdenke, dus sensitiewe invoelendheid, gekenmerk word.

Die vermoë tot 'n eksistensieel-fenomenologiese ingesteldheid kan beskou word as die kunstenaarskap van die denkende sielkundestudent. Tog kom sodanige kunstenaarskap in die gedrang wanneer 'n samelewing merendeels aan meganistiese uitkomste en die onnadenkende opstapeling van inligting, oftewel "die vulgariteit van die massamens" (Jung, 2002; Versfeld, 1982:90), blootgestel word. Dit is immers deur middel van omvattende besinning oor die aard van sy bestaan midde-in dit wat is en steeds word, dat die mens hom probeer "bind aan die wêreld waarin hy hom bevind" (Van Niekerk, 2019:14). Ingeborduur in hierdie proses van selfontplooiing en betekenisskepping, wat deel van die psigoterapeut se eie wordingsproses uitmaak, is die vermoë tot empatie.

Bogenoemde appèl op die ontwikkeling van studente se eksistensieel-fenomenologiese ingesteldheid – met ander woorde sensitiwiteit vir die wesenlikheid van te bestaan, eie historisiteit (verandering oor tyd heen) en deurleefdheid van menslike ervarings – kan doelbewus en op praktiese wyse in die onderrig- en opleidingkurrikulum ingesluit word. In die volgende afdelings word die rol van literêre teater as deel van omsigtige praktykbegeleiding van psigoterapiestudente verduidelik, met die klem op bewussynsopvoeding.

## 7. Die betekenisvolheid van bewussynsopvoeding

Aan die kern van bewussynsopvoeding lê die kultivering van die ontologiese ingesteldheid, met ander woorde singewende intensionaliteit, sowel as bewustheid van die diepgang in die alledaagse. Dit word gekenmerk deur onder meer synsdenke en sensitiwiteit vir die gelyktydige teenstrydighede eie aan die menslike bestaansproblematiek. Bewussynsopvoeding gaan dus oor die vorming van studente se bewussynsmatige betrokkenheid by hul eie wordingsproses, maar ook dié van ander, soos tydens psigoterapie.

Die wordingsproses veronderstel 'n dialektiese beweging tussen student en wêreld: by wyse van kritiese nadenke – Sokratiese eksaminering (voortdurende vraagstelling wat mettertyd lei tot die integrasie van teenoorgestelde bewerings) inbegrepe – word die student genoop om dieper te delf, hom- of haarself te bevraagteken, en diverse sienings te ondersoek. Die verskerping van studente se vermoë tot bewussynsmatige betrokkenheid (sensitief invoelende bewustheid, synsdenke) kan moontlik die vertroebeling wat 'n onpersoonlike tegnokratiese kultuur bring, help teëwerk.

In sy diepste wese raak dit aan die klassieke ideaal van onderrig as opvoedingstaak. In die literatuur rakende die aard van opvoeding kom die Duitse woord *Bildung* gereeld voor, wat verwys na die proses van selfontplooiing of vorming, dit wil sê wording. Dit gaan hierin om met verwondering ingewy (of ingelei) te word in die strewe om iets van die diepte van die werklikheid te probeer verstaan. Om studente nederig en verwonderend te laat oopstaan vir die ontologiese dimensie, met ander woorde die groter bestaansgeheel, behoort dus vir die dosent allereers 'n opvoedingstaak te wees eerder as 'n onderrig- of opleidingsuitkoms. Hoewel steeds net ten dele, laat 'n vakgebied soos die sielkunde dosente en studente toe om deur middel van die eksistensieel-fenomenologiese ingesteldheid in die mens in sy totaliteit ingelei te word en opnuut daardeur gevorm te word. Gepas is die opvatting van Plato oor die aard

van opvoeding en, by implikasie, leer as ’n “omkering van die siel” (in Schoeman, 2012:125), ’n inkanterende oorstyging na die *werklikheid* – die *waarheid* – van wat *is*.

Ten diepste strewe die psigoterapie as vakgebied en professie daarna om die dilemma van menswees, oftewel *la condition humaine*, te verken en beter te begryp. Van Deurzen en Adams, bekend vir hulle werk op die gebied van die eksistensiële sielkunde, beskryf die menslike toestand as ’n voortdurende spanningsveld van teenoorgesteldes – om te spoel tussen sekerheid en onsekerheid, intimiteit en eensaamheid, verdriet en vreugde, versugting en verrukking, vervulling en verlies, lewe en dood. Dikwels word psigoterapie egter bloot in verband gebring met die eensydige taksering van die mens, hoofsaaklik aan die hand van simptomatiese, sielkundige, sosiale of gedragseienskappe (Van Deurzen & Adams, 2011:8). Die klem is gevolglik – by afwesigheid van ’n deurtastende besinning van wat dit beteken om ’n mens te wees en ’n betekenisvolle lewe na te streef – meestal op intra-psigiese of interpersoonlike faktore. Hoewel alle psigoterapeutiese perspektiewe en modaliteite ’n filosofiese grondslag het, word dit in die skadu gestel wanneer ’n bio-mediese model oorbeklemtoon word. Opleidingsprogramme behoort dus moeite te doen om ’n waardering by studente te kweek vir beide die bewussynsmatige ingesteldheid, sowel as die prakties-konkrete metodes van intervensie. Tereg kan egter ook gevra word wat mettertyd kon lei tot ’n oordrewe funksionalistiese beskouing van die psigoterapie en miskien selfs die sielkundeprofessie in die algemeen. Moontlike invloede sluit in die praktiese aard van opleiding, wat die klem op die toepassing van diagnostiese kriteria, gedragsimptome en konkrete metodes as leeruitkomste lê. Gevolglik is studente nie noodwendig gewoond daaraan om die gevoelskante van die menslike toestand ook op filosofiese wyse te betrag en te verreken nie (Van Deurzen & Adams, 2011). Verdere ondermyning van die ontwikkeling van ’n bewussynsmatige betrokkenheid by studente word waarskynlik teweeg gebring wanneer die velde van psigiatrie en sielkunde gekenmerk word deur ’n oordrewe diagnosties-gefokusde benadering tot geestesgesondheid. Só ’n eng benadering word dikwels gevoed deur die farmaseutiese industrie se toenemende medikalisering van algemeen menslike leed, melankolie en onsekerheid as patologiese verskynsels, afhanklik van mediese behandeling (Patel, 2014:782, 783; Gardner, 2016:89).

Die unieke vermoë van die mens om bewustelik na te dink oor sy steeds veranderende en komplekse bestaan, bied aan hom ’n sin vir die self. Hierin lê tegelyk persoonlike vryheid én verantwoordelikheid opgesluit: om die intensiteit van te leef te erken en voortdurend daarvan sin te maak binne die beperkings van die eie bestaan. Die eksistensiële psigoterapeut openbaar ’n intuïtiewe sensitiwiteit vir die menslike toestand wat gekenmerk word deur teenstrydighede en onverwagse invloede – dit wat uitdaag, kan ook tot nuwe vreugdes lei; uit lyding verrys lewenskragtigheid. In aansluiting hierby meen Van Deurzen: “The quality of my work (as therapist) increases or decreases in accordance with the quality of my life” (1998:xii), bedoelende dat wanneer sy as psigoterapeut nie terugdeins van konfrontasie met en ondersoek van haar eie bestaanskwessies nie, sy beter daartoe in staat is om dieptepeilings van die psigiese landskap van ’n ander te maak.

## 8. Literêre teater as middel tot die eksistensieel-fenomenologiese ingesteldheid

Die bewussynsmatige ingesteldheid berus op ’n peinsende staat van belewenis, gekenmerk deur verskerpte intuïsie, verbeelding, ’n sensitief invoelende ingesteldheid en betrokkenheid by ’n eie ondersoek na die werklikheid, na die vervlegtheid van die self en die wêreld (Längle & Klaassen, 2021:746). Dit dui op die verskerpte bewustheid van die implisietheid van alles by wyse van subtiele wisselinge, meerduidighede, verwikkelde en gelyktydige invloede en

moontlikhede. Die vermoë tot 'n bewussynsmatige ingesteldheid dui as 't ware op 'n eksistensiële ontvanklikheid om deur die menslike wesensaard ontroer te word.

Dit herinner aan die Griekse begrip *aisthēsis* (in Stone, 2003), wat verwys na die bewustelike inademing van 'n moment of indruk, met ander woorde 'n verskerpte bewussyn, oftewel verinnerliking, van die vervloeide ingebindheid van 'n ganse bestaan: om dus sonder voorbehoud, intensioneel ontvanklik en besinnend met 'n gegewe werklikheid om te gaan (Gadamer, 2004:57). Verder betrek dit 'n tipe ingekeerdheid of innerlike stilte wat noodsaaklik vir ontledende, genuanseerde en verbandsoekende denke is (Feller & Cottone, 2003). Sensitiewe invoelendheid wat hieruit voortspruit, verskil gevolglik van blote emosionalisme, veral in 'n hipergeïndustrialiseerde samelewing waarin uitdrukking (ekspressiwiteit) en nimmereindigende plasingstipekommunikasie (*post and share* in die sosiale media) oorheers, eerder as genuanseerde ontleding en noukeurige verrekening. Die bewussynsmatige ingesteldheid blyk dus bevorderlik te wees vir die ontwikkeling van invoelende diepgang – die voorloper van empatie as kerneienskap van die beoefening van psigoterapie.

Kuns, insluitende teater, is 'n metafoor vir die mens se wesensaard omdat dit as ontologiese objek die proses van verinnerliking (vergeesteliking) voorstel. Kuns plaas die toeskouer in 'n outentieke, dikwels ongemaklike ruimte waarin verskrikkings soos weerloosheid, tragedie, leed, vrees en ontnugtering, of selfs verrukking in die vorm van ekstase en vervoering, blootgelê word (Dewey, 1958; Degenaar, in Van der Merwe & Duvenhage, 2008; Dalton, 2016). Meteens word die toeskouer 'n deelnemer aan 'n inkanterende ritueel of seremonie waartydens kontak met die lewe deurleef en bevestig word deur middel van die verbeelding. In kuns vind hierdie intense gebeurtenis op spontane, dikwels plotselinge wyse plaas. Ons voer aan dat die psigoterapiestudent deur middel van die invokatoriese funksie van literêre teater, en gevolglik eksistensiële ontstigting, in verbinding kan tree met sy eie argetipiese sisteme en menslike wesensaard. Die invokatoriese aard van toneelspel slaan op die rol van inkantasie en verbeelding in die potensiële prikkeling en verskerping van die student se bewussynsdenke. Bewussynsdenke beïnvloed op sy beurt die wyse waarop studente sin maak van die ontologies verwikkelde menseaard. Die klem val dus nie op taal en teater slegs as instrumente om 'n spesifieke werklikheid te konstrueer en te omskryf nie, maar eerder as "middele tot die geestelike" (De Beer, 2018:417), oftewel die intellektuele geesteswêreld. In dié opsig word die onsêbare as subtiele wisselinge, onbestendighede, gelyktydige teenstrydighede – weer die aanwesige afwesigheid, sigbare onsigbaarheid, ongewone gewone, die vreemde herkenbaarheid – met die menslike wesensaard in verband gebring.

Vanweë die ingeboude eksistensieel-fenomenologiese funksie van literêre teater kan die insluiting daarvan by die onderrig en opleiding van psigoterapiestudente sekere kern bewussynsmatige vermoëns doelbewus aanwakker en bevorder. Dit sluit in die identifisering en evaluering van argetipes, ingekeerde stilte en sensitief invoelende handeling.

## 9. Die ingeboude eksistensieel-fenomenologiese funksie van literêre teater

### *9.1 Ingekeerde stilte as eksistensieel-fenomenologiese eienskap van literêre teater*

Ingekeerde stilte behels die vermoë om met onbelemmerde ontvanklikheid en sonder die juk van voorafbepaalde kategorieë of dominante idees, dus gestroop, bewus te word van die niks, wat gelyktydig ook die alles is. Wanneer 'n student toelaat dat die toestand van ingekeerde stilte hom of haar deurspoel, ontstaan die moontlikheid om met groter openheid, geduld en verbeelding ag te slaan op wat nou is (en moontlik môre kan wees).

Dit kan by wyse van die volgende voorbeeld deur die dosent begelei word: Studente word aangemoedig om vir ’n aantal dae daagliks op dieselfde tyd na dieselfde kunswerk te gaan kyk (gebaseer op Ziegler, in Dalton 2016). Die gekose kunswerk (wat ook ’n gedig, skildery, musiek of verhaal kan wees) dien as simboliese medium en voorsien as ’t ware die ingang na of oorgang vanaf die eksterne wêreld na die innerlike, psigiese landskap. Dit behoort dus oor evokatiewe en inkanterende eienskappe te beskik. Hoewel studente aanvanklik sal probeer fokus op die inhoud van die kunswerk, is dit belangrik dat hulle ag slaan op hul eie (veranderende) gewaarwordinge in die vorm van sensoriese waarnemings (sensasies), gedagtes, gevoelens en verbeelding tydens die oefening. Die aanwending van stimulusvrae kan studente help om hul gewaarwordinge te karteer (sien Tabel 1). Die *kursiewe* woord of gedeelte in elke vraag dui op die spesifieke aard van die gewaarwordingsvorm.

**TABEL 1:** Vermoë tot ingekeerde stilte: Gewaarwordingsvorme en gepaardgaande stimulusvrae

| **GEWAARWORDINGSVORME EN GEPAARDGAANDE STIMULUSVRAE** | | | |
|---|---|---|---|
| ***Sensoriese sensasie*** | ***Kognisie*** | ***Affek*** | ***Verbeelding*** |
| Is ek bewus van *klank/geure/smaak/temperatuur*? Kan ek dit beskryf? | Waaraan *herinner* dit my? (Wat onthou ek?) | Watter onmiddellike *gevoelens* ervaar ek? | Wat kan *moontlik* volgende gebeur? |
| *Waar* is ek? Wat kan ek alles *sien*? Hoe *lyk* dit vir my? Wat *gebeur* om my? | Watter *gedagtes* ontlok dit by my? | Watter *emosies en sentimente* wel by my op? | *Wat as* dit vandag gister was en ek hier is? |
| Waaraan *raak* my hande, voete, bene? Soos wat *voel* dit *(tekstuur*)? | Wat *herken* ek? Hoe *weet* ek dit? | Wat doen dit aan my *gemoed*? | Wat kan ek *nog* langs hierdie skildery, gedig, musiek of verhaal plaas? |

Studente sal by elke geleentheid aangemoedig word om aantekeninge te maak op grond van bogenoemde stimulusvrae. Om bogenoemde stimulusvrae ook in ontkennende vorm te vra, kan moontlik tot alternatiewe temas en ondersoeke lei (bv. “Wat kan ek nie sien/hoor/voel nie?”) Ten slotte sal hulle aangemoedig word om die geïdentifiseerde patrone, verskuiwings, assosiasies en temas in ’n paragraaf of twee te integreer. Die verinnerliking van dit wat buite gestaan het, kan bydra tot studente se vermoë tot ingekeerde stilte.

### *9.2 Sensitief invoelende ingesteldheid as eksistensieel-fenomenologiese eienskap van literêre teater*

’n Sensitief invoelende ingesteldheid verwys na ’n verskerpte bewussyn van die manier waarop iemand ontroer of onthuts kan word. Dit vereis ’n ingesteldheid gekenmerk deur ontvanklikheid, verwondering en intensionele betrokkenheid (Längle & Klaassen, 2021:747-748). Die vermoë tot ’n sensitief invoelende ingesteldheid lei tot groter waardering van ’n mens se eie en andere se bestaanswêreld, en vorm die grondslag van die ondersoek van die self, en ook van die vermoë tot empatie.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a2

Die ontwikkeling van ’n sensitief invoelende ingesteldheid moedig studente aan om in plaas van ’n oorwegend selfversonke disposisie, of dan oordrewe selfbewustheid, en oppervlakkige emosionalisme ’n meer empatiese disposisie aan te neem. Die vermoë tot ’n sensitief invoelende ingesteldheid kan gestimuleer en ontwikkel word wanneer studente blootstelling aan byvoorbeeld literêre teater as deel van hul onderrig en opleiding ontvang. Literêre teater dien dus as moontlike poort tot groter synsdenke en die menslike geesteswêreld.

Teateropvoerings, verhale en stories ontstaan binne bepaalde sosiokulturele en geskiedkundige kontekste (Burger, 2018). Gevolglik is dit meermale ’n interpretasie, maar ook ’n uitdrukking, van die eietydse samelewingsproblematiek – ’n hele gemeenskap se wense, versugtinge, ontoereikende ervaringe en verwonding. Wanneer teater en ander verhale oor hierdie tipe gelaagdheid in die vorm van betekenisraamwerke beskik, word teatergangers of lesers uitgenooi om hul eie historisiteit en psigiese landskap in oënskou te neem. Hieruit ontwikkel groter insig in en empatie met die breë kollektiewe saambestaan. Dit sou dus gepas wees om in die konteks van bewussynsopvoeding teaterbesoeke in te sluit by die onderrig en opleiding van sielkundestudente. Die volgende gedagteraamwerk (Tabel 2), gebaseer op die eksistensiële funksie van literêre, dikwels ook ontroerende teater, kan as hulpmiddel dien wanneer studente die teater besoek:

**TABEL 2:** Eksistensiële funksie van literêre teater: gedagteraamwerk as hulpmiddel

| Eksistensiële element | Uitbreiding | Verbandhoudende teaterelemente |
|---|---|---|
| Liggaamlikheid | **Buitetalige/voortalige**: evokatiewe, sensories-konkrete<br><br>**Talige:** Konstruerende taal (betekenis geskep deur woorde) | Beweging, handeling, klank, lig, geluide, rekwisiete as simbole, dialoog |
| Relasionele | Verweefdheid van verhoudings (konflik, isolering, verraad, manipulasie, intimiteit, gehegtheid, geborgenheid) | Karakters, gebeure |
| Stoflikheid | Die materiële (noëma)* teenoor die teater as geesteservaring (noësis) | Teaterkompleks, foyer, kafeteria, toegangs-kaartjie, sitplekke, verhoog, *aulaeum* (gordyn) |
| * Binne die Husserliaanse interpretasie van die fenomenologie verwys intensionaliteit na noësis, oftewel die *bedoelende gerigtheid op* of *betrokkenheid by* iets (fenomeen) in die wêreld, ook genoem die noëma. | | |
| Tyd | Opheffing van tyd op die verhoog; die hede bevat die verlede sowel as die toekoms | Ontvouing van verhaal: Wisselinge, verandering, oorgang (wending) |
| Ruimtelikheid | Ruimte as beliggaming van konteks | Verhoog, afstand, rangskikking |


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a2

Wanneer studente die teater besoek, kan bogenoemde raamwerk hulle lei om bepaalde beginsels te identifiseer, betekenisvolle assosiasies te vorm, afleidings te maak en gewaarwordinge te formuleer. Die artikulasiekomponent, dit wil sê om opsommend te beskryf, dra boonop by tot die bevordering van studente se emotiewe geletterdheid. Dit sluit in hul vermoë om ’n wye repertoire van menslike gevoelsbelewenisse te beskryf.

Die kunste, veral ernstige teater wat dikwels ontstig, onthuts en uitdaag,[4] bevorder die verskerping van sekere bewussynsvaardighede, te wete die vermoë tot sensitiewe bewustheid van subtiele verandering, die eindelose verweefdheid van alles en verrassende patrone, verwantskappe en verhoudings. In hierdie opsig funksioneer teater as ’n ordeningsmite omdat dit dikwels op uitnemende wyse as houer vir die uitdrukking of ontsluiting van sekere oorgeërfde temas, oftewel argetipes, dien. Om deur verwondering oorweldig te word (om ontroer te word), impliseer dat ’n mens nie allereers op epistemologiese wyses weet nie en dus geen verwagting het ten opsigte van wat jy behoort te weet of wil weet nie.

Wat nodig is, is ’n ontologiese oopheid wat ’n mens help om verby instrumentalistiese verklarings te kyk en sensitief ontvanklik te wees vir die direkte, ongedistilleerde ervaring van ander en die saak (lewe) self. Hiervolgens behoort die mens sy eie vraag te word en dus met die wesentlike aard van sy bestaan gekonfronteer te word. Literêre teater, vanweë die natuurlike spieël wat dit van die komplekse menslike psige ophou, kan waarskynlik as brug tot ’n eksistensieel-fenomenologiese bewussynsoriëntasie by die sielkundestudent benut word. Hierdie bewussynsgrondslag word in die volgende afdeling in groter besonderhede omskryf en verreken.

### *9.1 Die argetipiese as eksistensieel-fenomenologiese eienskap van literêre teater*

Die self, in die Jungiaanse analitiese sielkunde, dien as kroniek van ’n reeds geïmpliseerde en dus volledige bestaan, ’n argetipiese bron waarin alles wat al ooit was en nog sal wees, verenig is en ’n groter kosmiese samehangendheid of orde weerspieël (Jung, 1953-1978). Hiervolgens bestaan die self as aprioriese ordeningsprinsipe en as vrugbare holte vir transliggaamlike bestaansinhoud eie aan *la condition humaine*. Nog vóór enige leerervaringe is die ingebore menslike strewe daarop gerig om deur middel van selfontplooiing (individuasie) psigies begrond te wees (Jung, 1953-1978:339, Frank, 2004:115). Sodanige begronding veronderstel geborgenheid, groei en vitaliteit, teenoor angs en chaos.

Die proses van individuasie of selfontplooiing is ’n lewenslange proses waartydens die menslike psige voortdurend pogings aanwend om die delikate balans tussen gelyktydige maar botsende bestaansfunksies soos lewe en dood, manlikheid en vroulikheid, individu en kultuur, en orde en chaos te handhaaf en te bewaar. Volgens die Jungiaanse analitiese sielkunde ontspring vitaliteit en geesteskreatiwiteit juis uit dié onopgehefde spanning. Die self besit dus die uitnemende potensiaal om dit wat tot die eenmalige tydruimtelike behoort, te oorstyg na ’n veelvoudige vergeesteliking of verinnerliking van gebeure en belewenisse, oftewel *aisthēsis* (sien afdeling 8). Argetipiese ervaringe soos kreatiwiteit, selfbewussyn, verbeelding en liefde dien as bewyse van dié inherente strewe na selfbehoud.

---

[4] In die konteks van hierdie artikel dui teater wat ontstig, onthuts en uitdaag, op ernstige opvoerings waarvan die fokus hoofsaaklik bewussynsverruiming eerder as vermaak is. Dit beteken egter nie dat vermaak heeltemal uitgesluit of selfs ondergeskik aan die denkende ingesteldheid is nie. Wanneer teater egter in staat is om die kroniek van die menslike psige bloot te lê, sal dit dikwels ook sekere eienskappe van die persoonlike sowel as die kollektiewe onbewuste in die teks en regie insluit en veranker, byvoorbeeld psigiese komplekse, projeksies en argetipes.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a2

Volgens die wêreldbekende psigoanalis Carl Gustav Jung (1875–1961) is die menslike psige op so ’n wyse saamgestel dat dit ’n verbinding met die transpersoonlike begeer ter wille van oorlewing. Binne die antroposentriese bestel, daarenteen, beskou die mens hom as onafhanklik van hierdie ingelyfde verbondenheid met dít wat sublimiteit en spirituele grootsheid veronderstel, dit wil sê ’n kosmosentriese oriëntasie. Dit gaan hiervolgens om kontak met die kollektiewe onbewuste deur middel van sprokies, mites,[5] drome en seremonies (soos troues, begrafnisse, geboortes, doop, oorgangsrites, rituele). Argetipes bevat meestal algemeen menslike ervarings en tipiese verhoudingspatrone, dit wil sê universele psigiese inhoud. Verder behels dit ook die worsteling wat gepaardgaan met die strewe om menslike ontwikkelingstake (bv. die verwerwing van vertroue, outonomie en werksaamheid) tydens persoonlikheidsontwikkeling af te handel (Elder & Cordic, 2009).

Jung se verheldering van die menslike psige as empiriese en lewende werklikheid het op radikale wyse die weg vir die analitiese sielkunde gebaan. Sy deurtastende blootlegging van parallelle tussen die kollektiewe onbewuste en oeroue universele motiewe wat in religie, mitologie, letterkunde en geskiedenis aangetref word, is steeds die mees omvattende tot op hede.

Hiervan word mens opnuut bewus by die bestudering van die oeuvres van indrukwekkende geleerdes in die Jungiaanse sielkunde, soos Von Franz (in Hall & Sharp, 2008) en Edinger (in Elder & Cordic, 2009). Jung was oortuig daarvan dat die moderne mens mank gaan aan gesonde mites, sprokies en volksvertellings as psigiese ordeningsbeginsel (noodsaaklik vir selfregulering), soos wat volop voorkom in die rituele, simboliek en mistieke elemente van die geesteswêreld van ouer, ortodokse beskawings.

Deur middel van simbole, inkantasie en ikone onthul gesonde mites dus argetipiese waarhede. Teater kan waarskynlik beskou word as ’n ordeningsmite omdat dit dikwels op uitnemende wyse funksioneer as houer vir en uitdrukking of ontsluiting van sekere oorgeërfde temas (argetipes), soos die held of ridder, die goeie moeder, die diaboliese, oorwinning, dood, wedergeboorte, ensovoorts. Die teaterervaring as ritueel beloof om die teaterganger met argetipiese bronne, waarvan die self die sentrale argetipe is, in verbinding te bring en sodoende fundamentele lewensoorgange te bewerkstellig. In die konteks van die oeroue mistieke word teater ’n seremonie waaraan die teaterganger aktief deelneem ten einde bewus te word van die wyse waarop sake, gebeure of situasies op simboliese wyse verbeeld word binne die raamwerk van ’n eie kultuurhistoriese verlede.

Vir Wigotski (1896–1934), ’n postmoderne sielkundige, is daar ’n duidelike koppeling tussen bewussynsontwikkeling en kuns (insluitende literêre teater): “[T]he development of personality is fundamentally dramatic, and the phenomenon of art is at its heart psychological, suggesting the necessity of both in the development of consciousness” (in Smagorinsky, 2011:335). In hierdie konteks beklemtoon Wigotski die kultuurhistoriese wyse waarop die mens se emotiewe responsgewoontes deur ’n kunsvorm soos teater bemiddel en verstaan kan word. Wigotski beskryf hierdie proses met ’n term wat hy ontleen aan die werk van die Russiese teaterpraktisyn Stanislawski, naamlik *perezjiwanje* (in Smagorinsky, 2011:337): die wyse waarop ’n spesifieke gevoelstoestand wat op die verhoog uitgebeeld word, die teaterganger tot kontemplatiewe besinning en inkeer dwing.

[5] Mites is die oorleweringe (verhale) wat handel oor die geskiedenis van volke en hul bestaans- en godsoortuigings, sowel as fundamentele vraagstukke rakende die lewe, en is nie illusies of verdigsels nie (Adams, 2019).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a2

Hiervolgens word ’n katarsisoomblik bereik wanneer die teaterganger, ingebed in ’n spesifieke sosiokulturele verlede wat bestaan uit assosiasies, geheue en suggestie, weerklank vind in wat deur middel van aanduidende simbole op die verhoog uitgebeeld word. Die toeskouer vra dus: Wat gebeur nou met my? Onderliggend hieraan is perezjiwanje (emotiewe ervaring) wat deur die teaterganger se eie onbewuste skadukante,[6] projeksies[7] en komplekse[8] gekenmerk word. Wat teater betref, word dialoog en handeling uit die liggaam voortgebring deur middel van beelding en metaforiek as die sigbaarmaking van die onsienbare pneumatologiese.

Die handelinge van liggame op die verhoog is dus bepalend in die selfbetragtingsproses, met spesifieke verwysing na die ontbloting van die mens se primordiale psigiese behoeftes, verlangens en vertwyfelinge as deel van die dikwels ontroerende (literêre) teatergebeurtenis. Aan die kern hiervan is die universele kollektiewe onbewuste, die setel van argetipiese ervaringe eie aan menswees, soos byvoorbeeld vryheid, identiteit, ouerskap, vrees, eensaamheid en verlange, verrukking en dood, wat dikwels in veral literêre teater verskuil lê. Argetipes is dikwels sigbaar in die beelde, rituele, verhale en simbole van verskillende kulture oor die wêreld heen (Elder & Cordic, 2009).

Kenmerkend van argetipiese ervaringe is die beginsel van instinktiewe psigiese ordening in die fundamentele strewe daarna om teenoorstaande elemente te verenig, om tegelykertyd individualiteit én verbondenheid, goedheid én donker onderstrominge, manlikheid én vroulikheid, te ervaar en te verreken. In Peter Verhelst se drama *Hotel Malaria*, waarvan Marthinus Basson die vertaling, regie en ontwerp behartig het (Woordfees, Universiteit Stellenbosch, 2017),[9] geskied die sigbaarmaking van argetipiese ervaringe deur middel van hoorbare taal en sigbare handelinge. *Hotel Malaria* lê onderwerpe soos die geweld van verlies, verdriet en die onsamehangendheid van die lewe bloot. Van die sake wat nooit uitgespel word nie, maar tog gesuggereer word, sluit in palliatiewe sorg, eutanasie, worsteling met die dood en die verganklikheid van die vleeslike. Dit is geensins in ’n tradisionele estetiese struktuur van mooiheid ingebed nie. Psigiese eise word deurentyd aan die gehoor gestel wanneer hulle, soos die karakter Vrou in *Hotel Malaria*, hulle in koorsagtige afwagting (vergelykbaar met die portaal van ’n hotel) voorberei op die rouheid van konfrontasie. Op reële vlak (handelingsvlak) kan dit vergelyk word met die aanmekaarsit, dus gereedmaking, van die vleismasjien deur die karakters Man en Vrou. Man en Vrou kan slaan op die mens se manlike en vroulike persoonlikheidsfasette, te wete die argetipiese anima (versorgingsfaset) en animus (daadkragtigheid).

In hierdie toneelstuk dui perezjiwanje onbepaald op die teaterganger se konfrontasie met aftakeling binne die raamwerk van sy eie psigiese en persoonlike mondering, en die groeiende hunkering om op primordiale wyse – deur middel van aanvaarding en erkenning – geken te word. Die evokatiewe stemming word bereik wanneer die koffer as houer van die argetipe, fisies oopgemaak word om die rou ingewande, oftewel die weerloosheid van mense en situasies,

6 In die psigoanalise (Frank, 2004) het skadufasette betrekking op voorkeure, eienskappe en gevoelens wat dikwels as onaanvaarbaar en negatief ervaar word, soos woede, jaloesie, seksualiteit en aggressie.

7 ’n Mens se eie skadufasette wat jy aan ander mense, situasies of handeling toeskryf, staan bekend as projeksies (Elder & Cordic, 2009).

8 Komplekse bestaan uit intense, ontstellende gevoelens wat op grond van sekere temas of traumatiese gebeurtenisse in die verlede met mekaar verband hou (Elder & Cordic, 2009).

9 Vir die oorspronklike dramateks, sien Verhelst se webruimte: https://www.peterverhelst.be/projecten/tekst-hotel-malaria.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a2

te ontbloot. Uiteindelik gaan Man en Vrou in mekaar op as simbool van die huwelik (psigiese balans) tussen teenoorstaande persoonlikheidsfasette, oftewel die psige se strewe na vitaliteit. Vir die deelnemende teaterganger word die grens tussen bewus en onbewus opgehef; die reële en die denkbeeldige is ononderskeibaar, lewe en dood weerspieël tegelyk weerloosheid én outonomie. Dit gaan dus om die bewussynsmatige aard van teater wat die delikate spanning tussen argetipiese teenpole uitbeeld, asook die wyse waarop die menslike natuur daarop reageer.

Psigoterapiestudente, net soos teatergangers, kan deur middel van perezjiwanje met hul eie argetipiese sisteme in verbinding tree. Dat dit bevorderlik is vir die ontwikkeling van ’n eksistensieel-fenomenologiese ingesteldheid – ’n noodsaaklike voorwaarde vir die empatiese opvoedkundige sielkundige – word bevestig deur die bewussynsmatige rol van kuns, spesifiek literêre teater (Smagorinsky, 2011). Soos reeds genoem (Afdeling 2 & 3), sluit sleuteleienskappe van die eksistensieel-fenomenologiese ingesteldheid die vermoë in tot sensitiewe invoelendheid, intuïtiewe denke, bewustheid van ironie, argetipiese simboliek, die paradoksale, die subtiele, en synsdenke (ontologiese besinning). Bewussynsdenke, gevoelsmatigheid en die singewende rol van taal en die vermoë tot artikulasie is belangrike sake in hierdie verband.

In die kliniese evaluerings- en psigoterapeutiese konteks dink die kleuter wat teken, waarskynlik nie aan hom- of haarself as iemand wat op daardie oomblik besig is om te teken nie. Die betekenisvolheid van die ervaring is nie slegs geleë in die rasionele uitvoering of verklaring van die taak volgens ontwikkelingsmylpale en ouderdomsgepaste gedrag nie. Daardeur word kleuter en tekening ’n objek van bemeestering – dus eng utilitaristies en bloot funksioneel. In Nietzscheaanse terme veronderstel die tekenende kind ook die *Sache selbst*, ’n kosmiese saamlopendheid van alles teenwoordig op daardie oomblik. *Gedächtnis* – die poëtiese ingesteldheid, intellektuele bemoeienis en noukeurige taalformulering – is uiteindelik nodig om *la condition humaine* voortdurend te omskryf en te omlyn (Wood, 2015:455). Juis daarom word die bevordering van ’n sensitief invoelende kurrikulum in die onderrig en opleiding van sielkundestudente aangemoedig wat, by wyse van die metaforiese, die simboliese en die verbeelde, toegang tot die menslike psige verleen.

Van belang is dus die eksistensieel-fenomenologiese, oftewel sensitief invoelende wyse waarop die beginnerterapeut oplet na die kind se handelinge in die terapielokaal of kliniese evalueringsituasie. Om ’n bewustheid te hê van die onopgehefde spanning, dit wil sê die aanwesigheid van paradokse en ambivalente ervarings eie aan die menselewe, is om sensitief invoelend te leef (Edinger, in Elder & Cordic, 2009:77). Stories, sprokies en verhale is natuurlike houers van argetipes. Ook in die teater dien die onderskeie eksistensiële elemente dikwels as simbole van en metafore vir ’n argetipiese bestaanswerklikheid (sien Tabel 2).

Die stimulering en inoefening van studente se bewustheid van argetipes kan in samehang met biblioterapieblootstelling gedoen word. Biblioterapie is ’n psigoterapeutiese benadering waarvan die hoofdoel is om sielkundige ondersteuning te gee deur die letterkunde (stories, gedigte, verhale, romans, ens.) te betrek (Suvilehto, 2019). ’n Sleutelkomponent van die biblioterapieproses is die identifisering met argetipiese karakters en gebeure wat ’n mens met jou eie konteks kan integreer (Hynes & Hynes-Berry, 1994). Studente se bewustheid van die argetipiese inhoud wat in verhale teenwoordig is, kan aan die hand van sekere vrae ontlok en aangewakker word, byvoorbeeld: Kom enige van die karakters voor ’n uitdaging te staan? Is die stryd wat gevoer moet word, binne die karakter self of tussen karakters, of is dit ’n kollektiewe (gesamentlike) stryd? Het die karakters, die interaksies en/of die omgewing enige simboliese waarde?

Wanneer studente op die inherent paradoksale attent gemaak word, leer hulle dat ingebind in die gelyktydigheid van ambivalente inhoude, oftewel argetipes, die begeerte opgesluit lê om iets van die menslike bestaan te begryp.

## 10. Slotopmerkings

Hierdie artikel toon aan hoe die eksistensieel-fenomenologiese funksie van literêre teater as poort kan dien tot die stimulering van psigoterapiestudente se vermoë tot groter bewussynsmatigheid. In hierdie opsig beskik literêre teater oor sekere bewussynseienskappe wat as deel van ’n pedagogiese onderneming binne die konteks van psigoterapieonderrig en opleiding begryp en toegepas kan word. Sommige kerneienskappe sluit in ingekeerde stilte, ’n sensitief invoelende ingesteldheid, en bewustheid van argetipes.

Hierdie bewussynseienskappe is ten nouste verwant aan die antropologiese prinsipe van singewende intensionaliteit, met ander woorde dat die mens, ontologies gesproke, daarop ingestel is om sin te maak. Die empatiese ingesteldheid as groter psigoterapeutiese aanleg hang trouens af van onder meer ontologiese besinning, deurleefde verwondering en doelbewuste betrokkenheid by die onvoltooide, die paradoksale, die vervloeide ingebindheid van alles. Dit impliseer ’n skeppende betrokkenheid deur middel van denke, intuïsie, simbole en taal – lewensmiddele wat tot elke prys beskerm moet word teen die vulgariteite van die massasielkunde, wat deur afstomping en materialisme gekenmerk word: ’n besete opstapeling van tegnokratiese inligting, clichés, kodes en metodes. Die waarde van literêre teater word sigbaar in die wyses waarop sekere konseptuele idees met mekaar saamhang ten einde die verbintenisse tussen ontroerende kuns, die bewussynsmatige, die ontwikkelende psigoterapiestudent en ’n eksistensieel-fenomenologies georiënteerde kurrikulum te verhelder.

## ERKENNINGS

Die skrywers erken graag hiermee die waardevolle, ondersteunende rol wat Desmond Painter en Maureen Robinson vervul het in die ontwikkeling van die manuskrip van hierdie artikel.

## BIBLIOGRAFIE

Burger, W. 2018. *Die wêreld van die storie*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Clark, AJ. 2010. Empathy: An integral model in the counseling process. *Journal of Counseling and Development*, 88(3):348-356.

Corey, G. 2016. *Theory and practice of counseling and psychotherapy* (10th ed.). Boston: Cengage Learning.

Cussons, S. 1980. *Die Somerjood*. Kaapstad: Tafelberg.

Cussons, S. 1990. *Die knetterende woord*. Kaapstad: Tafelberg.

Dalton, JE. 2016. Artfully aware: Contemplative practice in the classroom. *The International Journal of the Arts in Society*, Annual Review 11(1):33-40.

De Beer, CS. 2018. Profesie, mite en delirium: Die dringende vraag na ware kennis in die eeu van informasionalisme en kennisaftakeling. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 58(2):411-431.

Dewey, J. 1958. *Art as experience*. New York: Capricorn Books.

Egan, G. 2012. *The skilled helper: A problem-management and opportunity-development approach to helping* (10th ed.). Belmont, CA: Brooks & Cole.

Elder, GR & Cordic, DD. 2009. *An American Jungian: In honor of Edward F. Edinger*. Toronto: Inner City Books.

Feller, CP & Cottone, RR. 2003. The importance of empathy in the therapeutic alliance. *Journal of Humanistic Counseling, Education and Development,* 42(1):53-61.

Frank, E. 2004. *Die droomboek*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Gadamer, H-G. 2004. *Truth and Method*. (Vertaal deur J Weinsheimer & DG Marshall). London: Continuum Publishing Group. (Oorspronklike werk in 1975 gepubliseer.)

Gardner, L. 2016. Metamodernism: A new philosophical approach to counselling. *Journal of Humanistic Counselling*, 55(2):86-97.

Giorgi, A. 2012. The descriptive phenomenological psychological method. *Journal of Phenomenological Psychology*, 43(1):3-12.

Greenberg, G. 2013. *The book of woe: The DSM and the unmaking of psychiatry*. New York: Blue Rider Press.

Hall, JA & Sharp, D. 2008. *Marie-Louise von Franz: The classic Jungian and the classic Jungian tradition*. Toronto: Inner City Books.

Husserl, E. 1980. *The phenomenology of internal time-consciousness*. Bloomington: University Press. (Oorspronklike werk in 1911 gepubliseer.)

Hynes, A & Hynes-Berry, M. 1994. *Biblio/poetry therapy: The interactive process: A handbook*. St Cloud: The North Star Press of St Cloud.

Jeffers, CS. 2009. On empathy: The mirror neuron system and art education. *International Journal of Education and the Arts*, 10(15):2-17.

Jung, CG. 1953-1978. *Collected works of CG Jung.* Volumes 1-18. London: Routledge.

Jung, CG. 1960. The transcendent function. *The structure and dynamics of the psyche* [*Collected works of CG Jung*]. (Vertaal deur RFC Hull). Vol. 8. New York: Pantheon Books, pp. 67-91.

Jung, CG. 2002. *The undiscovered self.* Oxfordshire: Routledge.

Längle, A & Klaassen, D. 2021. Phenomenology and Depth in Existential Psychotherapy. *Journal of Humanistic Psychology*, 61(5):745-756.

Loewenstein, G & Small, DA. 2007. The Scarecrow and the Tin Man: The vicissitudes of human sympathy and caring. *Review of General Psychology*, 11(2):112-126.

MacLeod, RD. 2001. On reflection: Doctors learning to care for people who are dying. *Social Science and Medicine*, 52(11):1719-1727.

Nel, BF. 1968. *Fundamentele oriëntering in die psigologiese pedagogiek*. Stellenbosch: Universiteits-uitgewers en -boekhandelaars.

Patel, V. 2014. Why mental health matters to global health. *Transcultural Psychiatry*, 51(6):777-789.

Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika. 2019. Beroepsraad vir Sielkunde: Minimum opleidingstandaarde vir opvoedkundige sielkunde. Pretoria: RGBSA. http://www.hpcsa.co.za.

Rogers, CR. 1975. Empathic: An unappreciated way of being. *The Counseling Psychologist,* 5(2): 2-10.

Rossouw, J. 2022. Die industrialisering van mimese: In gesprek met die denke van René Girard en Bernard Stiegler oor outomatisering. *LitNet Akademies (Geesteswetenskappe)*, 19(1).

Schneider, KJ. 2008. *Existential-integrative psychotherapy: Guideposts to the core of practice*. Abingdon: Routledge.

Schoeman, M. 2012. Geesteswetenskap in ’n geeslose omgewing? ’n Besinning oor die hedendaagse universiteit en die verwaarlosing van sy opvoedingstaak. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 52(1):121-129.

Skovholt, TM & Rønnestad, MH. 2003. Struggles of the novice counselor and therapist. *Journal of Career Development*, 30(1):45-58.

Smagorinsky, P. 2011. Vygotsky’s stage theory: The psychology of art and the actor under the direction of perezhivanie. *Mind, Culture, and Activity*, 18(4):319-341.

Sonnekus, MCH. 1968. *Die leefwêreld van die kind as beleweniswêreld.* Stellenbosch: Universiteitsuit-gewers en -boekhandelaars.

Spinelli, E. 2007. The therapeutic relationship: A view from existential psychotherapy. *Therapy Today*, 11-14.

Spinelli, E. 2015. *Practicing existential therapy: The relational world* (2nd ed.). London: SAGE.

Srivastava, K & Das, RC. 2016. Empathy: Process of adaptation and change, is it trainable? *Industrial Psychiatry Journal*, 25(1):1-3.

Stone, K. 2003. *Image and spirit: Finding meaning in visual art*. Minneapolis: Augsburg Books.
Suvilehto, P. 2019. A study of animal characters as representations of humans: The animality/bibliotherapy test. *Journal of Poetry Therapy*, 32(2):95-108.
Yonge, G. 2021. 'n Onwaarskynlike onderneming: 'n Ondersoek na die kritiek rakende fundamentele pedagogiek. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 61(4-2):1327-1345.
Van der Merwe, WL & Duvenage, P. 2008. *Tweede refleksie: 'n Keur uit die denke van Johan Degenaar.* Stellenbosch: SUN PReSS.
Van Deurzen, E. 1998. *Paradox and passion in psychotherapy: An existential approach to therapy and counselling*. New York: John Wiley & Sons.
Van Deurzen, E. 2002. *Existential counselling and psychotherapy in practice* (2nd ed.). London: SAGE.
Van Deurzen, E & Adams, M. 2011. *Skills in existential counselling and psychotherapy*. London: SAGE.
Van Niekerk, D. 2019. *Legkaart van 'n jong lewe: Essays oor wat was en geword het.* Pretoria: Protea Boekhuis.
Ventimiglia, G. 2008. Martin Buber, God, and psychoanalysis. *Psychoanalytic Inquiry*, 28(5):612-621.
Verhelst, P. (regisseur/dramaturg). 2017. *Hotel Malaria* [Teaterproduksie, vertaal deur M. Basson]. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch Woordfees.
Versfeld, M. 1982. *Tyd en dae*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
Watson, JC. 2002. Re-visioning empathy. In Cain, DJ & Seeman, J. (eds). *Humanistic psychotherapies: Handbook of research and practice*. Washington, DC: American Psychological Association, pp. 445-471.
Wood, RE. 2015. The heart in Heidegger's thought. *Continental Philosophy Review*, 48, 445-462.
Zaki, J. 2014. Empathy: A motivated account. *Psychological Bulletin*, 140(6):1608-1647.

# Kodewisselingspatrone by natuurlike, gesproke taal in ’n groep jong Afrikaanse kinders: ’n Verkennende studie

***Code-switching patterns in natural spoken language in a group of young Afrikaans-speaking children: An exploratory study***

**Petria Winter**
Departement Spraak-Taalpatologie en Oudiologie
Universiteit van Pretoria, Suid-Afrika
E-pos: petria.winter@gmail.com

**Monique Rabé**
Departement Afrikaans & Nederlands,
Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit
Potchefstroom, Suid-Afrika
E-pos: 25901834@nwu.ac.za

**Juan Bornman**
Sentrum vir Aanvullende en Alternatiewe Kommunikasie
Universiteit van Pretoria, Suid-Afrika
E-pos: juan.bornman@up.ac.za

**Febe de Wet**
Skool vir Elektriese, Elektroniese en Rekenaaringenieurswese, Noordwes-Universiteit
Potchefstroom, Suid-Afrika
E-pos: 21302758@nwu.ac.za

**Marien A. Graham**
Departement Wetenskap-, Wiskunde- en Tegnologie-onderwys
Universiteit van Pretoria, Suid-Afrika
E-pos: marien.graham@up.ac.za

**Jeannie van der Linde**
Departement Spraak-Taalpatologie en Oudiologie,
Universiteit van Pretoria, Suid-Afrika
E-pos: jeannie.vanderlinde@up.ac.za


Petria Winter


Monique Rabé


Juan Bornman


Febe de Wet


Marien Graham


Jeannie van der Linde

**Datums:**
Ontvang: 2022-07-15 Goedgekeur: 2023-01-13 Gepubliseer: Maart 2023


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a3

| | |
|---|---|
| **Petria Winter** is 'n spraak-taalterapeut en PhD-student aan die Universiteit van Pretoria. Sy voltooi haar voorgraadse studie in Spraak-Taalpatologie in 2020 en in haar meestersgraad in 2021 fokus sy spesifiek op die taalontwikkeling van tipies ontwikkelende Afrikaanse kinders. Haar navorsingsbelangstellings sluit in taalontwikkeling in kinders en optimisering van metodes vir die ontleding van spontane taalmonsters vir kliniese praktyk. | **Petria Winter** is a speech-language therapist and PhD student at the University of Pretoria. She completed her undergraduate studies in Speech-Language Pathology in 2020 and her master's degree in 2021 focused on the language development of typically developing Afrikaans-speaking children. Her research interests include child language development, and optimising language sample analysis methods for use in clinical practice. |
| **Monique Rabé** is 'n junior lektor in Afrikaanse taalkunde in die Skool vir Tale aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit (NWU) en 'n navorser in die subprogram vir beskrywende taalkunde in die navorsingsfokusarea "Understanding and Processing Language in Complex Settings" (UPSET). Sy ontvang haar honneursgraad in Afrikaans en Nederlands in 2018 en haar meestersgraad in algemene taalkunde in 2021, beide met lof, en ontvang ook in 2022 die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK) se Marius Jooste-medalje vir die beste magisterverhandeling in Afrikaans en Nederlands wat in 2021 by die NWU ingedien is. Sy dien vanaf 2022 op die Taalkommissie van die SAAWK. Haar navorsingsvelde sluit in kindertaalverwerwing, die ondersoek van verskeie taalkontakfenomene vanuit 'n sosiolinguistiese perspektief en die gebruik van konstruksiegrammatika, spesifiek diasistemiese konstruksiegrammatika, om konstruksies in veral Afrikaans en Nederlands te beskryf. | **Monique Rabé** is a junior lecturer in Afrikaans linguistics within the School of Languages at the Potchefstroom Campus of the North-West University (NWU) and a researcher within the descriptive linguistics sub-programme of the research focus area Understanding and Processing Language in Complex Settings (UPSET). She received her honours degree in Afrikaans and Dutch in 2018 and her master's degree in general linguistics in 2021, both with distinction, and is also a recipient of the Marius Jooste medal of the South African Academy for Science and Arts in 2022 for the best master's dissertation submitted at the NWU in 2021. Since 2022 she is also a member of the Language Commission of the SA Academy for Science and Arts. Her research focuses include children's language acquisition, investigating various language contact phenomena from a sociolinguistic perspective and using construction grammar, specifically Diasystematic Construction Grammar, to describe Afrikaans and Dutch constructions. |
| **Juan Bornman** is tans die President van die Internasionale Gemeenskap vir Aanvullende en Alternatiewe Kommunikasie (ISAAC) (2020–2022) en professor in die Sentrum vir AAK by die Universiteit van Pretoria. Haar navorsing fokus op een van die mees weerlose groepe binne die breë spektrum van gestremdheid, naamlik persone met min of geen verbale spraak. Haar onlangse navorsing handel oor toegang tot reg en geregtigheid vir hierdie persone. Sy is 'n lid van beide die Academy of Sciences of South Africa (ASSAf) en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en laasgenoemde het haar in 2021 met die Stals-prys vir multi- en interdissiplinêre spannavorsing bekroon. Sy is ook 'n ISAAC-genoot vir voortreflike werk en het in 2021 die Alexander von Humboldt Genootskap se Georg Forster Navorsingstoekenning vir internasionaal-uitstaande navorsers van ontwikkelende lande ontvang. | **Juan Bornman** is the President of the International Society for Augmentative and Alternative Communication (ISAAC) (2020-2022) and professor in the Centre for AAC at the University of Pretoria. Her research focuses on one of the most vulnerable groups on the disability spectrum: those individuals with little or no speech. Her recent research deals with ensuring access to justice for these individuals. She is a member of the Academy of Science of South Africa (ASSAf) and the South African Academy for Sciences and Art, which awarded her with the Stals Prize for multi- and interdisciplinary team research in 2021. She also holds a fellowship by ISAAC for exemplary work and is a recipient of the Alexander von Humboldt Foundation's Georg Forster Research Award for internationally outstanding researchers from developing and transition countries (2021). |

| | |
|---|---|
| **Febe de Wet** is tans verbonde aan die Skool vir Elektriese, Elektroniese en Rekenaaringenieurswese op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit (NWU). Voordat sy by die NWU aangesluit het, was sy 'n Navorsingsmedewerker by Stellenbosch Universiteit en hoofnavorser by die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) waar sy verskeie projekte oor die ontwikkeling van spraaktegnologie en hulpbronne vir Suid-Afrika se inheemse tale gelei het. Haar navorsingsbelangstellings sluit in statistiese patroonherkenning en outomatiese spraakherkenning. Sy stel veral belang in die ontwikkeling van spraakherkenningstelsels vir kinders en in opvoedkundige toepassings van spraaktegnologie. | **Febe de Wet** currently works within the School of Electrical, Electronic and Computer Engineering of the North-West University (NWU)'s Potchefstroom campus. Before joining NWU, she was a Research Associate at Stellenbosch University and a Principal Researcher at the South African Council for Scientific and Industrial Research (CSIR) where she led various projects on the development of speech technology and resources for South Africa's indigenous languages. Her research interests include statistical pattern recognition and automatic speech recognition. She is especially interested in developing speech recognition systems for children and educational applications of speech technology. |
| **Marien A Graham** is 'n deskundige op die gebied van assessering- en kwaliteitsversekering, nie-parametriese statistiek en statistiese kwaliteitsbeheer. Sy is 'n professor in die Departement Wetenskap-, Wiskunde- en Tegnologie-onderwys aan die Universiteit van Pretoria. Sy het al op vele terreine bydraes gelewer, insluitende onderwys, gesondheidsorg, sosiale kwessies en landbou. Sy is 'n Y1-gegradeerde navorser by die National Research Foundation (NRF), Suid-Afrika, asook die mede-outeur van *Nonparametric Statistical Process Control*, uitgegee deur John Wiley & Sons (2019). Sy dien in die redaksionele adviesraad van *Scientific Studies and Research, Series Mathematics and Informatics,* het in talle geakkrediteerde internasionale eweknie-beoordeelde joernale gepubliseer en bied gereeld haar navorsing aan by verskeie nasionale en internasionale konferensies. | **Marien A Graham** is a specialist in the areas of assessment and quality assurance, nonparametric statistics and statistical quality control. She is a professor in the Department of Science, Mathematics and Technology Education at the University of Pretoria. She has made contributions to many disciplines, including education, healthcare, social issues, and agroforestry. She is a Y1-rated researcher with the National Research Foundation (NRF), South Africa, as well as the co-author of *Nonparametric Statistical Process Control*, published by John Wiley & Sons (2019). She furthermore serves on the editorial advisory board of *Scientific Studies and Research, Series Mathematics and Informatics,* and has published in several accredited international peer-reviewed journals. She regularly presents her research at national and international conferences. |
| **Jeannie van der Linde** is hoof van die Departement Spraak-Taal Patologie en Oudiologie, Universiteit van Pretoria. In 2019 het sy 'n NRF Y2-gradering gekry en ook die "Exceptional Young Academic Achievers" toekenning ontvang. Voorts het sy navorsingstoekennings van die NRF en die Andrew W. Mellon Foundation ontvang en is met die UP Vice-Chancellor's Academic Career Award bekroon. Haar gebruik van interdissiplinêre benaderings om die vroeë identifisering van ontwikkelingsagterstande in kontekste met onvoldoende versorging te verbeter, het bygedra tot die vaslegging van vennootskappe met Vanderbilt Universiteit (US), die Universiteit van Gavle (Sweden), Kenyatta Universiteit (Kenia) en plaaslike nieregeringsorganisasies soos Future Families en The Reach Trust. Deur haar navorsing is sy besig om sagtewaretoepassings vir slimfone te ontwikkel ten einde die identifisering en voorkoming van ontwikkelingsagterstande in kwesbare kinders te verbeter. | **Jeannie van der Linde** is the Head of the Department of Speech-Language Pathology and Audiology at the University of Pretoria. In 2019, she was rated as an NRF Y2 scholar and was the recipient of the Exceptional Young Academic Achievers Award. She also received awards from the NRF and the Andrew W. Mellon Foundation, and was the recipient of the UP Vice-Chancellor's Academic Career Award. Her use of an interdisciplinary approach to improve the early detection of developmental delays in underserved contexts has helped her forge partnerships with Vanderbilt University (US), the University of Gavle (Sweden), Kenyatta University (Kenya) and local NGOs such as Future Families and The Reach Trust. Through this research, she is helping to develop custom software applications (for smartphones) to help detect and prevent developmental delays in vulnerable children. |

## ABSTRACT

***Code-switching patterns in natural spoken language in a group of young Afrikaans-speaking children: An exploratory study***

*Code-switching is a complex skill that refers to the use of two or more languages by a speaker during one utterance or conversation (Gort, 2012:46; Van Dulm, 2007:1; Myers-Scotton, 2009:239). In South Africa, with its 11 official languages, children are exposed to more than one language, and subsequently, code-switching is ubiquitous (Van Dulm, 2007). Code-switching was recently identified in the spontaneous language samples of young Afrikaans-speaking children (Liebenberg, 2021:74). Similar findings were described in Nel (2012:193), who recommended that future research should investigate code-switching occurrences in spontaneous speech. The current study, therefore, aimed to fill this gap by describing the nature and extent of code-switching in the spontaneous speech of neurotypical Afrikaans-speaking children. The common phenomenon of code-switching is further relevant to speech-language therapists. Recent literature states that this phenomenon is often observed during children's speech and language assessments and it is noted in the speech and language samples of both children with and without language disorders, similar to the code-switching seen in spontaneous speech (Kapantzoglou, 2021:1605). This study confirmed that code-switching was previously described as a function of language and that a relationship exists between code-switching and language functioning. Since speech-language therapists assess language and language functioning, the influences of code-switching are important to understand and consider as it may influence decision making in therapeutic contexts.*

*The current paper focuses on children who are raised in Afrikaans and whose language of learning and teaching is also Afrikaans, but who use English code-switching in their utterances. Due to the paucity of research regarding this phenomenon, a descriptive, quantitative, cross-sectional research design was employed to analyse and describe in depth the spontaneous speech of 30 young Afrikaans-speaking children between the ages 3;6 (year; months) and 9;6. An equivalent number of boys and girls were included as participants and they had to match the following criteria (1) have Afrikaans as their first language, (2) be typically developing), (3) come from a middle-class socio-economic status (therefore, the family should fall within the tax-paying bracket), (4) live in the broader Tshwane-area (to ensure no dialect differences amongst participants), and (5) have normal hearing status.*

*Code-switching occurred in the spontaneous language of the monolingual Afrikaans-speaking children who were observed in the current study. The data also showed that these children primarily inserted English nouns in the matrix language utterances (in this case, Afrikaans) by means of intrasentential code-switching. Ninety percent of the code-switching in the dataset were examples of intrasentential code-switching. Across all the age groups, the percentage of English words that were used (in terms of the number of different words) was less than 10% overall. No significant tendencies were noted between the five different age cohorts and genders. A relationship was, however, noted between higher language scores in terms of morphology and lower numbers of code-switching. Code-switching is a common phenomenon in the spontaneous, spoken language of young Afrikaans-speaking children. Although Afrikaans was the participants' home language, as well as their language of learning and teaching, they often used English code-switching in utterances. The Afrikaans-speaking children's use of code-switching may indicate second language acquisition of English or that they have already acquired English as a second language. The current study makes an important contribution to the existing literature as these results may prompt that more specific boundaries for the definitions of monolingual and multilingual individuals should be described to classify*



doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a3

*these participants and the code-switching phenomenon. Further research regarding spontaneous second language acquisition in a multilingual context is also required. The study identified several gaps in the code-switching literature for young Afrikaans-speaking children to be addressed in future research.*

**KEYWORDS:** Afrikaans, monolingual, English, code-switching, matrix language, spoken language, mean length of utterance, intrasentential, spontaneous language, South Africa

**TREFWOORDE:** Afrikaans, eentalige, Engels, kodewisseling, matrikstaal, gesproke taal, gemiddelde lengte van uitings, intrasinkodewisseling, spontane taal, Suid-Afrika

**OPSOMMING**

Kodewisseling, ’n komplekse vaardigheid, is die gebruik van twee of meer tale deur ’n spreker in dieselfde uiting of gesprek (Gort, 2012:46; Van Dulm, 2007:1; Myers-Scotton, 2009:239). In Suid-Afrika, met sy 11 amptelike tale, word die meeste kinders aan meer as een taal blootgestel, en daarom is kodewisseling ’n alomteenwoordige verskynsel (Van Dulm, 2007). Dit is bevestig in ’n onlangse studie waar kodewisseling in jong Afrikaanssprekende kinders geïdentifiseer is (Liebenberg, 2021:74). Die huidige artikel fokus op kinders wat in Afrikaans grootgemaak word en wat van Engelse kodewisseling gebruik maak. Aangesien daar ’n leemte in die navorsing rakende hierdie verskynsel bestaan, is daar deur middel van ’n beskrywende, kwantitatiewe, deursnee-ontwerp gepoog om die omvang en aard van kodewisseling in die spontane taal van 30 jong Afrikaanssprekende kinders tussen die ouderdom van 3;6 (jaar; maande) en 9;6 in groter diepte te ontleed en beskryf. Kodewisseling het algemeen voorgekom in die spontane taal van die eentalige, Afrikaanssprekende kinders wat vir hierdie studie waargeneem is. Die data toon ook dat kinders hoofsaaklik Engelse naamwoorde in die matrikstaaluitings (in hierdie geval, Afrikaanse uitings) deur middel van intrasinkodewisseling ingevoeg het. Oor al die ouderdomsgroepe was die persentasie Engelse woorde (met betrekking tot die totale Engelse woorde) wat gebruik is, minder as 10%. Geen beduidende tendense is tussen die vyf verskillende ouderdomsgroepe en geslagte opgemerk nie. Hierdie studie dui op ’n verwantskap tussen hoër taalresultate in terme van morfologie en ’n laer voorkoms van kodewisseling, en identifiseer ook verskeie addisionele navorsingsleemtes oor die kodewisseling van jong Afrikaanssprekende kinders wat in toekomstige navorsing aangepak moet word.

## 1. Inleiding

Kodewisseling, ’n komplekse vaardigheid, is die gebruik van twee of meer tale deur ’n spreker in dieselfde uiting of gesprek (Gort, 2012:46; Van Dulm, 2007:1; Myers-Scotton, 2009:239). Kodewisseling dui nie noodwendig op taalverwarring of taalverswakking nie, maar kan suksesvol gebruik word om effektiewe kommunikasie tussen verskillende gespreksdeelnemers te bewerkstellig (Koban, 2013:1174; Lawrence, 1998:68). Volgens Myers-Scotton (1993) gee verskillende faktore aanleiding tot iemand se keuse om kodewisseling te gebruik, onder andere die teenwoordigheid van bepaalde gespreksgenote, die behoefte om solidariteit met hul te toon, asook die gepastheid van kodewisseling binne ’n spesifieke konteks.

Hoewel kodewisseling onder volwasse sprekers tot dusver die meeste ondersoek is, vind kodewisseling wêreldwyd in kinders se taalgebruik plaas en is daar reeds heelwat studies

gedoen wat kodewisseling onder kinders ondersoek (vergelyk Arias & Lakshmanan, 2005; Brice & Anderson, 1999; Marchman *et al*., 2017; Paradis *et al*., 2000; Pert & Letts, 2006; Reyes, 2004; Shin & Milroy, 2000; Smolak *et al*., 2020; Wei & Wu, 2009). Daar is byvoorbeeld bewysgerigte navorsing wat aandui dat spontane kodewisselingsgebruik in jong kinders tot die uitbreiding van taal- en geletterdheidsvaardighede lei, wat dus pragmatiese vaardighede en akademiese vordering positief beïnvloed (Gort, 2012:46; Kavak & Deretarla Gül, 2020:71).

’n Onlangse studie suggereer verder dat blootstelling aan kodewisseling tot verhoogde taalvaardigheid kan lei, indien kinders oor hoë verbale werkende geheue beskik (Kaushanskaya & Crespo, 2019:716). Boonop vind kodewisseling plaas vir verskeie kulturele en sosiale doeleindes, soos die onbewustelike aanpassing van taalgedrag om sterker met ’n bepaalde kultuur te vereenselwig, om groepsidentiteit te vestig en ook soms om op ’n bewustelike manier sosiale aanvaarding binne ’n portuurgroep te bewerkstellig (Ndimande-Hlongwa & Ndebele, 2014:254).

Drie hooftipes kodewisseling – naamlik intersinkodewisseling, intrasinkodewisseling en ekstrasinkodewisseling – word in die literatuur beskryf (Poplack, 1980:599-603). Eenvoudig gestel verwys intersinkodewisseling na die wisseling tussen verskillende kodes buite sinsvlak, byvoorbeeld: “*Hulle moet hul kritiese denkvaardighede toepas.* ***They have to apply their critical thinking abilities.***” Intrasinkodewisseling dui weer op die wisseling tussen verskillende kodes binne die sinsvlak of uitinggrense, byvoorbeeld: “*Ek wil nie eers weet wat hulle my gaan* ***charge*** *daarvoor nie.*” Ekstrasinkodewisseling verwys na die gebruik van ’n einddeelvraag in een kode (soos Engels) in ’n uiting van ’n ander kode (soos Afrikaans), byvoorbeeld: “*Alles is gereël vir Saterdag se byeenkoms,* ***right****?*”

In die matrikstaalmodel beskryf Myers-Scotton (1993) ’n raamwerk waarbinne die struktuur van kodewisselingsgevalle ontleed kan word. Hierdie model veronderstel dat daar in alle gevalle waar kodewisseling voorkom, ’n taal is wat as die dominante (matriks-)taal optree en dat die ander taal dan by verstek die onderdanige (ingebedde) taal is. Die ingebedde taal versteur dus die matrikstaal wanneer kodewisseling plaasvind. In ’n uiting soos *“Ek wil ook met die* ***dinosaurs*** *speel*”, is die matrikstaal Afrikaans, aangesien die uiting volgens Afrikaanse taalreëls gestruktureer is en die oorgrote meerderheid van die leksikale items in die uiting Afrikaans is. Engels is dus die ingebedde taal, en die woord *dinosaurs* kan ingevolge Myers-Scotton se terminologie as ’n ingebeddetaaleiland (“embedded language island”) in die Afrikaanse uiting beskou word.

Hoewel daar beperkte eenstemmigheid in die literatuur bestaan oor die presiese redes waarom kinders kodewisseling in hul spraak gebruik, stel Genesee (2001:156) drie hoofhipoteses vanuit die beskikbare literatuur voor, naamlik die vaardigheidshipotese, die nabootsingshipotese en die diskoershipotese. Die vaardigheidshipotese verwys na die feit dat kinders leksikale items vanuit een kode in ’n ander een sal gebruik as gevolg van ’n gebrek aan leksikale vaardighede of woordeskat. Hulle maak dus van kodewisseling gebruik om gapings in een taal se leksikon te vul. Die nabootsingshipotese, wat die minste aanvaarding in die literatuur geniet, veronderstel dat kodewisseling plaasvind as gevolg van die gereelde gebruik daarvan deur die ouer(s) of ander sprekers in die teenwoordigheid van die kind. Die diskoershipotese verwys na die feit dat ’n kind se diskoersstyl deur sy of haar ouers s’n beïnvloed word (Genesee, 2001:156).

Suid-Afrika is multikultureel en meertalig met 11 amptelike tale, asook verskeie sosiale en geografiese variëteite (Romski *et al*., 2018:603). Die meeste Suid-Afrikaanse kinders word dus van jongs af aan meer as een taal blootgestel, en gevolglik kan kodewisseling as ’n veel voorkomende verskynsel in die Suid-Afrikaanse konteks beskou word (Van Dulm, 2007:3).

Laasgenoemde is in ’n onlangse studie bevestig waar kodewisseling in jong Afrikaanssprekende kinders se spontane taalmonsters geïdentifiseer is (Liebenberg, 2021:74). Soortgelyke waarnemings is reeds beskryf in Nel (2012:193), wat aanbeveel het dat toekomstige navorsing oor kodewisseling in kindertaal deur middel van spontane taalontlokking ondersoek moet word. Die huidige studie beoog derhalwe om hierdie navorsingsleemte aan te vul deur die aard en omvang vir die navorsingspopulasie te beskryf.

Die algemene voorkoms van kodewisseling in kindertaal is verder belangrik vir spraak-taalterapeute. Onlangse literatuur meld dat kodewisseling dikwels gedurende spraak-taalassesserings in kinders met en sonder taalafwykings voorkom, soortgelyk aan kodewisseling in spontane spraak (Kapantzoglou, 2021:1605). Dié studie bevestig dat kodewisseling voorheen as ’n funksie van taalvaardigheid beskryf is en dat daar dus ’n verhouding tussen kodewisseling en taalvaardigheid bestaan (Kapantzoglou, 2021:1605). Aangesien spraakterapeute taalvaardigheid assesseer, is dit vir hulle belangrik om die invloede van kodewisseling in ag te neem.

Volgens Gort (2012:47), asook Kaushanskaya en Crespo (2019:708), fokus die navorsing oor kodewisseling in kindertaal merendeels op tweetalige of meertalige blootstelling op ’n vroeë ouderdom (vergelyk onder meer Marchman *et al*., 2017; Nibun & Wigglesworth, 2014; Pablos *et al*., 2019, Rabé, 2021 en Shin & Milroy, 2000). Die fokus van ons artikel is egter nie op kinders wat twee tale gelyktydig verwerf nie, maar op kinders wat in Afrikaans grootgemaak word en dan van Engelse kodewisseling in hul uitings gebruik maak. Aangesien die bestudering van dié verskynsel as ’n navorsingsleemte beskou kan word, het die navorsers gekonsentreer op ’n meer diepgaande ontleding en beskrywing van die omvang en aard van kodewisseling in spontane taal van jong Afrikaanssprekende kinders tussen die ouderdom 3;6[1] en 9;6.

## 2. Metode van ondersoek

Hierdie afdeling verskaf inligting oor die etiese oorwegings wat voor en tydens die studie in ag geneem is, die samestelling van die ondersoekgroep, asook die navorsingsontwerp. Dit bespreek verder die metodes wat vir data-insameling en -ontleding gebruik is om die navorsingsvraag te beantwoord, naamlik: Wat is die aard en omvang van die kodewisseling onder jong Afrikaanssprekende kinders tussen die ouderdom 3;6 en 9;6?

### *2.1 Etiese oorwegings*

Etiese goedkeuring is verkry van die etiekkomitee van die betrokke universiteit [HUM001/1220] alvorens die data-insameling ’n aanvang geneem het. Deelname aan hierdie studie was heeltemal vrywillig, en geen druk is op kinders of hul ouers/voogde uitgeoefen om sodoende samewerking te verkry nie. Die deelnemers se ouers het die vrywaringsvorms onderteken, waarna ouderdomstoepaslike instemming deur middel van ’n prentgebaseerde “brief” ook van die kinders verkry is. Vertroulikheid is gehandhaaf deurdat alfanumeriese kodes aan elke deelnemer toegeken is. Slegs die navorsers het toegang tot die name gehad, en alle data is in ’n beveiligde navorsingsdatabank van die betrokke universiteit gestoor. Alle persoonlik identifiseerbare inligting (byvoorbeeld verwysings na plekname, eiename, ensovoorts) is uit die transkripsies verwyder en telkens met “XX” vervang.

1 Ouderdom uitgedruk as [jaar; maande].


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a3

### 2.2 Ondersoekgroep

#### 2.2.1 Taalagtergrond van deelnemers

Met behulp van sneeubal- of verwysingsteekproefneming (Chambers *et al*., 2020) is 'n gestratifiseerde steekproef, wat beide die deelnemers se ouderdom en geslag in ag neem, uitgevoer. 'n Gelyke getal seuns en dogters tussen die ouderdom 3;6 en 9;6 is eweredig ingesluit, indien hulle (1) Afrikaans as hul eerste taal gebruik, (2) neurotipiese ontwikkelingsmylpale behaal het, (3) 'n gemiddelde sosio-ekonomiese status handhaaf (met ander woorde, binne dieselfde belastingkategorie val), (4) in die groter Tshwane-area woonagtig is (en dus almal die Pretoria-Afrikaans-dialek gebruik), asook (5) oor normale gehoor beskik het. Aangesien ontwikkelingskwessies, lae sosio-ekonomiese status (SES) en gehoorgestremdheid dikwels in die literatuur met taalagterstande geassosieer word (Bowles, 2018; Bruce Tomblin *et al*., 2014), is kriteria vir hierdie veranderlikes gespesifiseer. Die ondersoekgroep vir ons studie word volledig in terme van geslag en ouderdom in Tabel 1 beskryf, en die standaardafwyking (SA) word ook vir elke groep gegee.

**TABEL 1:** Beskrywing van die ondersoekgroep met betrekking tot geslag en ouderdomsgroep

| | **Groep 1: 3;6–3;11** | | **Groep 2: 4;0–4;11** | | **Groep 3: 5;0–5;11** | | **Groep 4: 6;0–6;11** | | **Groep 5: 7;0–9;6** | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ***n*** | 6 | | 6 | | 6 | | 6 | | 6 | |
| **Geslag** | ♂ | ♀ | ♂ | ♀ | ♂ | ♀ | ♂ | ♀ | ♂ | ♀ |
| ***n*** | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 |
| **Ouderdom-*gemiddeld* (SA)** | 3,717 (0,133) | | 4,220 (0,130) | | 5,467 (0,308) | | 6,325 (0,431) | | 8,483 (0,725) | |

**♂ = Seuns; ♀ = Dogters**

Alhoewel slegs kinders met Afrikaans as eerste taal in die steekproef ingesluit is, het die biografiese vraelys getoon dat die meerderheid ook aan 'n tweede taal blootgestel is (n = 24; 80%). Hierdie verskynsel is tipies in 'n meertalige land soos Suid-Afrika, en was dus te verwagte (kyk ook Afdeling 1). Die meerderheid van die kinders het onderrig in skole met Afrikaans as die onderrigtaal ontvang (n = 29; 96,67%), en een kind was in 'n Afrikaans-Engels-dubbelmediumskool.

Die ouers het nie enige bekommernisse rakende hul kinders se ontwikkeling aangemeld nie, en geen van die skoolgaande kinders (> 7;0) het voorheen al 'n graad herhaal nie. Alhoewel twee deelnemers voorheen spraak-taalterapie ontvang het, was dié terapie op spraakklankfoute (artikulasie) gemik en nie op enige taalkomponente nie. Daar is gevolglik besluit om hierdie deelnemers wel by die ondersoekgroep in te sluit. Een deelnemer het permanent 'n bril gedra om gesigskerpte reg te stel. Daar kan met sekerheid vermeld word dat geen van die deelnemers enige gehoorgestremdhede gehad het nie, aangesien almal die gehoorsiftingstoets geslaag het (N = 30). Alle deelnemers woon binne 'n gesinsopset met minstens twee volwassenes wat oor 12 jaar se formele onderrig (matriek; 5%; n = 3) of tersiêre onderrig (95%; n = 57) beskik.

Alle gesinne se netto huishoudelike inkomste was ten tye van die studie meer as R7 000 per maand (N = 30), wat beteken dat elke gesin vir persoonlike belasting aanspreeklik was.

### *2.3 Navorsingsontwerp*

’n Beskrywende, kwantitatiewe deursnee-ontwerp is in ons studie gebruik (Leedy & Ormrod, 2020:174). Hierdie tipe navorsingsontwerp poog om ’n verskynsel op dieselfde tydstip vir verskeie ouderdomsgroepe te ondersoek en beskryf (Leedy & Ormrod, 2020:174). Die data is op ’n numeriese (kwantitatiewe) manier ontleed. Die gebruik van hierdie ontwerp het die navorsers in staat gestel om die omvang en aard van kodewisseling deur jong, eentalige kinders in groter diepte te ontleed en beskryf.

### *2.4 Data-insameling*

Ingeligte toestemming is verkry, waarna een ouer per huisgesin die biografiese vraelys op sy of haar eie tyd ingevul het. Die kinders se uurlange taalmonsters is in ’n natuurlike, bekende omgewing ontlok – meestal in hul huise in ’n stil vertrek, met slegs die kind en die spraak-taalterapeut teenwoordig. ’n Familielid (gewoonlik ’n ouer) het in sommige gevalle ook by die sessie aangesluit. Slegs een deelnemer het gevra om na die taalkliniek by die departement spraak-taalpatologie by die Universiteit van Pretoria te gaan. Alle interaksies is ontlok deur van spontane gesprekvoering gebruik te maak, aangesien dit ’n natuurlike deel van kinders se diskoers vorm. Hierdie taalmonsters bestaan dikwels óf uit persoonlike gebeurtenisse, óf uit die gesprekke wat ontlok is deur gebruik van die voorgestelde materiaal (kyk Afdeling 2.5). Die terapeut het interaksies van ten minste een uur lank by elke deelnemer ontlok. Die totale tydsduur van elke deelnemer se besoek was ongeveer 75 minute.

### *2.5 Materiaal en toerusting*

#### *2.5.1 Vir insluiting as deel van ondersoekgroep*

’n Pasgemaakte biografiese vraelys is vir ons studie ontwikkel. Vir die jonger kinders (<7;11) is ontwikkelingsinligting met behulp van die siftingsinstrument, *Parent’s Evaluation of Developmental Status: Developmental Milestones* (PEDS:DM) (Glascoe, 2013) verkry. Die PEDS:DM is slegs geskik vir kinders vanaf geboorte tot ouderdom 7;11. Die geldigheid, betroubaarheid en akkuraatheid van hierdie siftingstoets is reeds in vroeëre navorsing bevestig (Bedford *et al*., 2013; Brothers *et al*., 2008), en is al tevore in die Suid-Afrikaanse konteks gebruik (Van der Linde, 2015; Van der Merwe *et al*., 2017). Ouer kinders (ouer as 7;11) kon in die studie ingesluit word mits hul nie ’n skooljaar herhaal het nie, en mits hul nie voorheen spraakterapie vir enige taalverwante rede ontvang het nie. Die hearScreen™-slimfoontoepassing, wat bewese hoë akkuraatheid het in vergelyking met tradisionele siftingsinstrumente (Mahomed-Asmail *et al*., 2016:3), is gebruik om moontlike gehoorverlies op te spoor en uit te skakel.

#### *2.5.2 Vir taalontlokking*

’n Gekwalifiseerde spraak-taalterapeut het ouderdomstoepaslike prente en woordlose boeke, asook geslagsneutrale speelgoed en speletjies gebruik om spontane taalmonsters te ontlok.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a3

Alhoewel daar aanvanklik gepoog is om materiaal te kies wat nie geraas maak nie – aangesien dit die spraaksein in die opnames sou verbloem – het hierdie poging idealisties geblyk. Dit was uiters uitdagend om lawaai tydens natuurlike spel uit te skakel en ook om normale agtergrondgeraas in huisomgewings en woonbuurte te vermy. Slegs materiaal wat aan die kinders bekend sou wees gegewe hul linguistiese, kulturele en sosio-ekonomiese konteks, is gekies.

Drie verskillende stelle ontlokkingsmateriaal is vir data-insameling gebruik, en elke stel het met ’n tekenaktiwiteit begin. Die jongste ouderdomsgroep (3;6 tot 4;11) is gevra om ’n prentjie van hulself te teken. Die speelgoed vir hierdie groep is gekies om simboliese spel, persoonlike gebeurtenisverhale en bekende roetines te ontlok en het byvoorbeeld ’n speelgoedkombuis en dokter- of veeartsverwante speelgoed ingesluit. Al die speelgoed, prente en woordlose boeke vir hierdie groep was konkreet van aard.

Vir die middelste ouderdomsgroep (5;0 tot 6;11) is die tekenaktiwiteit uitgebrei en is die kinders gevra om ’n prentjie te teken van almal saam met wie hulle woon. Die stel speelgoed vir hierdie ouderdomsgroep was minder gestruktureerd en meer abstrak, en het byvoorbeeld wilde diere en seediere waarmee die deelnemers stories kon uitbeeld, ingesluit. Die speelgoed is verder gebruik om persoonlike narratiewe te ontlok (byvoorbeeld oor seevakansies of wildtuinbesoeke). Sommige bekende aktiwiteite wat deel van daaglikse roetines uitmaak, is ook ingesluit, byvoorbeeld inkopie- en kitskostonele om simboliese spel en vertellings van persoonlike gebeure aan te moedig.

Die oudste ouderdomsgroep (7;0 tot 9;6) se materiaal was abstrak. Vir die tekenaktiwiteit is die kinders gevra om ’n prentjie van hulself saam met hul vriende te teken. Aktiwiteite, byvoorbeeld speletjies met dobbelstene, en abstrakte vrae soos “As jy maan toe moes gaan, wat sou jy saamneem en hoekom?”*,* is gebruik. Die aktiwiteite het merendeels op emosies, verbale redenering en probleemoplossing gefokus, en kinders is aangespoor om te vertel wat hulle dink die mense in die woordlose prentjieboeke dink.

Vir die beste moontlike kwaliteit van oudio-opnames is ’n gepaste mikrofoon (Zoom H1n Handy Recorder) gebruik. ’n Persoonlike rekenaar is gebruik vir die transkripsie en ontleding van die taalmonsters.

### *2.6 Transkripsieprosedures*

Drie transkribeerders met toepaslike kwalifikasies en opleiding (twee spraak-taalterapeute en een taalkundige) het die monsters onafhanklik getranskribeer met behulp van ’n gratis sagtewareprogram (ELAN v.6.1; 2021) wat spesifiek vir die transkripsie van oudio- of video-opnames ontwerp is. Transkripsieprosedures, soos uiteengesit in Liebenberg (2021:42), is met elke transkribeerder bespreek, en ’n dokument wat al die prosedures bevat, is met hul gedeel om konsekwentheid tussen die verskillende transkribeerders te verseker. Slegs ortografiese transkripsie is vir die huidige navorsingsdoeleindes gebruik.

Vyf ewekansig geselekteerde interaksies – een per ouderdomsgroep – is deur al drie transkribeerders getranskribeer om interbeoordelaarsbetroubaarheid te meet deur gebruik te maak van nieparametriese Spearman-korrelasies (rs). Die korrelasie tussen Beoordelaar 1 en Beoordelaar 3 was statisties beduidend ($p = 0{,}044 < 0{,}05$), met ’n baie sterk positiewe korrelasie (Akoglu, 2018:92) van 0,889. Die korrelasie tussen Beoordelaars 2 en 3 (rs = 0,148; $p = 0{,}812$) en Beoordelaars 1 en 2 (rs = 0,553; $p = 0{,}334$) was nie beduidend nie. Vir die huidige navorsing is daar besluit om die gemiddelde waardes van Beoordelaars 1 en 3 te gebruik, aangesien hierdie metode die betroubaarheid van die data verhoog.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a3

### *2.7 Dataontleding*

Die taalopnames is getranskribeer volgens die Sampling Utterances and Grammatical Analysis Revised (SUGAR)-transkripsieprosedure wat vir Afrikaans aangepas is (Liebenberg, 2021:42). Uit die volledige transkripsies is die waardes bereken vir die gemiddelde lengte van uitings in woorde (*mean length of utterance in words*; MLU-w), totale aantal woorde (TAW), en aantal verskillende woorde (AVW) wat tydens elke interaksie gebruik is. Die laasgenoemde twee waardes is ook vir Afrikaans en Engels afsonderlik bereken om sodoende die omvang van kodewisseling te kon bereken.

Krulhakies is gebruik om kodewisseling in die transkripsies aan te dui. Daarna is slegs die data wat kodewisseling bevat, na vyf ouderdomspesifieke Excel-werkboeke oorgedra, volgens die ouderdomsgroepe wat in Tabel 1 aangedui is. Beskrywende en inferensiële statistiek is gebruik om die verhoudings tussen die veranderlikes te ontleed. Aangesien sommige veranderlikes nie normaal verdeel is nie ($p$-waardes van Shapiro-Wilktoets < 0,05), is nieparametriese toetse uitgevoer.

#### *2.7.1 Data-annotering*

Die ontledings vir die huidige navorsing is op woordvlak gedoen, aangesien daar min ooreenstemming in die literatuur is oor die onderskeid tussen uitings of frases. Die data-annotering is eerstens gedoen met die oog daarop om die Engelse woord(e) wat in elke uiting gebruik is, volgens woordsoortkategorie te annoteer. Dit is gedoen deur vier addisionele kolomme tot die Excel-spreiblaaie toe te voeg, naamlik: (1) naamwoord/nomen (N); (2) werkwoord/verbum (V); (3) ander (A); en (4) opmerking(s). Die Engelse woorde is slegs as naamwoorde, werkwoorde of ander gemerk, op grond van die hipotese dat naamwoorde en werkwoorde meer as enige ander woordsoorte in kodewisseling gebruik word (vergelyk onder meer Jansen, 2007 en Yow *et al*., 2016). Woorde wat gewissel is, is slegs as een van hierdie kategorieë geannoteer, en naamwoorde of werkwoorde is nie verder volgens subtipes geannoteer nie.

#### *2.7.2 Dataskoonmaak en -verifikasie*

Tydens data-annotering is die data nagegaan en uitings wat byvoorbeeld foutiewelik as kodewisseling aangedui was, is uit die datastel verwyder. Eiename of handelsname met geen bestaande ekwivalent of vertaling nie (soos *Minecraft*, *Legoland*, *Transformers*, en so meer) is ook nie as kodewisseling beskou nie. In gevalle waar daar identiese ortografiese kognate geïdentifiseer is, het die navorsers weer na die oorspronklike opnames geluister om sodoende die uitspraak te evalueer en die teenwoordigheid van kodewisseling, sonder fonetiese transkripsies, korrek aan te dui. Voorbeelde hiervan sluit in *chips* en *tjips,* of *engine* en *enjin*. ’n Onpartydige Afrikaanse taalkundige (wat nie een van die navorsers is nie) het die data geverifieer en geannoteer en sodoende betroubaarheid verhoog. Die navorsers en taalkundige se annotasies het in 85% van die gevalle ooreengestem, wat volgens Bajpai *et al*. (2015:20) as ’n hoë vlak van ooreenstemming beskou kan word.

## 3. Resultate

Die gemiddelde lengte van deelnemers se uitings in woorde (MLU-w), is gebruik as ’n maatstaf van morfologie (kyk Tabel 2).

**TABEL 2:** Gemiddelde lengte van uitings (woorde) in die verskillende ouderdomsgroepe

| Ouderdomsgroepe | Mediaan *(IKVW*)* | Gemiddeld *(SA**)* |
|---|---|---|
| **3;6–3;11 (n = 6)** | 5,32 (2,67) | 4,99 (1,84) |
| **4;0–4;11 (n = 6)** | 4,21 (1,94) | 4,26 (1,63) |
| **5;0–5;11 (n = 6)** | 8,23 (6,30) | 8,50 (3,98) |
| **6;0–6;11 (n = 6)** | 8,66 (5,59) | 7,89 (3,06) |
| **7;0–9;6 (n = 6)** | 7,74 (1,63) | 7,79 (0,95) |

* IKVW – interkwartielvariasiewydte; **SA – standaardafwyking


Die gemiddelde lengte van uitings het gewissel van 4,26 (SA: 1,63) tot 8,50 (SA: 3,98) woorde per uiting. Al dertig kinders het in ’n mindere of meerdere mate van kodewisseling in hul uitings gebruik gemaak. Geen konsekwente tendense kon in die gebruik van kodewisseling tussen die ouderdoms- en geslagsgroepe van die deelnemers geïdentifiseer word nie.

Oor al die ouderdomsgroepe heen was die persentasie van Engelse woorde (i.t.v. aantal verskillende woorde) wat gebruik is, minder as 10%. Die jongste groep (3;6 tot 3;11) het die grootste persentasie verskillende en totale aantal Engelse woordeenhede gebruik (8,63%; 2,72%), terwyl die vyfjariges die kleinste persentasie verskillende en totale Engelse woorde (3,22%; 0,90%) gebruik het (kyk Tabel 3 en Figuur 1).

**TABEL 3:** Persentasie Engelse kodewisseling

| | **Aantal verskillende woorde (AVW) %** | **Totale aantal woorde (TAW) %** |
|---|---|---|
| 3;6–3;11 (n = 6) | 8,63 | 2,72 |
| 4;0–4;11 (n = 6) | 6,84 | 1,98 |
| 5;0–5;11 (n = 6) | 3,22 | 0,90 |
| 6;0–6;11 (n = 6) | 5,21 | 1,48 |
| 7;0–9;6 (n = 6) | 6,06 | 1,86 |

* AVW% dui die persentasie AVW-Eng teenoor totale AVW aan, en TAW% dui die persentasie TAW-Eng teenoor totale TAW aan.





***Figuur 1:*** *Persentasies verskillende Engelse woorde en totale aantal Engelse woorde*

Beduidende verskille tussen die verskillende ouderdomsgroepe is deur 'n tweesydige nieparametriese chi-kwadraattoets met paargewyse z-toetse bepaal (*nonparametric chi-square test with pairwise z-tests*). Die driejariges het beduidend meer kodewisseling as die vyfjariges gebruik in terme van TAW en AVW (TAW: $p < 0{,}001$; AVW: $p < 0{,}001$). Dieselfde tendens is ook tussen die driejariges en sesjariges opgemerk (TAW: $p < 0{,}001$; AVW: $p = 0{,}028$), asook tussen die vier- en vyfjariges (TAW: $p < 0{,}001$; AVW: $p = 0{,}010$). Die jonger groep het telkens beduidend meer kodewisseling as die ouer groep gebruik. Interessant genoeg is die teenoorgestelde tendens opgemerk tussen die sewejariges en die vyfjariges, waar die sewejariges beduidend meer kodewisseling gebruik het (TAW: $p < 0{,}001$; AVW: $p = 0{,}015$). 'n Soortgelyke tendens is tussen die vyf- en sesjariges opgemerk, waar die sesjariges beduidend meer kodewisseling as die vyfjariges gebruik het in terme van TAW ($p = 0{,}035$). So ook het die driejariges beduidend meer gebruik gemaak van kodewisseling in terme van TAW ($p = 0{,}029$) in vergelyking met die sewejarige deelnemers.

Daar is egter geen beduidende verskille tussen die verskillende geslagte met betrekking tot AVW en TAW in Afrikaans of Engels waargeneem nie (AVW-Afr: $p = 0{,}595$; AVW-Eng: $p = 0{,}519$; AVW: $p = 0{,}532$; TAW: $p = 0{,}285$; TAW-Eng: $p = 0{,}479$). Die geslagsverskille binne elke ouderdomsgroep kon nie statisties bereken word nie, aangesien die steekproefgrootte van elke individuele ouderdomsgroep – bestaande uit slegs drie seuns en drie dogters – te klein was. Ooglopende verskille tussen seuns en dogters is egter in vier van die vyf ouderdomsgroepe opgemerk (Figuur 2). In die oudste groep het dogters (TAW-Eng: gem. = 98,33) meer kodewisselings in totaal gebruik as die seuns (TAW-Eng: gem. = 38). Daarenteen het die seuns meer kodewisseling as die dogters gebruik – vir die sesjariges (seuns TAW: gem. = 61 vs. dogters TAW: gem. = 39,33), vir die vierjariges (seuns TAW: gem. = 45,33 vs. dogters TAW: gem. = 22,33) en vir die driejariges (seuns TAW: gem. = 83,33 vs. dogters TAW: gem. = 24). Vir die vyfjariges was die waardes redelik gelyk tussen die twee geslagte (seuns TAW: gem. = 35 vs. dogters TAW: gem. = 32). Kyk ook Figuur 2 vir 'n visuele voorstelling hiervan.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a3




***Figuur 2:*** *Geslagsverskille ten opsigte van totale aantal kodewisselings vir elke ouderdomsgroep*

In die datastel is slegs uitings met Afrikaans as matrikstaal opgemerk. Die tipes kodewisseling in die datastel was hoofsaaklik intrasinkodewisseling (meer as 90%), gevolg deur intersinkodewisseling (minder as 10%). Geen ekstrasinkodewisseling het in die datastel voorgekom nie. Kyk Tabel 4 vir voorbeelde van intrasin- en intersinkodewisseling wat in die data opgemerk is.

**TABEL 4:** Voorbeelde van kodewisseling per ouderdomsgroep en geslag

| | **Dogters** | **Seuns** |
|---|---|---|
| **3;6-3;11** | ***looks like*** *ek het my ander hand vergeet*<br>*en daars 'n* ***strawberry*** *goed en daar's* ***muffins*** | *wat doen ons met hierdie* ***kitchen*** *hier onder*<br>***unicorn*** *kan vlerke vlieg, maar* ***unicorne*** *en perde kan vlieg* |
| **4;0-4;11** | *wat van jy* ***try a little bit*** *van die* ***shallots***<br>*ons kry persentjies en eet koek en* ***cupcake****kies* | *hulle het dit afgespuit en die hondjie het ook ge****rescue***<br>*ek* ***like*** *van die druiwe* |
| **5;0-5;11** | *my pappa braai dit partykeer, ja, en ons eet* ***marshmallows****, ons sit dit so op'n stokkie en dan sit ons dit in daai braai en dan word dit bietjie swart dan eet ons dit, maar dis baie* ***sticky*** *en taai*<br>*en dan sê hy* ***ready or not here I come*** *en dan gaan* | *'n* ***obstacle course*** *dan's daar sulke kussings en dan daar bo is trappe dan kan 'n mens opkom en dan daar bo is* ***popcorn*** *en* ***slushpuppies***<br>*appels is* ***fine*** *bly vir 'n rukkie so dan val die appels af* |

**TABEL 4:** Voorbeelde van kodewisseling per ouderdomsgroep en geslag *(vervolg)*

| | Dogters | Seuns |
|---|---|---|
| **6;0-6;11** | *'n see 'n* ***jellyfish*** *want dis mooi hierdie is so mooi die dolfyn het vir die een het van die haai weggestamp*<br><br>*daarso en ons het wag die trollie moet ek gou* ***swipe****, en ons het mark, oepsies ek hoop nie hy val nie daarso* | *op die storie is 'n hulle* ***lost*** *in 'n* ***forest****, toe gaan hulle, toe vlieg hulle met die pikkewyne, zoopikkewyne, se ystervliegtuig na hulle huis toe, wel hulle kon nie dit reggekry het nie, want hulle het per ongeluk toe* ***city*** *toe gevlieg en toe gaan hulle te ver en toe breek hulle vliegtuig en toe ...* ***please make quick***<br><br>*oo ja dit is die* ***squirrel****, die eekhoring* |
| **7;0-9;6** | *so hy was* ***actually*** *baie moeg*<br><br>***what I'm gonna do*** *driehoek, oo* ***party hat*** | *kom ons* ***check****, ek vat daai ene kan hy vas ek dink seker nee*<br><br>*vir pappa gehelp om die pomp se kabel reg te maak wat die heeltyd die krag* ***getrip*** *het* |

Wat die wisseling van verskillende woordsoorttipes betref, is Engelse naamwoorde meer as enige ander woordsoort gewissel (byna 60%), gevolg deur werkwoorde (minder as 20%). Al die ander woordsoortkategorieë tesame is in net meer as 20% van gevalle gewissel. In Tabel 5 word die vernaamste woorde wat gewissel is, per woordsoortkategorie aangebied.

**TABEL 5:** Engelse woorde wat die meeste gewissel is

| Naamwoorde (N) | Werkwoorde (V) | Ander (A) |
|---|---|---|
| *unicorn* | *touch* | *actually* |
| *slide* | *jump* | *what* |
| *game* | *tackle* | *to* |
| *fire truck* | *fix* | *and* |
| *fire* | *rescue* | *even* |

## 4. Bespreking

Soos in die resultate genoem, is 90% van die gevalle van kodewisseling wat in die datastel voorkom, voorbeelde van intrasinkodewisseling. In sodanige geval het die deelnemers gereeld Afrikaanse taalreëls op Engelse woorde toegepas, wat duidelik toon hoe die ingebedde taal (Engels) die matrikstaal (Afrikaans) versteur of daardeur beïnvloed word (kyk ook Afdeling 1). Een voorbeeld is die gebruik van die Afrikaanse verledetydsvoorvoegsel *ge-* wat verskeie kere saam met Engelse werkwoorde gebruik is, byvoorbeeld ***ge****fix*, ***ge****jump*, ***ge****rescue*, ***ge****spray*, ***ge****trip*, en so meer. Hierdie verskynsel is ook al in 'n soortgelyke studie van Afrikaans-Engelse

kodewisseling opgemerk (vergelyk Nel & Huddlestone, 2012:35). Daar is ook gevalle in die datastel waar ander Afrikaanse affikse soos die diminutiefsuffiks *-tjie* saam met 'n Engelse naamwoord gebruik is, byvoorbeeld in *sandcastle**tjie***, of waar die meervoudsuffiks *-e* saam met 'n Engelse naamwoord gebruik is, byvoorbeeld *unicorn**e***.

Verder is daar ook in sommige gevalle Engelse naamwoordelike frases in andersins Afrikaanse uitings gebruik, byvoorbeeld *brother from another mother*, *obstacle course*, *chocolate mousse*, *lucky packets* en *bubblegum milkshake*, wat moontlik daarop dui dat die betrokke kinders dié frases as enkele naamwoordeenhede stoor en gebruik. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die vaardigheidshipotese, wat stel dat die kinders hierdie frases gebruik as gevolg van 'n tekortkoming (gaping) in hul Afrikaanse woordeskat of leksikon (Genesee, 2001:156).

Verbandhoudend hiermee is die feit dat die kodewisseling, beide intra- en intersinkodewisseling, hoofsaaklik gebruik is wanneer die kinders rolle gespeel het of 'n bepaalde karakter in die konteks van die taalontlokking- of speelsessie uitgebeeld het, byvoorbeeld in 'n uiting soos "***Come, its coming down, it came**, oepsie, ek's die polisieman ...*" of "*... **and come in everybody** ... **because the shop is open** ...*". Dit kan moontlik 'n teken wees van die kinders se blootstelling aan Engelse media, soos TV en videospeletjies. Dit is ook dalk direk uit Engels oorgeneem en in Afrikaans gebruik, omdat dit die taal is waarin die woorde of frases aangeleer is en waarmee die kinders hoofsaaklik rolspelsituasies assosieer (vergelyk ook die bevindings in Kleemann, 2012:67).

In vorige navorsing is verskeie faktore wat kinders se kodewisseling verklaar, geïdentifiseer. Hierdie faktore sluit in taalverwerwing, taalontwikkeling, taalblootstelling, bevoegdheid en kodewisseling in taalinsette (Smolak *et al*., 2020:500). Die huidige studie het 'n verband tussen taalontwikkeling en kodewisseling opgemerk.

Die driejariges het hoër gemiddelde MLU-w-resultate gehad, asook 'n hoër persentasie totale aantal kodewisselings. Die vierjariges se gemiddelde MLU-w-resultate was laer as die driejariges s'n, maar die hoeveelheid kodewisseling wat hul gebruik het, was ook laer. Alhoewel die verband tussen taalontwikkeling en kodewisseling nie duidelik in die jongste groepe opgemerk is nie, was die verskille tussen die groepe se MLU-w-tellings ($p$ = 0,310), asook tussen die totale persentasie kodewisselings ($p$ = 0,142), nie statisties beduidend nie. In teenstelling met die jongste twee groepe dui die resultate daarop dat die vyfjariges die kleinste persentasie kodewisselings gebruik het, asook die hoogste gemiddelde MLU-w. Die sesjariges het nie slegs die tweede kleinste persentasie TAW-Eng gebruik nie, maar ook die tweede hoogste gemiddelde MLU-w gehad. Beide die vyf- en sesjariges het minder kodewisseling as die sewe- tot negejariges gebruik, terwyl die MLU-w van die oudste groep laer as dié van eersgenoemde groepe was. Vir die jonger groepe word MLU as 'n betroubare maatstaf vir taalontwikkeling beskou (Heilmann *et al*., 2010:401; Pavelko & Owens, 2017:203). Daarom kan uit die huidige resultate afgelei word dat beter taalontwikkeling en 'n kleiner voorkoms van kodewisseling met mekaar verbandhou.

Die tendens dat ouer kinders beduidend meer kodewisseling as hul jonger eweknieë gebruik, kan in die eerste plek moontlik toegeskryf word aan die feit dat kinders se woordeskat (in hierdie geval ook hul Engelse woordeskat) uitbrei namate hulle ouer word (Segbers & Schroeder, 2017:297). Dit is moontlik as gevolg van hul verhoogde blootstelling aan Engels deur middel van media en televisie, maar ook die feit dat sommige van die kinders in die hoogste twee ouderdomsgroepe (6;0 tot 6;11 en 7;0 tot 9;6) alreeds skoolgaan en daar dus meer blootstelling aan Engels as hul jonger eweknieë kry.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a3

Na aanleiding van die resultate is dit duidelik dat jong, "eentalige" Afrikaanse kinders met blootstelling aan Engels gereeld kodewisseling in spontane taal gebruik. In die huidige navorsing word tweetalige kinders gedefinieer as kinders wat twee tale gebruik – byvoorbeeld by die huis word een taal gepraat, terwyl 'n ander taal by die skool gebruik word, of twee verskillende tale word terselfdertyd gebruik (Timmer *et al*., 2021:1). Dit is dus nie duidelik of die kinders in ons studie as eentalig of meertalig gesien moet word nie, aangesien Afrikaans beide hul huistaal en onderrigtaal is, hoewel hulle ook aan 'n ander taal (tale) blootgestel word as gevolg van die meertalige konteks waarbinne hul leef. Dis belangrik dat eentaligheid en meertaligheid duidelik gedefinieer word, spesifiek in diverse linguistiese kontekste, en die resultate van ons studie suggereer dat die grense van sulke definisies waarskynlik heroorweeg moet word. Verder dui die huidige navorsing daarop dat kodewisseling vir al die groepe minder as 3% van die TAW is. Hierdie resultate kan 'n belangrike bydrae lewer tot die stel van duideliker grense vir definisies van eentaligheid teenoor meertaligheid.

## 5. Toekomstige navorsingsmoontlikhede

Na afloop van ons studie word die volgende moontlikhede vir toekomstige navorsing aan die hand gedoen:

- Vir die huidige navorsing is alle ontledings op woordvlak gedoen, aangesien daar min konsensus in die literatuur oor die skeiding van uitings of frases bestaan. Die verdelingsriglyne wat gebruik is om uitings te skei, is beperk en subjektief. Alhoewel die SUGAR-protokol die uitingsgrense aanspreek, is variasie in die ontleding van die TAW tussen ontleders gevind. Daar is ook reeds bewys dat die lengte van die spraakmonster die AVW-koers beïnvloed. Die gebruik van *motion average type token ratio* (MATTR) kan in die toekoms moontlik 'n meer betroubare meting vir semantiese vaardighede wees. Toekomstige navorsing behoort dus gedoen te word om riglyne vir die skeiding van uitings voor te stel.
- Verdere navorsing moet die gebruik van kodewisseling in 'n groter steekproef beskryf, asook in 'n ouer (skoolgaande) populasie.
- Die ontleding van kodewisseling in taalmonsterontledings moet ook beskryf word, ten einde aanbevelings aan spraak-taalterapeute te maak vir assesserings- en intervensiedoeleindes.
- Vir toekomstige navorsing sal fonetiese transkripsies nuttig wees om uitspraakverskille van identiese kognate beter te onderskei.
- Die invloed van die ontlokkingsmateriaal op kodewisseling moet verder ondersoek word om te bepaal of sekere ontlokkingsmateriaal meer kodewisseling as ander ontlok.

## 6. Gevolgtrekking

Kodewisseling is 'n algemene tendens wat in die spontane taal van jong Afrikaanssprekende kinders voorkom. Alhoewel hierdie kinders Afrikaans by die huis praat en ook in Afrikaans onderrig word, maak hulle gereeld van Engelse kodewisseling in hul uitings gebruik. Kinders het in die meerderheid gevalle Engelse woorde in Afrikaansmatrikstaaluitings deur middel van intrasinkodewisseling ingevoeg. Die Afrikaanse kinders se gebruik van kodewisseling kan moontlik daarop dui dat hulle besig is om Engels aan te leer of reeds Engels as 'n tweede taal aangeleer het. Soos vroeër genoem, is dit belangrik dat daar dus duideliker grense en

definisies vir eentaligheid en meertaligheid geformuleer moet word. Verdere navorsing wat spontane taalverwerwing van eentalige kinders in meertalige kontekste beskryf, is egter nodig. Kodewisselingsgebruik deur Afrikaanssprekende kinders moet deeglik in toekomstige navorsing ondersoek word.

## ERKENNING

Hierdie publikasie is ondersteun deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

## BIBLIOGRAFIE

Arias, R & Lakshmanan, U. 2005. Code switching in a Spanish-English bilingual child: A communication resource. In Cohen, McAlister, Rolstad & MacSwan (eds). *Conference proceedings. 4th International Symposium on Bilingualism (ISB, 2003), Arizona State University, USA*. Somerville: Cascadilla.

Bedford, H, Walton, S & Ahn, J. 2013. *Measures of child development: A review*. June, 1-104. https://discovery.ucl.ac.uk/id/eprint/1521166/1/Bedford_Measures_Child_Development.pdf

Bowles, C. 2018. Predicting expressive vocabulary change in young children growing up in Ireland. [Master's dissertation: University College Cork].

Bruce Tomblin, J, Oleson, JJ, Ambrose, SE, Walker, E, & Moeller, MP. 2014. The influence of hearing aids on the speech and language development of children with hearing loss. *JAMA Otolaryngology – Head and Neck Surgery*, 140(5):403:409. https://doi.org/10.1001/jamaoto.2014.267

Chambers, M, Bliss, K & Rambur, B. 2020. Recruiting research participants via traditional snowball vs Facebook advertisements and a website. *Western Journal of Nursing Research*, 42(10):846-851. https://doi.org/10.1177/0193945920904445

Chaturvedi, SRBH & Shweta, RC. 2015. Evaluation of inter-rater agreement and inter-rater reliability for observational data: An overview of concepts and methods. *Journal of the Indian Academy of Applied Psychology*, 41(3):20-27.

Genesee, F. 2001. Bilingual first language acquisition: Exploring the limits of the language faculty. *Annual Review of Applied Linguistics*, 21(1):153-168.

Glascoe, FP. 2013. Parents' evaluation of developmental status: Developmental milestones (PEDS:DM). Retrieved from www.pedstest.com.

Gort, M. 2012. Code-switching patterns in the writing-related talk of young emergent bilinguals. *Journal of Literacy Research*, 44(1):45-75. https://doi.org/10.1177/1086296X11431626

Gutiérrez-Clellen, VF & Kreiter, J. 2003. Understanding child bilingual acquisition using parent and teacher reports. *Applied Psycholinguistics*, 24(1):267-288. https://doi.org/10.1017/S0142716403000158

Heilmann, J, Nockerts, A, & Miller, JF. 2010. Language sampling: Does the length of the transcript matter? *Language, Speech, and Hearing Services in Schools*, 41(4):393-404. https://doi.org/10.1044/0161-1461(2009/09-0023)

Jansen, C, Schreuder, R & Neijt, A. 2007. The influence of spelling conventions on perceived plurality in compounds: A comparison of Afrikaans and Dutch. *Written Language and Literacy*, 10(2):105-114. https://doi.org/10.1075/wll.10.2.02jan

Kapantzoglou, M., Brown, J.E., Cycyk, L.M. and Fergadiotis, G., 2021. Code-switching and language proficiency in bilingual children with and without developmental language disorder. *Journal of Speech, Language, and Hearing Research*, 64(5):1605-1620.

Kaushanskaya, M & Crespo, K. 2019. Does exposure to code-switching influence language performance in bilingual children? *Child Development,* 90(1):708-718. https://doi.org/10.1111/cdev.13235

Kavak, Ş & Deretarla Gül, E. 2020. Bilingualism in early childhood: Code switching. *Psycho-Educational Research Reviews*, 9(3):70-83.

Kleemann, C. 2012. Play in two languages: Language alternation and code-switching in role-play in North Sámi and Norwegian. *Nordlyd*, 39(2):47-69.

Koban, D. 2013. Intra-sentential and inter-sentential code-switching in Turkish-English bilinguals in New York City, US. *Procedia – Social and Behavioural Sciences*, 70(1):1174-1179.

Lawrence, DC. 1998. Kodewisseling tussen Afrikaans en Engels as instrument vir effektiewe kommunikasie – ’n sosiolinguistiese ondersoek. [Magisterverhandeling: Universiteit van Johannesburg]. http://hdl.handle.net/10210/5491

Leedy, PD & Ormrod, JE. 2020. *Practical research: Planning and design*. Pearson: Education.

Liebenberg, P. 2021. Describing the spoken language skills of typically developing Afrikaans-speaking children using language sample analysis. [Master’s dissertation: University of Pretoria].

Lindsay, G & Strand, S. 2016. Children with language impairment: Prevalence, associated difficulties, and ethnic disproportionality in an English population. *Frontiers in Education*, 1(2). https://doi/org/10.3389/feduc.2016.00002

Mahomed-Asmail, F, Swanepoel, de W, Eikelboom, RH, Myburgh, HC & Hall, J. 2016. Clinical validity of hearscreen™ smartphone hearing screening for school children. *Ear and Hearing*, 37(1):1-7. https://doi.org/10.1097/AUD.0000000000000223

Marchman, VA, Martínez, LZ, Hurtado, N, Grüter, T & Fernald, A. 2017. Caregiver talk to young Spanish-English bilinguals: Comparing direct observation and parent-report measures of dual-language exposure. *Developmental Science*, 20(1):1-13. https://doi.org/10.1111/desc.12425

McClure, EF. 1977. *Aspects of code-switching in the discourse of bilingual Mexican-American children*. [Technical report – University of Illinois].

Myers-Scotton, C. 2009. *Multiple voices: An introduction to bilingualism*. UK: Blackwell.

Myers-Scotton, C. 1993. *Social motivations for code-switching: Evidence from Africa*. Oxford: Clarendon Press.

Myers-Scotton, C. 1998. Introduction. In Myers-Scotton (ed.). *Codes and consequences: Choosing linguistics varieties*. New York/Oxford: Oxford University Press.

Nel, JH. 2012. Grammatical and socio-pragmatic aspects of conversational code-switching by Afrikaans-English bilingual children. [Master’s dissertation: University of Stellenbosch].

Nel, JH & Huddlestone, K. 2012. Analysing Afrikaans-English bilingual children’s conversational code switching. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 41(1):29-53.

Nibun, Y & Wigglesworth, G. 2014. Early pragmatic differentiation in Japanese and German: A case study of a developing trilingual child in Australia. *Journal of Multilingualism*, 11(1):76-96. https://doi.org/10.1080/14790718.2013.837910

Ndimande-Hlongwa, N & Ndebele, H. 2014. Digging deep into isiZulu-English code-switching in a peri-urban context. *Language Matters*, 45(2):237-256. https://doi.org/10.1080/10228195.2014.910248

Pablos, L, Couto, MCP, Boutonnet, B, De Jong, A, Perquin, M, De Haan, A & Schiller, NO. 2019. Adjective-noun order in Papiamento-Dutch code-switching. *Linguistic Approaches to Bilingualism*, 9(4/5):710-735. https://doi.org/10.1075/lab.17036.pab

Paradis, J, Nicoladis, E & Genesee, F. 2000. Early emergence of structural constraints on code-mixing: Evidence from French-English bilingual children. *Bilingualism: Language and Cognition*, 3(1):245-261.

Pavelko, SL & Owens, RE. 2017. Sampling utterances and grammatical analysis revised (SUGAR): New normative values for language sample analysis measures. *Language, Speech, and Hearing Services in Schools*, 48(3):197-215. https://doi.org/10.1044/2017_LSHSS-17-0022

Pert, S & Letts, C. 2006. Code switching in Mpuri speaking Pakistani heritage preschool children: Bilingual language acquisition. *International Journal of Bilingualism*, 10(3):349-374. https://doi.org/10.1177/13670069060100030501

Poplack, S. 1980. Sometimes I’ll start a sentence in Spanish y termino Español: Toward a typology of CS. *Linguistics*, 18(1):581-618.

Rabé, M. 2021. Kodewisseling in Afrikaans-Nederlandse kinders se spraak. [Magisterverhandeling – Noordwes-Universiteit]. http://hdl.handle.net/10394/38498

Reyes, I. 2004. Functions of code switching in schoolchildren’s conversations. *Bilingual Research Journal*, 28(1):77-98. https://doi.org/10.1080/15235882.2004.10162613

Romski, MA, Bornman, J, Sevcik, RA, Tönsing, K, Barton-Hulsey, A, Morwane, R, Whitmore, A & White, R. 2018. Language assessment for children with a range of neurodevelopmental disorders across four languages in South Africa. *American Journal of Speech-Language Pathology*, 27(2):602-615. https://doi.org/10.1044/2017_AJSLP-17-0035

Salkind, NJ. 2010. *Encyclopedia of research design*. SAGE.
Segbers, J & Schroeder, S. 2017. How many words do children know? A corpus-based estimation of children's total vocabulary size. *Language Testing*, 34(3):297-320.
Shin, SJ & Milroy, L. 2000. Conversational code-switching among Korean-English bilingual children. *The International Journal of Bilingualism*, 4(3):351-383. https://doi.org/10.1177/13670069000040030401
Short, K, Eadie, P & Kemp, L. 2019. Paths to language development in at-risk children: A qualitative comparative analysis (QCA). *BMC Pediatrics*, 19(94):1-17. https://doi.org/10.1186/s12887-019-1449-z
Smolak, E, De Anda, S, Enriquez, B, Poulin-Dubois, D & Friend, M. 2020. Code-switching in young bilingual toddlers: A longitudinal, cross-language investigation. *Bilingualism, 23*(3):500-518. https://doi.org/10.1017/S1366728919000257
Southwood, F & Russell, AF. 2004. Comparison of conversation, freeplay, and story generation as methods of language sample elicitation. *Journal of Speech, Language, and Hearing Research*, 47(2):366-76. https://doi.org/10.1044/1092-4388(2004/030)
Timmer, K, Wodniecka, Z & Costa, A. 2021. Rapid attentional adaptations due to language (monolingual vs bilingual) context. *Neuropsychologia*, 159(107946):1-13. https://doi.org/10.1016/j.neuropsychologia.2021.107946
Van Dulm, O. 2007. The grammar of English-Afrikaans code switching: A feature checking account. [Doctoral thesis: University of Stellenbosch].
Van der Linde, J. 2015. Developmental screening and communication delays in infants: A South African primary health care perspective. [Doctoral thesis: University of Pretoria]. https://repository.up.ac.za/handle/2263/53474?show=full
Van der Merwe, MN. 2017. Early detection of developmental delays in vulnerable children by community care workers using an mHealth tool. [Master's dissertation: University of Pretoria]. https://repository.up.ac.za/handle/2263/71437
Vihman, MM. 1998. A developmental perspective on codeswitching: Conversations between a pair of bilingual siblings. *International Journal of Bilingualism*, 2(1):45-84. https://doi.org/10.1177/136700699800200103
Wei, L & Wu, CJ. 2009. Polite Chinese children revisited: Creativity and the use of codeswitching in the Chinese complementary school classroom. *International Journal of Bilingual Education and Bilingualism*, 12(2):193-211. https://doi.org/10.1080/13670050802153210
Yow, WQ, Patrycia, F & Flynn, S. 2016. Code-switching in childhood. In Nicoladis & Montanari (eds). *Bilingualism across the lifespan: Factors moderating language proficiency*. Washington, DC: Mouton de Gruyter.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a3

# Verskansing: Die voorkoms en gebruik van beperkings- en weerhoudingsmerkers in studente se argumentatiewe tekste

***Hedging: The occurrence and use of restriction and restraint markers in students' argumentative texts***

**Zanétte Meintjes**
Skool vir Tale
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: 13265369@nwu.ac.za



Zanétte Meintjes

**Zanétte Meintjes** is 'n senior lektor in die Skool vir Tale aan die Noordwes-Universiteit (NWU) waar sy Akademiese Geletterdheid onderrig. Sy het haar PhD in 2015 aan die NWU verwerf. In haar proefskrif het sy gefokus op die koherensie in die geskrewe argumente van eerstejaarstudente. Haar navorsingsbelangstellings sluit Afrikaans, akademiese skryf, korpuslinguistiek en toegepaste linguistiek in.

**Zanétte Meintjes** is a senior lecturer in the School of Languages at the North-West University (NWU) where she teaches Academic Literacy. She obtained her PhD in 2015 at the NWU. In her thesis she focused on the coherence in the written arguments of first-year students. Her research interests include Afrikaans, academic writing, corpus linguistics and applied linguistics.

**ABSTRACT**

***Hedging: The occurrence and use of restriction and restraint markers in students' argumentative texts***

*Metadiscourse is divided into two categories, namely textual and interpersonal metadiscourse. Textual metadiscourse involves the use of words and phrases to organise textual information in a coherent way, while interpersonal metadiscourse enables the author to establish a writer-reader relationship. Hedges that form part of the interpersonal metadiscourse category are specifically used to qualify author positions. First, hedging softens author points of view to a possibility, thus creating space for the reader's opinion regarding the topic of discussion. Secondly, it shows when a writer distances himself/herself from the views therein and/or even the evaluation thereof.*

**Datums:**
Ontvang: 2022-09-27 Goedgekeur: 2023-02-06 Gepubliseer: Maart 2023


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a4

*The literature is characterised by various studies regarding the use of hedging in academic texts, but there is a gap with respect to its use specifically in Afrikaans-speaking first-year students' written texts. This article sheds light on the type of hedges used by these students; the frequency in use of hedges over all three parts of the texts, namely the introduction, the body (content part) and the conclusion; whether the hedges are used correctly and appropriately; and whether there is a significant difference in the use of hedges between students who received below-average, average and above-average marks for their written arguments. The results of this investigation show that Afrikaans-speaking first-year students at the start of their university careers are not necessarily experienced in the use of hedging. Restriction and restraint markers rarely figured in the arguments. Therefore, it is recommended that Afrikaans-speaking first-year students at university should be acculturated in Academic literacy modules in the importance and use of hedging in their written arguments.*

**KEYWORDS:** metadiscourse, textual metadiscourse, interpersonal metadiscourse, Afrikaans-speaking first-year students, written arguments, hedging, restriction markers, restraint markers.

**TREFWOORDE:** metadiskoers, tekstuele metadiskoers, interpersoonlike metadiskoers, Afrikaanssprekende eerstejaarstudente, geskrewe argumente, verskansing, beperkingsmerkers, weerhoudingsmerkers.

**OPSOMMING**

Metadiskoers word in twee kategorieë verdeel, naamlik tekstuele en interpersoonlike metadiskoers. Tekstuele metadiskoers behels die gebruik van woorde en frases om teksinligting op ’n koherente wyse te organiseer, terwyl interpersoonlike metadiskoers die skrywer in staat stel om ’n skrywer-leser-verhouding te bewerkstellig. Verskansers, as deel van die interpersoonlike metadiskoerskategorie, word spesifiek gebruik om skrywerstandpunte te kwalifiseer. Eerstens versag dit skrywerstandpunte tot ’n algehele moontlikheid, en skep sodoende ruimte vir die leser se mening rakende die onderwerp van bespreking. Tweedens toon dit aan wanneer ’n skrywer hom/haar van die standpunte en/of selfs die evaluering daarvan distansieer.

Die literatuur word gekenmerk deur verskeie studies rakende die gebruik van verskansing in akademiese tekste, maar daar bestaan ’n leemte oor die gebruik daarvan in Afrikaanssprekende eerstejaarstudente se geskrewe tekste. As sodanig poog die onderhawige artikel om lig te werp op die tipe verskansers wat deur Afrikaanssprekende eerstejaarstudente gebruik word; die frekwensie in gebruik van verskansers oor al drie die dele van die tekste, naamlik die inleiding, die liggaam (inhoudelike gedeelte) en die slot; of die verskansers korrek en gepas gebruik word; en of daar ’n beduidende verskil is in die gebruik van verskansers tussen studente wat ondergemiddeld, gemiddeld en bogemiddeld presteer het in hulle geskrewe argumente. Die resultate van die ondersoek toon dat Afrikaanssprekende eerstejaarstudente met aanvang van hulle universiteitstudie nie noodwendig ervare is in die gebruik van verskansing nie. Beperkings- en weerhoudingsmerkers het selde in die argumente gefigureer. Derhalwe word aanbeveel dat Afrikaanssprekende eerstejaarstudente op universiteit in Akademiesegeletterdheidsmodules geakkultureer behoort te word ten opsigte van die belangrikheid én die gebruik van verskansing in hulle geskrewe argumente.

## 1. Inleiding en kontekstualisering

Die skryf van argumentatiewe tekste is ’n belangrike en noodsaaklike akademiesegeletterdheidsvaardigheid (Dornbrack & Dixon, 2014:3). Dit is ook die mees uitdagende genre wat deur universiteitstudente geskryf word (Preiss *et al*., 2013:195; Yang & Zeng, 2021:412). Om ’n goeie argumentatiewe teks te produseer, moet die skrywer oor die vermoë beskik om tussen feite en opinies te onderskei, en om aannames op ’n kritiese wyse te evalueer. Derhalwe wys Yang en Zeng (2021:412) daarop dat die uitdrukking van vaste oortuiging en/of onsekerheid ’n uiters komplekse taak kan wees vir die skrywers van argumentatiewe tekste.

Metadiskoers word gesien as ’n belangrike hulpmiddel waarmee skrywers die voorgenoemde uitdrukkings in geskrewe argumente kan laat realiseer. Volgens Hyland (2005:37) moet metadiskoers gesien word as:

> the cover term for the self-reflective expressions used to negotiate interactional meanings in a text, assisting the writer (or speaker) to express a viewpoint and engage with readers as members of a particular community.

Na aanleiding hiervan kan tereg beweer word dat metadiskoers ’n linguistiese kategorie is wat verband hou met teksinhoud en -betekenis (Hyland & Tse, 2004:156). Om dié rede bestaan metadiskoers uit woorde en frases wat tekstueel of interpersoonlik van aard is, en gebruik word om bepaalde verhoudinge in ’n geskrewe akademiese teks tot stand te bring (Kuswoyo & Siregar, 2019:297).

Tekstuele metadiskoers bewerkstellig teksstruktuur en hou verband met teksorganisasie en die gepaardgaande koherensie van ’n geskrewe teks (Hyland, 2005:26; Noorian & Biria, 2010:65). Daarom word hier spesifiek gebruik gemaak van linguistiese middele wat bepaalde semantiese verbande skep, tersaaklike teksdele aandui, asook die gebruik van bykomende akademiese bronne én relevante voorbeelde aantoon. Interpersoonlike metadiskoers, daarenteen, word gebruik vir die daarstel van ’n skrywer-leser-verhouding. Dit behels die gebruik van woorde en frases wat nie net die leser deur die teks begelei en teksinterpretasie fasiliteer nie, maar ook die skrywer se houding, opinie en oordeel teenoor bepaalde standpunte uitdruk, die bedoeling van sekere uitinge aandui én sy/haar houding teenoor die leser aantoon.

Interpersoonlike metadiskoers hou terselfdertyd ook verband met die skrywer se vermoë om samehorigheid én selfrefleksie met die leser te skep. Derhalwe moet die skrywer oor die vermoë beskik om sekere inligting te verskans of te versterk, om ’n bepaalde skrywerhouding uit te druk, om verbande te bewerkstellig en om na die eie ek te verwys (Hyland, 1998:443; Hyland, 2005:219; Meintjes, 2015:99; Meintjes, 2021:77; Musa, 2014:5; Noorian & Biria, 2010:66; Takimoto, 2015:95).

Hyland (1996:433) wys daarop dat verskansing, wat onder die interpersoonlike metadiskoerskategorie ressorteer, sentraal staan tot akademiese skryfwerk. Alameddine en Mirza (2016:211), Karahan (2017:37), Demir (2018:75), Alonso (2019:60) en Ustyantseva (2019:84) argumenteer onder andere ook, soos Hyland (1996:433), dat verskansing integraal deel is van akademiese tekste en selfs onontbeerlik is vir die produsering daarvan, aangesien dit direk betrekking het op die suksesvolle bereiking van kommunikatiewe doelwitte. Verskansing is ’n pragmatiese fenomeen, en die suksesvolle gebruik en interpretasie daarvan gaan gepaard met ’n skrywer en leser se pragmatiese bekwaamheid. Indien dit nie korrek gebruik word nie, en die betekenis daarvan nie korrek geïnterpreteer word nie, kan dit kommunikasie tussen die sender en ontvanger skaad (Fraser, 2010:33; Musa, 2014:6).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a4

Wanneer skrywers oor die vermoë beskik om verskansing korrek te gebruik, beteken dit dat hulle die kognitiewe proses bemeester het om te oordeel wanneer dit nodig is om hul te weerhou van die algehele verbintenis tot 'n bepaalde proposisie, en eerder sodanige inligting as 'n mening/moontlikheid voor te hou in plaas van 'n onbetwisbare feit (Hyland, 2005:178). Dusdanige skrywer beskik oor die vermoë om te onderskei tussen apodiktiese inligting, en inligting wat slegs op 'n moontlikheid dui. Definitiewe inligting moet aan die hand van ondersteunende bewyse gestaaf word, terwyl dit die doel van tentatiewe taal is om sterk standpunte te kwalifiseer tot 'n moontlikheid – met ander woorde om die illokusionêre krag daarvan te versag (Farrokhi & Emami, 2008:65; ŜulovskÁ, 2022:61).

Aangesien skrywers hulle soms op strategiese wyse distansieer van die waarheid en beslistheid van sekere standpunte, skep hulle ruimte vir alternatiewe standpunte wat die leser teenoor die proposisionele inhoud kan huldig. Hulle beskerm hulself ook daarteen om nie persoonlik aanspreeklik gehou te word vir hierdie standpunte nie. Verder toon die gebruik van verskansing aan dat 'n skrywer nie daarop aanspraak maak dat hy/sy die laaste woord oor die onderwerp van bespreking stel of voorgee om dit te stel nie. Verskansing is laastens 'n strategie waarmee skrywersbeleefdheid uitgedruk word, aangesien dit sterk apodiktiese stellings en menings versag en objektiwiteit verhoog (Akbas, 2014:39; Alonso, 2019:60; Karahan, 2017:37; Musa, 2014:5; Takimoto, 2015:95; Talati-Baghsiahi & Khoshsima, 2016:15-16; Ustyantseva, 2019:85).

Soos reeds genoem, impliseer verskansing die gebruik van tentatiewe taal wat moontlikheid, versagting, vaagheid, modaliteit en beleefdheid uitdruk (Kazemi, 2016:110; Takimoto, 2015:95; Ustyantseva, 2019:85). Musa (2014:9) wys daarop dat die woorde en frases wat hiervoor gebruik word, multi-funksioneel van aard is. Derhalwe kan dit volgens Uysal (soos aangehaal deur Demir, 2018:78) sintaktiese, leksikale en retoriese funksies vervul. Enkele voorbeelde van tentatiewe taal, soos in die literatuur opgeneem is, sluit in: "it may seem", "it might be", "doubtfully", "likely", "may", "perhaps", "possible", "probably", "seems", "suppose", "quite" en "unlikely" (Farrokhi & Emami, 2008:65; Kondowe, 2014:216; Petchkij; 2019:95).

Demir (2018:75) wys egter daarop dat daar versigtig omgegaan moet word met verskansingsmiddele. Hy beklemtoon dat die handhawing van balans in die gebruik daarvan belangrik is, aangesien die ondergebruik daarvan juis oorbeklemtoning tot gevolg kan hê, en dat die oorgebruik daarvan weer vrae by die leser kan aanwakker oor die geloofwaardigheid van bepaalde standpunte. Hieroor beweer Demir (2018:75) voorts dat: "Appropriate use of hedges in academic texts may keep criticisms away from writers, and may increase persuasive power on audiences."

Die literatuur word gekenmerk deur verskeie studies rakende die gebruik van verskansing in akademiese tekste. Hierdie studies fokus hoofsaaklik op die gebruik daarvan in voor- en nagraadse studentetekste (veral Engels L1 en L2), akademiese artikels, en die gebruik daarvan in tale soos Chinees, Frans, Thai, Russies, Spaans en Duits (Alonso, 2019; Farrokhi & Emami, 2008; Hinkel, 2005; Hu & Cao, 2011; Hyland, 2000; Kim & Lim, 2015; Livytska, 2019; Mills & Dooley, 2014; Musa; 2014; Omer, 2016; Petchkij, 2019; Siepmann, 2006; Takimoto, 2015; Tan, 2002; Ustyantseva, 2019; Wishnoff, 2000; Yang, 2018). Daar bestaan desnieteenstaande 'n leemte in die literatuur rakende die gebruik van verskansing in Afrikaanse akademiese tekste, en in die besonder in die geskrewe tekste van Afrikaanssprekende eerstejaarstudente. Die enigste studies wat in hierdie verband opgespoor kon word, is Jordaan (2014), Jordaan (2016), Meintjes (2015) en Meintjes (2016). Alhoewel verskansers in hierdie studies ter sprake kom, vorm dit nie as sodanig die hooffokus daarvan nie.

Gegewe die voormelde leemte in die literatuur, is die doel van hierdie artikel daarom om uitsluitlik verslag te doen oor die gebruik van verskansing in Afrikaanssprekende eerstejaarstudente se geskrewe argumente.[1] Op hierdie wyse poog die artikelskrywer om 'n bydrae te lewer om die bestaande leemte in die literatuur te vul, en terselfdertyd ook verdere navorsing oor die onderwerp aan te moedig. In hierdie artikel word spesifiek gefokus op:

- die tipe verskansers wat deur Afrikaanssprekende eerstejaarstudente gebruik word;
- die frekwensie in gebruik van verskansers oor al drie dele van die teks, naamlik die inleiding, die liggaam (inhoudelike gedeelte) en die slot;
- of verskansers korrek en gepas gebruik word; en
- of daar 'n beduidende verskil is in die gebruik van verskansers tussen studente wat ondergemiddeld, gemiddeld en bogemiddeld presteer het in hulle geskrewe argumente.

## 2. Metodologie

### *2.1 Raamwerk vir analise*

Vir die doel van hierdie artikel word verskansers in twee kategorieë verdeel, naamlik (1) beperkingsmerkers wat die geldingsbereik van die skrywer se standpunte inkort, en (2) weerhoudingsmerkers wat die skrywer se standpunte tot 'n algehele moontlikheid versag. Meintjes (2015:128) wys daarop dat eersgenoemde nie die feitelikheid van standpunte beïnvloed nie, aangesien dit slegs die standpunte kwalifiseer om ruimte te skep vir die leser se mening rakende die onderwerp van bespreking. Daarenteen tas laasgenoemde volgens Meintjes (2015:127) wél die feitelikheid van standpunte aan, aangesien die skrywer dit gebruik om hom/haar heeltemal te distansieer en/of om die evaluering van die waarde van die betrokke standpunte te vermy.

Twee lyste met altesaam 20 Afrikaanse woorde en frases dien as raamwerk vir die analise van die genoemde verskansers. Hierdie lyste is uit die Afrikaanse en Engelse literatuur saamgestel. Die artikelskrywer het verder altesaam 100 studentetekste indringend nagegaan, ten einde die volledigheid van die twee raamwerke te kontroleer waarteen die korpusgebaseerde ondersoek kon plaasvind. Die beperkings- en weerhoudingsmerkers wat vir die analise gebruik is, word onderskeidelik in Tabel 1 en Tabel 2 vervat.

**TABEL 1:** Beperkingsmerkers

| | |
|---|---|
| by benadering | in 'n mate |
| deels | in 'n sekere sin |
| dit is feitlik seker | min of meer |
| enigsins | op 'n manier |
| in 'n groot mate | tot 'n sekere mate |

**TABEL 2:** Weerhoudingsmerkers

| | |
|---|---|
| altemit | oënskynlik |
| dalk | seker |
| miskien | skynbaar |
| moontlik | vermoedelik |
| na alle waarskynlikheid | waarskynlik |

[1] Hierdie ondersoek vorm deel van 'n groter studie wat dit het oor koherensie in eerstejaarstudente se geskrewe argumente (vgl. Meintjes, 2015).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a4

### 2.2 Die korpus

Die korpus is saamgestel uit argumentatiewe tekste wat deur Afrikaanssprekende eerstejaarstudente geskryf is. Dit beslaan 437 580 woorde. Die deelnemende studente was ten tye van die ondersoek ingeskryf vir die module Akademiese Geletterdheid. Daar is geen vooraf onderrig gebied nie, en die studente moes staat maak op dit wat hulle op hoërskool geleer het oor die skryf van argumente. Die rede hiervoor is dat daar vasgestel wou word tot watter mate eerstejaarstudente direk ná hulle skoolopleiding in staat is om verskansing in hulle geskrewe argumente te gebruik, alvorens hulle in die Akademiesegeletterdheidsmodule verder aan die skryf van akademiese argumente blootgestel sou word.

Die betrokke studente is deeglik ingelig rakende die aard en doel van die ondersoek, en het ook skriftelike toestemming daartoe verleen. Deelname was vrywillig en anoniem en enige student kon op enige stadium sy/haar teks aan die ondersoek onttrek.

### 2.3 Data-analise

#### 2.3.1 Die korpusgebaseerde ondersoek

Die korpusgebaseerde variant van korpuslinguistiek is in hierdie ondersoek as eerste metode van ontleding betrek. Hierdie empiriese analise het geskied aan die hand van die vooraf-geïdentifiseerde woorde en frases (vgl. Tabel 1 en Tabel 2) deur gebruik te maak van *WordSmith 5* se konkordansiefunksie.

Op hierdie wyse kon die frekwensie (aantal kere) wat elke beperkings- en weerhoudingsmerker in die studentetekste voorgekom het, vasgestel word. Verder kon die gebruikspatrone en die presiese betekenis wat die voorgenoemde merkers in die korpus vervul, bestudeer word. Daar kon dus bepaal word of van die woorde en frases nie ook ’n ander funksie as slegs dié van ’n beperkings- of weerhoudingsmerker kan vervul nie.

Hierdie analise het plaasgevind oor al drie dele van elke studenteteks, naamlik die inleiding, liggaam en slot, en waarna die genoemde merkers in meer omvattende raamwerke (Tabel 3 en Tabel 4) geplaas is. Hierna is die gekwantifiseerde data ook kwalitatief geïnterpreteer en verduidelik (vgl. Meintjes, 2015).

Vervolgens word die frekwensie en verspreiding van die verskansers wat wel ’n beperkings- of weerhoudingsfunksie oor die drie dele (inleiding, liggaam en slot) van die studentetekste vervul het, in Tabel 5 en Tabel 6 aangedui.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a4

**TABEL 3:** Beperkingsmerkers soos dit in die studentetekste voorkom

| **Beperkings-merker** | **Frekwensie (aantal kere) gebruik in die inleiding, liggaam en slot.** | **Funksie wat die betrokke merker in die korpustekste vervul.** | **Enkele voorbeelde van merkers wat nie as beperkingsmerkers gereken word nie. Hierdie voorbeelde is oorgeneem uit die korpustekste.**[2] |
|---|---|---|---|
| by benadering | 1 | Slegs funksie van beperking | |
| deels | 4 | Hier word spesifiek gekyk of die skrywer deels gebruik om sy/haar standpunte te beperk. In gevalle waar die skrywer *deels* op 'n ander wyse gebruik, word dit nie by hierdie tabel ingesluit nie. | • Wanneer daar met mense gepraat word oor hoekom hulle nie van die taal Afrikaans hou nie is die antwoord <u>meer en</u> **deels** die selfde … |
| dit is feitlik seker | 0 | *Dit is feitlik seker* word nie deur die studente gebruik nie. | |
| enigsins | 15 | *Enigsins* kan 'n sekerheidsfunksie *(inderdaad*) vervul. In gevalle waar die skrywer *enigsins* gebruik om nie sy/haar standpunte te beperk nie, word dit nie by hierdie tabel ingesluit nie. | • Dikwels word daar 'n hele verhouding op "MXit" gebou, sonder dat die betrokke partye **enigsins** mekaar direk ontmoet.<br>• Onder jongmense word daar baie genoem dat hulle oor die honderd "friends" op facebook het, maar die vraag ontstaan; hoeveel van daardie sogenaamde vriende ken jy werklik, spandeer jy ooit genoeg of **enigsins** kwaliteit tyd saam hulle om hulle as mens te ken evalueer? |
| in 'n groot mate | 7 | Slegs funksie van beperking | |
| in 'n mate | 10 | Slegs funksie van beperking | |
| in 'n sekere sin | 1 | Slegs funksie van beperking | |
| min of meer | 8 | Slegs funksie van beperking | |
| op 'n manier | 6 | Hier word spesifiek gekyk of die skrywer *op 'n manier* gebruik om sy standpunte te beperk. | • Die kanse is dus baie goed dat ons op een of ander stadium **op 'n manier** beseer gaan word. |
| tot 'n sekere mate. | 2 | Hier word spesifiek gekyk of die skrywer *tot 'n sekere mate* gebruik om sy eie standpunte te beperk. | • Statestieke ingesamel deur L'Espirit Lydia dames koshuis dui aan dat een uit elke vier volwassenes tot 'n sekere mate aan depressie ly. |

2 Die voorbeelde wat hier verskaf word, is direkte aanhalings; geen aanpassings is gemaak nie. Vetdruk en/of onderstreping word wel gebruik om bepaalde verbande uit te lig.

**TABEL 4:** Weerhoudingsmerkers soos dit in die studentetekste voorkom

| **Weerhoudings-merker** | **Frekwensie (aantal kere) gebruik in die inleiding, liggaam en slot.** | **Funksie wat die betrokke merker in die korpustekste vervul.** | **Enkele voorbeelde van merkers wat nie as weerhoudingsmerkers gereken word nie. Hierdie voorbeelde is oorgeneem uit die korpustekste.[3]** |
|---|---|---|---|
| altemit | 0 | *Altemit* word nie deur die studente gebruik nie. | • Persepsies word in kulture geskep van ander kulture- Roberto (2007:16) bevestig dat mense net altyd die slegte goed hoor en sien op televisie. Die media soek altyd sensasie deur net aandagtrekkende nuus bloot te stel en mense vorm persepsies hieruit wat nie goed is nie. Roberto dink dit mag **dalk** 'n resultaat wees van die Apartheidsera. |
| dalk | 213 | Hier is spesifiek gekyk of die skrywer *dalk* gebruik om sy/haar eie standpunte te versag. Indien *dalk* in enige ander vorm gebruik word, word dit nie by hierdie tabel ingesluit nie. | |
| miskien | 35 | Slegs funksie van weerhouding | |
| moontlik | 252 | Hier is spesifiek gekyk of die skrywer *moontlik* gebruik om sy/haar eie standpunte te versag. Indien *moontlik* in enige ander vorm gebruik word, word dit nie by hierdie tabel ingesluit nie. | • Die fonds maak dit **moontlik** om langtermyn onkostes as gevolg van chroniese siektes bv kanker te kan bekostig en wel versorging te kan kry uit die groepskema sonder om persoonlike bates te verkoop. |
| na alle waarskynlikheid | 0 | *Na alle waarskynlikheid* word nie deur die studente gebruik nie. | |
| oënskynlik | 2 | Dit blyk uit die korpus dat die studente *oënskynlik* – wat die betekenis het van "soos dit lyk" – soms verwar met 'n sekerheidsbetekenis, soos *duidelik, sonder twyfel, blykbaar* en *klaarblyklik*. | • Die rede hoekom ons beleggings moet ondergaan is eintlik heel logies en **oënskynlik**.<br>• 'n Ander komplimentêre teoretiese verduideliking van xenofobiese geweld is die gebrek aan die demokratiese prosesse om hierdie konflikte en klagtes in sy stelsels en sisteme te absorbeer vir formele uiting, betrokkenheid en debat. |

[3] Sien voetnoot 2.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a4

**TABEL 4:** Weerhoudingsmerkers soos dit in die studentetekste voorkom *(vervolg)*

| **Weerhoudings-merker** | **Frekwensie (aantal kere) gebruik in die inleiding, liggaam en slot.** | **Funksie wat die betrokke merker in die korpustekste vervul.** | **Enkele voorbeelde van merkers wat nie as weerhoudingsmerkers gereken word nie. Hierdie voorbeelde is oorgeneem uit die korpustekste.[3]** |
|---|---|---|---|
| | | | Daar is dus **oënskynlik** ’n gebrek aan forums vir gemeenskappe om hulle vrese, bekommernisse en voorkeure bekend te maak |
| seker | 121 | *Seker* kan ook ’n sekerheidsfunksie vervul. Hier is dus slegs gekyk of die skrywer *seker* gebruik om sy/haar eie standpunte te versag. Indien *seker* in enige ander vorm gebruik word, word dit nie by hierdie tabel ingesluit nie. | • Dit is baie belangerik om **seker** te maak dat die maatskappye waarin jy belê op die JSE genoteer is en dat die maatskappye aan die ISO 3000 standaard voldoen. |
| skynbaar | 4 | Dit blyk uit die korpus dat die studente *skynbaar* – wat die betekenis het van “soos dit lyk” – soms verkeerdelik gebruik om sekerheid uit te druk, soos *duidelik, sonder twyfel, blykbaar* of *klaarblyklik*. | • Soos wat tegnologie in die wêreld daarbuite toeneem, word dit al hoe meer skynbaar dat die vaardighede van die mensdom, veral die jeug afneem. |
| vermoedelik | 0 | *Vermoedelik* word nie deur die studente gebruik nie. | • Goeie Afrikaanse taalgebruik word nog verder verwater omdat sommige Afrikaanse taalgebruikers **skynbaar** glo daar is geen Afrkaanse ekwiwalent vir die woorde “obviously” en “actually” nie. |
| waarskynlik | 25 | Slegs funksie van weerhouding | |


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a4

**TABEL 5:** Die frekwensie en verspreiding van beperkingsmerkers

| Beperkingsmerkers | Inleiding | | Liggaam | | Slot | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Voorkoms | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | |
| | 0 | 0 | 14 | 82 | 3 | 18 | 17 |

**TABEL 6:** Die frekwensie en verspreiding van weerhoudingsmerkers

| Weerhoudingsmerkers | Inleiding | | Liggaam | | Slot | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Voorkoms | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | |
| | 21 | 6 | 276 | 78 | 57 | 16 | 354 |

### *2.3.2 Die nagesiende studentetekste*

Al die studentetekste, altesame 731, is deur drie onafhanklike en ervare dosente nagesien. Hierdie tweede analiseproses het aan die hand van 'n analitiese nasienskema plaasgevind. Dié nasienskema het uit vier afdelings bestaan, waarvan die eerste drie afdelings gefokus het op die drie dele van die argumentatiewe teks, naamlik die inleiding, liggaam en slot, asook die organisasie van die verskillende komponente waaruit hierdie drie dele bestaan. Die vierde afdeling het op aspekte soos die taal en styl van geskrewe akademiese diskoers gefokus. Elkeen van die genoemde afdelings is volgens vyf kategorieë nagesien, naamlik *swak*, *ondergemiddeld*, *gemiddeld*, *bogemiddeld* en *uitstekend*.

Die interne betroubaarheid tussen die nasieners se punte is bepaal aan die hand van *Cronbach alpha*-waardes, en bereken deur middel van die Anova variansie-analisetoets. Die onderskeie punte wat die nasieners aan die inleiding, liggaam en slot van elke studenteteks toegeken het, asook die finale punt daarvan uit 20, is in drie groepe verdeel (bogemiddeld – 65% en hoër, gemiddeld – tussen 50% en 64% en ondergemiddeld – 49% en laer). Hierna is die punte vergelyk met die data wat uit die korpusgebaseerde ondersoek na vore gekom het. Met behulp van hierdie korrelasie-analise kon daar vasgestel word wat kenmerkend was ten opsigte van die gebruik van beperkings- en weerhoudingsmerkers in die studentetekste, asook die aantal kere wat dit gebruik is deur die studente wat 'n bogemiddelde, gemiddelde en ondergemiddelde punt vir die nagesiende tekste ontvang het (vgl. Meintjes, 2015:133-134).

Beskrywende statistiek is gebruik om die gemiddeldes, standaardafwyking, en die frekwensie van die gebruik van die beperkingsmerkers (Tabel 3) en weerhoudingsmerkers (Tabel 4) tussen die drie studentegroepe aan te dui. Hierna is die verskil in die gebruik van beperking en weerhouding aan die hand van Cohen (1988:25-27) se d-waardes van 0.2, 0.5 en 0.8 vir interpretasie gebruik (vgl. Meintjes, 2015:282). Die data wat uit hierdie statistiek na vore gekom het, word in Tabel 7 weergegee.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a4

**TABEL 7:** Effekgroottes in die gebruik van verskansers

| Effekgrootte | | | |
|---|---|---|---|
| **Kategorie** | **Bogemiddeld** (65% en hoër) | **Gemiddeld** (tussen 50% en 64%) | **Ondergemiddeld** (49% en laer) |
| Beperkingsmerkers | 0.09 | 0.11 | 0.03 |
| Weerhoudingsmerkers | 0.29 | 0.28 | 0.03 |

## 3. Interpretasie van bevindinge

### *3.1 Die korpusgebaseerde ondersoek*

#### *3.1.1 Beperkingsmerkers*

Beperkingsmerkers is 17 keer in die korpus gebruik. Alhoewel hierdie merkers reeds in die inleiding van 'n teks behoort te figureer, het dit glad nie in enige inleiding voorgekom nie. Dit is verder slegs in enkele gevalle in die liggaam (14 keer) en slotgedeeltes (3 keer) gebruik.

Die lae gebruiksfrekwensie van beperkingsmerkers kan daaraan toegeskryf word dat eerstejaarstudente dit moeilik vind of selfs nie bewus is daarvan nie dat skrywerstandpunte aanvanklik as voorwaardelik voorgehou behoort te word, en eers later aan die hand van voldoende navorsingsbewyse en ondersteuning as absoluut bevestig behoort te word. Verder kan dit gestel word dat hierdie studente ook nie daarvan bewus is dat indien die geldingsbereik van 'n feit deur 'n beperkingsmerker ingekort word, dit nie die feitelikheid daarvan beïnvloed nie (Meintjes, 2015:217).

Die onderstaande gedeelte uit Meintjes (2015) demonstreer die korrekte gebruik van 'n beperkingsmerker in die liggaam van die teks.

Voorbeeld A:

> Kenners meen dat dit belangrik is om bedag te wees op dit wat kan lei tot depressie. Depressie en stres is iets wat almal van ons kan raak. Dit word gesien as 'n gonswoord en ieder en elk kla daaroor. Maar is dit nie **deels** <u>te wyte aan ons eie swakhede nie</u>?

Dit is duidelik dat hierdie skrywer van die standpunt uitgaan dat die mens se eie swakhede as die oorsaak van depressie en stres dien. Die student wil dus nie sy/haar standpunt as kategories voorhou nie, en daarom word die beperkingsmerker *deels* hier gebruik. Hierdie student gee toe dat daar ook ander faktore bestaan wat depressie en stres veroorsaak, maar dat daar in die betrokke teks spesifiek gefokus word op menslike swakhede. Aangesien daar dus ruimte gelaat word vir moontlike teenargumente, dien Voorbeeld A ook as 'n gepaste voorbeeld van die wyse waarop 'n skrywer-leser-verhouding tot stand gebring word (Meintjes, 2015:217).

In die onderstaande teksgedeelte uit Voorbeeld B word 'n beperkingsmerker in die slot van die teks gebruik. Hoewel dit hier gebruik word om 'n standpunt in te kort, het hierdie skrywer 'n heel ander doel voor oë as die skrywer van Voorbeeld A. Ter verduideliking van die voorgenoemde, word hier saam met die slot, ook 'n uittreksel uit die liggaam van die teks verskaf.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a4

Voorbeeld B:

> Ek bedoel dit nie lelik as ek sê ons moet eerder eers in ons eie land regmaak wat fout is voordat ons Haïti help nie, maar ek voel net dit help nie ons ignoreer die krisis waarin ons eie land gedompel is nie. Op die oomblik gaan dit regtig swaar in ons land, daar is in ons land net soveel mense wat hulp nodig het. Hoekom help ons nie eerder diegene in ons land wat sukkel nie?
>
> Die groot probleem in ons land is dat niemand eintlik wil erken dat ons land ook ’n krisis in die gesig staar nie, ons maak maar asof alles reg is. Ons kyk verby dit wat fout is. Ons ignoreer die probleem en dit kan op die ou end slegte nagevolge vir ons land inhou. Suid-Afrika het soveel potensiaal, maar omdat ons eerder ander lande help wat sukkel, berokken ons ons self net skade.
>
> In ons land is daar op die oomblik baie mense wat swaar kry as gevolg van die hoë pryse van kos, klere en brandstof. Al hoe meer mense kan nie die mas opkom nie. Daar is baie huise en arm woonbuurte waar die ouers en kinders honger moet gaan slaap. Deesdae sukkel selfs diegene waar geld nog nooit ’n probleem was nie. ’n Mens hoor ook al hoe meer van mense se eiendomme of voertuie deur die bank terug gevat word.
>
> Die droogte in die Wes- en Oos-Kaap is ook ’n groot probleem. Dit gaan swaar met die boere, want daar is nie weiding of water vir hul vee nie en diegene wat met vrugte of groente boer sukkel net so. Daar is baie dorpe waar daar waterbeperkings is, want daar is eenvoudig nie water nie. Die verskillende moorde en verkragtings in ons land is ook ’n krisis en dan praat ek nog nie eens van al die vigswesies nie.
>
> <u>Dit is beslis ’n groot ramp wat Haïti getref het</u>, ek verstaan dat daar baie mense is wat hul families verloor het, dat daar nou baie wesies is en dat baie mense dakloos gelaat is, <u>maar ons land het ook ’n krisis</u>, <u>ons het</u> **min of meer** <u>dieselfde probleme</u> in ons land. En juis <u>daarom moet ons eerder eers ons eie land help</u>.

Die skrywer van die teks in Voorbeeld B het van geen eksterne bronne gebruik gemaak om sy/haar standpunte in die liggaam te ondersteun nie. Die argument berus op subjektiewe menings en oortuigings, persoonlike aanval en veralgemenings. Die skrywer het dus weinig, indien enige, navorsing oor die onderwerp gedoen, en daarom persoonlike menings as feite probeer voorhou. In teenstelling met Voorbeeld A waar die student meer objektief te werk gegaan het, en beperking gebruik het om voorsiening te maak vir teenargumente, blyk dit dat die student van Voorbeeld B beperking gebruik om die geloofwaardigheid van sy/haar eie standpunte in twyfel te trek (Meintjes, 2015:219).

#### *3.1.2 Weerhoudingsmerkers*

Daar is altesaam 354 keer van weerhoudingsmerkers in die korpus gebruik gemaak. Die verspreiding daarvan oor die teksdele het soos volg daar uitgesien; 21 weerhoudingsmerkers in die inleidende gedeeltes, 276 in die liggaam van die tekste en 57 in die slotgedeeltes.

Weerhouding is min in die inleidings gebruik (slegs 21 trefgevalle in die 731 studentetekste), veral as daar in ag geneem word dat die tesisstelling wat hier verskaf word, nog nie beredeneer en aan die hand van voldoende bewyse ondersteun is nie. Derhalwe kan dit nie reeds in hierdie gedeelte van die teks as ’n voldonge feit deurgegee word nie (Meintjes, 2015:251).

Die onderstaande voorbeelde uit Meintjes (2015) illustreer die gebruik van weerhoudingsmerkers wat nie die tesisstelling as absoluut voorhou nie.

Voorbeeld C:

> Vandag se samelewing eis baie meer van jou as mens as in die verlede. Dit kan **moontlik** toegeskryf word aan die spoedige ontwikkeling van tegnologie.

Voorbeeld D:

> Wat is die werklike definisie vir lojaliteit? Is dit om getrou te wees teenoor persone met wie jy in aanraking kom of kan dit ook net **dalk** verwys na die manier hoe Suid-afrikaners oor hulle taal voel...

Dit is duidelik dat persoonlike menings/vermoedens oor die onderwerp van bespreking in Voorbeeld C en Voorbeeld D uitgedruk word. Aangesien hierdie studente nog nie oor die onderwerp navorsing gedoen het nie, was hulle wel bewus daarvan dat skrywerstandpunte verder in die teks aan die hand van bykomende inligting beredeneer en bewys moet word (Meintjes, 2015:251).

Daar kan verder geargumenteer word dat die lae voorkoms van weerhoudingsmerkers in die inleidings daarop dui dat die meeste van hierdie studente heel moontlik nie as oningelig wou voorkom nie, of selfs nie geweet het dat hulle persoonlike menings eers as ’n moontlikheid uitgedruk behoort te word nie. Daarom het hulle reeds in die inleiding van hulle tekste persoonlike standpunte as feite voorgehou deur gebruik te maak van die metadiskoerskategorie, sekerheidsmerkers, wat op algehele beslistheid dui (Meintjes, 2015:240-242, 251).

Die meeste weerhoudingsmerkers is in die liggaam van die korpustekste gebruik. Soos by die inleiding is die weerhoudingsmerkers ook hier gebruik om persoonlike standpunte, wat nie aan die hand van enige bewyse beredeneer is nie, te versag. Voorts is weerhouding gebruik om ingeligte menings in te kort, aangesien sodanige menings ook deur die nodige bewyse as waar bevestig moet word (Meintjes, 2015:252). Die voorgenoemde word aan die hand van die onderstaande aanhalings uit Meintjes (2015) geïllustreer:

Voorbeeld E:

> Mense in langafstand verhoudings, families wat oorsee bly of selfs vriende maak konstant gebruik van moderne kommunikasie byvoorbeeld skype, email, facebook, ens. Dit mag **dalk** daartoe lei dat mense nie meer fisiese persoonlike kontak met ander mense deel nie, en dan antisosiaal word.

Voorbeeld F:

> Sonder twyfel sal daar altyd rekenaars en selfone in ons toekoms wees. Die enigste media wat **miskien** nog ’n kans staan om met elektroniese media te kompeteer is koerante. Koerante is deel van talle mense regoor die wêreld se oggend roetiene.

Voorbeeld G:

> Die Suid-Afrikaanse Regering se vinnige aanvaarding van geneties-aangepasde gewasse, hou **moontlike** gevare vir die gesondheid van die land se mense in. Hierdie waarskuwing kom van ’n vooraanstaande wetenskaplike, prof. Winston Hide. Hy is die hoof van die SA Nasionale Bio-informatika-Instituut aan die Universiteit van die Wes-Kaap. Sy bekommernisse oor geneties aangepaste (GM-) gewasse is dat hulle **moontlik** ’n uitwerking op menslike siektes kan hê.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a4

Voorbeeld H:

> Die verkoop van huise in Suid Afrika kan in die nabye toekoms verbeter om verskeie redes. Mnr. Tito Mbweni van die Reserwe Bank en sy span het gehelp met die verlaging van die rentekoers met 1% in Maart 2008. 'n Volgende rentekoers verlaging is **moontlik** in die nabye toekoms. Dit maak dus eiendom meer bekostigbaar vir kopers en beleggers

Die skrywer van die teks in Voorbeeld E is van mening dat moderne kommunikasiemiddele daartoe lei dat mense steeds minder persoonlike kontak met mekaar het en daarom kan dit verantwoordelik gehou word vir antisosiale gedrag. Die skrywer maak egter gebruik van die weerhoudingsmerker *kan* om die standpunt tot 'n moontlikheid te versag, omdat dit nog nie deur genoegsame begronding as die waarheid bewys kon word nie. In Voorbeeld F druk die skrywer sy/haar onsekerheid uit of dit werklik so is dat gedrukte media, spesifiek koerante, enigsins 'n noemenswaardige bedreiging vir elektroniese media inhou. Die merker *miskien* dui aan dat dit slegs 'n moontlikheid is, en dat die feitelikheid daarvan eers bewys moet word (Meintjes, 2015:253).

In Voorbeeld G haal die skrywer 'n kenner se mening direk aan. Die kenner gebruik self die weerhoudingsmerker *moontlik*, omdat dit nog nie wetenskaplik bewys is dat geneties gemanipuleerde voedsel die gesondheid van mense negatief beïnvloed nie. In die slotsin maak die skrywer weer van dieselfde merker gebruik om aan te dui dat die aanhaling slegs 'n ingeligte mening is, en waarvan die feitelikheid nog nie bewys is nie. In die laaste voorbeeld (Voorbeeld H) vorm die skrywer self 'n ingeligte mening op grond van die feit dat die rentekoers met 1% in Maart 2008 verlaag is. Die skrywer is dus van mening dat nóg 'n verlaging nie uitgesluit is nie. Die verlaging kan egter nie as die waarheid bevestig word nie, en daarom word dit slegs as 'n moontlikheid voorgehou (Meintjes, 2015:253).

Weerhoudingsmerkers is in die korpustekste se slotgedeeltes gebruik om ingeligte menings, wat op grond van die beredenering in die liggaam gevorm is, te versag tot 'n algehele moontlikheid. Hierna is daar dan tot 'n finale gevolgtrekking gekom. Verder is dit ook gebruik om persoonlike opinies te versag tot blote moontlikhede. Voorbeelde hiervan uit Meintjes (2015) is:

Voorbeeld I:

> Dit mag wees dat hierdie vermenging van Afrikaans en Engels slegs 'n tydelike taalverskynsel is. Oor 'n paar jaar is daar **moontlik** weer 'n ander tendens. Studente en jongmense identifiseer met hierdie taalgebruik en praat heel **waarskynlik** in ander situasies meer formele of standaard Afrikaans. Tenspyte hiervan is dit duidelik dat daar gepoog moet word om die Afrikaanse taal meer suiwer te hou, maar dit kan vir seker nie voorgeskryf word nie. Afrikaners sal steeds praat of sing soos hulle wil, al is hulle hoe lojaal teenoor hul taal.

Voorbeeld J:

> Is tegnologie nie veronderstel om ons te help nie? **Miskien** moet ons die manier hoe ons tegnologie in ons konteks gebruik probeer aanpas. Dit is sekerlik die uitdaging wat voor ons lê.

Die onderstaande dien as voorbeeld waar 'n skrywer sy/haar finale gevolgtrekking probeer versag, maar nie die weerhoudingsmerker korrek gebruik nie.

Voorbeeld K:

> Die tempo waarteen elektroniese media ontwikkel is dus **dalk** oor die algemeen verdoemend vir die voortbestaan van die gedrukte media, maar wat gaan gebeur wanneer elektrisiteit nie meer bestaan nie? Wat van al die een-in-'n-leeftyd romanse wat slegs in biblioteke beskikbaar is?

Dit kom voor dat die skrywer hier onseker was of voldoende bewyse in die argument verskaf is, en daarom nie die tesisstelling teen die einde as 'n feit wou deurgee nie. Verder kan dit ook wees dat die skrywer aan die geldigheid van die gevolgtrekking getwyfel het, en daarom van weerhouding gebruik gemaak het.

Uit die ondersoek is dit dus duidelik dat eerstejaarstudente dit moeilik vind om beperkings- en weerhoudingsmerkers as vorm van verskansing by die formulering van hulle standpunte te gebruik. Die studente wat wél van weerhoudingsmerkers gebruik gemaak het, het dit oor die algemeen korrek gebruik. Daar was egter heelwat studente wat nie oor die vaardigheid beskik het om standpunte of ingeligte menings te versag tot 'n moontlikheid/onsekerheid alvorens dit as waarheid bewys is nie. Die lae voorkoms van verskansing in hierdie tekste dui daarop dat eerstejaarstudente eerder standpunte as voldonge feite probeer deurgee en derhalwe figureer die interpersoonlike metadiskoerskategorie, sekerheidsmerkers, oor die algemeen meer in hulle tekste. Die voorgenoemde word gestaaf deur Meintjes (2021:90) wanneer daarop gewys word dat eerstejaarstudente hoofsaaklik van sekerheidsmerkers gebruik maak om persoonlike standpunte op 'n subjektiewe wyse te versterk.

### *3.2 Die nagesiende korpustekste*

Uit Tabel 7 blyk dit dat daar nie 'n statisties beduidende verskil was in die gebruik van verskansers deur studente wat 'n bogemiddelde, gemiddelde en ondergemiddelde punt vir hulle tekste ontvang het nie. Die studente het relatief min gebruik gemaak van weerhouding, terwyl beperking selde in hulle argumente aanwesig was (Meintjes, 2015:280). Aangesien beide hierdie kategorieë se d-waardes op 'n klein effekgrootte dui, beteken dit dat daar feitlik geen verskil was in die wyse waarop beperkings- en weerhoudingsmerkers in die korpustekste aangewend is nie. Verder is dit duidelik dat daar geen groot effekverskille in die gebruik van die merkers tussen die kategorieë van skrywers bestaan het nie, en derhalwe nie op 'n praktiese betekenisvolheid in die gebruik daarvan tussen die groepe dui nie (Meintjes, 2015:282).

## 4. Slot en aanbevelings

Hierdie artikel het lig gewerp op die gebruik van die interpersoonlike metadiskoerskategorie, verskansing, in die geskrewe argumente van Afrikaanssprekende eerstejaarstudente. In die ondersoek is daar spesifiek gefokus op beperkings- en weerhoudingsmerkers. Eerstens is aandag geskenk aan die tipe woorde en frases wat gebruik is, en tweedens aan die mate (frekwensie) waartoe dit in die tekste voorgekom het. Derdens is bepaal of die deelnemende studente oor die vaardigheid beskik het om die genoemde merkers volgens die juiste woordbetekenis te gebruik. Laastens is vasgestel of 'n noemenswaardige verskil aanwesig was in die gebruik van verskansing tussen studente wat 'n ondergemiddelde, gemiddelde of bogemiddelde punt vir hulle nagesiende tekste ontvang het.

Die resultate van die ondersoek dui daarop dat Afrikaanssprekende eerstejaarstudente by die aanvang van hulle universiteitstudie nie noodwendig ervare is in die gebruik van verskansing

nie. Beperkings- en weerhoudingsmerkers het selde in die tekste voorgekom. Dit dui daarop dat die deelnemende studente oor die algemeen hulle standpunte eerder as voldonge feite aan die leser probeer voorhou het, alvorens dit aan die hand van voldoende bewyse as waar bewys kon word. Bykomend het die oorkoepelende lae voorkoms van beperkingsmerkers daarop gedui dat die meeste studente nie oor die vaardigheid beskik het om hulle standpunte te kwalifiseer nie; hulle kon oor die algemeen nie ruimte skep vir die leser se mening(s) rakende die onderwerp van bespreking nie.

Weerhoudingsmerkers het ook selde in die korpus voorgekom. Studente wat wel daarvan gebruik gemaak het, het dit korrek volgens die woordbetekenis gebruik. Die meeste studente het egter nie oor die vaardigheid beskik om weerhoudingsmerkers korrek in te span nie, en was dus nie in staat daartoe om hulle standpunte of ingeligte menings tot ’n algehele moontlikheid te versag alvorens dit as waarheid bewys is nie. Verder het dit ook uit die ondersoek na vore gekom dat Afrikaanssprekende eerstejaarstudente nie noodwendig oor voldoende woordeskatkennis beskik nie, aangesien van die merkers ’n geen tot ’n lae gebruiksfrekwensie in die korpustekste getoon het.

Die gebruik van verskansing in die geskrewe argumente van Afrikaanssprekende eerstejaarstudente blyk dus problematies te wees. Derhalwe word aanbeveel dat daar op universiteit in Akademiesegeletterdheidsmodules deurlopend aandag geskenk moet word aan die bevordering van studente se pragmatiese kompetensie. Deur gebruik te maak van byvoorbeeld bewusmaking- en ontwikkelingsaktiwiteite behoort eerstejaarstudente in staat gestel te word om betekenisvolle tekste te produseer én ’n bewustheid te kweek rakende die doel en funksionele gebruik van verskansing. Verder behoort dit hulle ook op ’n eksplisiete wyse bekend te stel aan die verskillende woorde en frases wat optree as hulpmiddels in die uitdrukking van verskansing. Op hierdie wyse kan woordeskatkennis ook met vrug uitgebrei word.

## BIBLIOGRAFIE


Akbas, E. 2014. Commitment-detachment and authorial presence in postgraduate academic writing: a comparative study of Turkish native speakers, Turkish speakers of English and English native speakers. York: University of York. (Thesis – PhD).

Alameddine, MM & Mirza, HS. 2016. Teaching academic writing for advanced level Grade 10 English. *Procedia - Social and Behavorial Sciences*, 232:209-216.

Alonso, RA. 2019. A multicompetence perspective of hedging in second language academic writing. *Onomázein*, 45:58-78.

Cohen, J. 1988. *Statistical power analysis for the behavioral sciences*. 2nd ed. Hillsdale: Lawrence Erlbaum.

Demir, C. 2018. Hedging and academic writing: an analysis of lexical hedges. *Journal of Language and Linguistic Studies*, 14(4):74-92.

Dornbrack, J & Dixon, K. 2014. Towards a more explicit writing pedagogy: the complexity of teaching argumentative writing. *Reading & Writing*, 5(1):1-8. http://dx.doi:10.4102/rw.v5i1.40.

Farrokhi, F & Emami, S. 2008. Hedges and boosters in academic writing: native vs. non-native research articles in Applied Linguistics and Engineering. *The Journal of Applied Linguistics*, 1(2):62-98.

Fraser, B. 2010. Pragmatic competence: the case of hedging. In: Kaltenböck, Mihatsch & Schneider. (eds). *New approaches to hedging*. United Kingdom: Emerald.

Hinkel, E. 2005. Hedging, inflating, and persuading in L2 academic writing. *Applied Language Learning*, 15(1&2):29-53.

Hu, G. & Cao, F. 2011. Hedging and boosting in abstracts of applied linguistics articles: a comparative study of English- and Chinese-medium journals. *Journal of Pragmatics,* 43:2975-2809.



doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a4

Hyland, K. 1996. Writing without conviction? Hedging in Science Research articles. *Applied Linguistics*, 17(4):433-454.
Hyland, K. 1998. Persuasion and context: the pragmatics of academic metadiscourse. *Journal of Pragmatics*, 30:437-455.
Hyland, K & Tse, P. 2004. Metadiscourse in academic writing: a reappraisal. *Applied Linguistics*, 25(2):156-177.
Hyland, K. 2000. Hedges, boosters and lexical invisibility: noticing modifiers in academic texts. *Language Awareness*, 9(4):179-197.
Hyland, K. 2005. *Metadiscourse: exploring interaction in writing*. London: Continuum.
Jordaan, A. 2014. Die gebruik van metadiskoers in Afrikaans T1-skryfwerk van eerstejaar-universiteitstudente. Vanderbijlpark: Noordwes-Universiteit. (Verhandeling – MA).
Jordaan, A. 2016. Afrikaanse verbandsmerkers: uitbreiding en herkategorisering van voorbeeldwoorde. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 34(2):147-167.
Karahan, P. 2017. Expression of epistemic modality in argumentative writing: a study based on learner corpora. Turkey: Anadolu University. (Dissertation – Doctorate)
Kazemi, A. 2016. Hedging in academic writing: the case of Iranian EFL journals. *International Journal of Language Studies*, 10(4):109-130.
Kim, LC & Lim, JM. 2015. Hedging in academic writing – a pedagogically-motivated qualitative study. *Procedia - Social and Behavioural Sciences,* 197:600-607.
Kondowe, W. 2014. Hedging and boosting as interactional metadiscourse in literature doctoral dissertation abstracts. *International Journal of Language Learning and Applied Linguistics World*, 5(3):214-221.
Kuswoyo, H & Siregar, RA. 2019. Interpersonal metadiscourse markers as persuasive strategies in oral business presentation. *Lingua Cultura*, 13(4):297-304.
Livytska, I. 2019. The use of hedging in research articles on Applied Linguistics. *Journal of Language and Cultural Education*, 7(1):35-53.
Meintjes, Z. 2015. Koherensie in die argumentatiewe skryfwerk van eerstejaarstudente: ’n teksgebaseerde ondersoek. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Proefskrif – PhD).
Meintjes, Z. 2016. Konjunksiemerkers: ’n indeling in Afrikaans vir die gebruik in geskrewe akademiese argumente op universiteit. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 23(1):81-102.
Meintjes, Z. 2021. ’n Ondersoek na die gebruik van die interpersoonlike metadiskoerskategorie van sekerheidsmerkers in die geskrewe argumente van Afrikaanssprekende eerstejaarstudente. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 28(2):76-93.
Mills, K & Dooley. K. 2014. Teaching persuasive texts: building a language of evaluation through hedging and moderated intensification. *Literacy Learning: The Middle Years*, 22(3):33-41.
Musa, A. 2014. Hedging in academic writing: a pragmatic analysis of English and Chemistry masters’ theses in a Ghanaian university. *English for Specific Purposes World*, 42(15):1-25.
Noorian, M & Biria, R. 2010. Interpersonal metadiscourse in persuasive journalism: a study of texts by American and Iranian EFL columnists. *Journal of Modern Languages*, 20:64-79.
Omer, TM. 2016. An exploration of modality and hedging in academic discourse: focusing on a Kurdish university context. *International Journal of English Language Teaching*, 4(3):67-77.
Petchkij, W. 2019. Explicit teaching of hedges: bringing hedging in academic writing into the Thai EFL classroom. *Electronic Journal of Foreign Language Teaching*, 16(1):95-113.
Preiss, DD, Castillo, JC, Flotts, P & San Martín, E. 2013. Assessment of argumentative writing and critical thinking in higher education: educational correlates and gender differences. *Learning and Individual Differences*, 28:193-203.
Siepmann, D. 2006. Academic writing and culture: an overview of differences between English, French and German. *Meta*, 51(1):131-150.
Ŝulovsk, ÁD. 2022. Selected topics from academic writing. Comenius University Bratislava: STIMUL.
Takimoto, M. 2015. A corpus-based analysis of hedges and boosters in English academic articles. *Indonesian Journal of Applied Linguistics*, 5(1):95-105.
Talati-Baghsiahi, A & Khoshsima, H. 2016. Improving linguistic and pragmatic knowledge of hedging strategies in EFL undergraduate students: a dynamic assessment approach. *International Journal of English Language & Translation Studies*, 4(2):13-28.

Tan, H. 2002. Hedging in the discussion section of research articles written by native and non-native writers of English. Malaysia: University of Putra Malaysia. (Dissertation – PhD).

Ustyantseva, AE. 2019. Hedging in academic writing. *Issues of Applied Linguistics*, 35:83-98.

Wishnoff, JR. 2000. Hedging your bets: L2 learners' acquisition of pragmatic devices in academic writing and computer-mediated discourse. *Second Language Studies*, 19(1):119-148.


Yang, D & Zeng, X. 2021. Epistemic modality and projection in argumentative writing: a corpus-driven comparison of Chinese English majors and native English speakers. *Theory and Practice in Language Studies*, 11(4):412-421.

Yang, X. 2018. A corpus-based study of modal verbs in Chinese learners' academic writing. *English Language Teaching*, 11(2):122-130.

# ’n Herbeoordeling van Niccolò Machiavelli se die-doel-heilig-die-middele-benadering tot regeerkunde

***A reassessment of Niccolò Machiavelli’s the-end-justifies-the-means approach to governance***

**Fanie Cloete**
Navorsingsgenoot: Departement Publieke Administrasie en Bestuur
Universiteit van die Vrystaat
Suid-Afrika
E-pos: gsc@sun.ac.za



Fanie Cloete

| | |
|---|---|
| **Fanie Cloete** is ’n voormalige hoofdirekteur van Staatkundige Beplanning in die Suid-Afrikaanse regering. Hy was van 1974 tot 1989 betrokke by die beplanning, inisiëring en bestuur van die staatkundige oorgang van apartheid na volle demokrasie in Suid-Afrika. Hy is ook emeritus professor in Openbare Bestuur en Beleidstudies aan die Universiteite van Johannesburg en Stellenbosch. Hy het verskeie gepubliseerde boeke, portuurbeoordeelde artikels en ander vakkundige en populêre bydraes tot sy krediet.[1] Hy is ook ’n mediakommentator oor openbare aangeleenthede, en is tans besig met die kritiese beoordeling van verskeie aspekte van die politieke oorgangsproses van apartheid na volle demokrasie in Suid-Afrika gedurende die stormagtige tydperk van die 1980s. | **Fanie Cloete** is a former chief director of Constitutional Planning in the South African government. From 1974 to 1989 he was involved in the planning, initiation and management of the transition from apartheid to full democracy in South Africa. He is also professor emeritus of Public Management and Policy Studies at both the Universities of Johannesburg and Stellenbosch. He has published numerous books, peer reviewed articles and other scholarly and popular contributions on different aspects of these topics.[2] He is also a media commentator on public affairs. He is currently engaged in a critical assessment of various aspects of the political transition from apartheid to full democracy during the stormy period of the 1980s in South Africa. |

1 www.faniecloete.wordpress.com.
2 www.faniecloete.wordpress.com

**Datums:**
Ontvang: 2022-09-29 Goedgekeur: 2023-01-23 Gepubliseer: Maart 2023


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a5

**ABSTRACT**

***A reassessment of Niccolò Machiavelli's the-end-justifies-the-means approach to governance***

*This article reassesses Niccolò Machiavelli's contribution to political governance theory and practice. At the height of the Renaissance, Machiavelli was one of the most influential intellectuals. He was also a consummate and influential senior strategist, diplomat, negotiator and public official in the "democratic" Florentine Republic from 1494 to 1512. He gained extensive governance experience before the republican government was toppled in a coup by a member of its former absolutist Medici rulers, and he was arrested as a traitor, tortured and exiled from Florence. He remained in exile until his death in 1527.*

*Machiavelli lived and worked in turbulent times. The period was characterised by violent and brutal competition for power, status and resources among mostly still feudal city states, manipulated by an increasingly influential politically interventionist and corrupt Roman Catholic Church dominated for centuries by the powerful Medici family.*

*Machiavelli had a cynical view of human interactions. He regarded life as a series of overlapping games that people play for different purposes in different contexts. Politics consist of a series of power games played between competing rulers, between a ruler and his subjects, and between different individuals and groups in society to promote their respective self-interests.*

*Machiavelli completed his first book (*Il Principe *["the prince"]) in 1513 for the primary purpose of winning favour from the new Medici dictator and probably also for his own survival. In it he advised Lorenzo de Medici that political history had proven that power politics requires a ruler to fluctuate between good and evil actions in order to maintain and consolidate his hold on power in the long term. He therefore recommended that Medici should not flinch from using deflection, disinformation, lies and other "unethical" means to achieve stable, sustainable good governance goals that satisfy the interests of both the ruler and his subjects. He even condoned merciless action (when necessary) against rebels who undermine and destabilise the ruler's control over society, because the masses only obey their rulers out of fear or contentedness and not necessarily out of loyalty. However, in his later publications he explained at great length how a responsive republican government, supported by a strong military capacity, can be the most stable and successful form of government, because it creates an equilibrium between citizen contentment and fear in society.*

*Machiavelli gave ambiguous and mixed signals about the interventionist political role of the Catholic Church. He was sometimes very critical of this institution, which he regarded as a corrupt and self-serving manipulator of Renaissance politics, and yet, in other instances he put forward more sympathetic views about the potentially constructive and supportive role of religion in promoting good governance. From a modern democratic perspective, such seemingly contradictory statements afforded him the very negative reputation of being unethical, but, at the same time, have led to continuing speculation about the real motives for his enigmatic views.*

*Over the last five centuries Machiavelli has therefore become highly controversial because of his allegedly "immoral" advice to the Medici dictators, who ended his career in Florence. The latest assessments of his work and of the rationality, cogency, coherence and logic of his arguments, however, increasingly indicate that for his time he was in essence a committed "democrat". He seems to have deliberately followed a very subtle and sometimes ambiguous writing style to survive personally in an antagonistic political climate and to regain his former job as a senior political official and counsellor in the Florentine government. For this purpose, he had to commit himself to accepting the cruel, authoritarian nature of the power politics of the prevailing Renaissance political and governance practices in order to try to effect an*


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a5

*improvement in the democratic responsiveness, stability and sustainability of those systems. He therefore followed a deliberate strategy to try, on the one hand, to appease authoritarian rulers' power ambitions but, on the other, to explain how their reign could be stabilised and be maintained more sustainably through more responsive good governance practices. His advice therefore reflects the subtle ironies and apparent contradictions of the political game that he decided to play and to advance.*

*What Machiavelli really wanted to achieve with his writings – and what his relevance to and influence on contemporary democratic politics are – has in fact been significantly underrated and needs to be reassessed in view of new research findings and conclusions.*

**KEYWORDS:** democracy, democratisation, the end justifies the means, ethics, governance, Machiavelli, Medici, morality, Florentine Republic, responsiveness

**TREFWOORDE:** demokrasie, demokratisering, die doel heilig die middele, etiek, Machiavelli, Medici, moraliteit, regeerkunde, Florentynse Republiek, responsiwiteit

**OPSOMMING**

Niccolò Machiavelli het oor 'n tydperk van vyf eeue 'n onverdiend negatiewe staatkundige reputasie as 'n siniese, immorele, magsugtige, wreedaardige en opportunistiese politieke Renaissance-intellektueel gekry. Hy het naamlik gedurende en ná sy betrokkenheid as senior beampte en adviseur in die regering van die Florentynse Republiek 'n besonder sterk premie geplaas op 'n regeerbenadering van "die doel heilig die middele", wat dikwels as oneties beskou word.

Sy standpunte is vir baie lank geïsoleerd beoordeel van die komplekse omstandighede waarin hy geleef en gewerk het. Al hoe meer resente kommentaar op en beoordelings van sy werk erken egter dat hy hierdie slegte reputasie verwerf het omdat hy onder die baie moeilike omstandighede van sy tyd en ter wille van sy eie oorlewing en ambisie sy lojaliteit moes bewys aan die wrede outoritêre heersers onder wie hy geleef en gewerk het.

Hy het inderwaarheid konsekwent probeer om fundamentele demokratiese regeerkundebeginsels en -doelwitte, soos stabiliteit, responsiwiteit, openbare deelname, burgerlike tevredenheid en volhoubaarheid, na te streef en te bevorder, maar moes dit op meestal implisiete wyse doen, nie eksplisiet nie. In die lig van resente navorsingsbevindings en gevolgtrekkings beoordeel hierdie artikel sy rol as Renaissance-denker, diplomaat, strateeg en beplanner in 'n meer positiewe lig. Hy was 'n rigtinggewende grondlegger van die demokratiese magspolitieke denkskool in die politieke wetenskap.

## 1. Inleiding

"Machiavellianisme" verwys na die rol wat Niccolò Machiavelli gedurende die Renaissance in Europa gespeel het om die Florentynse Republiek (1494 tot 1527) te regeer en daarna. Machiavelli se agtergrond, publikasies en belangrikste standpunte, gesien in die konteks van die tyd en wêreld waarin hy gelewe het, word in hierdie bydrae opgesom en herbeoordeel om sy voortgesette relevansie vir moderne internasionale demokratiseringsprosesse te illustreer.[3]

---

[3] In hierdie bydrae word Machiavelli se rol en relevansie as staatkundige denker en praktisyn in sy eie tydvak herbeoordeel in die lig van verskeie klassieke en kontemporêre analises wat sover oor

Machiavelli word allerweë beskou as die persoon wat die eerste sistematiese, empiriese analise gedoen het van hoe om ’n vreedsame politieke transformasie van ’n tirannieke regeringstelsel na ’n meer volhoubare, demokratiese stelsel te probeer bewerkstellig (Mansfield in Machiavelli, 1998:vii). Ander beskou hom as die werklike grondlegger van die empiriese studie van politiek en regeerkunde (Tholen, 2016:103-5). Hy het eeue gelede reeds verskillende regeer- en bestuurstrategieë vir volhoubare politieke verandering geïdentifiseer, beoordeel en in verskillende omstandighede as goeie praktyk vir heersers aanbeveel. Mansfield (in Machiavelli, 1998) en Fuller (2015) beskou Machiavelli se 1532-boek, *Il Principe* (“die prins”), as die beroemdste (eerder berugste) boek wat al ooit oor die politiek geskryf is. Dit blyk, volgens Namazi (2017:7-9), ook duidelik uit die omvattende intellektuele industrie van uiteenlopende kommentaar op sy werk. Die rede daarvoor is dat Machiavelli – reeds in sy leeftyd en oor die afgelope vyf eeue daarna – ’n reputasie verwerf het as seker een van die mees omstrede skrywers, indien nie die “boosste en immoreelste” nie, oor hoe politiek in die praktyk bedryf moet word en hoe om suksesvol te regeer (Strauss, 1958; Ramsay, 2012; Mansfield, 2013:642). Machiavelli se negatiewe reputasie as liberale “demokraat”[4] word egter die afgelope eeu toenemend gerehabiliteer (Macaulay & Lawton, 2003:4; Benner, 2009; Zuckert, 2017; 2018; 2020; Marasco, 2022).

## 2. Metodologie

Hierdie navorsing is onderneem deur ’n sistematiese monitering te doen van die mees gesaghebbende gepubliseerde analises en beoordelings van die fasette wat in hierdie artikel aangepak word. Die bibliografiese verwysings na Machiavelli se staatkundige bydraes in die elektroniese databasisse van Stellenbosch Universiteit is sistematies nagegaan en publikasies daaroor waarna die meeste verwys word geïdentifiseer en kwalitatief beoordeel. Sodoende is die mees onlangse en gesaghebbende kommentare op hom en sy werk geïdentifiseer. Hierdie benadering is aangevul deur analises van Machiavelli se verskeie biograwe.

Mansfield se vertalings van en kommentaar op sy werk (Machiavelli, 1990; 1996; 1998) is gebruik as hoofbron, omdat hy die mees objektief-kritiese benadering tot Machiavelli het, in teenstelling met byvoorbeeld enersyds die vroeëre negatiewe analise van Strauss (1958), wat Machiavelli se *bona fides* openlik bevraagteken, en andersyds Benner (2009; 2018), Ramsay (2012) en Zuckert (2014a; 2014b; 2017; 2018; 2020), wat in hulle meer resente werke baie meer gunstige en vleiende kommentaar as kritiek op hom het. Verskeie ander perspektiewe op Machiavelli, sy standpunte en rol in die staatkundige praktyk in Florence is as aanvullende bronne gebruik.

Machiavelli se agtergrond en publikasies word eerstens opgesom, gevolg deur ’n samevatting van die Renaissance konteks waarbinne hy geleef en gewerk het, sy dikwels omstrede waardestandpunte (soms verbatim) soos blyk uit sy en ander publikasies en kommentare, en die etiese en demokratiese vraagtekens wat oor tyd hieroor ontstaan het. Die artikel word

hom gepubliseer is. Sy invloed op sekere hedendaagse staatkundige denkers (bv. Samuel Huntington, Philippe Schmitter en ander “Machiavelliane”) sowel as moderne staatkundige praktyke (veral die demokratiseringsproses in Suid-Afrika gedurende die 1980s), word in ’n opvolgartikel ontleed en beoordeel.

4 Demokrasie in Machiavelli se tyd is nie vergelykbaar met wat vandag onder demokrasie verstaan word nie. Toe is dit gekenmerk deur selektiewe raadpleging deur redelik absolutistiese diktators met gildes en gemeenskappe voordat dekrete uitgevaardig is, ten einde weerstand te probeer verhoed of te verminder teen die dikwels brute geweldpleging deur heersers teen hulle onderdane om hulle eie doelwitte te bereik.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a5

afgesluit met ’n samevatting van die belangrikste bevindings en gevolgtrekkings oor Machiavelli se staatkundige standpunte, waardes en rol gedurende sy lewe wat uit hierdie navorsingsprojek blyk.

## 3. Agtergrond en publikasies

Machiavelli was ’n besonder komplekse figuur. Hy het in 1494 op die relatief jeugdige ouderdom van 29 jaar as navorser begin werk vir die regering van die kortstondige (in huidige terme redelik demokratiese) sekulêre Florentynse Republiek (1494 tot 1512). Hy het vinnig opgang gemaak en het in die loop van 18 jaar toenemend senior betrekkings in daardie regering beklee. Gedurende hierdie periode het hy hom onderskei as knap beleidsbeplanner, diplomaat, militêre strateeg, denker en adviseur oor die politiek en die staatkunde (Mansfield, 2022). Die invloedryke outoritêre aristokratiese Medici-familie het egter in 1512 die Florentynse Republiek omvergewerp, en daardie regering vir die soveelste keer met geweld oorgeneem. Machiavelli is van verraad beskuldig, gemartel en in ballingskap geplaas tot sy dood in 1527, toe hy 58 jaar oud was.

Hy het gedurende sy ballingskap (1512 tot 1527) verskeie invloedryke publikasies voltooi. Sy teikengroep lesers was nie die breë bevolking nie, maar die regerende elites, omdat hulle volgens hom die belangrikste rolspelers in politieke besluite was. Sy vier belangrikste geskrifte vir doeleindes van hierdie beoordeling was die volgende:

**(i)** ***Il Principe*** (“Die prins”)**:** Dit is in 1513 voltooi en in 1532 postuum gepubliseer (Machiavelli, 1998:107). Dit is sy bekendste werk en handel oor sy waarnemings en ervarings gedurende sy betrokkenheid by die Florentynse Republiek. Machiavelli vergelyk en beoordeel hierin verskillende style van regeringsleierskap in Wes-Europa voor en gedurende sy tyd, en watter benaderings en strategieë volgens hom beter gewerk het as ander. Hy het dit geskryf in die vorm van advies aan bestaande en potensiële heersers/regeerders (prinse) oor hoe om meer suksesvol te regeer (Mansfield in Machiavelli, 1996:xxiii; Macaulay & Lawton, 2003:14).

**(ii)** ***Discorsi sopra la prima deca di Tito Livio*** (“Verhandelinge oor die eerste 10 boeke van Titus Livius”): Dit is ’n omvattende publikasie, vermoedelik geskryf tussen 1513 en 1519 en in 1531 postuum gepubliseer (Machiavelli, 1996). Machiavelli vergelyk en beoordeel in hierdie werk die positiewe en negatiewe implikasies van die verskillende regeringstyle wat Titus Livius in sy monumentale eerste tien boeke oor die vroeë geskiedenis van die Romeinse Ryk beskryf het (Livy, 2002). Hy het dele daarvan geskryf terwyl hy ook besig was om *Il Principe* af te handel. Hy argumenteer sterk ten gunste van ’n terugkeer na die goeie antieke waardes of deugde van die Romeinse Ryk en die organisatoriese aanpassings- en toepassingstrategieë daarvoor vir die tydvak waarin hy geleef het, die Renaissance (Macaulay & Lawton, 2003:14). Die boek is minder bekend, maar word toenemend deur kenners as ’n belangriker werk as *Il Principe* beskou, omdat dit baie meer omvattend is en Machiavelli se persoonlike demokratiese voorkeure meer eksplisiet uitspel (Pocock, 2003; Ramsay, 2012; Zuckert, 2014b; 2017).

**(iii)** ***Dell’arte della guerra*** (“Die kuns van oorlog”)**:** Dit is die enigste van sy werke wat gedurende sy leeftyd gepubliseer is. Dit is geskryf in 1519 en gepubliseer in 1521 (Machiavelli, 2005). Machiavelli voer hier ’n Sokratiese debat tussen twee gespreksgenote oor goeie en slegte oorlogstrategieë. Die boek word deur sommige militêre spesialiste beskou as een van die mees klassieke werke oor die onderwerp (Guidi, 2020; Mansfield,

2022). Machiavelli spel sy voorkeur vir vreedsame, demokratiese beslegting van geskille duidelik hierin uit. Omdat sy ervaring egter was dat dit dikwels nie gebeur nie, verduidelik hy in besonderhede wat, volgens sy kennis en ervaring in daardie stadium, die suksesvolste strategieë van oorlogvoering was om sowel redelik tevrede onderdane as stabiele regering te verseker.

**(iv)** ***Istorie Fiorentine*** ("Die geskiedenis van Florence")**:** Die werk is tussen 1520 en 1525 geskryf, maar ook eers in 1532, vyf jaar ná Machiavelli se dood, gepubliseer. Dit is Machiavelli se omvattendste werk, geskryf in opdrag van die outoritêre heerser van Florence in daardie stadium, gekoördineer deur die Universiteit Florence (Boutier & Sintomer, 2014:26). Hierdie opdrag bevestig die intellektuele statuur en reputasie van Machiavelli as navorser en geskiedskrywer. Hy beskryf en beoordeel in die werk die geskiedenis van Florence tot op daardie tydstip. Hy bevestig en motiveer deur empiriese voorbeelde sy gevolgtrekking dat "demokratiese" regeringsbenaderings meer stabiliteit, vrede en ontwikkeling in Florence gebring het as die outoritêre afdwinging van politieke en militêre mag (Machiavelli, 1990).

## 4. Politieke en kulturele kontekste

Ten einde 'n akkurate beoordeling van Machiavelli se denke en optredes te kan maak, is dit nodig om kennis te neem van die belangrikste kenmerke van en rolspelers in die konteks van die Renaissance waarbinne Machiavelli geleef het. Machiavelli (1469–1527) was naamlik 'n tydgenoot van Lorenzo de Medici, genoem die Manjifieke (*il Magnifico*) (1449–1492), die beroemdste heerser van Florence en hoofpromotor van die Europese Renaissance. Lorenzo se seun Giovanni di Lorenzo de' Medici (1475–1521) het die Florentynse Republiek in 1512 deur 'n gewelddadige staatsgreep tot 'n val gebring. Dit was die einde van Machiavelli se betrokkenheid by die regering van die Florentynse Republiek. Die volgende jaar is Giovanni de Medici egter tot pous verkies; hy het van 1513 tot 1521 as pous Leo X gedien. Leo X het in 1521 onder andere Martin Luther uit die Katolieke Kerk geëkskommunikeer.

Lorenzo die Manjifieke se aangenome seun, Giulio di Giuliano de' Medici (1478–1534), die buite-egtelike seun van sy vermoorde broer Giuliano, het hom in 1513 as Aartsbiskop van Florence opgevolg as heerser van Florence. In daardie posisie het hy Machiavelli aangestel as die amptelike historiograaf van die Republiek ten spyte daarvan dat Machiavelli die vorige jaar sy regeringspos verloor het en as verraaier beskou is (Mansfield, 2022). Tien jaar later het hy egter ook pous Hadrianus VI ná dié se oorlye opgevolg as pous Clemens VII (1523–1534), terwyl Machiavelli steeds in ballingskap was. Clemens VII het onder andere Michelangelo gekontrakteer om die Laaste Oordeel en ander uitbeeldings teen die mure en plafon van die Sistynse Kapel te skilder, en koning Hendrik VIII van Engeland se egskeiding in 1529 geweier, wat tot die stigting van die Anglikaanse Kerk gelei het.

Machiavelli was dus ook 'n tydgenoot van Hendrik VIII van Engeland (1491–1547), sowel as van onder andere Leonardo da Vinci (1452–1519), Michelangelo (1475–1564), Raphael (1483–1520) en Martin Luther (1483–1546). Macchiavelli het ook die sogenaamde Swart Dood, 'n builepespandemie, oorleef. Dit het in 1497, drie jaar ná Machiavelli vir die Florentynse Republiek begin werk het, daar uitgebreek en groot probleme vir daardie stadsregering meegebring (Rubinstein & Raillard, 2014:114). Florence was op daardie tydstip een van die mees toonaangewende stede in Europa (Boutier & Sintomer, 2014:8).

Macchiavelli en sy tydgenote het dus almal in die bloeitydperk van die Renaissance geleef, maar terselfdertyd ook in 'n era van uiterste politieke onstabiliteit en geweld in Wes-Europa.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a5

Stabiele regering soos dit vandag in demokratiese state bestaan, was toe ongehoord. Dit was die era van mededingende, moderniserende maar in baie gevalle steeds feodale stadstate in Europa, elk onder die beheer van individuele aristokratiese heersers ("prinse") wat daardie state as hulle persoonlike eiendom geërf het of dit met geweld verower het (Gagiano, 1987:166, 170). Die aristokratiese regeerders was feitlik almal absolute heersers wat nie altyd hulle onderdane se steun gehad het nie. In die meeste gevalle moes hierdie heersers die reg en orde met geweld probeer daarstel en/of handhaaf, soos Machiavelli dit self in *Istorie Fiorentine* verduidelik (1990; sien ook Najemy, 2022; Boutier & Sintomer, 2014:8).

Demokrasie soos mens dit vandag ken, het dus nog nie bestaan nie. Die burgers van Florence het selfs nie eers, soos in antieke Athene, deelgeneem aan beperkte direkte demokratiese verkiesings van hulle regerings nie (Tridimas, 2019; Hatzis, 2016; Fleck & Hanssen, 2013). Die tradisionele regeringsvorm van die tyd was erflike aristokratiese elites of ander veroweraars wat meegeding het om soveel moontlik grondgebied en die mense daarop as absolute heersers te besit en te regeer (Boutier & Sintomer, 2014:7; Gagiano, 1987:170). Die Florentynse Republiek (1115–1569) het egter tot stand gekom deur 'n spontane opstand van burgerlikes teen die aristokratiese diktatuur wat toe daar bestaan het. Die nuwe stadstaat is tot 1494 op verskillende meer deelnemende wyses bestuur, meestal met die hulp van adviesrade en ander klankbordmeganismes.

In 1494 het die mees demokratiese periode in die geskiedenis van die Republiek aangebreek, toe die diktatuur van die Medici-familie, wat die stad vanaf 1434 bestuur het, omvergewerp is. 'n Uitvoerende Raad van nege gildelede (die Signoria) wat deur die belangrikste gildes genomineer is (veral bankiers, geldskieters, regters en wewers), het meer gesag gekry (Cooper, 1984; De Angelis & Whittaker, 2014). Aristokrate was daarvan uitgesluit (Mohammadi, 2018:1-4; Najemy, 2008:100). Dit was die begin van 'n nuwe, meer demokratiese, ekonomiese, korporatiewe, maatskaplike en politieke orde in Europa (Mohammadi, 2018:11). Al het die burgers van Florence geen direkte stemreg in hulle regering gehad soos vandag nie, het hierdie redelik deelnemende en demokratiese aard van die Florentynse Republiek in Machiavelli se tyd geen gelyke in Europa gehad toe die Medici's dit in 1512 herower het nie (Boutier & Sintomer, 2014:8).

## 5. Waardes

Die standpunte wat Machiavelli in sy geskrifte stel, word deurgaans ingeneem in onder meer bogenoemde spesifieke kontekste (Tholen, 2016:104). Hy het 'n baie siniese beeld van menslike motiverings, doelwitte, besluite en interaksies in Renaissance-Europa ontwikkel wat onderliggend aan al sy menings was. Hy het naamlik empiries waargeneem dat mense, insluitende heersers, gewoonlik in hulle eie belang optree. Heersers wil hulle wil op hulle onderdane afdwing, terwyl die onderdane nie voorgeskryf wil word hoe om op te tree nie (Mansfield in Machiavelli, 1996:xxviii). Mense word teensinnig slegs deur omstandighede gedwing om tydelik ook ander se belange in aanmerking te neem en so hulle samewerking te probeer verkry indien hulle self voordele daaruit kan kry. Dit geld egter net totdat hulle eie belange weer groter prioriteit kry as hulle persepsies van hoe nodig dit is om ander ook tevrede te stel as hulle hul eie doelwitte wil bereik:

> Each one of his counselors will think of his own interest … they cannot be found otherwise, because men will always turn out bad for you unless they have been made good by a necessity. (Machiavelli, 1998:95)

Dit bevestig dat mense 'n aangebore instink het om individuele eiebelang te bevorder, wat net lei tot tydelike kollektiewe samewerking met ander individue of groepe as dit eiebelang beter bevorder, of oorlewing verseker.

Teen hierdie agtergrond is die belangrikste goue draad wat deur al Machiavelli se geskrifte loop, die gevolge of uitkomste van politieke heersers se regeerbenaderings vir die stabiliteit en ontwikkeling van die samelewings wat hulle regeer. Hierdie gevolge kan vir die heerser self en/of vir sy mense goed of sleg wees. Volgens Machiavelli se navorsing en waarnemings verkies heersers soveel moontlik onbeperkte magsuitoefening om hulle belange te bevorder, terwyl hulle onderdane weer so min as moontlik in hulle daaglikse lewens beperk wil wees. Machiavelli identifiseer dan wat hy dink goeie realistiese uitkomste kan wees vir sowel heersers as hulle mense, in plaas daarvan om onhaalbare idealistiese utopie-uitkomste te probeer nastreef. Hy word dus algemeen erken as die grondlegger van kontekstuele politieke realisme (Parel, 1972:119; McCormick, 2011; Cerella & Gallo, 2016:3). Sy geskrifte bevestig dat hy 'n pragmatis was wat nie soos Plato en ander Griekse en Romeinse filosowe filosofies probeer uitwerk het watter algemene teoretiese beginsels van goeie, abstrak-moreel-etiese, utopiese regering nagestreef behoort te word nie:

> ... many have imagined republics and principalities that have never been seen or known to exist in truth; for it is so far from how one lives to how one should live that he who lets go of what is done for what should be done learns his ruin rather than his preservation. (Machiavelli, 1998:61)

Hy het besluit om eerder goeie empiriese regeerpraktyke in die geskiedenis te probeer identifiseer en heersers aan te moedig om daardie leiers se benaderings te volg. Machiavelli aanvaar onder meer sekere beginsels van Polibios se antieke model van politieke ontwikkeling, waar 'n "goeie" regime onvermydelik met verloop van tyd korrup word en dan gewelddadig vervang word deur 'n "slegte" regime, wat dan weer met geweld opgevolg word deur 'n nuwe "goeie" regime. Hierdie siklus word oor en oor herhaal (Mansfield in Machiavelli, 1996:viii).

Machiavelli identifiseer die belangrikste redes vir hierdie opeenvolgende regeersiklusse as 'n komplekse reeks interaksies tussen hoofsaaklik die volgende drie kernveranderlikes of dryfkragte agter mense se optrede wat hy uit die geskiedenis tot op daardie tydstip waargeneem het:

- ***Virtù*** ("goeie" persoonlike eienskappe en vaardighede): Dis die oorheersende beginsel vir Machiavelli (Mansfield, 1996). Dit behels die wil en vermoë van die heerser om sy eie sowel as sy mense se belange te bevorder en om sy mense en die stabiliteit van sy stadstaat selfs met geweld te beskerm, asook die bevolking se burgerlike waardes en aktiewe deelnamekultuur (*vivero politico/civile*) ten einde hul vryhede te optimaliseer. *Virtù* behels dus die vermoë om bogenoemde doelwitte te bereik op die mees volhoubare en vreedsame wyse, maar kan ook geweld en konflik insluit wat die heerser moet gebruik om teenstand te oorkom en om die reg en orde in en die stabiliteit in sy samelewing te handhaaf (Rochet, 2008:6-8). Dit het niks met moraliteit te doen nie, maar alles met effektiwiteit. Machiavelli skei persoonlike moraliteit van politieke moraliteit en etiek. Hy aanvaar dat christelike waardes soos geloof, hoop, liefde (ook vir jou vyand), beskeidenheid, altruïsme, regverdigheid, armoede en om die ander wang te draai goeie lewensbeginsels is om met die oog op die hiernamaals na te streef, maar nie goeie politieke regeerbeginsels vir sy Renaissance-realiteit is nie (Lamus, 2016; Berlin, 2013). Machiavelli adviseer Lorenzo dat –


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a5

> ... (h)e should contrive that greatness, spiritedness, gravity, and strength are recognized in his actions, and he should insist that his judgments in the private concerns of his subjects be irrevocable ... he should maintain such an opinion of himself that no one thinks either of deceiving him or of getting around him. (Machiavelli, 1998:72)

- ***Corruptio*** ("slegte" eienskappe en waardes): Dit beteken dat die heerser se prioriteite wegswaai van die bevordering van sy onderdane se belange na sy eie persoonlike belange (byvoorbeeld om sy burgers te veel belasting te laat betaal ten einde sy persoonlike rykdom te vergroot). Rochet beskryf dit as die kaping van die staat deur private belange by afwesigheid van *virtù* (2008:21). Dit sluit egter ook in dat die heerser soos 'n tiran kan optree en sy wil met geweld op sy mense kan afdwing, maar daarenteen sluit dit ook in die verlies aan beheer oor die samelewing, die disintegrasie van die reg en orde, en 'n toename in gewelddadige konflik in die samelewing omdat mense onderling met mekaar meeding om hul eie situasies te probeer verander of verbeter (Rochet, 2008:7, 20).
- ***Fortuna*** (die noodlot): Die onvoorspelbaarheid van omstandighede of die noodlot wat vir 'n mens voordeel/geluk of nadeel/ongeluk kan bring en wat totaal buite menslike beheer is, het ook 'n belangrike rol in Machiavelli se denke gespeel. Dit kan geleenthede skep of beperk, afhangende van wat mens self daarvan maak.

Volgens resente beoordelings beskou Machiavelli verder die lewe in beginsel as 'n opeenvolgende, oorvleuelende reeks fases of spelle wat indiwidue met ander indiwidue in verskillende omgewings en op verskillende vlakke speel om hulle eie belange op verskillende wyses te probeer bevorder (Marasco, 2022, op grond van onder andere Huizinga, 2016; Caillois, 2000; Saxonhouse, 2000). Alles in die lewe bestaan dus uit verskillende spelle waarvan die dinamiek, uitkomste en gevolge verander na gelang die interaksie tussen *virtù, corruptio* en *fortuna* verander byvoorbeeld persoonlike interaksies met familie, vriende, kollegas, sport, die ekonomie en politiek volgens Marasco (2022:578).

Die interaksies tussen mededingende heersers onderling, sowel as tussen 'n heerser en sy onderdane, behels dus 'n politieke spel waarin elk probeer om die meeste moontlike voordele te verkry: die heerser wil sy mag en sy wil op die bevolking afdwing, terwyl die bevolking soveel moontlik vryheid wil hê om te doen wat hulle wil ten einde hulle eie belange te bevorder. Dit lei tot spanning en klasse- en ander konflik in 'n samelewing, maar breek ook deur dooiepunte in magsverhoudinge wat stagnasie veroorsaak, en skep 'n nuwe ekwilibrium in daardie samelewing (Mansfield in Machiavelli, 1996:xxviii; Marasco, 2022).

Hierdie siening van 'n politieke spel tussen verskillende mededingers word ook in effens ander vorm gehuldig deur Caillois (2001) en selfs Harari (2015), wat beweer dat slegs die natuur werklik bestaan, en dat kultuur bloot uit verskillende fiksies (stories) bestaan wat mense vir hulleself skep om sin te maak van wat hulle ervaar of wil ervaar. God, geld, demokrasie, geregtigheid, regverdigheid, gelykheid, vryheid en ander sogenaamde universele menseregte behels volgens Harari byvoorbeeld fiksies waardeur mense hulle sienings en optredes probeer regverdig. Hierdie vertolkings en standpunte behels volgens hierdie navorser realistiese beoordelings van die menslike natuur.

Mens kan saamstem met Rochet wat Machiavelli se "goeie" heerser as 'n argitek vertolk wat goeie instellings, fasiliteite en dienste aan sy onderdane verskaf en wat die noodlot wat die ekwilibrium in die samelewing versteur, kan teenwerk deur betyds gepaste aanpassings aan daardie instellings, fasiliteite en dienste aan te bring (Rochet, 2008:7). In moderne staatkundige terme sou mens dit effektiewe veranderingsbestuur deur goeie regeerkundepraktyke kon noem (Rochet, 2008:12).

## 6. Etiek en demokrasie

Soos reeds genoem, het Machiavelli sedert sy tyd tot vandag ’n reputasie verwerf as ’n immorele, ondemokratiese, magsugtige opportunis. In sy geskrifte stel hy dit egter baie duidelik dat –

> ... one cannot call it virtue to kill ones’ citizens, betray ones’ friends, to be without faith, without mercy, without religion; these modes can enable one to acquire empire, but not glory ... (h)e who comes to the principality with the aid of the great maintains himself with more difficulty than one who becomes prince with the aid of the people. Furthermore, a prince can never secure himself against a hostile people, as they are too many; against the great, he can secure himself, as they are few … I will conclude only that for a prince it is necessary to have the people friendly; otherwise he has no remedy in adversity ... (Machiavelli, 1998:35-42)

In die konteks van die gewelddadige politieke mededinging en konflik tussen die Europese stadstate van sy tyd kan mens Machiavelli nie verkwalik nie dat hy ’n besonder hoë premie daarop plaas dat heersers in hulle eie belang ook sterk militêre vermoëns moet ontwikkel en dit in bepaalde omstandighede sonder genade moet aanwend om hulle eie belange te beskerm (Machiavelli, 1998:48-50; Ramsay, 2012).

Hy waarsku egter eksplisiet dat wapens net met oorleg, vir goeie doeleindes en nie onnodig nie, aangewend moet word (Machiavelli, 1998:103). Machiavelli adviseer heersers dat, op grond van sy kennis en ervaring van die geskiedenis, hulle nie moet huiwer om hulle oogmerke te probeer bereik nie, en om te doen wat hulle besef vir daardie doel gedoen moet en kan word. Hulle moet egter pragmaties wees en hulle regeerstrategieë aanpas volgens veranderende omstandighede (1998:99-101). Machiavelli raai heersers aan om so kragtig soos ’n leeu maar terselfdertyd ook so slinks of geslepe soos ’n jakkals te wees om hulle doelwitte te bereik (Benner, 2018). Twee moontlike strategieë hiervoor in sy *Discorsi* is wat Huntington later die Fabian- en die Blitzkrieg-strategie van verandering genoem het (1968:346):

> To have maintained Rome free it would have been necessary to change not only its laws but its orders – that is, its fundamental institutions or constitution. Such fundamental reordering, Machiavelli says, is “almost impossible”. It must be done “little by little” by “someone prudent” before the problem is recognized by everyone, in which case he will never be able to persuade anyone else of what he understands. Or it must be done “at a stroke”, when the problem is easily recognized but difficult to correct. (Mansfield in Machiavelli, 1996:xxv)

In sy kommentaar op Livius se beoordelings van hoe die Romeinse Ryk met verloop van tyd geregeer is, maak Machiavelli dit baie duidelik dat hy die orde, stabiliteit, voorspoed, goeie lewe en glorie van daardie regerings as ideale politieke doelwitte beskou. Hy bevestig ook sy goedkeuring van die instrumentele rol van sterk leierskap, insluitende die beoefening van magspolitiek deur selektiewe, periodieke intimidasie, geweld, vrees en disinformasie deur welwillende diktators (“benevolent dictators”) om daardie resultate te bereik (Machiavelli, 1996; Tholen, 2016:107). Baie van sy illustrasies en aanbevelings van goeie regeerpraktyke in *Il Principe* kom uit die voorbeelde wat Livius bespreek.

Namazi verduidelik hoe Machiavelli die gebruik van disinformasie deur heersers goedkeur as een strategie om suksesvol te regeer, naamlik die sogenaamde die-doel-heilig-die-middele-benadering waarvoor Machiavelli so berug geword het (2017:13-14; Rochet, 2008:20). Hy skryf dit toe aan Machiavelli se lang en suksesvolle rekord as diplomaat en militêre strateeg.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a5

Dit is ook waarskynlik dat Machiavelli se subtiele “ondergrondse” bevordering van kontroversiële demokratiese beginsels van goeie regering hom, in belang van sy eie oorlewing en teen die weerstand in van die feitlik deurgaans outokratiese regimes van sy tyd, tot hierdie strategie gelei het. Machiavelli erken byvoorbeeld die politieke spel wat mense speel, in ’n brief aan een van sy vriende waarin hy noem dat hy hom staal teen leuens van ander omdat hy homself as ’n deskundige op daardie gebied beskou:

> ... for some time now I have never said what I believe or never believed what I said; and if indeed I do sometimes tell the truth, I hide it behind so many lies that it is hard to find. (Namazi, 2017:22)

Machiavelli se waarnemings was dat waar dit werklik nodig was om orde en stabiliteit in hulle samelewings te behou, heersers slegs op die lange duur suksesvol was as hulle die steun van hulle onderdane verwerf het deur ook hulle onderdane se belange en wense in ag te neem. In sulke gevalle was hulle meer suksesvol as dié wat hulle samelewings se belange geïgnoreer en hulle wil (soms met brute geweld) onnodig op hulle onderdane afgedwing het (Ramsay, 2012; Tholen, 2016:104-5; Zuckert, 2018; Najemy, 2022). Hy aanvaar egter wel dat ’n heerser soms geweld moet gebruik om die bevolking te kalmeer of om sy wil af te dwing waar nodig, maar dit moet tot die minimum beperk word:

> … whoever acquires them [’n nuwe bevolking], if he wants to hold them, must have two concerns: one, that the bloodline of their ancient prince be eliminated; the other, not to alter either their laws or their taxes: so that in a very short time it becomes one whole body with their ancient principality ... the subjects are satisfied with ready access to the prince, so that they have more cause to love him if they want to be good and, if they want to be otherwise, more cause to fear him. (Machiavelli, 1998:8-9)

Machiavelli verwys in dié verband na die probleme wat ’n samelewing wat gewoond is aan baie vryhede, vir ’n nuwe heerser skep wat die beheer oor daardie samelewing oorgeneem het en nou hulle bestaande vryhede en voorregte wil verminder. Sy advies aan so ’n heerser is dat hy makliker volhoubare beheer oor sy nuwe onderdane sal verkry en behou indien hy hulle redelikerwys toelaat om soveel moontlik van hulle vryhede en voorregte te behou (Machiavelli, 1998:26-27). Machiavelli het egter ook heersers openlik aangemoedig om soms moreel verdagte strategieë te volg:

> The prince must learn to be able not to be good, and use this ability or not according to necessity ... (It) is necessary to know well how to ... be a great pretender ... since he is often under a necessity to maintain his state, ... he should appear all mercy, all faith, all honesty, all humanity, all religion ... the means will always be judged honourable. (Machiavelli, 1998:61, 69-71; sien ook Tillyris, 2015)

Hierdie standpunt van Machiavelli illustreer sy berugte benadering dat die doel die middele heilig (Mansfield, 2022). Soos reeds aangedui, moedig hy hulle byvoorbeeld ook aan om hulle opponente hardhandig uit die weg te ruim as hulle nie op ander vreedsame wyses oorreed kan word om die openbare belang soos die heerser dit sien, te bevorder nie. Hierdie advies het hy gebaseer op sy waarnemings dat dit sterk verdeelde samelewings vinnig kan stabiliseer en op die langer termyn kan konsolideer, en dat dit so vir die heerser makliker gemaak word om daarna sy onderdane tevrede te hou deur addisionele toegewings aan hulle te doen (Machiavelli, 1998:9, 10-12). Hy motiveer die selektiewe kombinasie van intimidasie, geweld en verdraagsaamheid in spesifieke omstandighede as volg (Machiavelli, 1998:65-67):

> ... the best fortress there is, is not to be hated by the people, because although you may have fortresses, if the people hold you in hatred fortresses do not save you. (Machiavelli, 1998:87)

## 7. Die Kerk

Machiavelli het ook die negatiewe politieke invloed van die korrupsie in die Katolieke Kerk gekritiseer, ’n kerk wat jare lank deur onder andere lede van die uitgebreide Medici-familie en hulle ander aristokratiese politieke en godsdienstige mededingers beheer, gemanipuleer en vir persoonlike, finansiële en/of politieke gewin misbruik is. Hy het die skuld vir baie van die politieke geweld en misbruik van gesag in Europa gedurende daardie tyd direk voor die deur van die kerk en die godsdiens gelê (Machiavelli, 1998:46-47; Sullivan, 2018:276; Strauss, 1958).

In sy *Discorsi* beskuldig hy die kerk van ’n gaping tussen sy morele retoriek en korrupte, immorele optredes. Hy gaan so ver as om aan te beveel dat die pous en al die kardinale vervang word deur mense wat eerliker is en self doen wat hulle ander mense aanraai om te doen (Machiavelli, 1996:xxiv). Mansfield beskou sy reputasie as ateïs as onverdiend, want hy is positief oor die waardes en standpunte van die vroeë kerk. Hy het aangevoer dat die kerk later korrup geword het en terug behoort te keer na die aanvanklike waardes daarvan, soos wat hy ook die meer korrupte kultuur van die Renaissance vergeleke met dié van die vroeë Romeinse Ryk beoordeel het (Machiavelli, 1996:xxxv, xlii). Hy skryf egter ’n blote polities-humanitêre rol aan die kerk toe in plaas van ’n Godgegewe rol, en is eksplisiet daaroor dat –

> ... human beings can control what previous philosophers thought uncontrollable and what religion leaves in the hands of God. (Mansfield in Machiavelli, 1996:viii; Gagiano, 1987:165)

## 8. Herbeoordeling

Machiavelli stel hom in sy geskrifte dus ten doel om heersers te adviseer oor hoe hulle langer suksesvol en redelik vreedsaam ’n “goeie” bewind kan voer met die minste moeite en teen die laagste koste (Zukert, 2014b; 2017; Benner, 2009; 2018; Ramsay, 2012). Sy positiewe ervaring met die relatiewe sukses van die sekulêre Florentynse Republiek, wat baie meer responsief teenoor die burgers van Florence was as die meeste ander stadstate, het hom verder ’n “liberale demokraat” in sy tyd gemaak (Rahe, 2005; De Alvarez, 2008). Hy het naamlik deur sy empiriese en historiese navorsing bevind dat regerings wat meer responsief teenoor hulle burgers is, meer stabiel en volhoubaar is, en hy het dit daarom as goeie regeerpraktyk beskou.

Hierdie standpunte van Machiavelli het hom tot vandag toe nog die algemene reputasie van ’n immorele, ateïstiese politieke ideoloog, magsbehep, outoritêr en gewelddadig, besorg (Tholen, 2016:106; Ramsay, 2012; Strauss, 1995). Hedendaagse kommentators oor daardie era begin egter al hoe meer eenstemmigheid bereik dat hierdie onverbiddelike benadering van Machiavelli verklaar word deur die uiters onstabiele en gewelddadige outoritêre politieke en godsdienstige konteks waarin hy geleef het. Duvenhage (1994:281) vertolk Machiavelli se aanvaarding van instrumentele (moreel verdagte) strategieë om aanvaarbare doelwitte te probeer bereik, vanuit ’n meer realistiese perspektief as blote logiese gevolgtrekkings oor hoe om ten beste weerstand teen politieke transformasie te oorkom. De Grazia (in Viroli, 1991) meen Machiavelli se godsdiensbeskouing, naamlik dat God ’n heerser sal vergewe as hy

onheilige instrumente gebruik om ’n goeie doel te bereik, verklaar en versoen die paradoks in sy geskrifte.

Benner (2009) beskou Machiavelli egter in ’n baie meer positiewe lig, naamlik as ’n morele politieke filosoof wat nie regtig oortuig was dat die doel die middele heilig nie, en wat nie werklik mense aangemoedig het om immoreel op te tree nie, maar om hulle eerder op ’n indirekte manier (tipies Machiavelliaans) te sensitiseer om sulke optredes te identifiseer. Hierdie vertolking van Machiavelli is egter oorsimpatiek en verklaar nie sy sterk steun vir moreel verdagte optredes deur heersers ter stabilisering van hulle samelewings as dit nie op ’n ander vreedsame wyse gedoen kan word nie (sien ook Gagiano, 1987:167; Gilbert, 1986:22; Duvenhage 1994:88; Ramsay, 2012).

Strauss (1958:294) en Zuckert (2017:462) gee toe dat Machiavelli moontlik wel die ontwikkeling van die moderne demokrasie geïnisieer of gestimuleer het met sy beklemtoning van die oogmerk van stabiele demokratiese regering as die bevrediging van die bevolking se strewe na vryheid en sekuriteit vir individue, families en eiendom (sien ook Mansfield, 2022; Sullivan, 2018:275). *Il Principe* is dus ’n magspolitieke “amorele” handleiding of advies vir heersers wat geskryf is in die idioom van “goeie” (stabiele en volhoubare) regeerkunde in Machiavelli se tyd. Dit is geskryf in dieselfde tradisie as soortgelyke tekste van onder andere Pontano, Castiglione, Patrizi, Plantina, Cicero en Seneca (Skinner in Macaulay & Lawton, 2003:3).

Daarenteen behels Machiavelli se *Discorsi* ’n redelik eksplisiete motivering van ’n meer etiese en deelnemende demokratiese regeringstelsel volgens die waardes wat gedurende daardie tyd gegeld het en wat volgens hom op grond van sy persoonlike ervaring van die goue “Camelot-era” van die Republiek Florence meer volhoubaar is. Hierdie insig verklaar die beweerde paradoksale teenstrydighede tussen Machiavelli se twee primêre tekste, en werp ’n baie meer genuanseerde lig op die aanvanklik uiters negatiewe reputasie wat hy waarskynlik onverdiend met verloop van tyd gekry het. Daar is wel ’n onderliggende samehang in sy werk, iets wat van sy belangrikste kontemporêre kommentators al hoe meer erken (Mansfield, 1998; Pocock, 2003; Zuckert, 2013; 2017; Benner, 2018).

Machiavelli word daarom toenemend beskou as een van die belangrikste grondleggers van burgerlike humanisme (*civic humanism*) in Westerse filosofiese denke (Hankins, 2000; Rahe, 2005). Boutier en Sintomer (2014:13-15) beklemtoon hoe versigtig Renaissance-intellektuele soos Machiavelli te werk moes gaan om hulle demokratiese en humanistiese idees te probeer bevorder. Dit is duidelik dat Machiavelli om goeie strategiese redes besluit het om sy eie demokratiese voorkeure soms eerder meer subtiel as meer eksplisiet in sy geskrifte te laat deurskemer. Machiavelli se standpunte in al sy geskrifte is dus normaalweg redelik diskreet. As hy dit meer blatant gedoen het, sou dit die heersers onder wie hy moes werk, die Medici’s, meer geantagoniseer het, wat hom sy beroep, sy toekoms en selfs sy lewe kon kos (Mansfield, 2001; 2022; Benner, 2009, Namazi, 2017:24). Dit is ’n goeie voorbeeld van defleksie en selfs misleiding waardeur die (demokratiese) doel deur die (outoritêre of eties verdagte) middele geheilig word.

Historici aanvaar toenemend dat sy assosiasie met die Florentynse Republiek, wat een van die beste demokratiese eksperimente van daardie tyd was, sowel as sy normaalweg baie versigtig bewoorde geskrifte, uiteindelik wel grootliks bygedra het om sy geloofwaardigheid by die historiese aristokratiese en korrupte Medici-kartel te vernietig. Mansfield wys byvoorbeeld op sy soms eksplisiete maar riskante uitlatings, soos sy oordeel in *Discorsi* dat ’n republikeinse tipe regering beter as dié van ’n outoritêre heerser is (Machiavelli, 1996:xxi). Uiteindelik het Machiavelli wel geboet vir sy meestal versigtig-kritiese politieke uitsprake


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a5

(Zuckert, 2017; Mansfield, 2022; Najemy, 2022). Net nadat hy *Il Principe* in 1513 voltooi het, het hy self sy vrees op skrif gestel dat hy as gevolg van sy rekord by die Republiek Florence weer in die tronk sal beland (Machiavelli, 1998:110).

Machiavelli het die beskuldigings van die Medici's en hulle verwerpende optrede teen hom in 1512 baie negatief ervaar omdat hy van mening was dat hy suiwer motiewe gehad het en die beste moontlike stappe vir die bereiking van langtermynstabiliteit en tevredenheid in samelewings in belang van sowel die heersers as die betrokke breë bevolkings voorgestel het. Hy het daarom deur onder meer sy geskrifte (veral *Il Principe*) probeer om weer in die Medici's se guns te kom op grond van sy advies aan heersers oor hoe om polities langer te oorleef. Hy het dus *Il Principe* aan Lorenzo de Medici opgedra en in sy voorwoord aan hom in die boek uitdruklik laat blyk dat hy finansieel moeilike tye beleef en graag weer in ere herstel wou word. Dit het egter nie gebeur nie.

Hy het dieselfde benadering teenoor Lorenzo se Medici-opvolgers gevolg. Slegs kardinaal Giulo de Medici (later pous Clemens VII), het hom enkele periferale projekte laat doen (insluitende die skryf van die geskiedenis van Florence), maar niks meer substantiefs nie. Toe die Medici's in 1527 weer uit Florence verdryf word, het Machiavelli sy hoop op sy ou republikeinse kollegas en vriende geplaas om sy werk in die heringestelde republikeinse regering terug te kry. Hulle was egter ook te agterdogtig oor sy lojaliteit aan die Republiek as gevolg van sy advies aan Lorenzo, en het hom nie in ere herstel nie. Dit was 'n groot teleurstelling vir Machiavelli, en hy is kort daarna oorlede (Mansfield, 2022).

## 9. Gevolgtrekkings

Dit is duidelik dat Machiavelli oor 'n tydperk van vyf eeue 'n onverdiend negatiewe staatkundige reputasie as immorele, magsugtige en wreedaardige politieke opportunis gekry het. Sy standpunte is baie lank letterlik vertolk en geïsoleerd van die komplekse omstandighede waarin hy geleef en gewerk het, beoordeel. Dit is hoofsaaklik vanuit 'n ooridealistiese Aristoteliaanse paradigma deur puristiese filosowe en teoretici gedoen wat nie voldoende rekening gehou het met die dinamiek en realiteite van regeerkunde sedert daardie vroeë tye tot nou toe nie.

Al hoe meer resente kommentaar op en beoordelings van sy werk erken egter deesdae dat hy redelik konsekwent probeer het om fundamentele demokratiese regeerkundebeginsels en doelwitte, soos stabiliteit, responsiwiteit, openbare deelname, burgerlike tevredenheid en volhoubaarheid, na te streef en te bevorder. Hy het dit in die baie moeilike omstandighede van sy tyd en ter wille van sy eie oorlewing en ambisie op meestal implisiete wyse gedoen – nie eksplisiet nie .

Die kernaspekte van sy politieke standpunte sou waarskynlik in moderne tye vergelyk kon word met konserwatiewe demokratiese staatsmanne en vroue soos Churchill, Thatcher, De Gaulle, Reagan, Eisenhower, Kissinger, Bolton en McNamara. Hulle het almal op verskillende wyses 'n balans probeer vind tussen responsiewe demokrasie en sterk militêre vermoëns en magspolitieke optredes, en nie altyd weggeskram van die gebruik van kontroversiële etiese strategieë ter bevordering van hulle politieke prioriteite nie.

Die mees gesaghebbende resente beoordelings van en kommentare op Machiavelli en sy rol gedurende die Renaissance maak dit baie duidelik dat hierdie belangwekkende staatkundige filosoof en staatsman in 'n nuwe, veel meer positiewe lig beskou moet word as wat in die verlede die geval was.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a5

**BIBLIOGRAFIE**

Benner, E. 2009. *Machiavelli's ethics*. Princeton: Princeton University Press.
Benner, E. 2018. *Be like the fox: Machiavelli's lifelong quest for freedom*. London: Penguin.
Berlin, I. 2013. The originality of Machiavelli. In Hardy, H. (ed.). *Isaiah Berlin: Against the current: Essays in the history of ideas*. 2nd edition. Princeton: Princeton University Press, pp. 33-101.
Boutier, J & Sintomer, Y. 2014. The Republic of Florence from the twelfth to the sixteenth centuries: Historical and political issues. *Revue française de science politique,* 64(6):1055-1081.
Caillois, R. 2001. *Man, play, and games*. Urbana: University of Illinois Press.
Cerella, A & Gallo, E. 2016. Machiavelli reloaded: Perceptions and misperceptions of the 'prince of realism'. *International politics*, 53(4):435-446.
Cooper, R. 1984. The Florentine ruling group under the 'governo popolare', 1494-151. *Studies in Medieval and Renaissance history*, 7:69-181.
De Alvarez, L. 2008. *The Machiavellian enterprise: A commentary on "The prince"*. Ithaca: Northern Illinois University Press.
De Angelis, L & Whittaker, V. 2014. Florence's ruling class at the turn of the fourteenth and fifteenth centuries: Reinvention of politics (1200-1530). *Revue française de science politique,* 64(6):65-79.
Duvenhage, A. 1994. Die transformasie van politieke instellings in oorgangstye: 'n Rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van S.P. Huntington se teoretiese bydrae. Ongepubliseerde doktorale proefskrif in Politieke Wetenskap. Bloemfontein: UVS.
Fleck, R & Hanssen, F. 2013. How tyranny paved the way to democracy: The democratic transition in ancient Greece. *The Journal of Law & Economics*, 56(2):389-416.
Fuller, T. (ed.). 2015. *Machiavelli's legacy: "The prince" after five hundred years*. Philadelphia: University of Pennsylvania Press.
Gagiano, J. 1987. Niccolò Machiavelli. In Faure, A, Gey van Pittius, A, Kriek, D, Louw, A & Wainwright, E (reds.). *Die Westerse politieke tradisie*. Pretoria: Academica, pp. 165-181.
Gilbert, F. 1986. Machiavelli: The Renaissance of the Art of War. In Paret, P.(ed.). *Makers of modern strategy: From Machiavelli to the nuclear age*. Princeton: Princeton University Press, pp. 11-31.
Guidi, A. 2020. *Books, people, and military thought: Machiavelli's Art of War and the fortune of the militia in sixteenth-century Florence and Europe*. Leiden: Brill, pp. 111-174.
Hankins, J. (ed.). 2000. *Renaissance civic humanism: Reappraisals and reflections*. Cambridge: Cambridge University Press.
Harari, Y. 2015. *Sapiens: A brief history of humankind*. London: Harper.
Hatzis, A. 2016. *The illiberal democracy of ancient Athens*. https://ssrn.com/abstract=2810070. [10 August 2022].
Huizinga, J. 2016. *Homo ludens: A study of the play-element in culture*. Kettering, OH: Angelico Press.
Huntington, S. 1968. *Political order in changing societies*. London: Yale University. Press.
Lamus, F. 2016. Machiavelli's moral theory: Moral christianity versus civic virtue. Report submitted in partial fulfillment of the requirements for the degree of Master of Arts. Durham, NC: Duke University.
Livy, T. 2002. *The early history of Rome*. Books 1-5. London: Penguin Classics.
Macaulay, M & Lawton, A. 2003. Misunderstanding Machiavelli in management. *Philosophy of Management,* 3(3):17-30.
Machiavelli, N. 1990. *Florentine histories.* Translated by Banfield, L & Mansfield, H. Princeton: Princeton University Press.
Machiavelli, N. 1996. *Discourses on Livy.* Translated by Mansfield, H & Tarcov, N. Chicago: University of Chicago Press.
Machiavelli, N. 1998. *The prince.* Translated & introduced by Mansfield, H. 2nd ed. Chicago: University of Chicago Press.
Machiavelli, N. 2005. *The art of war.* Translated by Lynch, C. Chicago: University of Chicago Press.
Mansfield, H. 1996. *Machiavelli's virtue.* Chicago: University of Chicago Press.
Mansfield, H. 2013. Strauss on "The prince". *The Review of Politics*, 75(4):641-665.
Mansfield, H. 2022. Niccolò Machiavelli: Italian statesman and writer. https://www.britannica.com/biography/Niccolò-Machiavelli/The-Art-of-War-and-other-writings. [10 August 2022].

Marasco, R. 2022. Machiavelli and the play-element in political life. *Political Theory*, 50(4):575-595.
McCormick, J. 2011. *Machiavellian democracy*. New York: Cambridge University Press.
Mohammadi, M. 2018. The corporate guild order control of the Florentine Republic in the 13th and 14th century. *Grand Valley Journal of History*, 5(1):1-16.
Najemy, J. 2008. *A history of Florence, 1200-1575.* Oxford: Blackwell Publishing.
Najemy, J. 2022. *Machiavelli's broken world*. Oxford: OUP.
Namazi, R. 2017. The question of esoteric writing in Machiavelli's Works. *Renaissance and Reformation,* 40(2):7-33.
Parel, A. 1972. *The political calculus: Essays on Machiavelli's philosophy*. Toronto: University of Toronto Press.
Pocock, J. 2003. *The Machiavellian moment: Florentine political thought and the Atlantic republican tradition.* Princeton: Princeton University Press.
Rahe, PA. 2005. *Machiavelli's Liberal Republican Legacy.* Cambridge: Cambridge University Press.
Ramsay, M. 2012. Machiavellianism. In Chadwick, R. *Encyclopedia of applied ethics* (2nd ed.). London: Academic Press.
Rochet, C. 2008. The common good as an invisible hand: Machiavelli's legacy to public management. *International Review of Administrative Sciences,* 74(3):497-521.
Rubinstein, N & Raillard, S-L. 2014. The early years of Florence's Grand Council (1494–1499) – Florence (1200-1530): Reinvention of politics. *Revue française de science politique,* 64(6):99-127.
Saxonhouse, A. 2000. Comedy, Machiavelli's letter, and his imaginary republics. In Sullivan, V (ed.). *The comedy & tragedy of Machiavelli.* New Haven: Yale University Press, pp. 57-77.
Strauss, L. 1958. *Thoughts on Machiavelli.* Chicago: University of Chicago Press.
Sullivan, V. 2018. Catherine Zuckert on Machiavelli's new understanding of politics. *Review of Politics,* 80:271–282.
Tillyris, D. 2015. 'Learning how not to be good': Machiavelli and the standard dirty hands thesis. *Ethical Theory and Moral Practice,* 18(1):61-74.
Tholen, B. 2016. Machiavelli's lessons for public administration. *Administrative Theory & Praxis,* 38(2):101-114.
Tridimas, G. 2019. Democracy without political parties: The case of ancient Athens. *Journal of Institutional Economics*, 15(6):983-998.
Viroli, M. 1991. Machiavelli in Hell by Sebastian de Grazia. Books in review. *Political Theory,* 19(2):292-295.
Zuckert, C. 2013. Machiavelli's "Prince" – Five hundred years later. *The Review of Politics,* 75(4):493-496.
Zuckert, C. 2014a. Machiavelli and the end of nobility in politics. *Social Research*, 81(1):85-107.
Zuckert, C. 2014b. Machiavelli's democratic republic. *History of Political Thought*, 35(2):262-94.
Zuckert, C. 2017. *Machiavelli's politics*. Chicago: University of Chicago Press.
Zuckert, C. 2018. The people's prince. *Aeon.* https://aeon.co/essays/the-prince-of-the-people-machiavelli-was-no-machiavellian [10 August 2022].
Zuckert, C. 2020. Machiavelli's Belfagor: Good government, domestic tyranny, and freedom. *History of Political Thought*, 41(2):249-63.

# Koalisiepolitiek in Suid-Afrika: Die kuns van die (on)moontlike?

***Coalition politics in South Africa: The art of the (im)possible?***

**André Duvenhage**
Navorsingsprofessor
Departement Politieke Wetenskap
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: andre.duvenhage@nwu.ac.za



André Duvenhage

**André Duvenhage** is ’n Navorsingsprofessor aan die NWU; ’n politieke wetenskaplike, en spesialiseer in die veld van politieke verandering met as toepassing die Suid-Afrikaanse verband. Hy is ’n bekende in media- en joernalistieke kringe en word dikwels as politieke kommentator gehoor. Hy is reeds meer as 35 jaar verbonde aan akademiese instellings soos die UFS en die NWU. Sy groot belangstelling is die toekoms en hy werk ook in die veld van scenario-ontledings.

**André Duvenhage** is a Research Professor at the NWU; a political scientist, and specialises in the field of political change as applied to the South African context. He is well-known in media and journalistic circles, and is often heard as political commentator. He has already been attached longer than 35 years to academic institutions like the UFS and the NWU. His major interest is the future and he also works in the field of scenario analysis.

## ABSTRACT

***Coalition politics in South Africa: The art of the (im)possible?***

*Recently conducted opinion polls on the support bases of political parties vary, but nevertheless emphasise significant decline in political support for the governing ANC, already ruling for 28 years. Since its peak of support in 1999 (at national level nearly 70% support, in other words a majority of more than two-thirds), a gradual decline in support for the ANC has been evident. In the municipal elections held in 2021 the ANC could mobilise only about 46% support across municipalities and provinces. Following this trend of gradual declining support, some of these polls indicate a decline in support for the ANC to as low as 37%, while others estimate it at 42%. Against the background of a rapidly changing political environment, driven by political, economic and social factors, the South African political scene reached a tipping point, with large demands arising with regard to, amongst other things, the consolidation of democratic values. The third decade of the democratic dispensation can be decisive for the*

**Datums:**
Ontvang: 2022-10-05 Goedgekeur: 2022-11-07 Gepubliseer: Maart 2023


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a6

*consolidation of democratic values in South Africa. Regarding the desired consolidation of democratic values, the political situation has however changed to such an extent that the municipal election held in 2021 resulted in nearly 70 hung councils in which no party could secure an absolute majority. With the general election of 2024 lying in store, coalition politics and/or alternative forms of political collaboration will become a highly probable scenario at both national and a few provincial levels. Coalition politics is a relatively new phenomenon in the South African political scenario, which has only since the municipal election of 2016 been realised, initially in the Western Cape, with a few other exceptions across provinces. Coalition politics in all its forms requires a new set of political rules, holding far-reaching implications for the perpetuation of our relatively young democracy and political stability, increasingly causing new challenges. Numerous coalition governments are currently caught up in crisis situations or are confronted by patterns of political instability. Metropoles like the City of Johannesburg, City of Ekurhuleni, City of Tshwane and Nelson Mandela Bay metropole attest to such situations. It also seems to be the destiny of numerous local municipalities currently governed by minority coalitions. This research is focused upon coalition politics in the South African context; the challenges and opportunities, described as the art of the (im) possible. Focal points of this presentation include: general points of departure; the status of the constitutional democracy; political parties and party systems; the South African voting system; coalition politics, and evaluating perspectives.*

*In a period of rapid political, economic and social change, and the accompanying challenges, politicians and political elites will have to master the "art" of coalition politics for the benefit of survival – a challenge that is going to put huge demands to a democracy in the process of consolidation.*

**KEYWORDS:** South African politics; party systems; political spectrum coalitions; alliances; political stability; tipping point; constitutional democracy

**TREFWOORDE:** Suid-Afrikaanse politiek; partystelsels; politieke spektrum; koalisies; alliansies; politieke stabiliteit; kantelpunt; konstitusionele demokrasie

## OPSOMMING

Meningspeilings wat onlangs ten opsigte van die steunbasis van politieke partye gemaak is, wissel, maar beklemtoon 'n besliste afname in politieke steun vir die regerende ANC wat reeds 28 jaar aan bewind is. Teen die agtergrond van 'n snelveranderende politieke omgewing, gedryf deur politieke, ekonomiese en maatskaplike faktore, het die Suid-Afrikaanse politieke omgewing 'n kantelpunt bereik, met groot eise wat daaruit voortspruit rakende onder meer die konsolidasie van demokratiese waardes. Die 2021- plaaslike verkiesings het bykans 70 "hang-rade" tot gevolg gehad, waarin geen party 'n volstrekte meerderheid kon behaal nie. Met die algemene verkiesing van 2024 voor die deur, is koalisiepolitiek en/of ander vorme van politieke samewerking 'n hoogs waarskynlike scenario op beide nasionale en sommige provinsiale vlakke. Koalisiepolitiek is 'n redelik nuwe verskynsel in die Suid-Afrikaanse politiek, wat eers sedert die 2016- plaaslike verkiesings buite die Wes-Kaap, naas enkele ander uitsonderings, prakties beslag begin kry het. Koalisiepolitiek in al sy vorme bepaal 'n nuwe stel politieke spelreëls, met verreikende implikasies vir die bestendiging van ons betreklike jong demokrasie en politieke stabiliteit, wat toenemend nuwe uitdagings stel. Tans is talle koalisieregerings in krisissituasies vasgevang, of word gekonfronteer deur patrone van politieke onstabiliteit. Hierdie navorsing is toegespits op koalisiepolitiek in die Suid-Afrikaanse konteks; die uitdagings en geleenthede, voorgehou as die kuns van die (on)moontlike.

## Inleiding

Die Suid-Afrikaanse politieke omgewing verander teen 'n vinnige tempo, met verreikende implikasies vir die politieke spektrum (veelpartystelsel) en die onderskeie steunbasisse van politieke partye. As uitkoms van die politieke kantelpunt wat Suid-Afrika ná veral 2019 bereik het, was 'n herskikking van die politieke spektrum (die stelsel van politieke partye en hul plasing op grond van die status quo) aan die orde, met aanduidings dat nog meer verandering kan volg (Duvenhage, 2020; 2020a). Hierdie aspek word beklemtoon deur veranderende stempatrone tydens onlangse verkiesings in 2016, 2019 en 2021, gekenmerk deur veral verhoogde politieke onbelangstellendheid; soms laer steunvlakke vir gevestigde politieke partye; hoër steun vir sommige kleiner (lees nis-)partye, en nuwe politieke rolspelers wat toetree. Kortliks, Suid-Afrika verander op talle terreine en politieke partye moet – soms ter wille van oorlewing – aanpas in 'n politieke omgewing wat telkens groot uitdagings stel (Bloomberg, 2020; Jordaan, 2021).

Dit is veral die inploffing van die ANC as die oorheersende, selfs hegemoniese politieke party oor die afgelope bykans drie dekades, wat bydraend is tot die hersamestelling van die politieke spektrum (vergelyk Jonas, 2021).[1] Op sy hoogtepunt in 1999 het die ANC op nasionale vlak net minder as 70% steun geniet – dit wil sê meer as 'n twee-derde meerderheid. Hierdie situasie het egter sedertdien drasties verander. Tydens die 2021- plaaslike verkiesings kon die ANC (op nasionale vlak) slegs sowat 46% steun mobiliseer, met sowat 66 tot 70 *hang-rade* as uitkoms (vergelyk Mashanini, 2021:1-3). (*Hang-rade* verwys daarna dat geen party 'n volstrekte meerderheid kon behaal nie, wat tot vorme van samewerking en/of koalisiesluiting as 'n noodwendige uitkoms moet lei.) Vier van die agt metropolitaanse munisipaliteite is tans reeds onder opposisie-beheer (lees koalisie-beheer); in twee ander, naamlik eThekwini en die Nelson Mandelabaai metropolitaanse munisipaliteit, is die ANC-geleide koalisies besig om te verkrummel, en in Mangaung regeer die ANC met 'n meerderheid van net een setel. 'n Steeds verslegtende scenario vir die ANC-familie (as die oorheersende hegemonie van veral die eerste twee dekades na 1994) skep op geleidelike wyse toenemende ruimte vir samewerkende regering tussen partye met verskeie raamwerke van samewerking. *Alliansies*, *koalisies* en *ooreenkomste* is veral sedert die 2016-verkiesing aan die orde van die dag.

Op nasionale vlak het die ANC se steun tydens die 2019-verkiesing tot 57,5% gedaal, maar onlangse ANC interne meningspeilings dui daarop dat ANC-steun tot selfs onder 40% kan daal (Boonzaaier, 2022:1). Daarbenewens toon dieselfde verslag 'n toename van steun vir die DA (27% of 5% meer), asook vir Action SA (6% tot sowat 4% meer). (IPSOS-Markinor plaas daarteenoor die ANC op sowat 42% nasionale steun, die DA op slegs 11% en die EFF op sowat 9%.) (Vergelyk Haffajee, 2022; Mwareya, 2022.)[2]

Mathews Phosa verwys nie sonder rede na die ANC as 'n "bloeiende dier" nie, terwyl Adjunkpresident Mabuza (by die onlangse ANC-Konferensie in Noordwes) gemeld het dat die ANC voor die grootste krisis in sy bestaan te staan gekom het (Omarjee, 2022:1). Dit volg

---

[1] 'n Hegemonie verwys na die oorheersende aard van een aspek van 'n groter stelsel (lees politieke stelsel) ten opsigte van die res van dieselfde stelsel (Heywood, 2002:424). Die oorheersende aard van die ANC as politieke party binne die groter politieke stelsel, veral die partystelsel oor die afgelope 28 jaar, is hier ter sprake.

[2] Ander peilings wys weer op die onvermoë van opposisiepartye om munt te slaan uit die situasie en beklemtoon die moontlikheid dat die ANC wel 50% kan behaal (Businesstech, 2022; Haffajee, 2022a).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a6

op Thabo Mbeki en andere se skerp kritiek op die leierskap van die ANC, in besonder dié van Cyril Ramaphosa (Omarjee, 2022:1; Chikane, 2021:1-7; Grootes, 2021:1-7).

Op hierdie stadium lyk dit al hoe meer onwaarskynlik dat die ANC 'n volstrekte meerderheid tydens die komende nasionale en provinsiale verkiesings gaan behaal. *Koalisiepolitiek* gaan daarom 'n belangriker en selfs meer deurslaggewende rol speel in die politieke bestuur van die land, op beide nasionale en provinsiale vlakke.[3] Die waarskuwing van Butler (1986) dat "..no change..would have more far reaching implications for political systems than hung parliaments to become the norm" is 'n werklikheid wat Suid-Afrika veral ten opsigte van die 2024-verkiesing vierkant in die oë staar. (Vergelyk ook Brooks (2022:1) ten opsigte van die 2024-verkiesing en Olaleye (2003:6) se identifisering van risiko's wat bestaan binne die konteks van opposisiepolitiek!) Hierdie toedrag van sake is 'n werklikheid waarvoor politieke partye en belangegroepe sal moet beplan in 'n Darwinistiese politieke wêreld, waar net die sterkstes en die slimste gaan oorleef, en min samewerkingsooreenkomste tans permanent en volhoubaar blyk te wees. Die bekende en geykte woorde van Antonio Gramsci is moontlik hier belangrik as hy stel dat: *"The old world is dying, and the new world struggles to be born: now is the time of monsters."* Die krisis van koalisiepolitiek en die potensiaal vir politieke onstabiliteit (Brooks,2022:1) het op verskeie fronte met inbegrip van Johannesburg, Tshwane, Mangaung, die Nelson Mandela-metropool, Ekurhuleni en talle plaaslike regerings plaasgevind. Die onlangse tussenverkiesings (14 Desember 2022) in Ditsabotla (Lichtenburg) het ook geen volstrekte meerderheid vir die ANC verseker nie en koalisiepolitiek was onmiddellik aangewese asook die uitdagings van politieke onstabiliteit wat daarmee gepaardgaan ( Montsho,2023).

Hierdie navorsing is toegespits op *koalisiepolitiek* en die toepassing daarvan binne die Suid-Afrikaanse konteks. Hierdie artikel neem op 'n *oorsigtelik-verkennende wyse* die stand van koalisiepolitiek in Suid Afrika in oënskou. Dit is 'n fenomeen wat reeds vroeër binne die Suid-Afrikaanse politiek waargeneem is, maar sedert 2016 en veral die 2021- plaaslike verkiesing wyd geëskaleer het. Sake wat vir aandag uitgesonder word, behels die nuwe politieke spelreëls wat koalisiepolitiek vereis; uitdagings wat in hierdie verband bestaan; en aanbevelings ter verbetering van die soms uiters onstabiele politieke prosesse wat met koalisiepolitiek geassosieer word. Metodologies word die konteks van politieke verandering (Suid-Afrika by 'n kantelpunt) as algemene vertrekpunt geneem. Met die konseptualisering van terme soos konstitusionele demokrasie; partye en party-stelsels; koalisies en alliansies; asook kiesstelsels word 'n konseptuele raamwerk as vertrekpunt geneem wat deduktief op die verskynsels van koalisiepolitiek in Suid-Afrika – veral na die 2021-verkiesing – betrek sal word. Die veranderende Suid-Afrikaanse konteks en sy uiters komplekse dinamika (met inbegrip van politieke en selfs eskalerende politieke onstabiliteit) word as vertrekpunt vir hierdie navorsing geneem. Daar word ook veronderstel dat die verkiesing (soos vir 2024 beplan) wel sal plaasvind ten spyte van verslegtende politieke, ekonomiese en maatskaplike toestande.[4]

---

3 Hoewel *koalisies* en *alliansies* akademies van mekaar in die teks onderskei word, word die begrip ***koalisiepolitiek*** wel in die artikel gebruik om te verwys na die makro-omgewing van samewerkende politiek, en sluit *koalisies, alliansies* en ander vorme van samewerking in.

4 Dit is die skrywer se oordeel dat die Suid-Afrikaanse grondwetlike bedeling voor ernstige uitdagings te staan gekom het en dat vrye en regverdige verkiesings nie 'n noodwendige uitkoms hiervan gaan wees nie.

Kernpunte van die aanbieding sluit in:

- Algemene vertrekpunte
- Die stand van die *konstitusionele demokrasie*
- Politieke partye en *partystelsels*
- Die Suid-Afrikaanse *kiesstelsel*
- *Koalisiepolitiek*
- Evaluerende perspektiewe en aanbevelings

**Algemene vertrekpunte**

’n Volledige strategiese ontleding en omgewingsverkenning van die Suid-Afrikaanse politiek is nie moontlik binne die samehang en fokus van die studiestuk nie.[5] Daarom word volstaan met ’n aantal uitgangspunte (asook aannames) ten opsigte van die Suid-Afrikaanse politieke bedeling en wat die toekoms moontlik mag inhou. Die vernaamste doelstelling is om die belangrikheid van *koalisiepolitiek* te beklemtoon met betrekking tot die voortsetting en funksionering van die Suid-Afrikaanse demokratiese bedeling – soos vervat in die 1996-grondwet en die toepassing daarvan.

Die oorhoofse uitgangspunt van hierdie navorsing is dat die Suid-Afrikaanse politiek om en by 2019 ’n kantelpunt bereik het, dat die huidige staatkundige bedeling, met inbegrip van die *konstitusionele demokrasie*, in ’n krisissituasie verkeer – beide funksioneel en uit ’n regsgeldige oogpunt; dat politieke geweld en die toename daarvan ’n sterk moontlikheid is; dat die *dieptepunt* van die *kantelpunt* nog nie gedurende 2022 bereik is nie, en dat die ANC sy posisie as oorheersende politieke mag in die Suid-Afrikaanse politiek tydens die volgende nasionale verkiesing kan verloor (vergelyk Duvenhage, 2021:1-28; en Malan, 2019 en Curlewis, 2022, rakende die aard en omvang van die politieke en grondwetlike krisis in Suid-Afrika).[6] Die volgende sake verdien verdere vermelding:

- Die *politieke kantelpunt* het as uitkoms die herskikking van die politieke spektrum met nuwe magbalanse as uitkoms (dit is duidelik tydens die 2021- plaaslike verkiesings waargeneem);
- Die *post-kantelpunt* politieke proses kan moontlik selfs op ’n gewelddadige wyse (dit wil sê niegrondwetlik) aan ’n ander bedeling geboorte skenk, met gepaardgaande groot onsekerheid, onstabiliteit en toenemende geweld. Hiervan getuig die geweldpleging van Julie 2021 in KZN en Gauteng.[7] Verdere vooruitsigte op gewelddadige

5 Die aard en omvang van die huidige krisis van die Suid-Afrikaanse politiek, ekonomie en samelewing word in verskeie werke breedvoerig behandel. Politieke ontledings sluit in die bydraes van Johnson (2015; 2019; 2020a; 2020b; 2020c en 2021); Malan (2019); Gumede (2021; 2021a), en Duvenhage (2020; 2020a). Raadpleeg hierdie bronne vir ’n volledige perspektief op hedendaagse Suid-Afrikaanse politiek. Ekonomiese vooruitskouings van Schüssler (2020); Heystek (2019); Cameron (2020; 2020a); Buys (2020), en CIEC-data (2020) skets die ekonomiese en finansiële situasie. Cronje (2017) lig die aard van die maatskaplike uitdagings toe.

6 Vergelyk Gladwell (2000) se konseptualisering en funksionering van die kantelpunt-perspektief. In hierdie navorsing word *kantelpunt* beskou as die grondslag van ingrypende verandering op spesifieke terreine; ’n proses van verandering wat deur ’n kleiner faktor (of kombinasie van faktore) geaktiveer word. Onlangse voorbeelde in die politiek sluit in die *Arabiese Lente* en die oorlog tussen Rusland en die Oekraïne.

7 Tussen 9-17 Julie 2021 beleef Suid-Afrika die mees gewelddadige episode van politieke geweld, plundery en xenofobie sedert 1994. Sowat 337 mense is gedood en 3407 word in hegtenis geneem. Rassekonflik (veral tussen Indiërs en Swart mense eskaleer in die Phoenix-omgewing. Die geweld

optrede word ook vir die toekoms deur sommige ontleders en politici voorspel. Dit hang veral saam met die implementering van die bevindinge van die Zondo-kommissie en die moontlike gevolge daarvan vir sekere politieke en ander elite-groepe, veral vir die "sterk manne" van die politiek (Jacob Zuma; Ace Magashule; Supra Mahumopelo, ens.). 'n Toename in ernstige gewelddadige misdaad en die ineenstorting van die strafregstelsel in Suid-Afrika moet in hierdie verband voorsien word en reflekteer uiters negatief op die regsgeldigheid en funksionering van die *grondwetlike demokrasie* alhier (vergelyk Malan, 2019; Curlewis, 2022; Versluis & De Lange, 2019; Kinnaird, 2021 en De Wet, 2016).

- Die huidige *polities-staatkundige orde* is in sy huidige formaat nie volhoubaar nie, met groeiende sosiale en maatskaplike uitdagings wat kontinuïteit en politieke stabiliteit bedreig – die Arabiese Lente-perspektief vir Suid-Afrika; die Tunisië-dag; of die nag van die lang messe is scenario's wat vir die Suid-Afrikaanse politiek in die vooruitsig gestel word (Vergelyk Johnson, 2015; 2020a; 2020b; 2020c, 2021; Gumede, 2021; 2021a; Grootes, 2021; Schüssler, 2020). Helen Zille het immers by geleentheid reeds na Suid-Afrika se *Kristalnag* verwys, na aanleiding van wat in 1937 in Nazi-Duitsland gebeur het.[8]
- Die staatkundige bedeling verswak toenemend, met 'n volledig *gevalle staat* [9] as slegte-saak-scenario wat toenemend geopenbaar word, soos blyk uit die situasie ten opsigte van plaaslike regering, ESKOM, die Landbank, die SANW en die SAPD, om net enkele instellings en/of omgewings as voorbeelde te beklemtoon.[10]
- Hierdie politieke herskikking wat ter tafel is, is die grootste sedert 1994 en hou verreikende implikasies vir die demokratiese en konstitusionele orde in, asook vir ondersteunende instellings. Laasgenoemde verwys na Artikel 9-instellings*,* asook instellings vanuit die burgerlike samelewing.
- Die hart van die politieke herskikking is gevestig in die *breë kerk* van die ANC, wat besig is om (soms op gewelddadige en misdadige wyse) uitmekaar te skeur en in duie te stort. Tans oorweeg die SAKP asook COSATU dit om die verkiesing van 2024 afsonderlik aan te pak, as gevolg van interne konflik en redes wat met beleid

versprei ook na dele van Gauteng (Vhumbunu, 2021:1-10). Hierdie insident kan vertolk word as 'n rebellie/opstand van binne die ANC teen die leierskap van die ANC. Die beweegrede was woede oor die inhegtenisneming van Jacob Zuma (gewese president van die ANC en Suid-Afrika), asook die implementering van die Zondo-kommissie se bevindings.

8 Helen Zille het in Mei 2021 die uitspraak gemaak in 'n gesprek met die *Ad hoc komitee vir Onteiening,* kort voor die uitbreek van die geweld in Julie 2021 in KZN en Gauteng.

9 Die begrip *gevalle staat* word breedvoerig behandel deur Migdal (1988), Rotberg (2002), Zartman (1995), Jackson (1993), en Geldenhuys (1999). Raadpleeg die volgende bronne rakende die toepassing daarvan op onderskeidelik Afrika en Suid-Afrika: Mazrui (1995); Greffrath (2015); Eunomix (2020), en Duvenhage (2007; 2020a:137-162).

10 Bykans op elke vlak van regering (nasionaal; provinsiaal en veral plaaslik) asook met betrekking tot staatsinstellings soos hier bo genoem, heers omvattende probleme van regeerkundige aard, veral gebrekkige verantwoordingdoening. Dit word geopenbaar met betrekking tot uitgebreide endemiese korrupsie, selfs in die vorm van staatskaping. (Vergelyk Schüssler, 2020; Gumede, 2021; Merten, 2019; Eunomix, 2020; Bloomberg; Heystek, 2019, en Johnson 2020a; 2020b vir meer besonderhede oor die aard en omvang van die gemelde problematiek.) Duane (2017), asook Chipkin & Swilling (2018) bied 'n volledige perspektief oor die konseptualisering van staatskaping. Die omvang en uitwerking van staatskaping op die Suid-Afrikaanse politiek en ekonomie word deeglik uitgestippel in Johnson (2015), Pauw (2017) en Myburg (2019).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a6

en beleidstoepassing te make het. Die herskikking binne die *breë kerk* neem die vorm aan van *inploffings* (wanfunksionaliteit) en *ontploffings* (toenemende geweld), wat ’n groot bedreiging inhou vir politieke en staatkundige stabiliteit in Suid-Afrika. Karl von Holt (2013:589-604) argumenteer dat Suid-Afrika se demokrasie bykans ’n dekade gelede in ’n “violent democracy*”* ontaard het – ’n perspektief wat ooreenkomstig empiriese getuienis vandag tot ’n nog groter mate waar is.

- Die gebrek aan sterk leierskap van binne die regering asook binne opposisie-geledere is opvallend in die huidige periode;
- Die leierskapsrol van Cyril Ramaphosa (of die gebrek daaraan); interne botsings binne die ANC, en die ontwikkeling daarvan in die lig van die komende verkiesingskonferensie van die ANC, gaan nie net die toekoms van die ANC bepaal nie, maar ook dié van die groter staatkundige bestel. In die aanloop tot die Nasionale Konferensie van die ANC, geskeduleer vir Desember 2022, bestaan verskeie faksies en ook fraksies (binne bestaande faksies) en talle leiers probeer ’n politieke kleim afsteek as toekomstige ANC-leiers.

Die vernaamste uitgangspunt van hierdie navorsing is dat die politieke, ekonomiese en sosiale omstandighede nie sodanig sal verswak dat die bestel die punt van ’n konstitusionele krisis bereik wat die voortbestaan van demokratiese praktyke in gevaar sal stel nie.[11] Die uitgangspunt is dat Suid-Afrika ’n *niegekonsolideerde demokrasie* is wat nog besig is om te bou aan die grondslae van ’n bedeling wat drie dekades gelede gekonseptualiseer is; ’n bedeling wat voor reusagtige politieke, ekonomiese en maatskaplike uitdagings staan; dat die ANC sy absolute meerderheid op nasionale vlak kan verloor, en dat *koalisiepolitiek* dan binne ’n demokratiese orde toenemend deurslaggewend gaan wees vir die verkryging en/of behoud van politieke mag. Laasgenoemde vorm die fokuspunt vir verdere ondersoek.

**Die stand van die konstitusionele demokrasie (Poligargie/regstaat-idee)**

Waar demokrasie trasioneel gesien word as “regering vir die volk, van die volk en deur die volk” (Abraham Lincoln), beteken konstitusionele demokrasie: “... the authority of the majority is limited by legal and institutional means so that the rights of individuals and minorities are respected.” Voorbeelde van sodanige demokrasieë word gemeld: *“*This is the form of democracy practised in Germany, Israel, the United States, and other countries” (Center for Civic Education, 2022:1). Konstitusionele demokrasie (op grond van die Regstaat-*idee*) verwys na sake soos beperkte regering (wigte en teenwigte); verantwoordelike regering; skeiding van staatsmagte; die oppergesag en onafhanklikheid van die regbank, asook talle vorme van burgerlike vryhede en die erkenning van die onafhanklikheid van die burgerlike samelewing. (Vergelyk Stern, 1984, se ontleding van die kenmerke van ’n Regstaat; asook Malan, 2019:7-13, 47-63; Nelson, 2014;628-660; en Heywood, 2002:32-34, se ontleding van die konstitusionele demokrasie en die idee van konstitusionalisme.) Die feit dat die mag in die volk gesetel is, dui op die reg om te kan stem binne ’n stelsel van gereelde en vrye verkiesings aan die hand van ’n bepaalde *kiesstelsel* onder die toesig van ’n onafhanklike verkiesingsliggaam.

[11] Hoewel nie die mees waarskynlike scenario nie, is dit ’n moontlikheid wat ook nie sonder meer van die tafel gevee kan word nie, gegewe die verswakkende staat in Suid-Afrika; die interne konflikte wat woed binne die ANC en ander partye (intra-party konflikte); sowel as inter-party konflikte in samehang met die steeds groterwordende ekonomiese en maatskaplike uitdagings asook ’n veranderende internasionale omgewing.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a6

Al die bogenoemde faktore is aanwesig in die Suid-Afrikaanse grondwet en word toegepas (of is veronderstel om toegepas te word), ingevolge die 1996-grondwet. Tans word daar wel ernstige vrae gevra oor die stand van die Suid-Afrikaanse *konstitusionele demokrasie* en veral die werking en toepassing daarvan. Koos Malan se boek *There is no Supreme Constitution – a critique of Statist-individualistic Constitutionalism* (2019) staan baie krities teenoor die bestel en sy funksionering, maar, hoewel belangrik, val die diskoers buite die bestek van hierdie navorsing. (Vergelyk ook Curlewis, 2022 in hierdie verband.)

Op grond van die doel van hierdie navorsing word Suid-Afrika as ’n *konstitusionele demokrasie* (weliswaar met talle uitdagings) geag, waarin die status van die eens oorheersende ANC as regerende party toenemend polities bedreig word. Dit is veral op plaaslike vlak waar verkiesings uitgeloop het op nie-volstrekte meerderhede, met *koalisiepolitiek* ’n noodwendige uitkoms van hierdie meestal vrye en regverdige verkiesings. Voordat *koalisiepolitiek* beskou kan word, moet *politieke partye* en *partystelsels*, asook die *kiesstelsel*, onder die loep geneem word as komponente van die groter *konstitusionele demokrasie* waaruit *koalisiesluiting* en *alliansievorming* plaasvind. Kadima (2015:21) beklemtoon juis dat “(m)ultiparty democracy rests on strong, viable and effective political parties and party coalitions, where applicable, as well as on a stable party system”. Hierdie belangrike aspek, as grondslag vir *koalisievorming*, word vervolgens aan die orde gestel.

*Partye en partystelsels*

’n *Politieke party* kan beskryf word as ’n instelling wat op grond van ten minste ’n mate van ideologiese samehang politieke steun (lees kiesers) organiseer en mobiliseer met die doel om beheer te neem oor lede in verteenwoordigende liggame (parlemente, wetgewers ens.), en selfs oor die verkose regering (Heywood, 2002:429). Laasgenoemde aspek onderskei *partye* van *belangegroepe* en ander groeperinge afkomstig uit die burgerlike samelewing.

*Partye* is hiervolgens meer omvattend as blote *faksies* of selfs *fraksies*. (Laasgenoemde verwys na ’n *faksie* wat verdeeld is.) Kenmerke van politieke partye sluit in kaartdraende lidmaatskap; omvattende beleidstandpunte ten opsigte van talle sake wat die breë samelewing raak (polities/ekonomies/sosiaal), en ’n ideologiese grondslag op grond waarvan beleid geformuleer word. Die funksies van politieke partye sluit in verteenwoordiging; elite-skepping; belange-artikulasie en -aggregasie; politieke sosialisering en mobilisering, en die daarstelling van ’n regering indien van toepassing (Heywood, 2002:253-256). Die klassieke definisie van Lapalombara en Weiner (1966:6) word as uitgangspunt in hierdie verband geneem en gee uitdrukking aan bogenoemde:

1) Continuity in organization – that is, an organization whose expected life span is not dependent on the life span of current leaders;
2) manifest and presumably a permanent organization at the local level, with regularized communications and other relationships between local and national units;
3) self-conscious determination of leaders at both national and local levels to capture and to hold decision making power alone or in coalition with others, not simply to influence the exercise of power; and
4) a concern on the part of the organization for seeking followers at the polls or in some manner striving for popular support.

Met hierdie definisie as grondslag kan onderskei word tussen *voorhoede* (elite-), *massa* (populêre), *verteenwoordigende* (catch all), *konstitusionele* en *rewolusionêre* (anti-stelsel)


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a6

*partye* (Heywood, 2002:249-251). Toegepas op die Suid-Afrikaanse konteks is die volgende sake belangrik:

1. Die makro-konteks van verandering in Suid-Afrika (soos deurlopend aan die orde gestel) maak ’n hersamestelling van die *politieke spektrum* ’n werklikheid, met verreikende implikasies vir *politieke partye* en die noodwendigheid van herskikking en/of hersamestelling;
2. Nie alle politieke partye voldoen aan al die vereistes voortspruitend uit die inwerkingstelling van bostaande definisie nie;
3. ’n “Party” soos die ANC toon elemente van al bostaande kategorieë, byvoorbeeld ’n sterk elite-oriëntasie, maar propageer die belange van die meerderheid; dit poog om diverse belange te integreer maar is tog toegespits op swart identiteit, en dit funksioneer binne die raamwerk van die 1996-grondwet maar is ideologies verbind aan die Nasionaal Demokratiese Revolusie-idee;[12]
4. Ander politieke deelnemers sou eerder as *belangegroepe, drukgroepe, faksies* of selfs *fraksies* kon kwalifiseer. *Partye* ontwikkel soms om die leierskap van ’n charismatiese leiersfiguur, byvoorbeeld die EFF onder Julius Malema. (Die lae drempelwaarde van steun vir moontlike deelname laat ruimte vir selfs kleiner groepe om aan die politieke proses deel te neem.)
5. Die gekompliseerdheid van deelnemers (en die asimmetriese aard daarvan) maak dit moeilik om ’n eenvoudige politiese beeld van die Suid-Afrikaanse politieke spektrum te vorm deur byvoorbeeld ’n liniêre links-regsbenadering te volg. (Baradat gebruik byvoorbeeld so ’n vereenvoudiging; vergelyk 1997:12-41.)

In sy klassieke werk *Parties and party systems: a framework for analysis* (1976), klassifiseer Giovanni Sartori nie net partystelsels op grond van die aantal partye op die politieke spektrum nie, maar veral volgens die mededingende aard (al dan nie) van partye.[13] Hiervolgens word daar ’n onderskeid getref tussen *mededingende* en *nie-mededingende partystelsels*.[14] Eersgenoemde verwys na demokratiese stelsels, waaronder tweepartystelsels, veelpartystelsels en selfs dominante partystelsels waarbinne gereelde en vrye verkiesings plaasvind. Laasgenoemde verwys na nie-demokratiese owerheidsvorme, vorme met dominante eenpartystelsels (ideologieë; hegemonieë, ens.), waar mededinging volgens demokratiese gebruike afwesig is, of waar blote skynverkiesings gehou word. Die Suid-Afrikaanse konteks is ’n veelparty demokrasie wat volgens Sartori (1976) as ’n *pluralistiese en gepolariseerde veelpartystelsel* beskryf kan word.

Daar moet nietemin bygevoeg word dat die Suid-Afrikaanse politieke spektrum ook kenmerke toon van ’n dominante hegemoniese party, aangesien die ANC grotendeels die septer

12 Die Nasionaal Demokratiese Revolusie-idee word voorgehou as: “... a process of struggle that seeks to transfer power to the people and transform society into a non-racial, non-sexist, united, democratic one that changes the manner in which wealth is shared, in order to benefit all the people.” (Strategy and Tactics, 2012:21; ANC, 2017).

13 Die politieke spektrum verwys na die wyse waarop politieke partye hulself posisioneer ten opsigte van mekaar. Ideologie met betrekking tot konserwatief/liberaal/gematigd en radikaal word ingespan om die spektrum van politieke standpunte (lees partye) te groepeer (Baradat, 1997:12-41).

14 Klassieke werke soos dié van Duverger (1954) het slegs die getal partye op die spektrum getel, byvoorbeeld eenparty-, tweeparty- en veelpartystelsels. Deur ook mededinging as faktor te gebruik, het Sartori (1976) ’n baie meer omvattende en akkurate klassifikasiestelsel ontwikkel waarna in hierdie teks verwys word.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a6

geswaai het sedert 1994 ('n situasie wat tans besig is om te verander), asook 'n tweepartystelsel, aangesien daar geïnstitusionaliseerde posisies vir die amptelike opposisie geskep word.

'n Eenvoudige kategorisering van die Suid-Afrikaanse partysamestelling, politieke spektrum en die aard van die *partystelsel* is gevolglik nie moontlik nie, wat dui op tekortkominge in Westerse akademiese literatuur om die gekompliseerdheid van politieke prosesse in veral Afrikastate deeglik te verwoord (Kadima, 2015:1, 4-6). Hierdie faktor moet noukeurig verreken word wanneer koalisievorming ter sprake kom en beplan word. Wat wel baie duidelik is, is dat 'n veranderende politieke spektrum (die uitkoms van kantelpunt-politiek soos hier bo uiteengesit); swak ontwikkelde partystrukture (eerder Faksies of Fraksies); asook die groot getal kleiner en soms splinterpartye groot uitdagings gaan stel vir die totstandkoming van stabiele koalisieregering in 'n politieke omgewing wat reeds onstabiel is. Die aard en funksionering van die *kiesstelsel* is ook 'n bepalende faktor in die suksesvolle volvoering van koalisiepolitiek.

*Die Suid-Afrikaanse kiesstelsel*

'n Verkiesing kan voorgehou word as 'n instrument of meganisme waarvolgens die burgery (lees stemgeregtigdes) deelneem om lede (meestal, maar nie uitsluitlik via politieke partye nie), aan te wys om hulle te verteenwoordig (indirekte demokrasie) in verteenwoordigende liggame soos wetgewers, parlemente en nasionale vergaderings (Groenewald, 2013:70-73). 'n Kiesstelsel bepaal die reëls waarvolgens die verkiesing plaasvind, byvoorbeeld watter burgers mag stem; die bepaling van die kiesformule en hoe die verkiesingsproses verloop en bestuur word, asook die prosedurele en administratiewe aspekte wat daarmee gepaard gaan.

Verskeie kiesstelsels word in demokrasieë oor die wêreld heen gebruik. Die veranderlikes sluit in die *kiesformule* (wiskundig van aard); die *stembrief* en *stemdistrik* soos voorgeskryf; die reëls soos bepaal deur die betrokke kiesstelsel; of daar vir 'n kandidaat/kandidate of vir partye gestem word; asook die bepaling van die getal verteenwoordigers ter sprake (vergelyk Bogdanor & Butler, 1983; Bogdanor, 1986, Reynolds & Reilly, 1997, en Groenewald, 2013:73 vir hulle kategorisering van kiesstelsels). Die keuse van 'n kiesstelsel kan 'n belangrike uitwerking op die uitslag van 'n verkiesing hê; dit kan byvoorbeeld bepaal of die uitslag van 'n verkiesing tot *koalisieregering* of moontlik selfs *minderheidsregering* kan lei.[15] Oor die algemeen kan drie tipes kiesstelsels onderskei word, naamlik *meerderheids-*, *proporsionele*, en *gemengde kiesstelsels.* 'n Vierde kategorie wat onderskeibaar is van bogenoemde kategorieë en eiesoortig beoordeel moet word, is 'n *lys-proporsionele stelsel,* soos in Suid-Afrika op nasionale en provinsiale vlakke gebruik word, en op plaaslike vlak 'n *gemengde stelsel* (50% proporsioneel, en 50% volgens die meerderheidsbenadering – ook na verwys as "first past the post"; vergelyk Groenewald, 2013:69-124, se klassifikasiestelsel). Die kiesstelsel op nasionale en provinsiale vlakke word deur Booysen (2015:83) beskryf as *"*... the closed-list PR system with the Droop formula, also known as the highest remainder method*"*.

Anders as die *meerderheidstelsel* (byvoorbeeld die enkellid-meerderheidstelsel) is *proporsionele stelsels* (veral kiesstelsels met 'n lae drempel-/toetrede norm) geneig om aan *veelpartystelsels* beslag te gee. Bogenoemde omskryf die situasie in Suid-Afrika en is in die algemeen bevorderlik vir *koalisiepolitiek*. Tans is daar 14 partye in die Nasionale Vergadering

15 Verskeie skrywers, waaronder Bogdanor (1985); Bogdanor & Butler (1983), en Reynolds (2005) het ingewikkelde klassifikasiestelsels vir kiesstelsels ontwikkel. Besonderhede hieroor val nietemin buite die bestek van hierdie navorsing.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a6

verteenwoordig, terwyl op plaaslike vlak eiesoortige samehang van diverse partye bestaan wat samewerking, *alliansies* en *koalisies* noodsaaklik maak. Dit is 'n omgewing wat dit vir enkele partye moeilik maak om groot meerderhede te behaal, soos bevestig deur die sowat 70 *hangrade* as uitkoms van die 2021- plaaslike verkiesings (Mashanini, 2021:1-3).

In Afrikastate wat soos Suid-Afrika van proporsionele of verbandhoudende kiesstelsels gebruik maak, wys Kadima (2015:10) daarop dat *"... electoral systems where there is no threshold which might result in wasted votes, political parties do not rush into pre-election alliances. Instead, they build post-election coalitions on the basis of the number of seats each partner party has won."* In Suid-Afrika is dit ook die aangewese patroon, waar politieke onstabiliteit ontwikkel in die opbouperiode voor verkiesings sowel as na die afloop daarvan. Ten opsigte van laasgenoemde is dit veral so wanneer geen volstrekte meerderhede behaal is nie, soos veral duidelik geblyk het tydens en na afloop van die 2021- plaaslike verkiesing.

Met die steunvlakke van die ANC (eens oorheersend en hegemonies) wat in onlangse verkiesings skerp begin daal het (en met meningspeilings wat met die oog op die toekoms op steeds dalende steun dui) is *koalisiepolitiek* nie net op plaaslike vlak 'n werklikheid nie, maar moontlik ook aangewese op nasionale en provinsiale vlakke met verwysing na die komende algemene verkiesing geskeduleer vir 2024.

Die lys-proporsionele kiesstelsel soos wat dit op Nasionale en Provinsiale vlakke in Suid-Afrika bestaan, bevorder veelpartyverteenwoordiging wat problematies kan wees in terme van veral politieke stabiliteit – van toepassing in omgewings waar koalisies van minderhede regeer binne 'n reeds makro onstabiele politieke omgewing.

*Koalisiepolitiek*

Die *Cambridge Advanced Dictionary Thesaurus* beskryf koalisies as: "The joining together of different political parties or groups for a particular purpose, usual for a limited time, or a government that is formed in that way." Heywood (2002:264) sluit hierby aan en beskryf koalisies as: "... a grouping of political actors brought together either through the perception of a common threat, or through the recognition that their goals cannot be achieved by working separately." Dikwels word daar na *koalisies* verwys as "the partnership of unequals."

*Koalisiepolitiek* word geassosieer met *konstitusionele demokrasie*, gereelde en vrye verkiesings, en in besonder 'n scenario waar 'n enkele party nie 'n volstrekte meerderheid behaal nie, of moontlik nie sal kan behaal nie. Hieruit spruit patrone van politieke samewerking tussen rolspelers wat in verskillende vorme kan voorkom. Samewerking en die institusionalisering daarvan kan verskeie vorme aanneem, en die onderskeid tussen *koalisie* en *alliansie* is belangrik. Volgens Kadima (2006) is 'n *alliansie* 'n samewerkingsooreenkoms tussen twee of meer partye voor die verkiesing, met die oog daarop om hul steunbasis te vergroot en die verkiesing te wen. *Koalisies* word daarenteen gevorm wanneer samewerking tussen twee of meer partye (in byvoorbeeld 'n parlement of regering) na afloop van die verkiesing plaasvind. In aansluiting by Wyat (1999), definieer Kadima (2015:2) *alliansies* as: "... the coming together of at least two political parties prior to an election in order to maximise their votes while 'coalition' refers to the agreement of a minimum of two political parties to work together in parliament and/or in government on the basis of an election outcome."

*Alliansies* kan onderverdeel word in *formele alliansies,* waar die een identiteit in 'n ander ineenvloei om soms 'n nuwe identiteit te vorm (NNP en DP word DA, ens.). *Subparty-alliansies* soos die *Drieledige Alliansie* (ANC/SAKP/COSATU) word gesluit wanneer partye/entiteite saamwerk, al die groepe verteenwoordig word, en elke groep tog steeds 'n vorm van eie


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a6

identiteit behou. *Alliansies* kan ook die vorm aanneem van *geleentheid-samewerking* ten opsigte van kwessies soos mosies van wantroue in die leierskap van die ANC, of om die president van die staat in ’n staat van beskuldiging te plaas (vergelyk Booysen, 2015:67-69).

*Koalisies* kan ook in drie kategorieë onderverdeel word, naamlik *veelparty-koalisies* (soos die geval in sommige metropole en plaaslike regerings); *subparty-koalisies,* soos die *Drieledige Alliansie* wat hegemoniese mag binne instellings toespits; en *minderheidspartye* wat deel van ’n regering uitmaak ten einde ’n meerderheid te bewerkstellig. Dr Pieter Mulder se destydse aanstelling as voormalige Adjunkminister waardeur hy deel geword het van ’n ANC/SAKP/COSATU-kabinet is een van talle sulke voorbeelde in die Suid-Afrikaanse politiek (Booysen, 2015:68-69).

*Koalisie*- of *alliansiepolitiek* is ’n gevestigde praktyk in talle konstitusionele demokrasieë in die wêreld, waaronder Duitsland, Japan, Maleisië, Israel, Chili en Swede (Brooks, 2022:1-2). Praktyke wat verband hou met *koalisie*- en *alliansiepolitiek* (’n uitkoms van onder meer die derde golf van demokratisering) is besig om in Afrikastate, waar veelpartyverkiesings gereeld gehou word, te ontwikkel. Tot en met 2013 het 54% van state wat veelpartyverkiesings gehou het (22 uit 43 state) hulle tot vorme van *alliansie*- of *koalisiepolitiek* gewend (Kadima, 2015:2). In Suid-Afrika het *koalisiepolitiek* met die eeuwisseling in die Wes-Kaap beslag gekry, maar het op plaaslike vlak veral tydens die 2016 en 2021-verkiesings toegeneem. Aanduidings is dat die fenomeen van *koalisiepolitiek* in Suid-Afrika meer omvangryk gaan word en heel moontlik lotsbepalend kan wees vir die oorlewing van sommige politieke elitegroepe. Brooks (2022:1-4) verwys na koalisiepolitiek as die “slagvelde” van Suid-Afrikaanse politiek tussen verkiesings.

Belangrik vir die sukses van *koalisiepolitiek* in Suid-Afrika is dat die kenmerke van daardie state waarin *koalisiepolitiek* ’n bewese praktyk is, gebruik word as grondslag vir die vestiging van samewerkende praktyke en akademies gesproke as grondliggende norm kan dien vir die beoordeling van die Suid-Afrikaanse situasie. Die volgende sake verdien myns insiens in hierdie opsig vermelding:

’n Omgewing gekenmerk deur politieke stabiliteit waarbinne die staat en politieke stelsels effektief funksioneer, is kernbelangrik. In navolging van Ake (1975:273) word politieke stabiliteit voorgehou as:

> ... the regularity of the flow of political exchanges. The more regular the flow of political exchanges, the more stability. Alternatively, we might say that there is political stability to the extent that members of society restrict themselves to the behavior paterns that fall within the limit imposed by political role expectations.

Een van die risiko’s van *koalisiepolitiek* is dat dit kan lei tot groter mededinging en/of bedinging, wat juis tot patrone van stelsel-onstabiliteit kan bydra. Daarom moet die groter politieke, ekonomiese en maatskaplike stelsel stabiel wees, die reëls duidelik geformuleer, en alle rolspelers moet ooreenstem ten opsigte van die basiese spelreëls. Duitsland, Israel en Swede val binne hierdie konteks, maar talle Afrikastate (asook sommige Oos-Europese nuwe demokrasieë) is inherent onstabiel met, in die algemeen, ’n swak rekord van *demokrasie* en in die besonder van *koalisiepolitiek* (Kadima, 2015:1-21; Booysen, 2015: 66-93; 2021; Brooks, 2022:1-4). Tans ervaar Suid-Afrika uiterste vorme van politieke onstabiliteit óók en verál waar koalisies regeer.[16] Hiervan getuig die situasie in verskeie metropole, waaronder Nelson

[16] In die algemeen word Suid-Afrika as uiters onstabiel beskou in vergelyking met state wat aktiewe burgeroorloë ervaar (Global Peace Index (2018); Anon. (2019a); Baxter (2020). Laasgenoemde


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a6

Mandelabaai, Stad Johannesburg, Stad Ekurhuleni en Stad Tshwane, maar ook ten opsigte van kleiner plaaslike regerings soos Knysna, en waarvan Sasolburg en Krugersdorp/Mangaung historiese voorbeelde is.

- Die konsolidasie van demokratiese waardes, soos hier bo in verband gebring met ’n konstitusionele demokrasie, is in hierdie opsig belangrik. Sake van kernbelang is die onderskeid tussen die *staatkundige* en *burgerlike* omgewings; *trias politica*; ’n duidelike onderskeid tussen *regering* en *regime*; beperkte en verantwoordelike regering; die erkenning van die oppergesag van die reg, en toepaslike en beskermde regte van die burgery, met inbegrip van menseregte. Baie demokrasieë, veral nuwe demokrasieë, is nog ongekonsolideerd en kan moeilik die addisionele spanning, druk en onsekerheid hanteer wat met *koalisiepolitiek* gepaard gaan.
- Sosiale samehangendheid, nasiebou en die bestaan van ’n oorkoepelende identiteit waartoe rolspelers hulle kan en moet verbind, is ’n belangrike en selfs fundamentele voorvereiste vir die funksionering van enige politieke bedeling en derhalwe ook binne die konteks van *koalisiepolitiek*. Waar hierdie aspekte afwesig is, is ’n verkiesing bloot ’n *bevolkingsensus* waarin verskille ten opsigte van sake soos ras, kultuur, gender en godsdiens bepaal word en demokratiese instellings gereduseer word tot instellings wat konflik institusionaliseer. Sodoende word *demokrasie* ’n konflik van identiteite eerder as ideë, ideologieë of standpunte oor hoe sake hanteer en bestuur moet word. In so ’n omgewing (met verwysing na die meeste sogenaamde nuwe demokrasieë), is politieke konflik en geweld prominent en is dit uiters moeilik om brûe te bou na ander gedeeltes van diepverdeelde samelewings. Kadima (2015:7) vat hierdie problematiek, wat ook duidelik in Suid-Afrika bestaan en in onlangse verkiesings begin blyk het, soos volg saam:

> Pre-independence political parties, formed along ethnic lines, a trend that has continued. In this context, an electoral defeat did not only mean the defeat of a political party but of a whole ethnic group. The resulting post-election resistance to state power by the defeated parties or ethnic group culminated in ethnic polarization and, in the worst of cases, civil war and massacres, leaving deep scars in the socio-political fabric of these plural societies.

Was dit wat in KwaZulu-Natal en dele van Gauteng in Julie 2021 gebeur het, *’n voorloper tot sodanige scenario*’s in Suid-Afrika?

- Leierskap en die rol van politieke elite-groepe is dikwels deurslaggewend in die totstandbrenging van *koalisies* en die bestuur daarvan, asook met betrekking tot volhoubaarheid. Brooks (2022:2-30) beklemtoon die gegewe dat belangrike leierskapkenmerke onder meer die volgende behels: *transaksionele eienskappe* (onderhandeling, konflikbestuur en vennootskappe); om algemene belang hoër te ag as bepaalde of seksionele belange, en om te beskik oor ’n ingesteldheid wat as *middelpuntsoekend* beskryf kan word, waarin gematigdheid eerder as ’n radikale beklemtoning van waardes en toepaslike strategieë vooropgestel word. In die

ontleed en vertolk data en syfers van kriminaliteit en sluit aan by Curlewis (2022); *South African Business Confidence* (2020) beklemtoon die uitwerking wat politieke onstabiliteit op sakevertroue in Suid-Afrika het. Politieke onstabiliteit word ook weerspieël in die verval van die Suid-Afrikaanse regstelsel, soos uitgewys deur Malan (2019); Curlewis (2022); Versluis & De Lange (2019); Kinnaird (2021), en De Wet (2016).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a6

algemeen is ’n pragmatiese (eerder as ’n ideologiese) ingesteldheid belangrik indien leiers en elite-groepe suksesvol wil wees in die daarstelling en vestiging van *koalisies*, asook vir die bedryf daarvan.

- Om suksesvol te wees, is dit belangrik dat opposisiepolitiek ’n bepaalde waardestelsel en etos (normatief van aard) moet handhaaf as grondslag vir *demokrasie* in die algemeen, maar in die besonder vir *koalisiepolitiek.* Wanneer koalisiepolitiek ter sprake is (as uitvloeisel van ’n breër demokratiese raamwerk van norme en etos) moet sake soos verdraagsaamheid; die soeke na konsensus; ’n ingesteldheid van onderhandeling; ’n “winner-loses-it-all-beskouing” (die belangrikheid van kompromieë); en ’n onderhandelingsgesindheid teenwoordig wees en aktief toegepas word. Wedersydse vertroue, aanvaarding en empatie as grondslag vir die beoordeling van ander groepe en hul belange is belangrik. Politieke opportunisme, omkopery en korrupsie kan die aard van samewerkingsverhoudings nie net besoedel nie, maar heeltemal laat skipbreuk ly.

Met bogenoemde as raamwerk en vertrekpunt kan die *(on)moontlikheid van koalisiepolitiek in Suid-Afrika* beskou word deur aan enkele toepassingsaspekte aandag te skenk.

**Koalisiepolitiek in Suid-Afrika – enkele toepassingsaspekte**

Met betrekking tot erkende veiligheidsindekse word Suid-Afrika op grond van wat as stabiliteit beskou word, vergelyk met state wat ’n vorm van burgeroorlog ervaar, waaronder Libanon, Afganistan, en so meer. Die geweld van Julie 2021 in KwaZulu-Natal en Gauteng, waarin meer as 300 mense gedood is en R50 miljard se skade aangerig is, is ’n voorbeeld hiervan (Vergelyk Vhumbunu, 2021:1-10).

Patrone van onstabiliteit hang nou saam met hoë vlakke van politieke mobilisasie en lae vlakke van institusionalisering (vergelyk Huntington, 1968:1-8). Met ander woorde, instellings kan nie voldoen aan die gestelde politieke verwagtinge nie. Patrone van konflik, geweld en onstabiliteit word op talle vlakke geopenbaar, waaronder die sosiaal-maatskaplike omgewing (misdaad, xenofobie rasse-, kulturele en gender-geweld); op ekonomiese vlak (arbeidsonrus soos in die vooruitsig gestel met die “Shutdown” wat beplan was vir 24 Augustus 2022), en politieke onstabiliteit, soos duidelik blyk uit byvoorbeeld diensleweringsproteste en politieke sluipmoorde (67 mense word per dag in Suid-Afrika vermoor en 153 verkrag. Die afgelope 12 maande was daar 11 688 diensleweringsproteste in Suid-Afrika). (Curlewis, 2022.)

*Politieke stabiliteit/onstabiliteit*

In ’n staat wat reeds ernstig onstabiel is, kan pogings om politiek op koalisiebasis te bedryf lei tot verdere konflik, onstabiliteit, en ’n onvermoë om noodsaaklike besluite binne kort tydraamwerke te neem. Getuienis hiervan is waargeneem in metropole soos die Stad Johannesburg, Stad Tshwane, Nelson Mandelabaai metropolitaanse munisipaliteit en eThekwini metropolitaanse munisipaliteit, asook in koalisies wat op plaaslike vlak beslag gekry het, byvoorbeeld die munisipaliteite in Potchefstroom/J.B. Marks, Sasolburg en Krugersdorp/ Mangaung. Waar koalisies en koalisiepolitiek onstabiel is, word ’n groter stabiele politieke stelsel veronderstel (vergelyk Italië ná die Tweede Wêreldoorlog) – iets wat dikwels in die Suid-Afrikaanse konteks ontbreek. Die groot getal Artikel 139-ingrypings ten opsigte van plaaslike regeringsvlak (nasionaal gesproke) getuig hiervan, asook die ondoeltreffende aard van politieke stelsels in die algemeen.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a6

Onstabiele *koalisies* en ’n onstabiele stelsel is ’n snelweg na institusionele en politieke verval, soos tans wyd in Suid-Afrika aangetref word. Kortom, politieke onstabiliteit en onstabiele politieke stelsels is nie bevorderlik vir die letter en gees van *koalisiepolitiek* nie en kan die Suid-Afrikaanse politieke omgewing selfs meer onstabiel laat (vergelyk Bole, 2022:6; COGTA, 2019; Mokgoro, 2018, en Ledger & Rampedi, 2019 oor die aard en omvang van die plaaslike regeringskrisis en die voortspruitende ingrypings op grond van Artikel 139 (a, b, c, d), op plaaslike regeringsvlak.)

Booysen (2021:1) verwoord van die mees onlangse plaaslike verkiesings en wys op die volgende:

> Disunited we stand ... Coalition politics and governance in South Africa epitomize instability. Facilitating and opportunistic party interests (that) prevail over accountable, constructive and developmental government. Coalition governments have not been responsible for creating the country as dismally performing, unaccountable local governments, yet coalitions have often exacerbated the poor showings.

*Demokratiese konsolidasie*

Hierdie aspek verwys na die uitbouing en funksionering van demokratiese stelsels en onderliggende waardestelsels (kyk hier bo), en die vestiging daarvan in erkende en gesaghebbende politieke praktyke. (’n Demokratiese verkiesing moet regeringsverandering sonder konflik en geweld moontlik kan maak, ’n probleem waarmee talle nuwe demokrasieë, veral in Afrika, ernstig sukkel.) Soos Brooks (2022:4) dit stel: “Embedding democratic values only comes with acceptance of the rules of the game. These include compromise and accountability”.

In Suid-Afrika het veral *kaderontplooiing* stelsels gelaai met lojale kaders wat die regerende ANC ondersteun en deel vorm van nepotisme en korrupte praktyke, soos geïnstitusionaliseer in vorme van staatskaping en/of endemiese korrupsie. Gaan sodanige rolspelers van hulle mag afstand doen indien hulle party (lees hier die ANC) die verkiesing verloor, en gaan *koalisiepolitiek* en nuwe spelreëls tot stand kom? In Zimbabwe het die *kaders* (lees ZANU-PF) met die hulp van veral die weermag en polisie politieke mag behou, al het hulle die verkiesing minstens twee keer verloor. (Die Kampepe-kommissie van ondersoek het hierdie realiteit uitgewys.) Is dit ook ’n scenario vir Suid-Afrika ná afloop van die volgende nasionale en provinsiale verkiesing tydens 2024?

Dit is ook nie waar die uitdagings eindig nie. *Koalisiepolitiek* impliseer verder die meer gesofistikeerde toepassing van demokratiese waardes en spelreëls wanneer dit vergelyk word met byvoorbeeld die toepassing van demokratiese praktyke in *eenparty-dominante stelsels*. Laasgenoemde was die praktyk in die grootste deel van Suid-Afrika oor die laaste dekades en selfs voor 1994. Hoewel hierdie toedrag van sake in onlangse verkiesings (2016; 2019; 2021) begin verander het, is politieke praktyke, konvensies en besluitneming steeds gevorm om die vertrekpunt van hegemoniese eenparty-dominansie. Dit gaan vir die ANC baie moeilik wees om hierdie sprong, veral op nasionale vlak, te maak.

Vir Suid-Afrika as ’n jong demokrasie, wat steeds met die grondliggende aspekte van demokratiese waardes worstel, gaan laasgenoemde inderdaad nie maklik wees nie. Dit is veral in politieke omgewings waar demokratiese waardes nog nie na behore geïnstitusionaliseer is nie waar laasgenoemde beloof om ’n groot uitdaging te stel. Die geskiedenis van *koalisiepolitiek* in Suid-Afrika bevestig ook ’n pad vol slaggate – ’n moeilike toekomspad, veral vir die regerende ANC.

Booysen (2015:86) vat hierdie problematiek soos volg saam: "Ethnicity, race and culture have shaped South Africa's political history – and continue to do so in the present alliance formation. South Africa's smaller political parties often have relatively exclusive racial-cultural profiles and the bigger ones have their job cut out in attempting to cross the barriers imposed by race, ethnicity and culture*"*. Die uitkoms van verkiesings in Suid-Afrika kan in sekere opsigte vergelyk word met 'n sensus van rasse, kultuur- en ander identiteitsgroepe. Kadima (2006:16) wys daarop dat die politieke omgewing in Suid-Afrika *"* ... racially and ethnically configured coalitions, ideologically matched or disconnected coalitions, as well as politically opportunistic ones" weerspieël. Verteenwoordigende instellings weerspieël daarom dikwels die gekompliseerdheid, diversiteit en verskeidenheid van die samelewing, eerder as bepaalde ideeë, beleid en/of ideologie. Hierdie toedrag van sake lei daartoe dat verteenwoordigende instellings telkens hierdie rasse-, kulturele en ander vorme van verdeeldheid institusionaliseer. Dit is 'n groot uitdaging vir *koalisiepolitiek,* en die eise in hierdie verband sal met 'n toename in identiteitspolitiek in die toekoms steeds toeneem. Identiteitspolitiek was juis meer opvallend in die verkiesings van 2019 en 2021 in Suid-Afrika.

Samewerking moet gesoek word (en probeer om gebou te word), in 'n omgewing van diep verdeeldheid, waarvan die geskiedenis van konflik en geweld selfs oor millenniums strek. In die afwesigheid van nasionale integrasie en nasiebou, waar simbole wat mense nader aan mekaar bring grootliks ontbreek, is dit soms baie moeilik om gedeelde waardes te vind as grondslag vir politieke samewerking – hoe ook al gedefinieer. Hierin lê 'n groot uitdaging vir *koalisiepolitiek* in Suid-Afrika; die kuns van die moontlike teenoor die werklikheid van konflik, geweld en verset. Laasgenoemde, 'n gevestigde praktyk en tradisie in Suid-Afrika, wat indruis teen die grondbeginsels van demokratiese waardes en praktyke, is 'n aspek wat deeglik verdiskonteer moet word wanneer *koalisiepolitiek* ter sprake kom. Die rol van leierskap in hierdie verband kan nie genoeg beklemtoon word nie.

### *Politieke leierskap*

*Koalisiepolitiek*, anders as die besluitnemingspraktyke in omgewings waar eenparty-dominante stelsels op die voorgrond is, stel andersoortige eise aan leierskap en bring heel dikwels nuwe tipes leierskap na vore. Samewerking, die sluiting van ooreenkomste, onderhandeling, en verdraagsaamheid, is aspekte wat in koalisie-omgewings belangrik en konstruktief is, terwyl kragdadige optrede, monolitiese denke en die beklemtoning van 'n bepaalde identiteit (seksionele versus algemene belang), meestal teenproduktief is. Die voordeel van hierdie situasie (en wat die omstandighede van *koalisiepolitiek* bepaal) is dat dit die leierskap en politieke elite-groepe dwing (dikwels ter wille van politieke oorlewing) om met mekaar saam te werk en ooreenkomste van een of ander aard te sluit. Gematigde leierskap wat middelpuntsoekend optree, is egter meestal skaars in 'n politieke omgewing waar seksionele belange (en die uitsluitlike bevordering daarvan) dikwels die norm is, en eersgenoemde die uitsondering.

In 'n politieke omgewing wat vroeër as *post-kantelpunt* beskryf is (met as uitkoms die hersamestelling van die politieke spektrum), is die eis vir leierskap wat voldoen aan die vereistes van koalisiepolitiek des te meer belangrik – veral in die lig van wat moontlik in die 2024-verkiesing mag gebeur. Leierskap, en die vermoë om te kan herposisioneer, is daarom noodsaaklik ter wille van politieke oorlewing, met die moontlikheid van konflik en geweld


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a6

indien politieke elite-groepe (uit ’n voorafgaande era) se politieke magsbasisse bedreig word. Laasgenoemde is ongetwyfeld aan die orde.

*Normatiewe grondslae en etiese vertrekpunte*

Enige ooreenkoms, ongeag die aard daarvan, veronderstel ’n bepaalde normatiewe en etiese grondslag. Dit sluit in sake soos integriteit; ’n verbintenis tot voorafooreengekome reëls; respek vir die letter asook die gees van die ooreenkoms, asook werkswyses wat gevolg moet word om uitvoering aan die ooreenkoms (hoe ook al gedefinieer) te gee. Dit is veral die rol van ’n party soos die EFF wat betreffende politieke samewerking heel dikwels bogenoemde grondslae en vertrekpunte op opportunistiese wyses oortree ten koste van die groter belang soos bepaal in die samewerkingsooreenkoms en die vorm wat dit aanneem. Hierdie aspek reflekteer op die breë politieke kultuur van partye (maar ook groter stelsels) en wys dat wantroue voortspruitend uit ’n ingewikkelde, botsende en selfs gewelddadige geskiedenis heel dikwels die botoon voer. Hierdie toedrag van sake beklemtoon die afwesigheid van ’n politieke kultuur waar *koalisieregering* met vrug kan wortel skiet.

Met bogenoemde as grondslag kan die volgende redes aangedui word as sake wat bydraend was tot die gebrekkige suksesrekord van vorme van *koalisiepolitiek* in Suid-Afrika tot dusver:

1. Politieke opportunisme waar partye en ook individue (lees leiers) van veral kleiner partye toetree tot samewerkingsooreenkomste. Dit is problematies aangesien eie belang en nie die breër belang nie, telkens vooropgestel word. Booysen (2021:1-2) verwys in hierdie verband na: “a fraught alternative*”* en die *“*institutionalization of opportunism as part of coalition culture*.”*
2. Die prominensie van die *swakstaatverskynsel* en die aanwesigheid van *patrimoniale* en *neo-patrimoniale tendense* (die politiek van die sterk man en sy ondersteuningsnetwerke) ontwrig samewerkingsooreenkomste en die effektiewe werking van konstruktiewe samewerkingsooreenkomste;
3. Uiteenlopende en dikwels botsende ideologiese uitgangspunte (byvoorbeeld *liberaal-vrye mark* versus *sentralisties-sosialisties*) maak dit soms moeilik om middelgrond te vind met betrekking tot gedeelde waardes en strategieë;
4. Intra-party stabiliteit is dikwels ’n probleem, aangesien *faksionalisme* (en *fraksionalisme*) binne verskeie partye problematies is en daar gevolglik nie uit een mond/ standpunt onderhandel word nie. Dit raak nie net die ANC nie maar ook partye soos die EFF, Cope en selfs die DA;
5. Gebrekkige sosiale samehangendheid, eeuelange geskiedenis van konflik en geweld, asook sosio-ekonomiese uitdagings (armoede, ongelykheid en diskriminerende praktyke) maak dit moeilik om gevestigde *koalisies* te onderhandel en volhoubaar te bestuur;
6. Die groot aantal partye wat verteenwoordig word (onder meer ’n uitkoms van die *lys-proporsionele kiesstelsel*) is bevorderlik vir die vorming van minderheidskoalisies, wat dikwels potensieel baie onstabiel kan wees, soos reeds binne die Suid-Afrikaanse konteks sedert 2016 bewys;
7. Bedrog, korrupsie en die afrokkel/weglok (dikwels “koop”) van kandidate (praktyke wat dikwels met die ANC geassosieer word) ondermyn geloofwaardige samewerking en dra daartoe by dat daar nie in die algemene belang gehandel word nie.
8. In die algemeen is daar nie sterk grondslae (lees gedeelde waardes) en ’n politieke kultuur wat bevorderlik is vir samewerking, alliansies en koalisies nie. Dit hang saam

met die ongekonsolideerde aard van die Suid-Afrikaanse demokrasie, asook die afwesigheid van grondliggende waardes op grond waarvan Suid-Afrikaners as ’n nasie kan funksioneer.

**Koalisiepolitiek – die kuns van die moontlike?**

Die afloop van die 2021- plaaslike verkiesing lewer bewys van die uitdaging waarvoor koalisiepolitiek in Suid-Afrika te staan gekom het. Dat sake soos makro politieke stabiliteit, suksesvolle demokratiese konsolidasie, staatbou- en nasiebou-prosesse, sosiale samehorigheid en verdraagsaamheid, die vestiging van ’n bepaalde stel waardes en etos asook politieke leierskap belangrik is vir die funksionering van ’n konstitusionele demokrasie met inbegrip van koalisiepolitiek. Die meerderheid sake hier bo is egter nie sake wat oornag bewerkstellig kan en gaan word nie. Met die kort termyn in gedagte, in besonder die 2024-verkiesing, kan die volgende voorstelle bydra om koalisiepolitiek meer funksioneel en legitiem te maak:

1. Tesame met die wysiging van die kiesstelsel (soos wat tans aan die orde is) kan strenger meer formele reëls opgestel word ten opsigte van die totstandkoming van alliansies en/of koalisies. ’n Omvangryke hersiening van die bestaande kiesstelsel op die onderskeie vlakke mag hier noodsaaklik wees;
2. Onderhandelinge en gesprekvoering tussen politieke elites ten einde konsensus te verkry ten opsigte van basiese spelreëls wat koalisiepolitiek ten grondslag lê;
3. Die daarstelling van strenger reëls en vereistes vir die toelating van partye tot deelname aan verkiesings en politieke prosesse;
4. Die sluiting van meer formele ooreenkomste tussen koalisie/alliansie vennote wat meer bindend is en afdwingbaar deur howe;
5. Binne ’n proporsionele kiesstelsel kan die drempelwaarde vir verteenwoordiging ook verhoog word om die getal deelnemers te verminder;
6. Streng optrede en handeling teen partye wat hul skuldig maak aan die ontwrigting van politieke en institusionele prosesse binne en buite verteenwoordigende instellings.

Kortom is daar tans in die Suid-Afrikaanse politiek, in soverre dit koalisie- en alliansiesluiting betref, in samehang met die beoogde wysiginge aan die kiesstelsel, die behoefte aan ’n stel bindende reëls en ’n gedragskode wat alle vorme van koalisiepolitiek sal reguleer in belang van orde, stabiliteit asook goeie en effektiewe regering. Laasgenoemde ontbreek grootliks binne die huidige konteks.

**Evaluerende en Slotperspektiewe**

Suid-Afrika verkeer in ’n fase van *post-kantelpuntpolitiek*, met groot veranderinge wat reeds aan die orde is en nog meer wat onderweg is. Die swak prestasies van die eens oorheersende ANC in onlangse verkiesings (2019; 2021), asook nuwe meningspeilings, dui daarop dat die ANC op nasionale vlak (asook in sommige provinsies) nie ’n volstrekte meerderheid gaan behaal nie. Myns insiens is dit op hierdie tydstip die mees waarskynlike scenario in die aanloop tot die beplande 2024-verkiesing. Dit laat politieke elite-groepe, partye en politici met ’n nuwe stel politieke spelreëls waarbinne die wedloop voltooi moet word en die uitslag as sodanig bepaal gaan word. Hierdie spelreëls impliseer die vermoë om mag te bekom en invloed uit te oefen, in samewerking met andere, in ’n omgewing waar gedeelde waardes ’n grondslag vir samehangendheid moet verskaf.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a6

Suid-Afrika se beperkte blootstelling aan *koalisiepolitiek* as gevolg van 'n lang geskiedenis van oorheersende partystelsels (vroeër onder die NP en later die ANC) vereis veerkragtigheid, pragmatisme, verdraagsaamheid en 'n middelpuntsoekendheid om by die nuwe spelreëls van koalisiepolitiek aan te pas. Die groter politieke, ekonomiese en maatskaplike kontekste (en die gepaardgaande uitdagings) maak dit besonder moeilik vir politieke elitegroepe en partye om met mekaar saam te werk. Daar ontbreek veerkragtigheid eie aan gevestigde demokrasieë wat daarin kon slaag om koalisie-gedrewe praktyke binne demokratiese stelsels te integreer. Die vlakke van endemiese korrupsie, nepotisme en staatskaping stel sy eie eise ten opsigte van die geslaagdheid (al dan nie) van *koalisiepolitiek* in Suid-Afrika. Bogenoemde was tot dusver bydraend tot die swak geskiedenis van *koalisiepolitiek* alhier.

'n Voordeel van *koalisiepolitiek* is dat dit partye dwing om middelgrond te soek betreffende gedeelde waardes in die strewe om 'n breër algemene Suid-Afrikaanse belang te dien. Dit kan vergelyk word met 'n groot aantal klein KODESA's wat probeer om algemene belang te herdefinieer en deur middel van samewerking daaraan uitvoering te gee. Die sukses daarvan kan bepalend wees vir die verdere konsolidasie van demokratiese waardes en die progressiewe uitbouing van 'n grondwetlike bedeling wat ná 1994 tot stand gekom het. Die uiteinde daarvan kan ongelukkig ook baie anders wees en bydra tot verdere onstabiliteit en institusionele verval. Laasgenoemde is op hierdie stadium reeds opvallend aan die gebeur.

Suid-Afrika se geskiedenis ten opsigte van *koalisiepolitiek* is nie gunstig nie en talle uitdagings word tans ervaar. Die onvermoë van politieke partye om saam te werk; die aanwesigheid van konflik wat toeneem en op geweld uitloop; korrupsie; en die manipulasie van reëls, is maar enkele uitdagings in hierdie verband. Stabiele stelsels word benodig om as anker vir die onstabiliteit en uitdagings rakende besluitneming te dien wat met *koalisiepolitiek* gepaard gaan. Dit is tans grootliks afwesig in Suid-Afrika.

In die afwesigheid van demokraties-grondwetlik bepalende politieke spelreëls (soos aanvaar en afgedwing deur onderskeie politieke rolspelers) word die staat 'n politieke arena van konflik en geweld wat nie net ikabod skryf op *koalisiepolitiek* (as die gesofistikeerde toepassing van gekonsolideerde demokratiese waardes) nie, maar 'n bedreiging inhou vir die demokrasie as owerheidsvorm en selfs die staat as staat.

Dit is my oortuiging dat, soos dit in die laat tagtigerjare die geval was, Suid-Afrika weer eens radikaal sal moet hervorm om 'n bedeling om te keer wat aan 'n verswakkende staat, toenemende konflik, ekonomiese uitdagings en institusionele rassisme beslag gegee het. *Koalisiepolitiek* (en selfs 'n regering van nasionale eenheid) sou hier 'n rol kon speel. Die alternatief is konflik, geweld en onstabiliteit – 'n slegte-saak-scenario – wat allermins bekostig kan word. Laasgenoemde moet sover moontlik verhinder word. *Koalisiepolitiek*, 'n kultuur van samewerking en verdraagsaamheid, gaan belangrik wees vir die konsolidasie van demokratiese waardes in Suid-Afrika – 'n noodsaaklike grondslag vir die suksesvolle bedryf van *koalisiepolitiek* in al sy vorme.

In soverre dit koalisiepolitiek en die sukses hiervan in die algemeen op die kort termyn betref, is die grootste enkele tekortkoming 'n raamwerk van reëls, soos vervat in wetgewing, wat bindend en afdwingbaar is op alle deelnemers. Hiermee saam is die daarstelling en vestiging van hekwagters (die toepassers van reëls en vereistes) noodsaaklik wat die grondslag kan lê vir politieke stabiliteit, wat onontbeerlik is vir konstitusionele demokrasie in die algemeen en koalisiepolitiek in besonder in die vorm van goeie en effektiewe regering.

## BIBLIOGRAFIE


Ake, C. 1975. A definition of Political stability. *Comparative Politics,* 7(2):271-283.

Anon. 2019b. Tax. Businesstech. 24 December. Businesstech.co.za (13 Februarie 2020 geraadpleeg).

ANC. 2017. ANC National Policy Conference: Strategy and tactics of the African National Congress. Discussion document, 2017. https://www.sahistory.org.za/archive/2017-ANC-national-policy-conference-strategy-and-tactics-of-the-african-national-congress-discussion-document (26 Januarie 2021 geraadpleeg).

Anon. 2019a. South Africa is one of the least safe countries in the world. 24 November. https://businesstech.co.za/news/lifestyle/355519/south-africa-is-one-of- (15 Februarie 2020 geraadpleeg).

Baxter, J. 2020. Latest crime statistics for South Africa – increases in murder rate. https://www.sapeople/com/2020/07/31/latest-crime-statistcs-for-south-africa-increase-in-murder-rate (5 Oktober 2020 geraadpleeg).

Bloomberg. 2020. Advisory group puts a date to South Africa's collapse.*Businesstech.*https://businesstech.co.za/news/business/432504/advisory-group-puts-a-date- to- South Africa's collapse. 10 September 2020 (20 Oktober 2020 geraadpleeg).

Bogdanor,V.1986. *Representatives of the people? Parliamentarians and constituents in Western democracies*. Cambridge: Cambridge University Press

Boonzaaier, D. 2022. ANC val onder 40%. *Rapport.* 14 Augustus:1.

Booysen, S. 2015. Causes and impact of party alliances and coalitions on the party system and national cohesion in South Africa. *African Studies,* 13(1):66-93.

Booysen, S. 2021. Disunited we stand: Coalition politics in South Africa is jinxed when politicians behave badly in pursuit of power. *Opinionistatement: https://www.dailymaverick.co.za.auther.*

Bratton, M. & Van der Walle, N. 1997. *Democratic experiments in Africa: Regime transitions in comparative perspective.* Cambridge: Cambridge University Press.

Brooks, H. 2022. A stable national coalition government in South Africa? Possible, but only if elites put country's interests first. https://theconversation.com/a-stable-national-coalition-government-in-south-africa-?-possible-but-only-if-elites-put-country's-interests-first (Geraadpleeg 25 Januarie 2023).

Businesstech. 2021. Around 23 000 tax residents leave South Africa each year and government to tighten the numbers. 5 March 2021. Bussinesstech.co.za.

Businesstech.2022. Poll data reveals ANC could get 50% in next elections. *Businesstech* 28 Augustus 2022

Butler, D.1986. *Governing without majority: Dillemmas for hung parliaments in Britain*. London: Palgrave Macmillan.

Buys, F. 2020. "Revolusie" van rykes. 22 Oktober 2020. *MaroelaMedia*.co.za.

Cameron, J. 2020. Flash briefing: SA heads for financial crisis; Denel. Land Bank needs funds, gold mines, COVID19. Biznews.com/entrepreneur/2020/10/11 financial crises (12 Oktober 2020 geraadpleeg).

Cameron, J. 2020a. Magnus Heystek: Horrific chart with nowhere for the JSE to hide. BIZNews. 27 December 2020.https://www.biznewes/wealth-advisors/2020/12/27magus-heystek-horrific-chart-with-nowhere-to-hide-#2020#bestofbiznews (22 Maart 2021 geraadpleeg).

CEIC-Data. 2020. South African Debt: % of GDP. Quarterly CEIC-Data: September 2020. https://www.ceicdata.com/en/indicator/south-africa-debt-of nominal-gdp (8 Maart 2021 geraadpleeg).

Center for Civic Education. 2022. Constitutional Democracy: Essential elements.https://civiced.org/.

Chikane, F. 2021. It is past time for South Africans to join ranks to remove corrupt leaders. *City Press.* https://www.news24.com/citypres/voices/frank-chicane-it-is-past-time-for-south-africans-to-remove-corrupt-leadership (Geraadpleeg 28 Junie 2021).

Chipkin, I & Swilling, M. 2018. *Shadow State: The politics of state capture*. Johannnesburg: Wits University. 176pp.

COGTA. 2019. Presentation about the status of Municipalities in the Northwest Province – MEC Rosho: 13 May 2019. Unpublished.

Corruption Watch. 2020. South Africa's COVID-19 has exposed greed and spurred long need action against corruption. *Corruption Watch*, 4 September 2020 (8 Maart 2021 geraadpleeg).

Cronjé, F. 2017. *A traveller's guide to South Africa in 2030*. Kaapstad: Tafelberg.

Curlewis, L. 2022. The South African Criminal Justice System: Under Siege. Pretoria: Referaat gelewer te Universiteit van Pretoria ter afskeid van Prof Koos Malan op 19 Augustus 2022.

Dahl, RA. 1971. *Polyarchy: participation and opposition*. New Haven: Yale University Press.

De Wet, P. 2016. SA Justice System is battling. https://mg.co.za/article/2016-9-16-00-SA's Justice system is battling (4/03/2021 geraadpleeg)

Duane, EC. 2017. Corruption and state capture under two regimes in Guyana (PDF). *Research Gate*. University of the West Indies (23 Mei 2017 geraadpleeg).

Duvenhage, A. 2007. *Die Suid-Afrikaanse politieke omgewing: 'n Strategiese ontleding en scenario-analise*. NWU (Potchefstroom): Professorale intreerede.

Duvenhage, A. 2020. Suid-Afrika by 'n kantelpunt-'n slegte-saak-scenario? *Litnet-Akademies*. https://www.litnet.co.za. (14 September 2020 ontsluit).

Duvenhage, A. 2020a. Suid-Afrika in 'n smeltkroes van verandering: eietydse en toekomsperspektiewe. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap, 2020 (vierde kwartaal);* 137-162.

Eunomix. 2020. South Africa heading towards a failed state.www.bloombergquint.com.politics.south-africa-heading-towards-becoming-a-failed-state. (10 Oktober 2020 geraadpleeg).

Geldenhuys, D. 1999. Staatsverval. *Politeia*, 18(2):37-56.

Giliomee, H & Schlemmer, L.1994. Can a South African democracy become consolidated? (In Giliomee, H & Schlemmer, L. eds. *The Bold experiment.* Cape Town: Southern Books, 202p.

Gladwell, M. 2000. *The tipping point: How little things can make a big difference*. New York: Little Brown.

Global Peace Index. 2018. South Africa is one of the least safe countries in the world. htts://businesstech.co.za/news/lifestyle/355519/ South Africa is (16 Februarie 2020 geraadpleeg).

Greffrath, WN. 2015. *State dysfunction: The concept and its application to South Africa*. Potchefstroom. PhD-thesis: NWU.

Groenewald, PJ. 2013. Die Suid-Afrikaanse kiesstelsel – 'n kritiese ontleding en alternatiewe PhD-studie. Potchefstroom: NWU.

Grootes, S. 2020. After meeting KZN veterans, Ace Magashule responds to Fikile Mbalula. *Daily Maverick.* https;//www.dailymaverick.co.za/article/2020-10-13-after-meeting-kzn-veterans-ace-magashule-responds. (13 Oktober 2020 geraadpleeg).

Grootes, S.2021. All together now: the re-emergence of Thabo Mbeki adds a new dimension to the ANC's internal war. *Daily Maverick.* https://www.dailymaverick.co.za/article/2021-06-28-all-together-now-the-re-emergence-of-thabo-mbeki-adds-a-new-dimension-to-the-anc's-internal-war. (Read 29 June2021).

Gumede, W. 2021. We are going down, the Mexican way. *Sunday Times. 21 February 2021:24.*

Gumede, W. 2021a. Mirror, mirror on the wall, who is the real leader of us all? *Sunday Times* Opinion & Analysis. 17 March 2021.

Haffajee, F. 2022. Road to 2024 elections: ANC collapse as South Africa's majority party is foretold in new pole. *Daily Maverick:* 14 Augustus 2022.

Haffajee,F. 2022a. If a general election were held tomorrow and turnout was good the ANC would clear 50%. https:www.dailymaverick.co.za.article/2022-09-01/if-a-general-election-were-held-tomorrow-and-the-turnout-was-good-the-annc-would-clear-50-inclusive-society-institute. (Geraadpleeg 9 September 2022).

Heystek, M. 2019. RSA titanic is in groot k#k – don't let those patriotic swimsuits fool you. Biznews.com. 24 Desember. https://www.iol.co.za/business-report/capital-outflow-r350billion (18 Februarie 2020 geraadpleeg).

Heywood, A. 2002. *Politics* (second edition). New York: Palgrave Foundations.

Huntington, SP. 1968. *Political order in changing societies*. London: Yale University Press.

Huntington, SP. 1991. *The third wave: democratization in the late 20th century*. Oklahoma: University of Oklahoma Press.

Jackson, R. 1993. *Quasi-States: Sovereignty, International relations and the Third World.* Cambridge: Cambridge University Press.

Johnson, RW. 2015. *How long will South Africa survive? – the looming crisis*. Cape Town: Jonathan Ball.

Johnson, RW. 2019. Our coming train crash. *Politicsweb*. 1 Augustus (20 Februarie 2020 geraadpleeg).
Johnson, RW. 2020a. Ineenstorting wag op ANC. *Rapport Weekliks. 27 September 2020:7.*
Johnson, RW.2020b. How the end will come(ii). https://www.politicsweb.co.za.how-the-end-will-come-ii (29/03/21 geraadpleeg).
Johnson, R.W. 2020c. Who can lead us to the promised land? https://www.politicsweb.co.za/opinion/who-can-lead-us-to-the-promised-land (29/03/2021 geraadpleeg).
Johnson, RW. 2021. Ramaphosa's losing strategy. 6 March 2021. *Politicsweb* (8 Maart 2021 geraadpleeg).
Johnson, RW. 2021b. Face up to ANC failure. https://www.politicsweb.co.za/opinion/face-up-to-anc-failure (29/03/21 geraadpleeg).
Jonas, S. 2021. ANC's hegemony is over: a new era has begun. *Centre for Risk Analysis*. Johannesburg. *cra-sa.com*
Jordaan, J. 2021. Is die skrif aan die muur? *Beeld:* 13 Desember 2021: p. 12.
Kadima, D. 2006. The study of party coalitions in Africa: Importance, scope, theory and research methodology (*In* D. Kadema [ed.]. *The Politics of Party Coalitions in Africa*, Johannesburg; Konrad Adenhauer Stiftung and EISA).
Kekana, M. 2019. Financial state of municipalities has worsened – Auditor General. *Mail and Guardian.* 26 Junie. https://mg.co.za/article/2019-06-26-financial-state-of-municipalities (19 Februarie 2020 geraadpleeg).
Kinnaird, BA. The Criminal Justice System is broken and can't be fixed. https://www.psycology.com/za/blog/the-hero-in-you/2001812/the-criminal-justice-system-is-broken-and-can't-be-fixed (4 Maart 2021 geraadpleeg).
Ledger, J & Rampedi, M. 2019. Mind the gap: section 139 interventions in theory and practice. https://pan.org.za.mind-the-gap-in-theory-and-practice (15 Julie 2021 geraadpleeg).
Malan, K. 2019. *There is no Supreme Constitution – a critique of Statist-individualist Constitutionalism*: Pretoria: African Sun Press.
Mashanini. G. 2021. Headperson Glen Mashanini: Final results of the municipal elections. https://gov.za/speeches/glen-mashanini-final-results-municipal-elections. (Read 4/5/2022).
Mazrui, A. 1995. The blood of experience: the failed state and political collapse in Africa. *World Policy Journal:* 12(1):28-34.
Merten, M. 2019. State Capture wipes out third of SA's R4,9-trillion GDP – never mind lost trust,confidence,opportunity. 1 Maart 2019. https://dailymaverick.co.za/article/2019-03-01-state-capture-wipes-out-third-of SA,s-R4,9-trillion-GDP-never-mind-lost-trust-confidence-opportunity (18 Maart 2021 geraadpleeg).
Migdal, J.S. 1988. *Strong societies and weak states: State-society relations and state capabilities in the third world*. Princeton: Princeton University Press.
Mokgoro, J. 2018. North West Provincial Overview on section 139 (ii) intervention. PEC-discussion. 22 August 2018:1-3.
Montsho, M.2023. How ANC lost its majority in shambolic Ditsobotla council in 2022. https://www.iol.co.za/news/politics/how-anc-lost-its-majority-inshambolic-ditsobotla-council-in-2022-01a5-43a9-9135-38f9e824d87a.
Mwareya, R. 2022. South Africa: Shock poll shows ANC heading towards 2024 coalition. *The Africa report :* 26 August 2022. *areport.com*
Myburg, P-L. 2019. *Gangster state – Unravelling Ace Magashule's web of capture*. Kaapstad: Penguin.
Nelson, C. 2014. Die Suid-Afrikaanse regstaat na twintig jaar: gekonsolideer of besig om in outoritorisme te verval? *LITNET-Akademies* 11(3): 628-665.
Olaleye, W. 2003. An Assessment of the legislative Framework for political Party coalition in South Africa. Kaapstad:EISA (Aanbieding van EISA gesprek met as tema Political Party Coalitions-Strengthening Democracy through party Coalition Building -19 June 2003).
Pauw, J. 2017. *The President's Keeper – those keeping Zuma in power and out of prison*. Cape Town: Tafelberg.
Romano, S. 1947. *The legal order*. Abingdon: Routledge.
Rotberg, R. 2002. The new state of nation-state failure. *The Washington Quarterly,* 25(3):85-96.
RSA Constitution. 1996. Constitution of the RSA no 108 of 1996. https://www.gov.za/sites/default/files/images/a108-96.pdf. (15 Julie 2021 geraadpleeg).

Rustow, DA. 1970. Transitions to democracy-toward a dynamic mode. *Comparative Politics,* 2 (April):337-373.

Schüssler, M. 2020. Staat op snelweg na mislukking. *Netwerk 24*. 21 September 2.

South African Bussiness Confidence. 2020. South African business confidence -1975-2020-data/2021-2022 forecast. https://trading economics.com/south african business confidence (10 Oktober 2020 geraadpleeg).

Stern, K. 1984. *Das Staatsrecht der Bundesrepublik Deutschland*. München. ISBN 3-406-09372-.

Strategy and tactics. 2012. Strategy and tactics of the ANC. https://www.sahistory.org.za/sites/default/files/strategy_and_tactics_of_the_ANC_by ANC december 2012 and 53rd.conference.pdf (15 Julie 2021 geraadpleeg).

Versluis, J-M & De Lange, J. 2019. How law enforcement in SA has all but collapsed. News24, 21 Oktober. 21/102019. https://city-press. News 24.com/News/rising-crime-low-prosecution (20 Februarie 2020 geraadpleeg).

Vhumbunu, CH. 2021. The July 2021 Protests and socio-political unrest in South Africa. https://www.accord.org.za/conflict-trends/the-july-protests-and-socio-political-unrest-in-south-africa (geraadpleeg 12 September 2022).


Von Holdt, K. 2013. South Africa: the transition to violent democracy. *Review of African Political Economy*, pp. 589-604.

Zartman, W. (ed). 1995. *Collapsed states: the disintegration and restoration of legitimate authority*. Boulder: Lynne Reiner Publishers.

# Kenniswerkers en neoliberale "goewermentaliteit" – Benda Hofmeyr se *Foucault and Governmentality*: *Living to Work in the Age of Control*

***Knowledge workers and neoliberal governmentality – Benda Hofmeyr's* Foucault and Governmentality: Living to Work in the Age of Control**

**Bert Olivier**
Departement Filosofie
Universiteit van die Vrystaat
Suid-Afrika
E-pos: OlivierG1@ufs.ac.za



Bert Olivier

| | |
|---|---|
| **Bert Olivier** is Ereprofessor in Filosofie aan die Universiteit van die Vrystaat, Suid-Afrika. Sy werk is interdissiplinêr en sy publikasies omvat artikels en boeke oor 'n breë verskeidenheid van dissiplines soos filosofie, letterkunde, psigoanalise, sosiale teorie, argitektuur- en filmteorie. In 2004 is die Stalsprys vir Filosofie deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan Bert toegeken, terwyl die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit in 2012 'n Uitsonderlike Professorskap aan hom toegeken het. Hy is ook 'n NRF-gegradeerde navorser, en sy publikasies in populêre media strek oor 'n uitgebreide gebied wat filosofiese, kulturele en sosio-politieke sake insluit. | **Bert Olivier's** principal position is that of Honorary Professor of Philosophy at the University of the Free State, South Africa. He has published academic articles and books across a wide variety of disciplines, including philosophy, art theory, architecture, literature, psychoanalytic theory, cinema, communication studies and social theory. Bert received the South African Stals Prize for Philosophy in 2004, and a Distinguished Professorship from Nelson Mandela Metropolitan University in 2012. He is also an NRF- rated researcher, and has written extensively in popular media on philosophical, cultural and socio-political issues. |

## ABSTRACT

***Knowledge workers and neoliberal governmentality – Benda Hofmeyr's* Foucault and Governmentality: Living to Work in the Age of Control**

*Who would work all the time, if they have the opportunity to relax, or to spend time pleasantly and socially-constructively with their families or friends? Most people would probably shake their heads in disbelief when confronted with evidence that there is a group of individuals who actually do this ostensibly irrational thing. This distinct human assemblage comprises so-*

**Datums:**
Ontvang: 2022-11-03 Goedgekeur: 2023-01-30 Gepubliseer: Maart 2023


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a7

*called "knowledge workers", who demonstrably work constantly, and compulsively, even under circumstances that are not conducive to the kind of work that requires high levels of attention. Why? How do we make sense of something that seems to border on masochism? This is the question that Benda Hofmeyr addresses in the book on which this is a review essay. She lists three reasons, namely the expectation that they be optimally productive, the technological means to work virtually anywhere, and most importantly, the fact that they* desire *to work constantly.*

*Hofmeyr pays sustained attention to the work of Michel Foucault, reading his published lectures as "problematisations" – a critical practice he developed in his history of ancient Greek sexuality – and which Hofmeyr understands transcendentally insofar as they are said to reveal the "conditions of possibility" of the discursive justifications of cratological practices. What particularly interests her is Foucault's problematisation of "neoliberal governmentality" – which the French thinker regarded as being potentially inimical to human freedom; something I shall return to – and proposes to scrutinise the phenomenon of the knowledge worker through this lens. Hofmeyr's sustained focus on the knowledge worker in relation to the fact that "knowledge work" is the economic driver of the present era, exposes the link between what these workers do and the neoliberal imperative of the "greatest return", which requires the greatest efficiency on the part of workers. Knowledge workers are no exception, with the result that activities that may seem extraneous to their work, but actually contribute to their ability to work efficiently – such as sport and modes of relaxation – are justified as promoting productivity. Hofmeyr finds plenty of evidence, however, that what really motivates individuals who create and promote knowledge is their sense of achievement and recognition, together with the awareness of the quality of their work. It is interesting that one of Hofmeyr's sources confirming this dates back to 1959 (Drucker), and together with the fact that Maslow put personal achievement that promotes self-actualisation at the zenith of his famous motivational "hierarchy of needs" already in the early 1940s, this confirms my suspicion that neoliberal governmentality did not invent the phenomenon of the incessantly productive, achievement-motivated knowledge worker, but merely tapped into a motivational root that has been a part of human psychology, if not always, then for a long time.*

*True to the philosophical reflex of* zurückfragen, *and drawing on the arch-apologist for neoliberalism, Francis Fukuyama, Hofmeyr unearths what may be regarded as the* Urquell *of knowledge workers' desire to work continually, compulsively, namely* thumos, *which derives from ancient Greek insights into the nature of the human psyche* (psuche*). The most important of these is probably Plato's notion of* thumos *as one of the three characteristics of the soul, the other two being reason and desire. Importantly, Plato identifies "spiritedness" as belonging to* thumos, *and being at the basis of the capacity to get angry in the face of injustice. Hofmeyr pursues the motif of* thumos *in contemporary society, particularly regarding knowledge workers, who are ultimately seen by her – partly following Fukuyama, who regards this force as irrational – as exemplars of* thumos-*driven individuals in the context of neoliberal harnessing of* thumos *for its own productivity-optimising aims*.

*To the question, whether neoliberal theory has discovered a way to hitch* thumos *to the profit motive, Hofmeyr turns to Foucault's understanding of economist Gary Becker's belief, on the one hand, that greater profits require a combination of workers' self-optimisation and employers' willingness to invest in employees to enhance their optimal efficiency and productivity, and, on the other hand, neoliberal "privatisation guru", Milton Friedman's view of economic activity, including labour, as voluntary investment or entrepreneurial activity predicated on future gain or return. The organisational logic corresponding to this entails the*

imperceptible control *of knowledge workers' lives in their entirety – overt control has to be avoided at all costs, lest it undermine the experience of workers, that they are voluntarily engaged in optimalising their work performance. Needless to point out, there is a subtle form of deception operating in this situation, despite which – if we add the element of* thumos, *which is connected with the experience of self-actualisation – knowledge workers are likely to live up to neoliberal expectations. In short, neoliberal capitalism has devised a way to get the most out of these workers, and, judging by the sources adduced by Hofmeyr, it has been assisted in this by researchers who have conveniently shown the best, or most effective, way to achieve the optimal performance of workers – such as finding avenues of incentivisation that create the impression of spontaneity and initiative on the part of workers themselves, while in truth subtle forms of "management" are the source of such pseudo-spontaneity. One thing that neoliberalism cannot change, however, is the fact – elaborated on by Hofmeyr – that knowledge workers are generally their line managers' epistemic superiors in their respective research fields, which explains why they can afford to "shop around" for organisations which are compatible with their own sense of values, which includes respect for them and their work.*

*Hofmeyr understandably references such writers as George Huber regarding the prognostication, that information would become crucial for post-industrial societies, and it is significant that she acknowledges the fact that, instead of the ostensibly "soft", humane mode of managing knowledge workers, what has emerged is a technological web of "complex control" – something that Shoshana Zuboff (2019) has uncovered in startling ways. It is also appropriate that Hofmeyr gives sustained attention to the thinker of the "network society", Manuel Castells (2010), who – perhaps more than any other – has painstakingly enumerated the characteristics of the era of the "space of flows" and "timeless time". In the light of Castells's findings no one can doubt where power resides today, namely in networks, and it stands to reason that those who can negotiate these networks in a creatively productive manner – and this includes knowledge workers – would be empowered far more than those who do not, or cannot because they lack the skills to do so. But Castells (as well as other researchers) is not blind to the fact that real power does not lie here, but with "the rules of the (network) game" and with those agencies (like multinationals and financial markets) whose complex interactions generate these rules – for example, in determining in an open-ended manner which areas of knowledge work are prioritised over others. One can easily* imagine *that a critical discipline like philosophy could be downgraded in relation to other, less critical ones that confirm the* status quo.

*Hofmeyr deftly disabuses one of the notions that the digital platforms comprising the work environment of knowledge workers are "disintermediated"; despite claims to the contrary, they are not really, insofar as they are* technically *mediated by means of mechanisms such as algorithms, which manipulate the behaviour of internet users in subtle ways, as Shoshana Zuboff (2019) has demonstrated at length. This resonates with Foucault's contention – highlighted by Hofmeyr – that the neoliberal "free market" is not at all free, given the way in which it is constructed. In other words, the* cognoscenti-*denizens of the web are not "equal", or equally treated; depending on one's volitional behaviour on epistemically relevant platforms, you are either rewarded by means of rankings or awards, or penalised, based on one's choices. It turns out that behind the façade of equality the old scourge of social (and economic) hierarchy lurks. Hence the question, raised by Hofmeyr in the face of this unmasking of the covert workings of "complex power": to what degree is resistance to this cryptic functioning of asymmetrical power-relations in the age of putative spontaneous, voluntary, self-organising work possible? Finally, in addition to intermittent critical remarks on what is written in her*

*text, the review-essay concludes with, first, internal-textual, and then (briefly) extrinsic-contextual critical perspectives on Hofmeyr's argument – that is, on what is not written there, which corresponds with the notion of the unconscious in psychoanalysis, and with the current, ongoing attempt at a global* coup d'etat *on the part of the so-called New World Order.*

**OPSOMMING**

Waarom werk sogenaamde "kenniswerkers" (insluitende navorsers en akademici), skynbaar (nood)gedwonge, selfs wanneer omstandighede sodanig is dat hulle aandag moet gee aan ander sake, byvoorbeeld familiebesoeke? In hierdie fassinerende en vir sommige lesers waarskynlik onthutsende boek bespreek Benda Hofmeyr hierdie saak op verhelderende wyse. Ter verklaring van hierdie verskynsel onderskei sy drie redes, naamlik die verwagting by werkgewers dat kenniswerkers optimaal produktief sal wees in ruil vir werksomstandighede wat bevorderlik is vir sodanige produktiwiteit, insluitende uiters soepele werksure; die beskikbaarheid van gevorderde tegnologiese middele wat dit moontlik maak om feitlik enige plek te werk (primêr konstante toegang tot die internet deur middel van verskeie tegniese apparate); en die belangrikste rede van almal, te wete dat kenniswerkers gedurig *wil* werk. Hofmeyr problematiseer haar ondersoek na hierdie belangwekkende fenomeen rakende die vrywillige, maar oordrewe (en dikwels uitputtende) pligsvervulling van kenniswerkers deur dit in die neoliberale "Era van Beheer" te situeer. Haar navorsing word behendig in die rigting van Michel Foucault se suggestiewe refleksies oor Neoliberale Goewermentaliteit gestuur (met ander woorde die vernuftige wyse waarop neoliberale samelewings "regering" (of "regeer") met 'n bepaalde gekultiveerde "mentaliteit" kombineer), waardeur 'n paradoksale subjek geskep word wat deur sowel onderworpenheid ("subjection") as "subjektivering" (die konstruksie of modulering van subjektiwiteit) gekenmerk word. Tweedens onderneem Hofmeyr 'n stelselmatige naspeuring van kenniswerk ("knowledge work") in 'n samelewing wat onwrikbaar daarop ingestel is om almal te beheer. Dit word gevolg deur 'n noukeurige betragting van die eienaardige verband tussen wat die antieke Grieke *thumos* (vurigheid) genoem het, enersyds, en motivering asook "gedwonge" ("compulsive") werk, andersyds. Die vraag na die skakel tussen "gedwonge" werk en neoliberale goewermentaliteit word ook onder die loep geneem voordat die belangrike kwessie van die lewensvatbaarheid van *verset* onder kenniswerkers bespreek word, met uiteenlopende resultate. Afgesien van deurlopende kritiese opmerkings oor die teks, word daar ook ten slotte eers in intern-tekstuele, en dan kortliks in ekstrinsiek-kontekstuele terme krities standpunt ingeneem ten opsigte van Hofmeyr se argument.

> "…what is morality, if not the practice of liberty, the deliberate practice of liberty?
> (Michel Foucault)

## Inleidende oorsig: Die verskynsel dat "kenniswerkers" gedurig (of onophoudelik) *wil* werk

Wie sou gedurig, feitlik onophoudelik werk, indien hulle die geleentheid het om te ontspan of om tyd aangenaam en sosiaal-konstruktief in die geselskap van hul vriende of familie te verwyl? Die meeste mense sou waarskynlik hul koppe in ongeloof skud ten aansien van getuienis dat daar 'n groep individue is wat hulself inderdaad tot hierdie oënskynlik irrasionele handeling verbind het. Hierdie onwaarskynlike versameling mense is die sogenaamde "kenniswerkers" ("knowledge workers"), wat gedurig, feitlik onophoudelik en skynbaar


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a7

noodgedwonge, werk – selfs onder omstandighede wat nie juis bevorderlik is vir die soort werk wat hoë vlakke van konsentrasie verg nie. Waarom doen hulle dit? Hoe maak 'n mens sin van iets wat oënskynlik aan masochisme grens? Dit is die vraag wat Benda Hofmeyr in hierdie boek wat die aandagtige leser tot nadenke sal stimuleer, beantwoord. *Foucault and Governmentality – Living to Work in the Age of Control* (Rowman & Littlefield, 2022) – uit die pen van iemand wat as een van Suid-Afrika se voorste kenners van die werk van Michel Foucault, asook van neoliberale kapitalisme gereken word, is 'n indrukwekkende demonstrasie van filosofiese dink-werk in 'n era waar ware denke al hoe skaarser word. Reg aan die begin van die boek skets sy die fenomeen van wat moontlik "werkverslaafde" kenniswerkers genoem kan word, as volg (2022:1):

> Knowledge workers – our generators of game-changing ideas – embody the fuel that powers today's knowledge economy. They are that part of the workforce that thinks for a living, that dreams up the ideas from which new innovations and technologies spring. In neoliberal economies, these workers are known for their diligence, even devotion, to their work, to the point of dependency….These tireless workers will work regardless of how this compulsion impinges on their private time, or their physical, emotional, and social well-being….Somewhat surprisingly, these highly engaged workers have been reported to experience increased overall well-being, much more so than actively disengaged workers who work far less – with the exception of those cases for whom living-to-work has resulted in burnout and stress-related illnesses that confront the worker with the limits of his/her capacities.

Die vraag wat sigself opper, is dus: waardeur word hierdie hoogs kreatiewe mense gemotiveer? Kortweg gestel, voorsien Hofmeyr (2022:1-2) drie redes vir hierdie skynbaar irrasionele gedrag by kenniswerkers: die verwagting by werknemers dat hulle optimaal produktief moet wees (soos sy 'n mens herinner, is daar altyd spertye wat in gedagte gehou moet word); die bestaan van "slim" tegnologiese middele wat hulle in staat stel om feitlik op enige plek, te eniger tyd, te kan werk (selfs wanneer hulle vir alle praktiese doeleindes eintlik met iets anders besig moet wees, soos om aan gesinslede aandag te gee); en waarskynlik die heel belangrikste rede vir hierdie "leef-om-te-werk-"verskynsel, naamlik dat hulle feitlik onophoudelik *wil* werk. Maar waarom is dit die geval? En is daar 'n verband tussen die neoliberale konteks – meer spesifiek, wat Foucault "neoliberale goewermentaliteit" noem – en hierdie eienaardige fenomeen?

In wat myns insiens een van haar beste hoofstukke is, plaas Hofmeyr die werk van die poststrukturalistiese denker, Michel Foucault, onder die loep. Sy benader Foucault se gepubliseerde lesings as "problematiserings" – 'n kritiese praktyk wat hy in sy geskiedenis van antieke Griekse seksualiteit ontwikkel het – wat Hofmeyr op transendentale wyse verstaan vir sover problematisering volgens haar die moontlikheidsvoorwaardes van die diskursiewe regverdigings van kratologiese (magsverwante) praktyke blootlê. Sy stel besonder belang in Foucault se problematisering van "neoliberale goewermentaliteit", wat die Franse denker as besonder skadelik ten opsigte van menslike vryheid beskou het, en verklaar haar voorneme om die verskynsel van werkverknogte kenniswerkers vanuit hierdie perspektief te benader. Hofmeyr se volgehoue fokus op die kenniswerker ten opsigte van die feit dat "kenniswerk" ("knowledge work") die ekonomiese dryfkrag van die huidige era is – iets wat Jean-Francois Lyotard reeds in die laat 1970s onder die vaandel van *The Postmodern Condition* (1984) aangedui het – vestig die aandag op die skakel tussen wat werkers doen en die neoliberaal-kapitalistiese imperatief van die "grootste wins", wat optimale bekwaamheid van werkers verg. Hierdie uitsonderlike werkers is geen uitsondering nie, met die verrassende gevolg dat

selfs aktiwiteite wat skynbaar vreemd is aan hul werk – byvoorbeeld sport en verskeie soorte ontspanning – geregverdig word vir sover hulle tot kenniswerkers se vermoë om effektief te werk bydra, en sodoende hul produktiwiteit verhoog.

Desnietemin bring Hofmeyr voldoende getuienis na vore wat daarop dui dat die eintlike motivering van individue wat kennis skep en bevorder hul sin van persoonlike prestasie en sukses is, hand aan hand met die erkenning daarvan (deur werkgewers) en die besef van die kwaliteit van hul werk. Interessant genoeg dateer een van Hofmeyr se bronne wat hierdie insig bevestig terug na 1959 (Drucker). Voeg hierby dat Maslow reeds in die vroeë 1940s persoonlike, self-vervullende prestasie aan die toppunt van sy beroemde motiveringshiërargie van behoeftes geplaas het, dan bevestig dit my vermoede dat neoliberale goewermentaliteit, wat daarop ingestel is om via optimale produktiwiteit van kenniswerkers maksimumwinste te verseker, nie die verskynsel van die onophoudelik produktiewe, prestasie georiënteerde kenniswerker uit die niet opgetower het nie, maar slegs op weliswaar vindingryke wyse geput het uit ’n reeds bestaande motiveringsbron, wat lank reeds deel van menslike psigologie uitmaak.

Getrou aan die filosofiese refleks van *zurückfragen* lê Hofmeyr met behulp van Francis Fukuyama – die aartsapologeet vir neoliberalisme – die veronderstelde *Urquell* bloot ten opsigte van kenniswerkers se begeerte om gedurig te werk, te wete *thumos* (vurigheid; “spiritedness”), wat van antieke Griekse insigte oor die aard van die menslike psige (*psuche*) afkomstig is. Die vernaamste hiervan is myns insiens Plato se begrip van *thumos* as een van die drie komponente van die siel, waarvan die ander twee *rede* en *begeerte* (passie) is. Dit is betekenisvol dat Plato “vurigheid” met *thumos* identifiseer, en dit bowendien in sy *Republiek* met die kapasiteit verbind om *woede* in die aangesig van ongeregtigheid te kan ervaar (iets wat klaarblyklik onder hedendaagse mense in ’n groot mate afwesig is). Hofmeyr speur die tema van *thumos* in die tydgenootlike samelewing na, spesifiek vir sover dit kenniswerkers aangaan, en gedeeltelik soos Fukuyama, wat hierdie kapasiteit as irrasioneel bestempel, beskou sy hulle as paradigmatiese *thumos*-gedrewe individue, ofskoon hul vurigheid deur neoliberalisme op slim, subtiele wyse vir sy eie produksie-optimaliserende doeleindes ingespan word.

Op die vraag of neoliberale teorie ’n manier gevind het om *thumos* met die winsmotief te verbind, wend Hofmeyr haar tot Foucault se interpretasie van die ekonoom, Gary Becker, se oortuiging dat groter winste ’n kombinasie is van werkers se self-optimalisering en werkgewers se gewilligheid om in werknemers te belê ten einde hul optimale werkverrigting en produktiwiteit te verhoog, enersyds, en andersyds neoliberale “privatiseringskenner”, Milton Friedman, se siening van ekonomiese aktiwiteit, insluitende arbeid, as vrywillige belegging in die self, of persoonlike entrepreneuraktiwiteit wat op toekomstige wins gepredikeer is. Die ooreenstemmende organisatoriese logika behels die *onwaarneembare* beheer van kenniswerkers se lewens in die geheel daarvan. Openlike kontrole moet ten alle koste vermy word, sodat dit nie die indruk wat by kenniswerkers bestaan dat hulle *vrywillig* hul werkverrigting optimaliseer in die wiele ry nie. Nodeloos om op te merk, is daar ’n subtiele, versteekte soort bedrog wat in hierdie situasie aan die werk is, in weerwil waarvan kenniswerkers waarskynlik neoliberale verwagtinge sal bevredig – ten minste indien ’n mens met die element van *thumos* rekening hou vir sover dit met die ervaring van self-aktualisering verband hou.

Kortweg kan beweer word dat neoliberale kapitalisme ’n subtiele strategie ontwikkel het om hierdie waardevolle werkers ten volle te benut. Te oordeel aan Hofmeyr se bronne is dit hierin bygestaan deur navorsers wat die mees doeltreffende maniere om die beste werkverrigting uit kenniswerkers te kry in die kollig stel. Dit sluit aansporingsmiddele in wat die indruk van spontaneïteit en inisiatief by werkers skep, terwyl vindingryke vorms van “bestuur” inder-


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a7

waarheid die bron van sodanige pseudospontaneïteit is. Hofmeyr brei uit op die feit dat daar een ding is wat versteekte neoliberale beheer egter nie kan verander nie, naamlik dat kenniswerkers gewoonlik hul bestuurders se epistemiese meerderes is wat hul onderskeie navorsingsgebiede betref. Dit verklaar waarom hierdie sogenaamde "gouekraagwerkers" ("gold collar workers") kan rondkyk vir organisasies wat versoenbaar is met hul eie sin vir waardes, onder andere om hulle en hul werk te respekteer.

Terwyl dit begrypbaar is dat Hofmeyr na skrywers soos George Huber verwys in verband met die voorspelling dat inligting deurslaggewend sou wees vir postindustriële samelewings, is dit eienaardig dat sy nie ook Jean-Francois Lyotard se naam noem nie. Laasgenoemde se *The Postmodern Condition: A Report on Knowledge* het vyf jaar voor Huber se vergelykbare werk in Frans verskyn, en die Engelse vertaling in 1984. Weliswaar het Lyotard nie, soos Huber, op die voorkeurbestuurstyl van postindustriële, neoliberale samelewings gekonsentreer nie, maar hy het wel die epogale oorgang na 'n samelewing waar epistemiese prioriteitswaarde aan "inligting" toegeken word gekarakteriseer, en waarsonder die belang van "sagte" bestuurstegnieke ten opsigte van sogenaamde "gouekraagwerkers" (kenniswerkers) vir neoliberalisme ondenkbaar sou wees. In elk geval is Hofmeyr se erkenning veelseggend dat, in stede van die oënskynlik "sagte", humane wyse waarop kenniswerkers bestuur word, die eintlike aard daarvan – naamlik dat dit 'n tegnologiese web van "komplekse beheer" is – oortuigend deur Shoshana Zuboff (2019) beredeneer is.

*Die* denker van die "netwerksamelewing", Manuel Castells (2010), ontvang die aandag wat hy verdien van Hofmeyr; hy het immers (waarskynlik meer as enige ander denker) sorgvuldig die kenmerke van die "ruimte van strominge" ("space of flows") en "tydlose tyd" ("timeless time") blootgelê, wat konstitutief is van die "netwerksamelewing". Castells se bevindinge laat geen twyfel oor die antwoord op die vraag, waar *mag* vandag gelokaliseer is nie, te wete in netwerke, en dit maak sin dat diegene wat hierdie netwerke op 'n kreatief produktiewe wyse kan hanteer, waaronder kenniswerkers tel, geredelik meer bemagtig sal wees as diegene wat dit nie kan doen nie omdat die vereiste vaardighede by hulle ontbreek. Tog is Castells (sowel as ander navorsers) nie blind vir die feit dat egte mag nie in die netwerke self lê nie, maar eerder te make het met "die reëls van die (netwerk)spel", en met die agentskappe (soos multi-nasionale maatskappye en geldmarkte) wat hierdie reëls met hul komplekse interaksies (en algoritmes) genereer – byvoorbeeld om op soepele wyse te bepaal watter areas van kenniswerk prioriteit bo ander moet geniet. Dit is inderdaad maklik voorstelbaar dat 'n kritiese dissipline soos filosofie ongunstig beoordeel kan word in vergelyking met ander dissiplines wat minder krities is en sodoende die *status quo* bevestig, met die gevolg dat filosowe wat nie "brooddenkers" is nie ('n term wat Schopenhauer benut het om die "filosowe" te etiketteer wat die maghebbers dien), minder in aanvraag sou wees as kenniswerkers in ander ondersoekvelde.

Indien 'n mens onder die waan verkeer het dat digitale "platforms" wat die werksomgewing van kenniswerkers daarstel "onbemiddeld" ("disintermediated") funksioneer, ontnugter Hofmeyr jou sonder verwyl; in weerwil van strydige bewerings, word hulle inderdaad *tegnies* deur meganismes soos algoritmes bemiddel, wat die gedrag van internetgebruikers op subtiele, haas onopmerkbare wyse manipuleer, soos Shoshana Zuboff (2019) uitvoerig aangetoon het. Hierdie insig resoneer met Foucault se bewering (wat deur Hofmeyr beklemtoon word) dat die neoliberale "vrye mark" glad nie vry is nie, gesien in die lig van die wyse waarop dit gekonstrueer en beheer word. Dit wil sê dat die *cognoscenti*-bewoners van die wêreldwye web geensins gelyk is, en nie op gelyke voet behandel word nie; afhangende van jou wilsuitinge op epistemies relevante platforms word jy óf beloon by wyse van graderings en ander voordele,


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a7

óf gepenaliseer op grond van jou keuses. Dit blyk dus dat die bekende ou metgesel van sosiale en ekonomiese hiërargie agter die fasade van gelykheid skuil. Vandaar Hofmeyr se vraag – wat sy uitvoerig, ofskoon dubbelsinnig beantwoord – ten aansien van hierdie ontmaskering van die verborge werkinge van "komplekse mag": in watter mate is *weerstand* teen die kriptiese fungering van asimmetriese magsverhoudinge in die era van *gewaande* spontane, vrywillige, selforganiserende werk moontlik? Ter aanvulling van die voorafgaande, afwisselende kritiese opmerkings ten opsigte van wat in haar teks geskryf is, word die oorsigartikel afgesluit met interne, tekstuele kritiek, gevolg deur 'n kort verwysing na 'n ekstrinsiek-kontekstuele kritiese perspektief op Hofmeyr se argument – dit wil sê oor wat *nie* daar geskryf is nie, en met die begrip van die *onbewuste* in psigoanalise ooreenstem.

**Is Hofmeyr se verklaring van kenniswerkers se "irrasionele" verknogtheid aan hul werk toereikend?**

Aan die begin van Hofmeyr se hoofstuk oor Foucault en neoliberale goewermentaliteit maak sy die programmatiese opmerking, dat (2022:17):

> The quintessential Foucauldian question animating this book throughout is what we are today, in relation to our present, understood as a globalising neoliberal governmentality in which life is reduced to constant work under conditions of strict control.

Met ander woorde, Hofmeyr se primêre belangstelling het betrekking op die *subjek* onder neoliberale heerskappy, en 'n beter vertrekpunt as Foucault is skaars denkbaar in die lig van sy bekende en volgehoue ondersoek na die aard van die verhouding tussen kennis (waarheid), mag en sy fundamentele poging om die menslike subjek te verstaan (sien Hofmeyr, 2022: 29-30; 32; 78-79). (Dit beteken nie dat ander, ewe geskikte vertrekpunte nie benut kan word nie, soos ek hier onder sal aandui.) In die lig hiervan is haar karakterisering van neoliberalisme as 'n "globale en globaliserende politieke program" (p. 19) uiters belangrik, aangesien dit die alledaagse vooroordeel, dat dit slegs maar 'n ekonomiese stelsel verteenwoordig, korrigeer en die aandag ondubbelsinnig op die kratologies-politieke aard daarvan vestig. Die feit dat, soos David Harvey aantoon (p. 21), neoliberalisme reeds die status bereik het waar dit in mense se "gesonde verstand" ("common sense") ingebed is, getuig ondubbelsinnig van die dominante ideologiese aard daarvan; wanneer 'n werklikheidsopvatting wat 'n programmatiese struktuur vertoon hierdie punt bereik het, is dit nie bevraagtekenbaar nie (altans, nie sonder risiko vir diegene wat dit durf waag nie). Hierby aansluitend is dit betekenisvol dat Hofmeyr die problematiese implikasies van die neoliberale klem op ekonomiese vryheid – die sogenaamde "vryheid van die mark" – aksentueer (p. 22). Dit geld natuurlik nie slegs vir die mite dat die hele samelewing by die toename in ekonomiese welvaart baat en nie slegs die kapitalistiese klasse nie, maar veral vir die gerieflike verswyging van die negatiewe konsekwensies wat dit vir politieke vryheid inhou.

'n Meer verreikende saak betref die gerieflike (maar vals) onderliggende neoliberale antropologie, naamlik dat mense wesenlik kompeterende, rasionele wesens is wat rasionele besluite maak wanneer dit by ekonomiese en geldelike sake kom (p. 22). Dit is 'n uiters problematiese aanname, veral in die lig van psigoanalitiese getuienis – voorafgegaan deur Arthur Schopenhauer se irrasionalistiese filosofie van die Wil in die 19de eeu – dat mense se handelinge veeleer deur onbewuste, begeerte-georiënteerde motiewe gedryf word as deur rasionele besluite, ongeag die mate van rasionaliserende regverdiging wat op 'n rampspoedige (dog oënskynlik-"rasionele") besluit mag volg. 'n Psigoanalitiese teoretikus en praktiserende


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a7

psigoanalitikus soos Ian Parker (2011) demonstreer op oortuigende wyse die primaatskap van die onbewuste in psigiese manifestasies daarvan by werkers onder neoliberalisme vir sover dit in sekere kwasi-patologiese (byvoorbeeld obsessief-neurotiese) handelinge na vore kom (sien ook Olivier, 2013; 2015; 2018 in hierdie verband, en 2022 vir ’n tematisering hiervan in die konteks van die Covid-19-“pandemie”). Hierdie oorweging het ook implikasies vir Hofmeyr se deurlopende argument wat kenniswerkers se motivering betref: in plaas van die drieledige motivering wat sy aanbied (verwagtinge van werkgewers ten opsigte van werkers se produktiwiteit; beskikbaarheid van tegniese middele om feitlik deurentyd te werk; die *wil* om deurentyd te werk, gekoppel aan *thumos*, of vurigheid, en die gepaardgaande behoefte aan self-aktualisering), kan ’n mens aanvoer dat Parker ’n alternatiewe verduideliking aanbied, te wete die grootliks obsessief-neurotiese karakter van werkers in die konteks van neoliberalisme (sien ook Olivier, 2015; 2018). Parker skryf (2011:42):

> Those who suffer in obsessional mode under capitalism are subjects who buy into the separation of intellectual and manual labour, the separation of thinking from being, and live out the predicament of a puzzle about the nature of being as if false consciousness really did operate only at the level of the individual. Lacan argues that the question that haunts the obsessional neurotic concerns being, existence, their right to exist and whether they are alive or dead…The “obsessions” are repetitive ideas manifested in a series of actions from which the subject seems unable to escape. Even though this eventually may result in suffering that is too much to bear, enough to bring someone to ask for help, it is still stubbornly tied to personal administrative strategies that contain an unbearable surplus of satisfaction – “jouissance” is our name for this excess – within the domain of the “pleasure principle”…

Dit mag voorkom asof die herhaaldelike simptome van “obsessies”, wat volgens Parker in “persoonlike administratiewe strategieë gemanifesteer word”, ligjare verwyder is van die *thumos* en begeerte-gedrewe, kreatiewe, selfvervullende en kognitiewe, dog terselfdertyd affektief-relevante kenniswerk wat hier ter sprake is. Tog is dit duidelik uit wat Hofmeyr skryf dat die kenniswerker in weerwil hiervan na haar mening inderdaad *obsessief* verknog is aan sy of haar werk (p. 81), en dat daar inderdaad persoonlike lyding hierby betrokke is, soos Parker aantoon (Hofmeyr 2022:100; my onderstreping):

> …the unquestioned wholesale conviction displayed by the ever-working subject, even in the face of the evident toll that constantly working takes, cannot be entirely accounted for by the clever charade of other-induced coercion, masquerading as self-motivated conviction. The inherent contradictions of a *de facto* irrational, obsessive, and self-destructive work-drivenness are bound, inevitably, to result in severely detrimental side effects for the working subject. And they do. At both the rational and the emotional levels, the working subject is bound eventually to become disenchanted by the clever ploy of “smart power”. Nevertheless, despite the havoc it wreaks on the working subject’s mental and physical health, on collegial and familial relationships, the knowledge work addict displays an almost devotional commitment to the task at hand.

Is dit dan enigsins verbasend dat Parker op die fundamenteel irrasionele funksionering van onbewuste, obsessiewe psigiese motiewe by werkers onder neoliberale kapitalisme wys? Weliswaar sonder hy nie kenniswerkers uit, soos Hofmeyr nie, maar “werkers” as omvattende groep sluit hulle in, en indien ’n saak uitgemaak kan word dat werkers oor die algemeen aan ’n sodanige obsessiewe dryfveer onderworpe is, sou dit Hofmeyr se argument – wat implisiet

daarop aanspraak maak dat dit die vraag na die gronde vir kenniswerkers se (irrasionele) toewyding aan hul werk *toereikend* beantwoord het – verder verswak.

## ***Jouissance* en *thumos* – hoe verskil hulle?**

Om die geldigheid van my psigoanalities-georiënteerde argument (soos aan Parker, en implisiet aan Freud en Lacan ontleen) te kan beoordeel, moet ’n mens natuurlik weet wat die Lacaniaanse begrip van *jouissance* beteken – wat Parker hier bo as “unbearable surplus of satisfaction” beskryf. Daarby moet in gedagte gehou word dat, vanweë Hofmeyr se bevestiging dat kenniswerkers se toewyding irrasioneel is (én *onbewuste* motiewe insluit; pp. 70, 77), my alternatiewe psigoanalitiese benadering tot die raaisel van kenniswerkers se oënskynlik bewustelik vrywillige, oormatige werkverrigting (“superogation”) – hul “obsessiewe werkmanie” – moontlik maar net as ’n verklaring van die verskynsel op vergelykbare wyse, en slegs in ’n ander register, bestempel kan word. Of verskil Hofmeyr se verklaring fundamenteel van die psigoanalitiese, as aan die aard van *jouissance* gedink word? Wat is *thumos* en *jouissance*, onderskeidelik?

Hou in gedagte dat *Thumos* deur Hofmeyr (2022:75-102) aan die hand van hoofsaaklik Plato se werk verduidelik word, maar sy benut ook ander bronne, insluitende die Homeriese heldedig, asook Griekse treurspeldigters soos Sophokles en Euripedes, Hegel, Fukuyama en MacIntyre, waar sy die verskillende beklemtoninge wat by onderskeie denkers aangetref word, uitlig en haar eie interpretatiewe voorkeur telkens regverdig. Waar Plato byvoorbeeld *thumos* (die edele wit perd) as “hart” (oftewel vurigheid) wat via opvoeding deur rede (die strydwadrywer) getemper word, karakteriseer, lê die klem by Homeros en die tragedies van Sophokles en Euripedes op die “oormatige” van *thumos*, wat in onbeteuelbare woede en onstuimigheid uitgedruk word. Haar insiggewende ontleding van Hegel se bydrae oor werk (arbeid) word benut om te redeneer dat, ofskoon Hegel nie uitdruklik na *thumos* verwys nie, dit implisiet in die onmisbare rol wat hy in die ontwikkeling van die samelewing aan werk toeken, aanwesig is, mits ’n mens Hegel “deur ’n Platoniese lens lees”. Die self-aktualiserende rol van werk, volgens Hegel, is ook ’n belangrike leidraad vir Hofmeyr om tot ’n behoorlike verstaan van *thumos* te kom. Wat Fukuyama betref, merk Hofmeyr skerpsinnig op dat sy kousale koppeling van *thumos* as werkdryfveer aan werksetiek as ’n kulturele verskynsel nie steekhoudend is nie, juis omdat werksetiek relatief onlangs eers in die kultuurgeskiedenis kop uitgesteek het; daar móét ’n dieper, aangebore “oorsaak” wees vir ’n feitlik irrasionele verknogtheid aan werk, veral dan by kenniswerkers. En aangesien *thumos* as sielskomponent gedurende verskillende historiese tydperke herkenbaar gemanifesteer is, meen sy dat dit die regte kandidaat vir hierdie oorsaaklike rol is. Die slotsom waartoe sy kom, word só geformuleer (2022:102):

> We may conclude, then, that read through a Platonic lens, it is thumos – not primarily reason or desire – that fuels the worker to work. Knowledge work in particular – as challenging, entrepreneurial, creative, and problem-solving – ignites the thumotic dimension of the soul. It is what spurs the worker to rise to the occasion and persevere until the job is done. It is then not so surprising that the neoliberal knowledge worker’s work-drivenness is irrational from a utilitarian point of view, in other words, that the surplus gains for the workaholic are not necessarily evident in conspicuous consumption or increased health or well-being. Work, it would seem, appeases not the dark horse of desire, but the white stallion of thumos, what Empedocles called the “seat of life”…
> – that part of the soul that seeks recognition, and which, when appeased, generates an immense and addictive form of gratification or well-being.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a7

Daar is verskeie aspekte van Hofmeyr se wydlopende diskussie rondom *thumos* wat die aandag verdien, op almal waarvan ongelukkig nie hier uitgebrei kan word nie, ofskoon ek op andere sal terugkom. Wat egter kortliks genoem moet word, is eerstens dat *thumos* aanleiding gee tot, *en* gepaardgaan met intense genoegdoening, bevrediging en ’n gevoel van welsyn of welstand – wat verstaanbaar is aangesien kenniswerkers uit die aard van die saak ’n primêre liefde vir hul dissipline koester – ongeag die wyse waarop neoliberalisme dit volgens haar siening eksploiteer. Dan is daar haar (p. 99) opvatting van sekere historiese verskynsels – onder andere die twee Wêreldoorloë – as gewelddadige uitdrukkings van *thumos*, wat ek moeilik aan laasgenoemde as “vurigheid” kan koppel, ofskoon ek verstaan op watter gronde sy dit kan doen, te wete die interpretasie van *thumos* by onder andere Homeros, waar sy helde, soos Achilles, op selfdestruktiewe wyse daardeur aangevuur word. Weliswaar kan ’n mens ’n verband lê tussen vurigheid en vernietiging, maar wat laasgenoemde betref, sou ek argumenteer dat Freud se doodsdrif, of *Thanatos*, ’n beter kategorie voorsien om sulke fenomene te begryp, aangesien dit volgens Freud (1974:4510) op twee maniere gemanifesteer word: enersyds *konserwatief*, vir sover ’n mens altyd na ’n vorige (gewoonlik bekende) posisie terugkeer, en andersyds as *aggressie*, onder andere kollektief as oorlog. (Freud se begrippepaar, *Eros* of die lewensdrif, en *Thanatos,* die doodsdrif, stem ooreen met die antieke Griekse denker, Empedokles, se *Philotes*, of liefde, en *Neikos*, of haat/stryd, waarmee Freud bekend was.) Die verwysing na Freud bring ’n mens terug by psigoanalise, waarvan hy die “vader” was, terwyl Jacques Lacan onteenseglik as sy Franse erfgenaam beskou mag word.

*Jouissance* figureer in Lacan se werk as begrip om (soos reeds vroeër by Parker gesien is) oormatige, feitlik ondraaglike genot – genieting (“enjoyment”), eerder as plesier (waarmee ek “pleasure” hier vertaal) – aan te dui. (Dit is in hierdie verband betekenisvol dat, afgesien van Lacan se spesifiek psigoanalitiese aanwending daarvan, dit in Frans ook “orgasme” beteken.) Vir Lacan verteenwoordig *jouissance* ’n moment van oorskryding (“transgression”) van die Freudiaanse plesierbeginsel (“pleasure principle”), wat, anders as laasgenoemde, feitlik (pynlik-)ondraaglike genot voortbring. Om hierdie rede is dit fundamenteel in stryd met die beperkinge wat die plesierbeginsel aan ’n mens voorskryf (Lacan 1997:176-177, 191-197; 2007:18; Evans, 2006:93-94). Dit is immers die geval dat laasgenoemde (plesier)beginsel ’n ekonomie van homeostase bevorder en in stand hou, en gevolglik die subjek se *genot* tot die minimum beperk. Hoe eienaardig dit ook mag klink, is *plesier* konserwatief, terwyl *jouissance* (*genot* in die sin waarin dit hier aangewend word) oordadig en buitensporig is (Parker, 2011:52-55). Die menslike subjek neig voortdurend in die rigting van sodanige oormatigheid in verhouding met die perke wat deur die plesierbeginsel daarop afgedwing word. Dit verklaar waarom Freud laasgenoemde aanvanklik die “onplesier-beginsel” genoem het. In hierdie verband is dit insiggewend dat Silverman (1983:54) die plesierbeginsel gepas as volg beskryf, wat terselfdertyd die verskil tussen die plesierbeginsel en *jouissance* verhelder):

> For Freud, pleasure represents the absence of unpleasure; it is a state of relaxation much more intimately connected with death than with life. Indeed, *Beyond the Pleasure Principle* (1920) at one point refers to the pleasure principle as “Nirvana principle”...

In teenstelling hiermee word *jouissance* deur oorskrydende (“transgressive”), onuithoubare genot gekenmerk, wat allermins ’n toestand van ontspanning uitmaak; inteendeel. Dit is verder belangrik dat Lacan *jouissance* uitdruklik met verbod (“prohibition”) verbind (1997:176). Hy doen dit aan die hand van Freud se mite (in *Totem and Taboo*) oor die vadermoord van die “oervader” (“primal father”), en maak die veelseggende opmerking, dat (Lacan 1997:177):


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a7

> ...without a transgression there is no access to *jouissance*, and...that is precisely the function of the [moral] Law. Transgression in the direction of *jouissance* only takes place if it is supported by the oppositional principle, by the forms of the Law...what we see here is the tight bond between desire and the Law.

Hierby moet onthou word dat enige verbod – dit wil sê volgens die instelling van die (morele) Wet – alleenlik moontlik is deur diskoers, en omrede dit ’n funksie is van die aksiologiese en etiese aspekte van die simboliese orde (taal as diskoers), impliseer dit dat *jouissance* in ’n bepaalde sin voor-simbolies sowel as trans-simbolies is. Voor-simbolies, omdat toetrede tot die simboliese (die verwerwing van taal) vereis dat die subjek die *jouissance* prysgee wat dit op die vlak van die tweede van Lacan se drie registers van subjektiwiteit, die imaginêre, probeer bereik, vir sover dit sigself voorstel dat dit moontlik is om met die “volheid” (*plenum*) wat die Moeder (onbewustelik) verteenwoordig saam te val (Parker, 2011:53, 95; Evans, 2006: 93-94). Die betekenis van “simboliese kastrasie” blyk hieruit: om ontmagtig te word deur taal as diskoers, dit wil sê vervreem te wees van genot (*jouissance*) deur die linguistiese betekenaar (“signifier”). Hieruit volg dat die verbiedinge wat die subjek in die gesig staar paradoksaal is – wat verbied word (*jouissance*) is diskursief-struktureel onbereikbaar, behalwe deur die simboliese te oorskry, met ander woorde deur trans-simbolies te handel. Dit is ook op hierdie punt dat *jouissance* se intieme verbintenis met die doodsdrif (*Thanatos*) waargeneem kan word (dink aan Johanna van Arkel), in die sin dat laasgenoemde die simboliese orde te bowe gaan by die grens wat die antieke Grieke *Até* genoem het, waarbuite die subjek nie kan bestaan nie (Lacan, 1997:189**,** 257-283; Lacan onderneem hier ’n interpretasie van Sophokles se Antigone in hierdie terme, deur aan te toon dat haar *jouissance* daarin geleë is dat sy in weerwil van die verwagte doodstraf haar oorlede broer, Polynices, begrawe het). Dit verduidelik ook waarom *jouissance* ondraaglik is, dog geensins minder begeerlik vanweë sodanige onuitstaanbaarheid nie. Dat dit deur-en-deur paradoksaal is, blyk uit Lacan se weiering om dit as iets “misties of instinktief” te verklaar, in stede waarvan hy dit karakteriseer as “…something constituted by the very human activity that keeps it at bay, constituted as a something beyond, something that drives the subject as they speak, and drives them beyond speech” (Parker, 2011:53).

Dit is op hierdie punt dat die verband tussen *jouissance* en die raaiselagtige werkverknogtheid van kenniswerkers sigself aanmeld: as mense is hulle diskoers-gekonstitueerde wesens (dit wil sê hulle kan self nie *buite* taal as simboliese register tree nie), dog terselfdertyd neig hulle (soos alle mense) in daardie rigting vanweë hul antropologies-strukturele aard as *begerende* kreature. Beknop gestel, konstitueer begeerte en die morele wet mekaar wedersyds. Dit is psigoanalities begrypbaar in die lig van Freud (1974a:741; sien ook Olivier, 2021a) se insig, dat die onbewuste by die mens deur die internalisering van die oerverbod meegebring word – of dit nou in klassieke terme as die verbod op seksuele toegang tot die Moeder verstaan word, of as enige ander verbod, soos ’n kleuter wat verbied word om sy of haar vinger in ’n sjokoladekoek op die koffietafel te druk. Ons begeer juis (meesal onbewustelik) wat deur die morele wet verbied word – vandaar die verskynsel van *skuld*gevoelens. Maak dit nie sin dat werkers (kenniswerkers inkluis) onder neoliberalisme obsessief werk vanweë die feit dat hulle *skuldig* voel indien hulle dit nie doen nie? En hier gaan dit nie slegs oor werksetiek nie – soos Hofmeyr reeds oortuigend gedemonstreer het. ’n Mens moet *jouissance* hierby betrek. Hoe doen ’n mens *dit*?

Hou in gedagte dat *jouissance* ondraaglike, taaloorskrydende genot is wat ’n weliswaar verbode aantrekkingskrag op ’n mens uitoefen. En dat dit ’n geval van “universele singulariteit” daarstel: *alle* mense word deur *jouissance* gemotiveer (dit is universeel), dog vir elke mens is dit *anders* (dit is singulier). Johanna van Arkel (“Joan of Arc”) was waarskynlik in die vurige

omhelsing van *jouissance* waar sy op die brandstapel vir haar godsdienstige oortuigings gesterf het (soos Leonard Cohen goed verstaan het, te oordeel aan die lirieke van sy lied oor Johanna, waar hy na haar as die "bruid" van die vuur verwys); die Skotse nasionalistiese stryder, William Wallace, het waarskynlik eweneens *jouissance* ervaar waar hy in 1305 wreed deur middel van vierendeling ("drawing and quartering") vir sy politieke verset teen die Engelse tereggestel is. 'n Vrou wat vasgevang is in die buitengewone intensiteit van 'n orgasme beleef *jouissance*, te oordeel aan die getuienis van neuroloog Leonard Shlain (2003:69-70), wat die sublimiteit van 'n spesifiek vroulike orgasme as 'n unieke fenomeen onder lewende wesens bestempel. Kenniswerkers word onweerstaanbaar deur die belofte van *jouissance* gedryf om hulself telkens te oortref, en wanneer hulle – as strewers na "perfeksie" – voel dat hulle dit nie volkome regkry nie, of dat hulle op vorige suksesse *wil*, en *moet*, verbeter, ervaar hulle onvermydelik die ooreenstemmende skuld wat onafskeibaar is van die verbod op mislukking.

Die keerkant van bogenoemde is natuurlik dat – soos reeds uit Shlain se waarnemings-gebaseerde siening van vroulike orgasme blyk – *jouissance* nie slegs (indirek) met "negatiewe" ervarings soos skuld of martelaarsterfte verbandhou nie. Die *jouissance* wat 'n moeder ervaar wanneer sy haar pasgebore baba koester, of wat twee geliefdes beleef wanneer hulle na 'n lang skeiding, byvoorbeeld vanweë werksverpligtinge, weer herenig word, oorskry 'n mens se vermoë om dit in taal uit te druk omdat dit 'n soort ekstase daarstel. Dit is 'n bekende verskynsel onder uitvoerende kunstenaars dat die intensiteit wat met sekere performatiewe ervarings gepaardgaan, eweneens onuitspreekbaar "singulier" is – sodat hierdie uitvoerings (byvoorbeeld 'n viool- of klavierkonsert) tereg met die ervaring van *jouissance* by die kunstenaar bestempel kan word, en terugkykend in hul herinnering as paradigma van waartoe hulle in staat is, figureer.

Die Lacaniaanse begrip van die *objet petit a* ("klein ander voorwerp") hou hiermee verband. Net soos ander sentrale begrippe by Lacan, het dié van *objet petit a* eweneens deur verskeie ontwikkelingsfases gegaan. Waar dit aanvanklik die "voorwerp van begeerte" aangedui het, beteken die "volwasse" begrip van *objet petit a* by Lacan die "voorwerp-*oorsaak*" van begeerte (Evans, 1996:128-129). 'n Mens kan dus beweer dat dit enige voorwerp is *vanuit die perspektief waarvan* die *singuliere* begeerte van 'n subjek verstaan kan word – met ander woorde, dit wat *jouissance* vir die subjek verteenwoordig – terwyl 'n *fetisj* die geperverteerde gedaante van 'n *objet petit a* is vir sover dit nie meer as oorsaak van begeerte funksioneer nie, maar *self* die voorwerp van begeerte is (byvoorbeeld wanneer iemand se skoen in 'n sodanige fetisj omvorm word). Žižek (1993:206-207; sien ook Olivier, 2005) bespreek 'n treffende geval in Freud se terapeutiese werk, waar 'n self-toegediende snywond aan 'n Weense vrou ('n pasiënt) se ringvinger die *objet petit a* is van waaruit haar ware, maar onderdrukte begeerte vir 'n vorige minnaar (met wie sy vanweë konvensie nie kon trou nie, al sou sy dit verkies het) sigbaar word. Sodanige voorwerp kan ook 'n skildery wees, of 'n gedig, 'n ou leerbaadjie, 'n vrou (of man) se profiel, slapende kind, of dit kan 'n liedjie wees – Bob Dylan se "One more cup of coffee for the road" is beslis in my geval 'n *objet petit a*; *waarom* weet ek nie, maar dit het iets met die onpeilbare heimwee in die mineurklanke daarvan te doen. In die geval van kenniswerkers sou hul *objet petit a* onder andere enige voorwerp wees wat op onmiskenbare wyse by elke onderskeibare persoon hul unieke begeerte blootlê, soos byvoorbeeld 'n e-posboodskap van 'n wetenskaplike tydskrifredakteur waarin sy of hy meegedeel word dat 'n artikel wat deur hulle geskryf is 'n toekenning ontvang het vir die beste wetenskaplike artikel wat gedurende die jaar daarin verskyn het.

Hierdie toedrag van sake is myns insiens wat kenniswerkers motiveer, ofskoon Hofmeyr se *thumos*-georiënteerde verduideliking inderdaad 'n verhelderende teoretiese perspektief op


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a7

die vraag is, wat kenniswerkers onbewustelik motiveer om op kennelik-irrasionele wyse hulself af te sloof ter wille van volgehoue, optimale werksproduktiwiteit. Sowel die elemente van die onbewuste as die irrasionele word dus deur haar betrek, dog sonder om hul werklik te ontgin, wat slegs die dissipline van psigoanalise ’n mens in staat stel om te doen, soos ek hier bo aan die hand van die Lacaniaanse begrippe van *jouissance*, *objet petit a*, en *skuld* gedemonstreer het.

## Eksterne, sosiaal-kontekstuele kritiek

Die voorafgaande afdeling handel oor interne, tekstuele kritiek op Hofmeyr se argument; die huidige afdeling fokus op eksterne, sosiaal-kontekstuele kritiek. Dit is waar die psigoanalitiese begrip van die onbewuste weereens ter sprake kom, met ander woorde die rol wat die sake *wat nie eksplisiet deur haar genoem word nie* inderdaad in verhouding tot haar teks speel. Lacan (1977a:46-55) beklemtoon die onmisbare rol van *diskoers* in die analitiese situasie, waar die subjek van die analise, met behulp van die terapeut, in die loop van sy of haar “vrye assosiasie” ’n simboliese interpretasie via die *rekonstruksie* van ’n begrypbare narratief of lewensverhaal bereik, aangesien die *vry-assosiatiewe* diskoers van die subjek allermins samehangend is. Dit is immers die sin van vrye assosiasie: ten einde die natuurlike neiging om “samehangend” te praat, wat ’n funksie van die rede is, uit te skakel, om sodoende by die “waarheid” van die subjek se onbewuste uit te kom.

Om bogenoemde stelling te verstaan, moet onthou word dat Lacan onder diegene wat nie psigoanalise (probeer) verstaan nie, berug is vir sy (weliswaar aanvanklik verwarrende) omkering van Descartes se paradigmaties-moderne uitspraak, *Cogito ergo sum* (“Ek dink, daarom is ek”), sodat dit lui: “I think where I am not, therefore I am where I do not think”, of – in uitgebreide vorm – “I am not wherever I am the plaything of my thought; I think of what I am where I do not think to think” (Lacan, 1977:166). “…[W]here I am not” (“Waar ek nie is nie”) is klaarblyklik ’n verwysing na die onbewuste, waarvan die rol hier deurslaggewend is vir sover dit sigself in gevalle van ’n *lapsus linguae* sowel as aarselings, weglatings, diskursiewe gapings, tekens van aggressiewe ontkenning (of bevestigende aandrang), en so meer, manifesteer. Deur die gesprek in ’n bepaalde rigting te stuur, benut die psigoanalitikus sodanige simptomatiese manifestasies van die onbewuste – wat immers deur die repressie of onderdrukking van ondraaglike materiaal gekonstitueer word – om die assosiatiewe diskoers ’n bepaalde rigting, interpretasie of klem te gee.

Indien die indruk geskep word dat hier nog steeds van heeltemaal te veel “rasionele samehang” sprake is, moet in gedagte gehou word dat Lacan se opvatting van die subjek (of $) as “gesplete”, of “onderbroke” (“interrupted”), sodanige samehang in beginsel belet of ondermyn, in die sin dat ’n “samehangende” subjek – soos wat in ego-psigologie aangetref word – die funderende insig van psigoanalise ontken, naamlik dat menslike rasionaliteit gedurig rekening moet hou met die destabiliserende funksie van die onbewuste. Dat Lacan se denke allermins ’n bondgenootskap met ego-psigologie vertoon, behoort duidelik te wees uit sy opmerking, dat (Lacan, 1977:49):

> The unconscious is that part of the concrete discourse, in so far as it is transindividual, that is not at the disposal of the subject in re-establishing the continuity of his conscious discourse.

Volgens Lacan (1977:50) is die onbewuste daardie “hoofstuk” van die subjek se lewensgeskiedenis wat “gesensor” is, en as sodanig deur ’n “leemte gekenmerk word” (“marked by

a blank"), soos duidelik blyk uit die onbedoelde handelinge – insluitende spraakhandelinge – van die subjek. Desnietemin kan hierdie onderdrukte "hoofstuk" aan die hand van die interpretatiewe samewerking tussen die analitikus en die vry-assosiatiewe diskoers van die subjek herontdek word, in weerwil van die kenmerkende *weerstand* by laasgenoemde. Die "taal" van die onbewuste manifesteer sigself in die subjek se liggaamlike simptome, kinderherinneringe, diskursiewe weglatings en baie spesifieke, "idiosinkratiese" woordkeuses en taaluitdrukkings wat sy of hy gebruik (Lacan, 1977:50).

Indien lesers wonder waarop ek met hierdie kort psigoanalitiese ompad afstuur, is die antwoord dat dit nodig is ten einde my eksterne, sosiaal-kontekstuele kritiek van Hofmeyr se argument te formuleer. Net soos die psigoanalitiese subjek, die sogenaamde "analisand" (my vrye vertaling van "analysand"), se onbewuste, onderdrukte "waarheid" slegs met behulp van die kundige analitikus gerekonstrueer kan word, meen ek dat dit geensins aanmatigend is nie om te beweer dat daar in enige teks ook "gapings", weglatings of leemtes voorkom – wat in die hermeneutiek as die "ongesegde" bekendstaan – en dat sodanige leemtes enweneens die funksie van "repressie" of onderdrukking is. Daar sal ook onthou word dat repressie 'n funksie van 'n verbod, of verbiedinge is, en dit is my oortuiging dat die ooglopende leemte of blindevlek in Hofmeyr se argument inderdaad die simptoom is van haar *onbewuste* onderdrukking van ontstellende gebeure wat al vir 'n geruime tyd in die globale ruimte afspeel, maar die openlike diskussie waarvan deur konvensionele diskoers *verbied* word, soos onder andere op klinkklare wyse in hoofstroommedia duidelik is. Hierdie veelfasettige gebeure het die karakter van 'n globale, nieu-fascistiese *coup d'etat*, wat deur verskeie outeurs of navorsers onder die loep geplaas is.[1]

Die rede waarom ek glo dat dit die geval is, sou vir enigeen wat haar indrukwekkende boek gelees het, duidelik wees: iemand soos Benda Hofmeyr, wat in staat is tot die vlak van indringende, kritiese denke wat sy in haar teks aan die dag lê, sou beslis die verband raakgesien het tussen haar eie transgressiewe, weerstand-georiënteerde Foucaultiaanse denkwyse met betrekking tot neoliberale goewermentaliteit, enersyds, en wat sonder oordrywing as onweerlegbare getuienis van 'n kolossale poging om op veelvuldige vlakke 'n *coup d'etat* mondiaal te voltrek, bestempel kan word. Dit is myns insiens ondenkbaar dat iemand wat byvoorbeeld die volgende stelling (in die konteks van Foucault se opvatting van mag en weerstand) kan maak, nie 'n vergelykbaar-kritiese standpunt ten opsigte van hierdie ontvouende globale staatsgreep sou inneem nie, met die veronderstelling dat sy bewustelik daarvan kennis geneem het (p. 38):

> The trajectory leading from resistance to liberation, from liberation to domination, and back again (via resistance) has to be inscribed *in* the very fabric of individual subject-formation as a constant practice or exercise of liberty.

Ek is oortuig daarvan dat inligting oor die ware omvang van die wêreldwye beweging na totalitarisme deel uitmaak van wat Lacan die "gesensorde hoofstuk" van die subjek se lewensnarratief noem – in hierdie geval dié van Benda Hofmeyr; indien dit nie die geval was nie, sou 'n mens beslis 'n kritiese standpuntinname daarteen in haar boek gesien het (wat immers in die loop van hierdie gebeure verskyn het), al sou dit nie sistematies uitgewerk

[1] Verdere bespreking van hierdie aspekte val buite bestek van hierdie artikel. Vergelyk in hierdie verband byvoorbeeld: Kennedy (2021; 2022), Wolf (2022), Breggin & Breggin (2021), Mercola (2022; 2022a), Mercola & Cummins (2021), Wilson (2022), Rylandmedia (2021), Nevradakis (2022), The Exposé (2022), asook Olivier (2021; 2022; 2022a; 2022b).


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a7

gewees het nie. Per slot van sake: *wanneer* in die geskiedenis van die mensdom was sodanige weerstand, en uitoefening van vryheid – 'n vryheids*praxis* – meer nodig as juis *nou*?

**Slot**

Ter afsluiting kan 'n mens alleenlik die hoop uitspreek dat die soort kritiese denke wat Benda Hofmeyr in haar boek aan die dag lê, in die toekoms deur haar ook met betrekking tot die huidige kolossale bedrog en magsmisdrywe op globale skaal benut sal word. Sonder individuele asook kollektiewe weerstand – soos Hofmeyr in haar boek aantoon – het ons geen hoop dat dinge sal verbeter nie. Ten slotte kan 'n mens egter hoop put uit Hofmeyr se Foucault georiënteerde opmerking (p. 138), dat:

> Foucault's conception of power therefore leads, as I have argued…, to the conclusion, that "the conditions of existence which are to be transformed are woven from the same cloth as the practice of transformation itself"… – they are both of the order of "an action upon an action"... While the relations of power are indeed *constituent*, the more or less stabilised social norms, the norms of behaviour, are *constituted*. What this means is that liberty might just be within our grasp, but not attainable once and for all. Liberty is not a state, but entails continuous *practices* or exercises of freedom. While the ubiquity of power dissipates the fantasy of autonomous self-creation, it enables heteronomous practices of freedom – a hard-earned freedom that is not freedom *from* power, but freedom *through* power, despite power and because of power.

Soos Hofmeyr beklemtoon, is dit juis alomteenwoordige strategieë wat daarop gemik is om mag oor die mensdom te bekom, wat benut moet word ten einde mense van hierdie versmorende magspel te bevry, en hiervoor is die eerste reël: "Moenie inskiklik wees nie" ("Do not comply").

**BIBLIOGRAFIE**


Breggin, PR & Breggin, GR. 2021. *COVID-19 and the Global Predators – We Are the Prey*. Self-published e-book: Version 6.20.2021.

Castells, M. 2010. *The Rise of the Network Society*. Second edition. Oxford: Wiley-Blackwell.

Evans, D. 2006. *An Introductory Dictionary of Lacanian psychoanalysis*. New York: Routledge.

Freud, S. 1974. Civilization and its Discontents. In *The Complete Psychological Works of Sigmund Freud*, vertaal en geredigeer deur Strachey, J. London: The Hogarth Press, pp. 4464-4532.

Freud, S. 1974a. The Interpretation of Dreams. In *The Complete Psychological Works of Sigmund Freud*, vertaal en geredigeer deur Strachey, J. London: The Hogarth Press, pp. 507-1048.

Hofmeyr, B. 2022. *Foucault and Governmentality – Living to Work in the Age of Control.* New York: Rowman & Littlefield.

Kennedy, RF. (Jr). 2021. *The Real Anthony Fauci. Bill Gates, Big Pharma and the Global War on Democracy and Public Health*. New York: Skyhorse Publishing.

Kennedy, RF. (Jr). 2022. *A Letter to Liberals. Censorship and COVID: An Attack on Science and American Ideals*. USA: Children's Health Defense.

Lacan, J. 1977. The function and field of speech and language in psychoanalysis. In: *Écrits: A Selection.* Lacan, J. Vert. Sheridan, A. New York: W.W. Norton, pp. 30-113.

Lacan, J. 1977a. The agency of the letter in the unconscious or reason since Freud. In: *Écrits: A Selection.* Vert. Sheridan, A. New York: W.W. Norton, pp. 146-178.

Lacan, J. 1997. *The Seminar of Jacques Lacan – Book VII: The Ethics of Psychoanalysis 1959–1960*. Vert. Porter, D. New York: W.W. Norton.

Lyotard, J-F. 1984. *The Postmodern Condition*. Vert. Bennington, G. & Massumi, B. Manchester: The University of Manchester Press.



doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a7

Mercola, J & Cummins, R. 2021. *The Truth about COVID-19: Exposing The Great Reset, Lockdowns, Vaccine Passports, and the New Normal*. Vermont: Chelsea Green Publishing, White River Junction.

Mercola, J. 2022. The COVID rabbit hole: An inside look at the virus' origin. Dr Mercola website, 30 September: https://takecontrol.substack.com/p/covid-rabbit-hole (Toegang 30 September 2022; artikel word gewoonlik binne 48 uur deur "sensors" verwyder – dit is op versoek van my beskikbaar; BO).

Mercola, J. 2022a. Mercola website shutdown – Why you may be next. Dr Mercola website, 3 Oktober: https://takecontrol.substack.com/p/mercola-website-shutdown (Toegang 3 Oktober 2022; artikel word gewoonlik binne 48 uur deur "sensors" verwyder – dit is op versoek van my beskikbaar; BO).

Nevradakis, M. 2022. Groundbreaking: Study details how media, big tech censored doctors and scientists who challenged COVID narrative. The Defender, 3 November: https://childrenshealthdefense.org/defender/covid-narrative-big-tech-media-censorship-doctors/?utm_source=salsa&eType=EmailBlastContent&eId=61483b7f-b9d9-4322-bad6-4e9175d7eef2 (Toegang 4 November).

Olivier, B. 2005. Lacan and the question of the psychotherapist's ethical orientation. *South African Journal of Psychology,* 35 (4):657-683.

Olivier, B. 2010. Foucault and individual autonomy. *South African Journal of Psychology*, Vol. 40(3): 292-307.

Olivier, B. 2013. Psychoanalysis and social change. *Psychotherapy and Politics International*, Vol. 11(2):114-126.

Olivier, B. 2015. Capitalism and suffering. *Psychology in Society* (PINS) 48:1-21. *http://dx.doi.org/10.17159/2309-8708/2015/n48a1*

Olivier, B. 2018. Patho-analysis of the subject of capitalism. *Psychotherapy and Politics International*, 16 (3):1-17. DOI: 10.1002/ppi.1467

Olivier, B. 2021. The "pandemic" and the *differend*. *Phronimon – Journal of the South African Society for Greek Philosophy and the Humanities*, Vol. 22:1-35. DOI: https://unisapressjournals.co.za/index.php/Phronimon/article/view/9764.

Olivier, B. 2021a. The origins of morality in the human psyche. Chapter in book: *The Morality Wars – The Ongoing Debate over the Origin of Human Goodness*. Ed. Mabille, L. Minneapolis: Fortress Academic, pp. 17-32.

Olivier, B. 2022. Therapeutic reflections on the "pandemic". *Psychotherapy and Politics International*, Vol. 20 (1 & 2): DOI: https://ojs.aut.ac.nz/psychotherapy-politics-international/article/view/21

Olivier, B. 2022a. Massive deception masquerading as information and communication: A (largely) Derridean perspective. *Phronimon – Journal of the South African Society for Greek Philosophy and the Humanities,* 23:1-31. https://unisapressjournals.co.za/index.php/Phronimon/article/view/10811

Olivier, B. 2022b. Beyond Agamben's "*Homo Sacer*" – The "pandemic" as final reduction of humanity to "bare life". Part 1, *Psychotherapy and Politics International* 20 (3), August 2022. DOI: https://ojs.aut.ac.nz/psychotherapy-politics-international/article/view/39/21

Parker, I. 2011. *Lacanian Psychoanalysis. Revolutions in Subjectivity*. London: Routledge.

RylandMedia. 2021. Iconoclast one to one Melissa Cuimmei: They want your children! RylandMedia, 23 November: https://www.bitchute.com/video/A1i3YtzVzKXf/ (Toegang op 7 Januarie, 2022).

Shlain, L. 2003. *Sex, Time and Power. How Women's Sexuality Shaped Human Evolution*. New York: Viking.

*The Exposé*. 2022. Facebook admits government reports, Pfizer documents & cost of living crisis proves your government is trying to kill you & depopulate the planet. 29 Oktober: https://expose-news.com/2022/10/29/facebook-admits-your-gov-is-trying-to-depopulate-planet/ (Toegang 30 Oktober).

Wilson, R. 2022. Covid "tests" and "vaccines" are delivering a hybrid biological/technological weapon which is activated by 5G, fibre optics and light. *The Exposé*, 26 Oktober: https://expose-news.com/2022/10/26/covid-tests-and-vaccines-are-delivering-a-weapon/ (Toegang 28 Oktober).

Wolf, N. 2022. *The Bodies of Others*. *The New Authoritarians, COVID-19, and the War against the Human*. Fort Lauderdale: All Seasons Press.

Žižek, S. 1993. 'The thing that thinks': The Kantian background of the *noir* subject. In *Shades of* Noir *– A reader*. Copjec, J. (Ed.) London & New York: Verso, pp. 199-226.

Zuboff, S. 2019. *The Age of Surveillance Capitalism – The Fight for a Human Future at the New Frontier of Power.* New York: Public Affairs, Hachette.



doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a7

# Van apartheid na ’n bedeling gegrond op fundamentele regte in Suid-Afrika: Het die politieke transformasie gelei tot ’n verbetering in onderrig en leer?


***From apartheid to a fundamental rights dispensation in South Africa: Did political transformation result in an improvement in education?***

**Izak Oosthuizen**
Navorsingsgenoot, Edu-HRight
Navorsingsfokusarea,
Fakulteit Opvoedkunde, Noordwes-Universiteit,
Potchefstroom, Suid-Afrika
E-pos: Izak.Oosthuizen@nwu.ac.za

**Hannes van der Walt**
Navorsingsgenoot, Edu-HRight
Navorsingsfokusarea, Fakulteit Opvoedkunde,
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom, Suid-Afrika
E-pos: hannesv290@gmail.com



Izak Oosthuizen



Hannes van der Walt

**Izak Oosthuizen** was vir die eerste 17 jaar van sy loopbaan ’n hoërskoolonderwyser, departementshoof, adjunkhoof en waarnemende skoolhoof in Pretoria, waarna hy as mede-departementshoof in Onderwysbestuur en Onderwysreg aan die Onderwyskollege vir Verdere Onderwys aangestel is. In 1989 word hy medeprofessor in die Departement Onderwysbestuur en Onderwysreg aan die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir CHO, en later professor in die Onderwysreg. Na sy aftrede word hy aangestel as navorsingsprofessor in die Fakulteit Opvoedkunde, Mahikengkampus van die Noordwes-Universiteit en is tans ’n navorsingsgenoot in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Noordwes-Universiteit. Gedurende sy loopbaan het hy 42 Meesters- en Doktorsgraadstudente begelei, 85 artikels in geakkrediteerde vaktydskrifte gepubliseer, en was hy redakteur van 50 boeke. Hy het ook ’n hele aantal voordragte by nasionale en internasionale vakkonferensies gelewer.

**Izak Oosthuizen** was a high school teacher, head of department, deputy headmaster and acting headmaster in schools in Pretoria for the first 17 years of his career. Thereafter he became associate head of the Department of Education Management and Law at the College for Further Education. In 1989, he was appointed as associate professor, and subsequently as professor in Education Management and Law in the Faculty of Education of the former Potchefstroom University for CHE. After his retirement, he continued as a research fellow in the Faculty of Education, Mahikeng Campus of the Northwest University and is currently a research fellow in the Faculty of Education at the same university. During his career he supervised 42 Master’s and Doctoral studies; published 85 articles in accredited journals, and edited 50 books. He also presented several papers at national and international conferences.

**Datums:**
Ontvang: 2022-10-17 Goedgekeur: 2023-01-24 Gepubliseer: Maart 2023

| | |
|---|---|
| **Hannes van der Walt**, emeritus professor in die opvoedingsfilosofie en dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde aan die destydse PU vir CHO, is tans 'n spesialisnavorser aan die Noordwes-Universiteit (NWU) en ook betrokke by kapasiteitsbou-programme aan die NWU. | **Hannes van der Walt**, Emeritus Professor of Education and Dean of the Faculty of Education at the former PU for CHE, is currently a specialist researcher at the North-West University (NWU) and also involved in capacity building programmes at that university. |



## ABSTRACT

***From apartheid to a fundamental rights dispensation in South Africa: Did political transformation result in an improvement in education?***

*During the years of apartheid governance in South Africa, insufficient emphasis was placed on the recognition of human values and fundamental rights such as freedom, equality, equity, and human integrity. In many respects, this neglect had a damaging effect on the South African society, in particular on the rights of people of colour to free and equal access to basic education. National educational provisions categorised education into four separate departments of education, one for each of the South African racial groups. This approach was in force for the best part of the 20th century, despite the fact that various international instruments such as the Universal Declaration of Human Rights of 1948 and the International Declaration of the Rights of the Child of 1959 strongly insisted on equality, and free access to education for all. The latter Declaration, in its preamble, placed special emphasis on the interests of the child, stating that all of mankind owed the child the best it was able to impart.*

*The aim of the research reported in this article was to identify the processes entailing a pendulum-swing from racial discrimination in education to the adoption of statutory mandates that would ensure equal access to education for every citizen in the country. The investigation also attended to case law that gave legal expression to this turnaround in education. The investigation culminated in the critical question of whether, in terms of some recent comparative international ratings of learners' reading and numeracy skills, the quality and standard of teaching and learning in South African schools had benefited from the transition to a democratic dispensation, or whether teaching and learning had been neglected in the process. A hermeneutic-constructivist approach was followed in searching for answers to these questions.*

*The swing towards equal access to education in South Africa began in the 1990s. The first step was the promulgation of the Interim Constitution of 1993, followed by the final Constitution of the Republic of South Africa in 1996. The chapters on fundamental rights in both these Constitutions entrench equality, freedom and human dignity as core values. These values also appear as fundamental human rights in chapter two of the final Constitution. In both these contexts – as values and as fundamental rights – everyone is entitled to free and equal access to education. During 1996, and in the years immediately thereafter, several legislative decrees were promulgated, and several official policy documents based on these values and rights were published. The stipulations embodied in the National Education Policy Act and in the South African Schools Act, both promulgated in 1996, are of particular significance in the project of ensuring free and equal access to education in South Africa. A series of court cases subsequently followed that addressed incidences of unfair discrimination in education, among others discrimination based on race, cultural practices, religion, age, pregnancy, and citizenship.*



doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a8

*Although it is still early days and there is still a lot of ground to cover, it is already evident that the seed of a fundamental rights culture in South African education has been sown and that the plant is on its way to maturity. One concern remains, however, and that is whether the very heartbeat of educational practice – the standard and quality of teaching and learning in the classroom – has benefited from the transition from an apartheid dispensation to a democratic one. Several recent comparative international ratings of learners' numeracy and reading skills seem to point to neglect with respect to learners' prowess in reading with understanding, and acquiring numerical literacy.*

**KEYWORDS:** fundamental rights, equality, apartheid, change, education, teaching and learning

**TREFWOORDE:** fundamentele regte, gelykheid, apartheid, verandering, onderwys, onderrig en leer

**OPSOMMING**

Gedurende die Suid-Afrikaanse apartheidsbedeling het talle aspekte van die samelewing mank gegaan aan die erkenning en toepassing van fundamentele regte soos vryheid, gelykheid en menswaardigheid. In plaaslike wetgewende bepalings was daar geen gelyke beregtiging vir mense van kleur nie. Die gevolg daarvan was dat leerders uit hierdie gemeenskappe ontneem is van gelyke toegang tot onderwysgeleenthede. Gedurende die 20ste eeu het verskeie internasionale instrumente verskyn wat die belangrikheid van gelyke toegang tot die onderwys vir almal uitgestippel het. Weens die heersende apartheidsbestel het die Suid-Afrikaanse regering nie hierdie dokumente onderteken nie, en gevolglik is nie een van hierdie dokumente amptelik geratifiseer vir toepassing in Suid-Afrika nie. Die negentigerjare, met die promulgering van die nuwe Suid-Afrikaanse Grondwet, het egter 'n drastiese verandering in onderwysbeleid teweeg gebring. Veral die hoofstuk oor fundamentele regte in die Grondwet het sterk klem gelê op waardes soos vryheid, gelykheid, gelyke beregtiging en menswaardigheid, met inbegrip van gelyke, vrye toegang tot primêre onderwys. Internasionaal-vergelykende opnames sedert die grondwetlike oorgang skyn egter daarop te dui dat hierdie oorgang nie ook die verwagte uitkomste meegebring het wat die geletterdheids- en gesyferdheidsvermoëns van die leerders betref nie.

## 1. Inleiding en agtergrond

Onderwys speel in enige samelewingsbestel 'n belangrike rol in die opleiding en ontwikkeling van 'n gevestigde menseregtekultuur, veral met betrekking tot die opgroeiende jeugdiges van 'n gemeenskap. Kort na die promulgering van die finale Suid-Afrikaanse Grondwet (RSA, 1996) stel Devenish (1998:224) die standpunt dat 'n mens met behulp van onderwys bevry kan word van onkunde en bygeloof, en sodoende in staat gestel word tot onderlinge eerbied en menswaardigheid.

Tydens die apartheidsbedeling in Suid-Afrika, vanaf 1948 tot 1994, was die maatskaplik-juridiese bedeling geskoei op onbillike diskriminasie, en gevolglik op die ongelyke behartiging van die verskillende bevolkingsgroepe se belange en is daar onder andere ten opsigte van toegang tot onderwys- en opleidingsgeleenthede onbillik teen mense van kleur gediskrimineer. Toegang tot biblioteke en gehalte onderwysgeleenthede by vooraanstaande onderwysinstansies is verskraal. Hierdie maatreëls het nie slegs verspeelde kanse rakende die ontwikkeling en

groei van die voorheen benadeeldes tot gevolg gehad nie, maar het hulle ook dikwels van potensieel belowende loopbane weerhou. Ook het die apartheids- of afsonderlike ontwikkelingsbeleid ’n negatiewe uitwerking op hulle materiële welvaart gehad. Dit het selfs gekleurde Suid-Afrikaners se gesondheidsgehalte en lewensverwagting geraak (De Waal, Currie & Erasmus, 2001:199).

Soos gestel, het hierdie diskriminerende beleid die ongelyke behandeling van mense en groepe mense se belange meegebring. In sy omskywing van gelykheid voor die reg stel Black (1983:244) dat al die burgers van ’n land enersyds die draers is of behoort te wees van dieselfde regte, voorregte en vryhede, en andersyds ook onderworpe is of behoort te wees aan dieselfde verpligtinge. Die versuim om al die inwoners van die land gelyk te behandel in omstandighede waar daar geen redelike gronde blyk te wees vir differensiasie nie kan gevolglik as onbillike diskriminasie beskou word. In die na-apartheids-Konstitusionele Hof-geding *Harksen v Lane and others* (1998) het regter Goldstone gevolglik, in ooreenstemming met hierdie beginsel, beslis dat onbillike diskriminasie in wese plaasvind wanneer ’n persoon se menswaardigheid aangetas word.

Ten spyte van talryke internasionale bepalings opgeteken in die annale van internasionale organisasies en van verklarings rakende die noodsaaklikheid van die erkenning van ’n mensregtekultuur in die onderwys was Suid-Afrika vir dekades lank vasgevang in ’n bedeling wat nie op ’n sodanige benadering van fundamentele menseregte geskoei was nie. Dié stand van sake het egter ná 1990 met die ineenstorting van die apartheidsbeleid verander. Kort ná die promulgering van die Tussentydse Grondwet van 1993 (SA, 1993) het regskenners voorspel dat die finale grondwetlike bedeling in Suid-Afrika ’n paradigmaskuif in die basiese onderwysbedeling van die land tot gevolg sou hê (Maree, 1995:(i)). Patel en Watters (1994:vii) het die Tussentydse Grondwet op sigself al gesien as die bou van

> ...a historical bridge of a deeply divided society characterised by strife, conflict, untold suffering and injustice, and a future founded on the recognition of human rights, democracy and peaceful co-existence and development oppportunities for all South Africans irrespective of colour, race, class belief or sex.

Die bepalings van die finale Grondwet van 1996 (SA,1996(a)) het hierdie profetiese woorde van Maree, Patel, Watters en andere bevestig. Veral hoofstuk twee van die finale Grondwet, waarin die fundamentele regte van alle Suid-Afrikaners, inderwaarheid ’n Handves van Regte, uiteengesit is, het ’n ingrypende verandering in die onderwystafereel van Suid-Afrika teweeg gebring.

## 2. Probleemstelling

Die verbetering van onderwys en opleiding word tans wêreldwyd erken as van kritieke belang vir die welstand van die opkomende geslag(te). Onderwys word beskou as die hartklop van die ontwikkeling van die individu sowel as van die samelewing as geheel (Oldfield, 2001:32). Die deurslaggewende rol wat onderwys in die lewens van mense en hulle ontwikkeling speel, of behoort te speel, vind weerklank in Smit (2013:218) se opmerking dat kinders se reg op onderwys gedurende die afgelope 60 jaar een van die kern-fokusse in die internasionale arena was. Die Verenigde Nasies se Universele Verklaring van Menseregte (VN, 1948) het teen die middel van die vorige eeu die nadruk sterk op die inherente menswaardigheid van alle mense, en op die belangrikheid van die onderwys, gelê.

Die aanhef tot hierdie Verklaring beklemtoon die mens se inherente waardigheid as die onvervreembare grondslag van vryheid, geregtigheid en vrede vir almal. In die aanhef tot die Verenigde Nasies se Verklaring van die Regte van die Kind (VN, 1959) word die klem weer uitdruklik daarop gelê dat die mensdom dit aan die kind verskuldig is om laasgenoemde se beste belange te soek. Weens sy apartheids- of afsonderlike ontwikkelingsbeleid, wat vanaf 1948 statutêre beslag gekry het, het Suid-Afrika nie hierdie twee Verklarings onderskryf nie. Onderskrywing daarvan sou nie versoenbaar gewees het met die apartheidsbeleid wat die destydse Nasionale Party-regering statutêr begin vestig het nie. Dit bly egter, vir die doeleindes van die argument wat in hierdie artikel ontwikkel word, belangrik om te let op die beginsels aangaande menswaardigheid en gelyke behandeling wat in hierdie twee Verklarings tot uitdrukking kom.

Beginsel 1 van die VN se Universele Verklaring van Menseregte beklemtoon dat kinders geregtig is op al die regte soos uitgespel in die Verklaring en dat hulle gevrywaar behoort te wees van diskriminasie op grond van ras, velkleur, geslag, afkoms, sosiale, politieke of godsdiensoortuigings, nasionale of sosiale afkoms, familiestatus, oriëntasie of afkoms, eiendom, of enige ander oorweging.

Die kind se reg op onderwys word in Beginsel 7 uiteengesit. Dit bepaal dat:

- die kind daarop geregtig is om onderwys te ontvang;
- sodanige onderwys gegrond moet wees op gelyke geleenthede; die kind die geleentheid gegun moet word om sy/haar potensiaal te ontwikkel ten einde ’n doeltreffende burger van die samelewing te kan word, en dat
- die beste belange van die kind ’n deurslaggewende rol moet speel in die verskaffing van die onderwys, soos uiteengesit in die kindklousule, naamlik Beginsel 1 van die dokument. Hiermee word “die beste belange van die kind”[1] as ’n leidinggewende beginsel onderstreep.

In weerwil van al hierdie bepalings is die beste belange van die meeste kinders in Suid-Afrika verwaarloos weens die onbillike diskriminasiebeleide en -praktyke en gevolglike ongelykhede van die apartheidsbedeling van 1948 tot 1994. Suid-Afrika se destydse benadering tot kinderregte en die onderwys was diskriminerend en dus ongelyk, omdat dit op ’n rasgebaseerde beleid gegrond was. Die indertydse Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad, 1988) was byvoorbeeld net op die onderwys vir blankes gerig. Volgens die woordomskrywings in artikel 1 van hierdie Wet beteken die term “onderwys” die “onderrig, opvoeding en opleiding” wat aan blanke leerlinge verskaf is. Afsonderlike wetgewing het die onderwys van Bantoes, Indiërs en Kleurlinge[2] gereël, naamlik:

- die Wet op Bantoe-onderwys
- die Wet op Kleurlingonderwys (Huis van Verteenwoordigers) en
- die Wet op Indiëronderwys (Huis van Afgevaardiges).

Dit blyk uit die voorgaande dat, omdat Suid-Afrika op die internasionale verhoog geweier het om ’n voorstander van mense- en dus kinderregte te wees, die plaaslike toegang van alle kinders tot gelyke onderwys tydens die apartheidsbedeling agterweë gebly het. Die owerheid

---

1 Principle 7: The best interest of the child shall be the guiding principle of those responsible for his education and guidance.

2 Ons besef dat hierdie terme sommige lesers aanstoot mag gee; hulle is egter só in die destydse wetgewing aangewend.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a8

se destydse benadering was inkonsekwent: aan die een kant die bevoorregting van blanke kinders, en aan die ander kant die verwaarlosing van die regte en dus die onderwys van alle ander kinders. Binford (2015:334) trek gevolglik tereg die volgende slotsom: "South Africa has inconsistently recognised children's rights over the past century".

Soos hier bo gestel, het die bedeling gegrond op fundamentele regte in Suid-Afrika in die afgelope drie dekades ingrypend verander. In die lig van die voorgaande uiteensetting van die onderwyssituasie in Suid-Afrika vóór en ná 1994 het die volgende twee vrae na vore gekom:

- Welke ommeswaai-momente het 'n meer vrye en gelyke bestel vir alle kinders in Suid-Afrika meegebring?
- Het hierdie oorgang 'n positiewe bydrae gelewer tot die verbetering van die gehalte van onderrig en leer in die onderwys?

'n Poging word in die res van hierdie artikel aangewend om antwoorde op hierdie twee vrae te verskaf. Met hierdie doel in die agterkop is die res van die artikel soos volg gestruktureer: die volgende afdeling bevat 'n kort uiteensetting van die metode van ondersoek; dit word gevolg deur 'n uiteensetting van die wetgewing wat gepromulgeer is om die nuwe onderwysbedeling met fundamentele regte tot stand te bring; die bespreking van enkele hofsake lig die aard van die omwenteling gegrond op fundamentele regte prakties toe. Daarmee word die eerste vraag beantwoord. Die tweede vraag kom aan die orde in die laaste deel van die artikel waar kortliks besin word oor die vraag of die gehalte van die onderrig en leer ná afloop van die politieke wending in Suid-Afrika enigsins verbeter het.

## 3. Navorsingsmetode

Die navorsing wat hierna gerapporteer word is die resultaat van die toepassing van die interpretivisties-konstruktivistiese metode, soos uiteengesit deur Babbie en Mouton (2007:31) en Van der Walt (2020: *passim*). Die toepassing van hierdie metode kom daarop neer dat inligting wat uit bronnemateriaal verkry word deur die ondersoekers vertolk word teen die agtergrond van hulle eie voorwetenskaplike en wetenskaplike agtergronds- of raamwerkaannames (Baggini, 2017:21; Sacks, 2011:33). Daarmee poog hulle om sin te maak uit die waargenomene (Sacks, 2011:32). Die feit dat die proses van vertolking uiteindelik stuit teen wat die ondersoeker as "vaste" of "finale" uitgangspunte beskou (Frame, 2015:347) verhoed dat die ondersoek in relativisme verval.

Van hier af gaan die ondersoeker dan, volgens Vigil (2008:219), oor tot die konstruktivistiese fase van die ondersoek waarin hy of sy as "werklike persoon" volgens eie aard en vermoë, en binne eie konseptuele en kulturele raamwerk, en ook ooreenkomstig eie waarde- en beginselraamwerk, 'n eie standpunt of siening oor die onderhawige saak opbou. Aansluitend hierby is regsnavorsingmetodes, soos die regshistoriese metode, toegepas (Venter, Van der Walt, Van der Walt, Olivier, Pienaar & Du Plessis, 1991:161). Wetsuitlegtegnieke is ook aangewend om die inhoud en strekking van statutêre bronne te ontleed (Botha, 1996). Die inligting wat op al hierdie maniere versamel, ontleed en saamgevoeg is, is ten slotte aangewend om die onderwysimplikasies van die oorgang na 'n bedeling gegrond op fundamentele regte in Suid-Afrika vanaf 1996 te beskryf en te beoordeel.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a8

## 4. Die oorgang na 'n bedeling gegrond op fundamentele regte met die oog op die uitwissing van die nalatenskap van apartheid

Gedurende die afgelope ongeveer drie dekades het die polities-staatkundige oorgang in Suid-Afrika stapsgewys plaasgevind: eers met die inwerkingstelling van 'n grondwetlike bedeling waarbinne die promulgering van 'n verskeidenheid van wette kon geskied. Daarna het talryke hofbeslissings ter bevestiging van die hervorminge in die algemeen, en toegespits op die onderwys, gevolg. Hierdie twee stappe word nou kortliks uiteengesit.

### *4.1 Wetgewende rigtingwysers*

Die oorgang vanaf 'n onderwysbedeling gegrond op onbillike diskriminasie tot een gegrond op die erkenning van die fundamentele regte, en bygevolg die gelykheid van alle burgers (kinders), het grootliks te make met wysigings van die Grondwet en met die invloed wat hierdie wysiging op onderwyswetgewing en daarna op die regspraak oor onderwysaangeleenthede gehad het.

#### *4.1.1 Die Grondwet*

Die inwerkingstelling van 'n nuwe grondwetlike bedeling het onder die leiding van 'n demokraties-verkose Grondwetgewende Vergadering geskied. Die promulgering van die finale Grondwet in 1996 word deur sommige regslui bestempel as 'n veelparty-onderhandelde "rewolusie" (De Waal, Currie & Erasmus, 2001:5). Dit is naamlik voorafgegaan deur vele standpuntinnames van politieke partye en groeperings, gevolg deur onderhandelings en kompromieë wat tussen 1991 en 1993 plaasgevind het, en aangegaan is, en waartydens 34 konstitusionele beginsels aanvaar is. Een van die besluite wat voortgespruit het uit die onderhandelinge was om 'n Tussentydse Grondwet op te stel wat onder andere die prosedures vir die formulering van die finale grondwet moes uitstippel. Die Tussentydse Grondwet het in 1993 die lig gesien.

Gedurende die volgende twee jaar is die finale Grondwet onder die wakende oog van die Grondwetgewende Vergadering geskryf, en op 8 Mei 1996 voltooi. Voordat die Grondwet egter finaal aanvaar kon word, moes dit eers aan die Konstitusionele Hof voorgelê word om te bepaal of dit voldoen aan die ooreengekome 34 grondwetlike beginsels. Die Hof het die inhoud daarvan nie tydens sy eerste sertifiseringsuitspraak aanvaar nie, maar dit later wel aanvaar nadat die nodige veranderings aangebring is. Die nuwe Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika is op 4 Februarie 1997 deur President Nelson Mandela onderteken, en dit is vervolgens gepromulgeer.

Artikel 9 (1)–(3) van die Grondwet spel die betekenis van die begrippe "gelykheid" en "onbillike diskriminasie" soos volg uit (SA, 1996(a)):

(1) Elkeen is gelyk voor die reg en het die reg op gelyke beskerming en voordeel van die reg

(2) Gelykheid sluit die volle regte en gelyke volle en gelyke genieting van alle regte en vryhede in. Ten einde die bereiking van gelykheid te bevorder, kan wetgewende en ander maatreëls getref word wat ontwerp is vir die beskerming of ontwikkeling van persone, of kategorieë persone, wat deur onbillike diskriminasie benadeel is

(3) Die staat mag nie regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand diskrimineer op een of meer gronde nie, met inbegrip van ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap,


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a8

huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte

(4) Geen persoon mag regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand op een of meer gronde ingevolge subartikel (3) diskrimineer nie. Nasionale wetgewing moet verorden word om onbillike diskriminasie te voorkom of te belet.

Ingevolge subartikel 9(4) van die Grondwet moes nasionale wetgewing verorden word om onbillike diskriminasie te belet en te voorkom. Heelwat nasionale wette is dienooreenkomstig gepromulgeer om wetgewing van die apartheidsbedeling te vervang en/of te wysig. Enkele voorbeelde van hierdie wette is:

### *4.1.2 Die Nasionale Gelykheidswet en die instelling van Gelykheidshowe*

In 2000 word uitdrukking gegee aan die gemelde Grondwetlike verordening met die promulgering van die sogenaamde Gelykheidswet (SA, 2000). Artikel 2 van die Wet spel onder andere die volgende doelstellings uit:

- om die statutere bepalings van artikel 9(4) van die Grondwet te volvoer;
- om uitvoering te gee aan die gees en rigting van die Suid Afrikaanse Grondwet;
- om elke persoon gelyke genieting van die grondwetlike regte en vryhede te veroorloof;
- om gelyke beregtiging te bevorder;
- om die grondwetlike waardes van nie-rasssime en nie-seksisme, opgeneem in artikel 1 van die Grondwet, te bevorder;
- om onbillike diskriminasie ingevolge artikel 9 te voorkom en om menswaardigheid volgens artikel 10 van die Grondwet te beskerm;
- om maatreëls in te stel wat daarop gerig is om die Suid-Afrikaanse samelewingsbewussyn te omvorm en op te voed tot die bevordering van gelyke beregtiging en die ontworteling van onbillike diskriminasie, haatspraak en teistering

Daarbenewens bemoontlik artikel 2 van die Wet ook die oprigting van Gelykheidshowe. Hierdie howe het gespesialiseerde funksies wat deel uitmaak van die interne strukture van hoër howe en is belas met die taak, funksie en juridiksie om klagtes in verband met onbillike diskriminasie, volgens voorgeskrewe prosedures in die Gelykheidswet, aan te hoor en toe te sien dat gelyke beregtiging vir almal sal geskied (SA, 2000).

Ná die promulgering van die Grondwet het die wiele ook begin rol om onderwyswetgewing in ooreenstemming met die nuwe grondwetlike bedeling te bring. Die eerste vorme van nuwe en/of gewysigde nasionale wetgewing was die Wet op Nasionale Onderwysbeleid van 1996 (SA, 1996(b)) en die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996(c)).

### *4.1.3 Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid van 1996*

Die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid word op 14 April 1996 gepubliseer. Die lang titel van hierdie Wet spel die koers en rigting van die Suid-Afrikaanse onderwysbeleid soos volg uit:

> Om voorsiening te maak vir die bepaling van nasionale beleid vir die onderwys; tot wysiging van die Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwyssake, 1984, ten einde sekere woordomskrywings te vervang.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a8

Die aanhef spel die (nuwe) doel van die fundamentele regte van die Wet uit:

> Nademaal dit nodig is om wetgewing aan te neem om die demokratiese omskepping van die nasionale onderwysstelsel in ’n stelsel wat in die behoeftes voorsien en die belange dien van al die mense van Suid-Afrika ten einde hulle fundamentele regte te handhaaf.

Die rigtinggewende beginsels van die nasionale onderwysbeleid word in Artikel 4 van die wet uitgespel. Enkele van die tersaaklike beleidsbeginsels wat betrekking het op die tema van hierdie artikel is die volgende:

- Die beleid waarborg die bevordering sowel as die beskerming van elkeen soos aangetoon in hoofstuk 3 van die Grondwet en (ook) daardie internasionale konvensies wat deur die Parlement goedgekeur is.
- Die beleid is daarop gerig om die onderwysstelsel in staat te stel tot die volle ontwikkeling van elke leerder by te dra; ook om in die algemeen by te dra tot die morele, politieke, kulturele en ekonomiese ontwikkeling van die land – met inbegrip van die bevordering van demokrasie, menseregte en vreedsame geskilbeslegtiging.
- Die verskaffing van billike onderwysgeleenthede vir almal en die regstelling van ongelykheid in die onderwysvoorsiening van die verlede – met inbegrip van die verhoging van die vrou se status en die bevordering van geslagsgelykheid.
- Persone met liggaamsgestremdhede moet die kans gegee word om opvoedingsgeleenthede tot die maksimum van hul vermoëns te kan benut.
- In die besonder is die beleid gerig op:
    - die beskerming van elke persoon teen onbillike diskriminasie (op welke gronde ook al) deur ’n onderwysdepartement of onderwysinrigting;
    - die reg op die toegang tot basiese onderwys van elkeen asook die reg tot gelyke toegang tot onderwysinrigtings;
    - die reg van toegang tot onderwys van elke kind;
    - die reg van elke kind om onderrig te ontvang in sy of haar taal van keuse, waar redelikerwys doenbaar;
    - die reg van elke persoon of instansie om onderwysinstansies wat gevestig is op ’n gemeenskaplike kultuur, taal, of geloof in te stel – op voorwaarde dat daar geen diskriminasie op grond van ras is nie, en waar uitvoerbaar. (’n Voorbeeld hiervan is die reg op die oprigting van onafhanklike skole);
    - die reg van elkeen om die taal van keuse te gebruik asook die reg om aan die kultuurlewe van keuse binne die besondere onderwysinrigting te kan deelneem.

### *4.1.4 Die Suid-Afrikaanse Skolewet*

Die Skolewet is op 15 November 1996 gepubliseer. Die lang titel daarvan toon dat hierdie Wet gerig is op die voorsiening van ’n eenvormige stelsel vir die organisasie, bestuur en finansiering van skole. Die aanhef tot die Wet beskryf die operasionele doelstellings van die skolestelsel soos volg:

> Nademaal hierdie land ’n behoefte het aan ’n nuwe stelsel vir skole wat die onregte in die onderwysvoorsiening van die verlede sal regstel, onderwys van progressief hoë gehalte aan alle leerders sal voorsien en op hierdie wyse ’n hegte fondament vir die ontwikkeling van al ons mense se talente en bekwaamhede sal lê, die demokratiese transformasie van

die gemeenskap sal bevorder, rassisme en seksisme en alle ander vorms van onregverdige diskriminasie en onverdraagsaamheid sal bekamp, tot die uitwissing van armoede en die ekonomiese welstand van die gemeenskap sal bydra, ons verskeidenheid van kulture en tale sal beskerm en bevorder, die regte van alle *leerders, ouers en opvoeders* sal handhaaf, en hul aanvaarding van verantwoordelikheid vir die organisasie, beheer en finansiering van skole in samewerking met die staat te bevorder.

### *4.2 Regspraak*

Die wette hier bo bespreek is feitlik onmiddellik oral in die Suid-Afrikaanse howe getoets en toegepas. Enkele van hierdie hofsake rakende die onderwys word nou uitgelig om die oorgang tot die bedeling gegrond op fundamentele regte in die onderwys toe te lig.

#### *4.2.1 Diskriminasie op grond van ras*

In die Transvaalse Hoërhof-saak *Matukane and others v Laerskool Potgietersrus* (1986) het swart ouers, die applikante, beswaar gemaak teen die betrokke laerskool se toelatingsbeleid wat bepaal het dat daar slegs aan blanke leerders toegang tot die skool verleen word. Die hof het beslis dat die toelatingsbeleid van die skool ongrondwetlik is deurdat dit op grond van ras teen die swart leerders diskrimineer en dat die betrokke leerder tot die skool toegelaat moet word.

#### *4.2.2 Diskriminasie op grond van swangerskap*

In die Konstitusionele hofgeding *Head of Department, Department of Education, Free State Province v Welkom High School and Others* (2014) is bevind dat die skool se beleid om skooldogters wat swanger raak te verbied om skool by te woon gedurende die tydperk van hul swangerskap, ongrondwetlik is. Hierdie maatreël diskrimineer onbillik teen die betrokke dogters. Dit druis ook in teen die leerders se grondwetlike reg op privaatheid, menswaardigheid en hul liggaamlik-psigiese integriteit.

#### *4.2.3 Diskriminasie op grond van kultuur en die vryheid van godsdienspraktyke*

Die dispuut tussen 'n Hindoe-moeder in die hofgeding *MEC for Education, Kwazulu-Natal and others v Pillay and others* (2008) het gewentel om die toepassing van die skool se gedragskode. Die gedragskode het onder andere bepaal dat die dra van versierings deur meisies by die skool (byvoorbeeld 'n neusring) nie toelaatbaar was nie. Die applikant, mevrou Pillay, se verweer was dat dit deel van Hindoe-godsdiensgebruike en -kultuur is, en dat die skool se weiering om dit toe te laat, in die lig van artikel 9(3) van die Suid-Afrikaanse Grondwet (SA, 1996) neerkom op onbillike diskriminasie op grond van godsdiens, geloof, gewete, oortuiging en kultuuur. Die hof het die applikant gelyk gegee.

#### *4.2.4 Diskriminasie op grond van burgerskap*

In *Larbi Odam v MEC for Education (North-West Province)* (1998) het die Konstitusionele Hof bevind dat die Noordwes-onderwysdepartement onbillik teen die appellante gediskrimineer het op grond van hulle burgerskapstatus. Hoewel die drie appellante wat vir vakante, permanente


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a8

onderwysposte aansoek gedoen het, permanente Suid-Afrikaanse verblyfsreg gehad het, het hulle nie oor Suid-Afrikaanse burgerskapstatus, soos vereis deur provinsiale regulasies, beskik nie. Die appellante het gevolglik nie gekwalifiseer vir permanente onderwysposte nie. Die Konstitusionele Hof het ten gunste van die applikante beslis en bevind dat die betrokke provinsiale regulasie onbillik op grond van burgerskap diskrimineer. Dit het ook beveel dat die betrokke regulasie ongeldig verklaar moet word en dat die appellante daarop geregtig is om aansoek te doen vir permanente onderwysposte.

#### *4.2.5 Diskriminasie op grond van ouderdom*

In die dispuut *Harris v Minister of Educatio*n (2000) in die Transvaalse Hoërhof is aangevoer dat, ten spyte van 'n ondersteunende skoolgereedheidsverslag, Nancy, dogter van mev. Harris, op grond van 'n ouderdomsbeperking soos in die toenmalige onderwysbeleid[3] opgeneem, toegang tot graad een by die betrokke laerskool geweier is. Die Onderwyshoof het aangevoer dat die regulasie gegrond was op deurvorste onderwysbeginsels. Hy voer ook aan dat leerders wat te jonk is wanneer hulle die onderwysbaan betree, geneig is om nie die mas op te kom nie, uit te sak en gevolglik daartoe bydra dat 'n bottelnek in die onderwysstelsel ontstaan, wat op sy beurt die gladde deurvloei van leerders in die stelsel belemmer. Regter Coetzee het beslis dat die betrokke regulasie ongrondwetlik is in die sin dat daar onbillik op grond van ouderdom gediskrimineer word, en dat die bepaling gevolglik geskrap moet word. Hy bevind ook dat dit, in die lig van die sielkundige se positiewe skoolgereedheidsverslag, in Nancy se beste belang sal wees om wel tot graad een toegelaat te word. Die Onderwyshoof se appél na die Konstitusionele Hof slaag nie en is met koste van die hand gewys.

## 5. Tot welke mate het die oorgang tot 'n bedeling gegrond op fundamentele regte gelei tot 'n verbetering van onderrig en leer in die onderwys?

Die nuwe grondwetlike bedeling was gemik op die uitwissing van die nalatenskap van die apartheidsbedeling in die samelewing in die algemeen, en in die onderwys in besonder. Die oorgang daartoe het voortgevloei uit 'n proses van veelparty-onderhandelinge en -skikkings op grond van kompromieë. Die aanvaarding van voormelde regsinstrumente het gelei tot 'n gedaanteverwisseling in die onderwys(stelsel), naamlik tot die aanvaarding van 'n bedeling gegrond op volledige fundamentele regte.

Die vraag kan egter geopper word of 'n skikking geskoei op 'n kompromie in die onderwyspraktyk in elke opsig wenslik was. Die Pharos Verklarende Woordeboek definieer die woord *kompromis* as " 'n Handeling waarby mens een deel van jou beginsels prysgee" (Labuschagne & Eksteen, 2010:534). 'n Engelse spreekwoord omskryf *kompromis* soos volg: "Compromise is but the sacrifice of one right or good in the hope of retaining another – too often ending in the loss of both" (Wikiquote, 2021). Oldfield (2001) het reeds in 2001 gevra of Suid-Afrikaners in staat sal wees om wel die verwagte onderwysuitkomste te kan lewer.[4]

---

[3] 'A learner must be admitted to grade 1 if he or she turns seven in the course of that calender year. A learner who is younger than this age may not be admitted to grade 1'

[4] Oldfield (2001): "Lastly the paper considers whether the post-apartheid state is in fact 'developmental'. Does the state have the 'transformative' capacity to mediate a balance between local and international forces that will enable it to pursue developmental objectives such as an equitable and accessible education system?"


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a8

Drie dekades na die inwerkingtreding van die nuwe konstitusionele bedeling in Suid-Afrika lê daar nog ’n lang pad voor vir ’n ten volle getransformeerde onderwysbedeling. Ten spyte van ’n veelheid van wette, beleidstukke, besprekingsdokumente, navorsingsverslae, en onderwyskonferensies is volledige transformasie nog nie ’n werklikheid nie. Vanuit opvoedkundige oogpunt is dit van belang dat transformasie ook, en miskien veral, gerig moet wees op die groei en ontwikkeling van elke individuele leerder (student), wat later as volwassenes hulself in ’n mededingende werksomgewing gaan bevind. Trouens, die korporatiewe bedeling in enige land is afhanklik van die gehalte van die onderwys en opleiding wat leerders ondergaan om die vereiste vaardighede en kundighede te bemeester (Motala & Pampallis, 2001:32).

Die vraag wat Oldfield (2001) twee dekades gelede gevra het, kan nou met reg weer gevra word:

> “Does the state have the ‘transformative’ capacity to obtain developmental objectives such as an equitable and accessible education system?” (Weiss, 1998).

Hoewel dit wil voorkom of die na-apartheid-onderwysbedeling stadig maar seker getransformeerd raak in die sin dat dit al beter uitdrukking gee aan die nuwe, post-1994- (grond)wetlike waardes, kan gevra word of die gehalte van onderrig en leer in die skole nie dalk besig is om in die slag te bly, of die kreeftegang te gaan nie. Om die nadruk in die onderwyshervorming slegs op die polities-staatkundige raamwerk en die daarby horende onderwysregstruktuur te plaas is om, soos Blackburn (2009:186) dit gestel het, ’n vorm van “droë skolastiek” te beoefen: die siening dat die beginsels in onderwyswetgewing opgeneem voldoende vir transformasie sal wees, en goed en voldoende sal wees net omdat hulle in die Grondwet verskans is. ’n Mens moet waak, soos Nieuwenhuis (2010) gewaarsku het, teen “beleidsobsessie” ten koste van die gepaardgaande nougesette aandag aan die praktyk van die onderwys (onderrig en leer in die klaskamer/skool) tot die beswil van die opkomende geslag. Alexander Solzhenitsyn se siening hieroor is die moeite werd om aan te haal:

> ...’n samelewing sonder ’n objektiewe regskaal is werklik iets verskrikliks. Maar ’n samelewing met geen ander maatstaf as die reg nie is die mensdom nie waardig nie. (Clancy, 1999:361; vertaal uit die Engels)

Onderwyswetgewing en hofuitsprake verskaf wel die voorwaardes en struktuur vir die onderwys, en is dus noodsaaklik dog nie noodwendig voldoende vir die verbetering in die gehalte van onderrig en leer in die praktyk van die onderwys nie. Die geldigheid van hierdie stelling blyk uit twee onderwystekortkominge op grondvlak in die nuwe (huidige) bedeling, naamlik hoe leerders in internasionale gesyferdheids- en geletterdheidsevaluerings vaar.

Ongeveer ’n dekade na die aanbreek van die apartheidsbedeling, in die vroeë 2000’s, het Suid-Afrikaanse leerders onaanvaarbaar swak gevaar in internasionale gesyferdheids- en geletterdheidstoetse deurdat hulle die 45ste posisie onder die 45 deelnemende lande ingeneem het (Woolman & Fleisch, 2009:109). Meer onlangse evaluerings het dieselfde uitkomste opgelewer.

Suid-Afrikaanse leerders het ook baie swak gevaar op ’n internasionaal-vergelykende skaal vir Wiskunde en Wetenskap. Graad 9-leerders is naamlik in die 2019 TIMMS (Trends in International Mathematics and Science Scale)-evaluering van Wiskunde- en Wetenskapkundigheid in die heel laaste posisie uit 65 lande geplaas (TIMMS, 2020). Dit is ook kommerwekkend dat hoewel die Suid-Afrikaanse graad 9-leerders se persentasies op die TIMMS-skaal wel gedurende 2003 tot 2011 onderskeidelik met 7.4 en 7.1 verbeter het, hulle weer in 2011 en 2019 teruggesak het met onderskeidelik 4.6 en 4.8 persentasiepunte. Suid-

Afrikaanse graad 5-leerders het in 2019 ook swak gevaar in die TIMMS-toetsing deur derdelaaste uit 374 deelnemende lande te kom (TIMMS, 2020).

Suid-Afrikaanse leerders het ook in relatief-onlangse internasionale geletterdheidstoetse swak gevaar. In die 2016-PIRLS (Progress in International Reading Literacy Study)-geletterdheidsvaardigheidstoets het hulle die laaste posisie uit die 50 deelnemende lande ingeneem (Howie, Combrinck, Roux, Tshele, Mokoena, McLeod & Palane, 2017:49). Hoewel matriekuitslae van jaar tot jaar effens verbeter, is die syfers wat aangegee word bedrieglik weens die hoë uitvalsyfer voordat leerders die matriekeksamen skryf, en weens skole se maatreëls om slegs leerders die eksamen te laat skryf indien hulle ’n realistiese kans op ’n slaagsyfer het. In die lig hiervan het onderwysontleder Nic Spaull (2018:14) die volgende woorde na aanleiding van die 2017-matriekuitslae neergepen:

> “So, 43% of youth in South Africa still get no qualification whatsoever. Not matric, not TVET, not university. Nothing. They enter the labour market ill-prepared and inherit lives of chronic poverty and sustained unemployment.”

Benewens swak prestasies soos hier bo aangedui, bly die algemene situasie in Suid-Afrika op ’n veelheid terreine ongelyk, ook in die onderwys en die voorsiening daarvan (Christie, 2016: 435). Verder skyn baie skole geteister te wees deur ’n morele ineenstorting (Osman, 2017).

Al die voorgaande inligting dui daarop dat onderrig en leer in die onderwys op grondvlak nog hoegenaamd nie van die vereiste gehalte is nie – die mooi ideale wat in wetgewing en in ander tersaaklike onderwysdokumente gestel is en word ten spyt.

## 6. Slotsom

In die lig van die teleurstellende skolastiese prestasies van Suid-Afrikaanse leerders kan die vraag met reg gevra word of al die verwagtinge wat onder andere op aandrang van ’n groot aantal polities-begronde groeperings tydens die grondwetgewende onderhandelinge gestel is, nie besig is om daartoe te lei dat die kroonsnit van die onderwys – aandag aan die gehalte van onderrig en leer in die klaskamers – besig is om op die grond te val nie.

Miskien moet daar weer ag geslaan word op die woorde van voormalige president Nelson Mandela: “Onderwys is die kragtigste wapen om die wêreld mee te verander”. Opvoedende onderwys kan beskou word as die hartklop van die ontwikkeling van die toekomstige burger sowel as van die hele toekomstige samelewing. Derhalwe behoort die hoofklem in die Suid-Afrikaanse onderwysbestel van nou af juis daarop te val.

## BIBLIOGRAFIE


Babbie, E & Mouton, J. 2007. *The Practice of Social Research*. Kaapstad: Oxford University Press.

Baggini, J. 2017. *The edge of reason.* New Haven & London: Yale University Press.

Black, HC. 1983. *Black’s Law Dictionary*. St Paul: West Publishers.

Blackburn, S. 2009. *The big questions/Philosophy.* London: Quercus.

Binford, W. 2015. The Constitutionalisation of Children’s Rights in South Africa. *New York Law School Review,* vol. 60(2):333-363.

Botha, CJ.1996. *Statutory Interpretation*. Juta & kie.

Christie, P. 2016. Educational change in post-conflict contexts: reflections on the South African experience 20 years later. *Globalisation, Societies and Education,* 14(3):434-446.

Clancy, T. 1999. *State of siege.* London: HarperCollins.

Devenish, GE. 1998. Aspects of the Right to Education in the Constitution. *De Jure*, 31(2):224-240.

De Waal, J, Currie, I & Erasmus, G. 2001. *The Bill of Rights Handbook.* Juta & kie.



doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a8

Frame, JM. 2001. *A history of Western philosophy and theology.* Phillipsburg: P & R Publishing.
Howie, S, Combrinck, C, Roux, K, Tshele, M, Mokoena, G, Mc Leod Palane, N. 2017. PIRLS Report (Progress in International Reading Literacy Study). Pretoria: Pretoria University Centre for Evaluation Assessment.
Labuschagne, FJ & Eksteen, LC. 2010. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*. Heerengracht: NB-Uitgewers.
Maree, LM. 1995. *Education under a New Constitution.* Pretoria: Via Afrika.
Mitchell, CB. 2013. *Ethics and moral reasoning.* Wheaton: Crossway.
Moral Regeneration Movement. 2018. The history of the MRM. Mrm.org.za/about-us/history (Geraadpleeg op 18 Januarie 2018).
Motala, E & Pampallis, H. 2001. *Education and Equity: The Impact of State Policies on South African Education.* Sandown: Heinemann Publishers.
Nieuwenhuis, J. 2010. Social justice in education revisited. Voordrag aangebied tydens die Őrebro-UNISA Internasionale Konferensie. Pretoria. 1–3 Februarie.
Oldfield, S. 2001. The South African Sate in Transition: a Question of Form, Function and Fragmentation. In: Motlala, E & Pampallis J. *Education and Equity*. Kaapstad: Heinemann, pp. 32-52.
Osman, R. 2017. Discipline problems in South African schools. Onderhoud, 12 September.https://www.wits.ac.za/news/latest-news/2017-09/discipline-problems-in-souh-african-schhool.html (Geraadpleeg 29 Oktober 2018).
Pinker, S. 2012. *The better angels of our nature.* London: Penguin.
Saunderson-Meyer, W. 2016. Time to ditch SA's failed Moral Regeneration Movement. *Mail and Guardian*. 16 April.
Spaull, N. 2018. The real matric rate and the real site of failure in education. *Sunday Times.* 14 Januarie. (p. 14).
Thoughtleader.co.za/williamsaundersonmeyer/2016/04/16/time-to-ditch-sas-failed-moral-regeneration-movement/ (Geraadpleeg op 18 Januarie 2018).
SA: sien Suid-Afrika
Smit, MH. 2013. *Fundamentals of Human Rights and Democracy in Education.* Pretoria: Van Schaik.
Steyn, H, Steyn, SC & De Waal, EAS. 1997. *Die Suid-Afrikaanse Onderwysstelsel*. Potchefstroom: Keurkopie Publikasies.
TIMMS. 2020, https:// businessinsider.co.za/heres-how-sa-pupils-maths-and-science-skills-compare-to-the-rest-of-the-world-2022, geraadpleeg op 20 Junie 2022.

## Statutere bronne:

Coloured Persons Education Amendment Act (House of representatives) 112 of 1992. https://www.gov.za/documents/coloured-persons-education-amendment-act-house-representatives-0.
Indian Education Amendment Act (House of Delegates) 50 of 1993 https://www.gov.za/documents/indians-education-amendment-act-house-delegates
SA: kyk South Africa
Sacks, J. 2011. *The great partnership.* London: Hodder.
Suid-Afrika. Wet op Onderwysaangeleenthede, 70 van 1988. Pretoria: Staatsdrukker.
Suid Afrika. 1993. Oorgangsgrondwet van Suid-Afrika, 200 van 1993. Pretoria: Staatsdrukker.
South Africa. 1996. Constitution of the Republic of South Africa, 108 of 1996. Pretoria: Government Printers.
Suid-Afrika. 1996(a). (Die oorspronkilke, onvertaalde Afrikaanse weergawe) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 108 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.
Suid-Afrika. 1996(b). (Die oorspronklike, onvertaalde, Afrikaanse weergawe) van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 24 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.
Suid-Afrika. 1996(c). (Die oorspronklike, onvertaalde, Afrikaanse weergawe) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.
RSA Kyk Suid-Afrika
SA, 2000. Gelykheidswet: Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination, Act, 4 van 2000. Pretoria: Staatsdrukker.

Van der Walt, JL. 2020. Interpretivism-constructivism as a research method in the humanities and social sciences – more to it than meets the eye. *International Journal of Philosophy and Theology*, 8(1): 59-68. DOI: 10.15640/ijpt.v8n1a5 URL: https://doi.org/10.15640/ijpt.v8n1a5.
Van Niekerk, A. 2020. Moraliteit, etiek en reg verskil so. *Beeld* 13 Okt. (p. 8).
Verenigde Nasies. 1959. Verklaring oor die Regte van die Kind. New York: 1959.
Venter, F, Van der Walt, AJ, Van der Walt, CFC, Olivier, GJ, Pienaar, G & Du Plessis, LM. 1991. *Regsnavorsing: metode en publikasie.* Kaapstad: Juta & Kie Bpk.
Vigil, JM. 2008. *Theology of religious pluralism.* Wene: Lit Verlag.
Wikiquote. 2021. https://quotepark.com/quotes/1885059-tryon-edwards-compromise-is-but-the-sacrifice-of-one-right-or-go/accessed on 23.06.2022.

**Hofsake:**

*Harksen v Lane NO and others* 1998(1)SA 300 (CC).
*Harris v Minister of Education 2000* (case 30218/2000) (T) 14,48.
*Head of Department, Department of Education, Free State Province v Welkom High School and Others* 2014(2)SA 228(CC).
*Larbi Odam v MEC for Education (North -West Province)* 1998(1) SA745 (CC).
*Matukane and others v Laerskool Potgietersrus* 1996(3) SA 215 (T) 14, 30, 293474(CC) 87,90,92.
*MEC for Education, Kwa Zulu-Natal and others v Pillay* and others 2008 (1) SA 474 (CC).

# Riglyne om selfgerigte lesers en leerders in Natuurwetenskap te ontwikkel

***Guidelines for developing self-directed readers and learners in Natural Science***

**Anika Els**
Hoërskool Trio, Kroonstad
Vrystaat
Suid-Afrika
E-pos: els.nika@gmail.com
ORCID: https://orcid.org/0000-0003-0220-2370

**Elize Vos**
Skool vir Taalonderwys, Fakulteit Opvoedkunde
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: Elize.Vos@nwu.ac.za
ORCID: https://orcid.org/0000-0001-8783-9922

**Ronel van Oort**
Skool vir Taalonderwys, Fakulteit Opvoedkunde
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: Ronel.VanOort@nwu.ac.za

**Donnavan JD Kruger**
Skool vir Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie Onderwys
Fakulteit Opvoedkunde
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: Donnavan.Kruger@nwu.ac.za
ORCID: https://orcid.org/0000-0003-2013-261X



Anika Els



Elize Vos



Ronel van Oort



Donnavan Kruger

**Anika Els** verwerf onderskeidelik haar BEd (Cum Laude), BEd Hons (Cum Laude) en MEd (verhandelingstitel: *Integrering van multimodale strategieë om graad 8-Natuurwetenskapleerders tot selfgerigte lesers en leerders te ontwikkel*) aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus. Sy lewer in November 2022 ’n referaat oor

**Anika Els** obtained respectively the degrees BEd (Cum Laude), BEd Hons (Cum Laude) and MEd (dissertation title: *Integrating multimodal strategies to develop grade 8 science learners into self-directed readers and learners*) at North-West University, Potchefstroom Campus. In November 2022, she delivered a paper based on

**Datums:**
Ontvang: 2022-10-27 Goedgekeur: 2023-01-20 Gepubliseer: Maart 2023


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a9

| | |
|---|---|
| haar MEd-studie by die 5de internasionale SDL-konferensie (Self-Directed Learning). In 2018 is sy as 'n onderwyseres aangestel by Die Afrikaanse Hoërskool Kroonstad. In 2021 amalgameer die twee hoërskole in Kroonstad en begin sy in 2022 by Hoërskool Trio werk. | her MEd studies at the 5th international SDL conference (Self-Directed Learning). In 2018 she was appointed as a teacher at Die Afrikaans Hoërskool Kroonstad. In 2021, the two high schools in Kroonstad amalgamated and she started working at Hoërskool Trio in 2022. |
| **Elize Vos** verwerf onderskeidelik die kwalifikasies BA, HOD, BAHons, MA (Cum Laude) en PhD aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus. Sy was vir 23 jaar 'n Afrikaans Huistaal-onderwyseres (18 jaar agtereenvolgens aan matrikulante) en vir 'n tydperk van 12 jaar was sy 'n Noordwes-hoofeksaminator van die graad 12-Senior Sertifikaateksamen (Afrikaans Huistaal, Vraestel 2, Literatuurstudie). In 2011 is sy in die Fakulteit Opvoedkunde in die Vakgroep Afrikaans vir Onderwys aangestel waar sy vanaf Januarie 2016 tot 2021 as vakgroepleier leiding binne die vakgroep verskaf het. Haar navorsingsfokus is die leesmotivering van Afrikaanssprekende adolessentelesers en haar ander spesialiseringsareas wat by genoemde fokus aansluit, is selfgerigte leer en lees; kinder- en jeugliteratuur, Afrikaanse prosa en poësie en Afrikaansmetodiek vir die Senior en Verdere Onderwys- en Opleidingsfase. Sy is 'n aktiewe lid van die Eenheid vir Selfgerigte Leer. Verskeie artikels in geakkrediteerde vaktydskrifte het al uit haar pen verskyn en sy lewer gereeld referate by nasionale en internasionale konferensies. Voorts begelei sy nagraadse studente. | **Elize Vos** obtained respectively the degrees BA, HOD, BAHons, MA (Cum Laude) and PhD at the North-West University, Potchefstroom Campus. She was an Afrikaans Language teacher for 23 years (18 years consecutively to matriculants) and for a period of 12 years she was a North-West chief examiner of the grade 12-Senior Certificate examination (Afrikaans Home Language, Paper 2, Literature Study). In 2011 she was appointed at the Faculty of Education in the Subject Group Afrikaans for Education where she provided guidance within the subject group as subject group leader from January 2016 to 2021. Her research focus is the reading motivation of Afrikaans-speaking adolescent readers and additional areas of specialisation, relating to the abovementioned focus, are self-directed learning and reading, children's and youth literature, Afrikaans prose and poetry and Afrikaans methodology for the Senior and Further Education and Training phases. She is an active member of the Unit for Self-Directed Learning. She is the author of several articles in accredited journals and she regularly presents papers at national and international conferences. She also supervises postgraduate students. |
| **Ronel van Oort** het ná 'n tydperk van 18 jaar in die onderwys by die Noordwes-Universiteit se Fakulteit Opvoedkunde (Vakgroep Afrikaans vir Onderwys) aangesluit. Sy gee sedert 2001 klas aan studente op voor- en nagraadse vlak. Sy verwerf die volgende kwalifikasies: BA (Afrikaans en Nederlands en Geografie); BA Hons (Afrikaans en Nederlands) en BA Hons (Geografie); MA (Geografie), PhD en HOD. Haar PhD (Afrikaans en Nederlands) fokus op die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652. Haar navorsingsresultate is in 'n internasionale akademiese tydskrif gepubliseer en 'n hoofstuk uit haar pen is in die boek *Ons kom van vêr af* (Carstens & Le Cordeur, 2016) ingesluit. Sy is die skrywer en medeskrywer van vier Afrikaanshandboekreekse vir laer- en hoërskole asook die medeskrywer van 'n handboek vir Afrikaansmetodiekstudente. Ronel is die afgelope 12 jaar die projekleier van 'n gemeen- | **Ronel van Oort** joined the North-West University's Faculty of Education (Subject Group Afrikaans for Education), following a period of 18 years in teaching. She has been teaching undergraduate and postgraduate students since 2001. She consecutively obtained the degrees of BA (Afrikaans-Dutch and Geography), BAHons (Afrikaans and Dutch) and BA Hons (Geography); MA (Geography), PhD and HOD. Her PhD (Afrikaans and Dutch) focuses on the inclusive development history of Afrikaans since 1652. Her research results were published in an international academic journal and a chapter by her was included in the book *Ons kom van vêr af* (Carstens & Le Cordeur, 2016). She is the author and co-author of four Afrikaans textbook series for primary and high schools as well as the co-author of a textbook for Afrikaans students. For the past 12 years, Ronel has been the project leader of a community project in which students |

| | |
|---|---|
| skapsprojek, waartydens Afrikaansmetodiek-studente Afrikaans (Tweede Addisionele Taal) aan landelike leerders in haar plaasskooltjie onderrig. Sy het ook in 2018 ’n handpopprojek van stapel gestuur. Daarbenewens tree sy ook op as studieleier van nagraadse studente. | of Afrikaans methodology teach Afrikaans (Second Additional Language) to rural learners in her small farm school. She also launched a hand puppet project in 2018. In addition, she is a supervisor of postgraduate students. |
| **Donnavan Kruger** is ’n senior lektor in die vakgroep Natuurwetenskaponderwys in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Noordwes-Universiteit en ’n lid van die Navorsingseenheid Selfgerigte Leer. Sy navorsingsbelangstellings sluit in lewenswetenskaponderwys, ondersoekende leer, gekontekstualiseerde onderrig, gepersonaliseerde leer, vervlegde leer en selfgerigte leer. Hy het ook ’n navorsingsgenootskap ontvang van die UNESCO-leerstoel vir Gepersonaliseerde en Aangepaste Afstandsonderrig gesetel in die Switserse Universiteit van Toegepaste Wetenskappe (FFHS), wat fokus op hoe ondersoekende leer in ’n aanlyn platform met behulp van kunsmatige intelligensie geïmplementeer kan word. Hy het reeds in nasionale en internasionale vakjoernale artikels gepubliseer en tree as studieleier en medestudieleier vir nagraadse studente op. | **Donnavan Kruger** is a senior lecturer in the subject group Natural Science Education in the Faculty of Education at North-West University and a member of the Self-Directed Learning Research Unit. His research interests include life science education, inquiry learning, contextualised teaching, personalised learning, blended learning, and self-directed learning. He also received a research fellowship under the direction of the UNESCO Chair for Personalised and Adapted Distance Education at the Swiss University of Applied Sciences (FFHS), which focuses on how investigative learning can be implemented in an online platform with the help of artificial intelligence. He has already published articles in both national and international subject journals in addition, he is a supervisor and co-supervisor of postgraduate students. |


## ABSTRACT

***Guidelines for developing self-directed readers and learners in Natural Science***

*The results of research completed in 2021 with a specific group of Grade 8 Natural Science learners at a school in the Free State are discussed in this article. The problem statement of this study was that this group of Grade 8 Natural Science learners could not read and understand texts in a self-directed manner, and thus comprehension of these texts was lost. The learners’ loss of comprehension had a huge impact on their academic performance. Within the interpretivist research paradigm, a qualitative research method, convenience sampling and a variety of data-gathering techniques were used. The data collection methods were based on a content and thematic analysis of a literature review and the analysis of documents. From this, overlapping themes were identified which helped with curriculating of the lesson series. In addition, the effectiveness of the study was determined by analysing the eight learner-centred lessons and observation checklists, pre-journal entries, reflective post-journal entries and the pre- and post-tests.*

*Firstly, the scientific investigation involved a literature review focused on multimodal reading, viewing, and learning strategies with the aim of integrating these strategies into the lesson series. The focus of the lesson series was to help these Natural Science learners become self-directed readers and learners of different Natural Science texts. The relationship between self-directed reading and learning was thoroughly explored, and it was discovered that self-directed reading leads to self-directed learning. The cognitive development phase of Grade 8 learners was investigated in this research to determine what type of thinking skills these learners used to comprehend the world around them.*

*Secondly, a document and thematic analysis was done of reports of various assessment bodies, such as the Annual National Assessment (ANA), the Trends in International Mathematics and Science Study (TIMSS), the Progress in International Reading Literacy Study (PIRLS), and the Southern and Eastern Africa Consortium for Monitoring Educational Quality (SEACMEQ), to estimate the level of literacy and numeracy of South African learners. Reading comprehension issues were investigated, and it is shown that these are caused by a lack of reading comprehension instruction in learners' home language and a variety of sociocultural variables. A document analysis of the National Curriculum and Assessment Policy Statement for Afrikaans Home Language (Grades 7 to 9, Senior Phase) indicated that language skills, such as reading and viewing, are essential for academic performance. Furthermore, the document analysis of the National Curriculum and Assessment Policy Statement for Natural Science (Grades 7 to 9, Senior Phase) indicated that Grade 8 Natural Science learners are presented with various domains of knowledge connected to specific subjects in the Further Education and Training Phase. It is critical for Grade 8 learners to be familiar with these different domains of knowledge to make subject choices at the end of Grade 9 that will affect their career choice.*

*Thirdly, the constructivist teaching and learning approach was used to create a lesson series. This teaching and learning approach is based on scaffolding, which implies that the instructional events are built on one another.*

*The core contribution of the study is that a specific group of Grade 8 Natural Science learners was empowered to read and learn a variety of texts (with the purposeful integration of multimodal reading, viewing, and learning strategies) self-directedly. Furthermore, guidelines have been compiled for Grade 8 Natural Science teachers that explain how they can integrate multimodal reading, viewing, and learning strategies in lessons to develop Grade 8 Natural Science learners into self-directed readers and learners.*

**KEYWORDS:** grade 8 Natural Science, multimodal strategies, reading problems in South Africa, self-directed reading and learning, teaching, and learning theories

**TREFWOORDE:** graad 8-Natuurwetenskap, leesprobleme in Suid-Afrika, multimodale strategieë, onderrigleerteorieë, selfgerigte lees en leer

## OPSOMMING

Die leesvermoë van leerders speel 'n groot rol in hul akademiese prestasie. 'n Wetenskaplike ondersoek is in 2021 tydens die aanbieding van 'n konstruktivistiese Natuurwetenskaplesreeks onderneem om te bepaal of 'n groep graad 8-Natuurwetenskapleerders van 'n skool in die Vrystaatprovinsie tekste op 'n selfgerigte wyse met begrip kon lees en leer. Die ondersoek het die interpretivistiese navorsingsparadigma gevolg. Die eerste skrywer (onderwysernavorser) het die kwalitatiewe navorsingsmetode gebruik en 'n verskeidenheid data-insamelingsmetodes aangewend. Die navorsingsresultate word in hierdie artikel bespreek. Ten eerste het die wetenskaplike ondersoek 'n literatuurondersoek behels wat op multimodale lees-, kyk- en leerstrategieë toegespits is met die doel om dit in die lesreeks te integreer. Die verband tussen selfgerigte lees en leer is bestudeer om 'n groep Natuurwetenskapleerders tot selfgerigte leesbegrip van verskillende Natuurwetenskaptekste te begelei. Leesbegripkwessies is ondersoek aangesien onvoldoende leesbegriponderrig weens leerders se moedertale, 'n verskeidenheid sosiokulturele veranderlikes en leerders se kognitiewe ontwikkelingsfases hul leesbegripontwikkeling beïnvloed. Ten tweede is 'n dokument- en tematiese ontleding van verslae van

assesseringsliggame wat geletterdheid- en syfervaardigheidsvlakke van leerders bepaal, gedoen. Die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring vir Afrikaans Huistaal (KABV, Senior Fase) is ontleed, wat bevestig het dat die ontwikkeling van leesbegripvaardighede noodsaaklik is vir akademiese prestasie (DBO, 2011a). Die ontleding van die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring vir Natuurwetenskap (KABV, Senior Fase) toon verbande met vakke wat leerders in die Verdere Onderwys- en Opleidingsfase kan kies (DBO, 2011b). Vakkeuses in die wetenskappe is noodsaaklik vir leerders se betekenisvolle deelname in die samelewing. Uit hierdie ondersoek vloei riglyne vir graad 8-Natuurwetenskaponderwysers om lees-, kyk- en leerstrategieë in lesreekse te integreer om graad 8-Natuurwetenskapleerders in selfgerigte lesers en leerders te ontwikkel.

## 1. Inleiding en kontekstualisering

Die vermoë om ’n lees-en-kykteks met begrip te lees, stel leerders in staat om dit te konseptualiseer. Lees- en kykbegrip en die gepaardgaande konseptualisering speel ’n groot rol in akademiese prestasie (Pretorius, 2002:170), aangesien dit leerders se lees-, leer- en denkvaardighede, algemene kennis en verwysingsraamwerke ontwikkel. Adler (2012) beveel daarom die aanwending van gepaste leesstrategieë tydens die leesproses aan, aangesien hierdie strategieë leesbegrip en konseptualisering verbeter. Goeie leesbegripvaardighede lei verder tot beter begrip van assesseringstake en dra by tot die toepassing van kennis in lewenswerklike situasies (Admiraal, Van Schaik, Bastiaanse, Van Schaik-Maljaars, 2018:1-3). Zimmermann en Hutchins (2003) maak die stelling dat lees die boublok vir ’n suksesvolle lewe is, aangesien lees deure na alle spesialiseringsvelde open. Indien leerders nie kan lees nie, kan hulle nie sukses behaal nie. In aansluiting hierby is Van Staden (2016:1) van mening dat gebrekkige leer- en taalvaardighede (wat lees- en kykvaardighede insluit) daartoe lei dat leerders onderpresteer.

Die onderrig van taalvaardighede (luister, praat, lees, kyk, skryf en taal in konteks) behoort in alle vakke geïntegreer te word, nie net in die taalklas nie (Vollmer, 2006:5). Volgens Hines, Wible en McCartney (2010) is goeie taalvaardighede belangrik om wetenskappe[1] te lees en te leer. Taalvaardighede kan geïntegreerd met behulp van multimodale strategieë in die Natuurwetenskapklas onderrig word. Gaudin (2019:7) definieer *multimodaliteit* as enige vorm van kommunikasie wat meer as een strategie gebruik om betekenis aan ’n konsep te heg, terwyl Kennedy (2020) verduidelik dat multimodale strategieë,[2] soos onder meer lees-, kyk- en leerstrategieë, interafhanklik is en moontlik daartoe kan bydra om selfgerigte lees en leer by leerders te ontwikkel.

Sysa, Sobinova en Prokhorets (2018:196) is van mening dat selfgerigte lees deel van selfgerigte leer uitmaak. Volgens Gibbons (2002:2, 11-13) behels selfgerigte leer leerders se vermoë om te eniger tyd en in enige omstandigheid met behulp van enige strategie kennis te vermeerder, lees-, kyk- en leervaardighede te verbeter, doelwitte te stel en persoonlik te ontwikkel. Holloway (1999:81) voer aan dat leerders se leesbegripvaardighede sal verbeter as onderwysers multimodale strategieë gebruik sodat leerders in selfgerigte lesers kan ontwikkel. Garrison (1997:19) stel die ideaal dat leerders binne en buite die klaskamerom-

1 Die term *wetenskappe* in hierdie artikel verwys na die verskillende vakgebiede waaruit dit saamgestel is, naamlik lewenswetenskap, fisiese wetenskap, landbouwetenskap en aardwetenskap.
2 *Multimodale strategieë* in die artikel verwys na lees-, kyk- en leerstrategieë.

gewing konstruktivisties betrokke behoort te raak by die onderrig- en leerproses deur self-ontdekking om uiteindelik verantwoordelike bestuurders van hul eie leerproses te word. Hierdie ideaal is wel met Kurrikulum 2005 (DBO, 1997) in die vooruitsig gestel, maar het ongelukkig bewys dat hierdie ideaal moeilik bereikbaar is in Suid-Afrika, aangesien die sterk onderbou van basiese leesvaardighede blyk te ontbreek.

Daarom behoort onderwysers vanaf die Intermediêre Fase leerders van lees-, kyk- en leerprosesse bewus te maak en lees-, kyk- en leerstrategieë te medieer en te fasiliteer deur middel van konstruktivistiese onderrigstrategieë. Dit kan lei tot selfgerigte en lewenslange leer soos deur Whitten, Labby & Sullivan (2016:58) en deur die KABV (DBO, 2011a en b) voorgestel. Voorts skep metakognitiewe bewuswording geleenthede vir selfgerigte leer in die onderrigproses (Garrison, 1997:31).

## 2. Probleemstelling

Assesseringsliggame wat Suid-Afrikaanse leerders se leesvaardighede (wat leesbegrip insluit), asook hulle Wiskunde- en wetenskaplike vaardighede assesseer, is Annual National Assessment (ANA), Trends in International Mathematics and Science Study (TIMSS), Progress in International Reading Literacy (PIRLS) en die Southern and Eastern Africa Consortium for Monitoring Educational Quality (SEACMEQ). Die bevindinge van hierdie assesseringsliggame dui daarop dat Suid-Afrikaanse leerders se basiese leesvaardighede swak is; nie vanaf graad 4 na graad 8 verbeter nie en dat leesvaardighede nie in die laerskool vasgelê word nie (Pretorius & Ribbens, 2005:146; DBE, 2014; DBE, 2017; Howie *et al*., 2017:173; Reddy, Visser, Minnaar, Arends, Juan & Isdale, 2016; Reddy, Winnaar, Juan, Arends, Harvey, Hannan & Zulu, 2019; Mullis, Martin, Foy, Kelly & Fishbein, 2020; Van Staden, Graham en Harvey, 2020:285).

Die assesseringsliggaam, Programme for International Student Assessment (PISA), wat Europese 15-jariges se wetenskaplike en wiskundige vaardighede, asook leesbegrip assesseer, het bevind dat daar in Europa dieselfde probleem ervaar word (OECD, 2018).

Pretorius en Klapwijk (2016:2) reken dat bydraende oorsake van die swak leesbegripvlak van Suid-Afrikaanse leerders aan makrovlakfaktore, onder meer hoë vlakke van armoede, lae vlakke van ouergeletterdheid, swak bestuur van skole, swak toegeruste skole, swak opgeleide onderwysers en die ontoeganklikheid van leestekste, toegeskryf kan word.

In die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir Natuurwetenskap van graad 7 tot 9 (Senior Fase) word goeie leesvermoëns as belangrik beskou vir suksesvolle leer oor die breë kurrikulum heen (Departement van Basiese Onderwys [DBO], 2011b:10). In ’n Natuurwetenskaples word van leerders verwag om verskillende tekstipes krities en met begrip te kan lees en skryf (DBO, 2011b:12). Goeie lees- en skryfvaardighede, asook kritiese denke is vaardighede waaroor leerders moet beskik om ’n bydrae te lewer om Suid-Afrika op wetenskaplike gebied mededingend te maak (DBO, 2011b:9).

## 3. Literatuurondersoek

Die fokus van die literatuurondersoek is op leesprobleme van Suid-Afrikaanse leerders, die waarde van goeie taalvaardighede in die Natuurwetenskapklas, die konstruktivistiese onderrig van multimodale strategieë en die kognitiewe ontwikkelingsvlak van graad 8-Natuurwetenskapleerders. Die literatuurondersoek is gedoen om te bepaal of graad 8-Natuurwetenskaponderwysers deur die konstruktivistiese integrering van multimodale lees-, kyk- en leerstrategieë daartoe kan bydra dat leerders in selfgerigte lesers en leerders ontwikkel.

### *2.1 Leesprobleme en die invloed daarvan op Suid-Afrikaanse leerders*

Daar heers 'n swak leeskultuur in Suid-Afrika wat tot die leesprobleme van leerders bydra (Willenberg, 2018:1). Hedendaagse leerders vorm deel van die sogenaamde skermgenerasie wat met visuele en ouditiewe materiaal oorlaai word (Lawrence *et al*., 2019:130). Dit lei daartoe dat hulle sukkel om te lees en woorde in 'n teks nie kan dekodeer of met begrip kan lees nie. Leerders wat probleme met die lees van tekste ervaar, fokus meer daarop om die korrekte antwoord te kry en minder op die gepaste leesstrategie wat hulle behoort te volg om vrae te beantwoord (Khodabandehlou, Jahandar, Seyedi & Abadi, 2012:1).

Suid-Afrika se leesprobleme spruit onder meer uit die sosiokulturele en ekonomiese konteks van die land, asook 'n gebrek aan huistaalonderrig (Pretorius & Klapwijk, 2016:2). Volgens Pretorius (2002:171-193) is die verbetering van leerders se leesvaardighede die verantwoordelikheid van alle onderwysers. Pretorius (2002:193) stel gevolglik voor dat onderwysers gepaste lees- en kykstrategieë op 'n konstruktivistiese wyse moet onderrig om leerders se leesvermoëns en intellektuele potensiaal te verbeter. Voorts stel Pretorius en Klapwijk (2016:17) voor dat onderwysers tydens hul opleiding meer vaardighede ten opsigte van leesgeletterdheid (woordeskatuitbreiding, spelling en leesbegrip) en die skryfproses moet ontwikkel.

Hung (2014) en Lai, Chen en Lee (2019:233) beklemtoon dat leerders se leesbegripvaardigheid om wetenskaplike tekste te lees en te verstaan ontwikkel moet word. Aangesien die verslae van verskeie assesseringsliggame impliseer dat graad 8-Natuurwetenskapleerders nie die basiese leesvaardighede in die Intermediêre Fase bemeester het nie, kan die afleiding gemaak word dat heelwat leerders aan die einde van graad 9 steeds nie met begrip kan lees nie.

### *2.2 Die waarde van taalvaardighede in Natuurwetenskap*

Taal is die instrument wat gebruik word vir denke en kommunikasie en is ook 'n estetiese en kulturele middel wat individue help om sin van die wêreld te maak (DBO, 2011a:8). Die aanwending van die prosesonderrigbenadering (DBO, 2011a:9), asook die konstruktivistiese onderrig en toepassing van gepaste leesstrategieë, kan Natuurwetenskapleerders help om wetenskaplike tekste met begrip te lees. In Natuurwetenskap word visuele tekselemente (grafieke, tabelle en dokumentêre programme soos diagramme, foto's en kaarte), plakkate en rekenaargeprojekteerde aanbiedings gebruik om inligting en kennis aan leerders te bied, wat dus kykbegripvaardighede van leerders verg (DBO, 2011a:31).

Die DBO (2011b:12) benadruk die ontwikkeling van taalvaardighede, naamlik lees, kyk en skryf. Volgens die KABV vir Natuurwetenskap graad 7 tot 9 (DBO, 2011b:12) lei die vermoë om met begrip te lees tot suksesvolle leer. Sonder goeie lees- en kykbegrip kan leerders nie ingewikkelde wetenskaplike konsepte bemeester nie, maar met praktiese onderwyserbegeleiding is dit wel moontlik (Wabisabi Learning, 2020). In die KABV vir Natuurwetenskap graad 7 tot 9 (DBO, 2011b:12) word skryfvaardighede uitgelig as 'n kragtige instrument van kommunikasie, aangesien dit leerders bemagtig om denke en idees samehangend te skep en oor te dra.

### *2.3 Integrering van multimodale strategieë deur konstruktivistiese onderrigbeginsels*

Die onderrigwyse tydens lesaanbiedings het oor die jare heen verander. In die verlede is daar nie van leerders verwag om die leerinhoud self te ontdek nie. Natuurwetenskaponderrig was


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a9

in die verlede hoofsaaklik onderwysergesentreerd, aangesien onderwysers die verantwoordelikheid vir die leerproses alleen gedra het. Tans word ’n leerdergesentreerde konstruktivistiese onderrigbenadering egter in die Natuurwetenskapklas gevolg. Dit behels onder meer dat leer gekontekstualiseerd en ’n aktiewe proses is, motivering en bemoediging belangrik is en leer ingestel is op begrip en toepassing (Lawrence *et al*., 2019:78). Danksy die konstruktivistiese onderrigbenadering verdwyn die rol van die onderwyser as dominante en outoritêre bestuurder en word dit vervang met dié van ’n fasiliteerder. Saam met die konstruktivistiese onderrigbenadering het die gebruik van multimodale strategieë eweneens belangrik geraak om die lees-, kyk- en leervaardighede van leerders, tesame met hul selfgerigtheid, te verbeter. *Multimodaliteit* verwys na enige vorm van kommunikasie wat meer as een modus gebruik om betekenis oor te dra (Bezemer & Kress, 2008:166-195; Gaudin, 2019:7). In hierdie ondersoek is lees- en kykstrategieë, soos onder meer vluglees, soeklees, lees vir inligting, stiplees, deurkyk en kritiese lees, asook die formulering van ’n opsomming om die leesbegrip van die groep leerders op ’n progressiewe wyse te ontwikkel, gebruik. Die leerstrategieë wat in samehang met die leesstrategieë gebruik is, is visuele voorstelling, vloeidiagramme en breinkaarte, flitskaarte, storievertelling, assosiasies en opsommings. Leer deur konstruktivistiese onderrigbeginsels behels leerders se vermoë om te eniger tyd en in enige omstandigheid met behulp van multimodale strategieë hul kennis te vermeerder, vaardighede te verbeter, doelwitte te stel en persoonlik te ontwikkel (Gibbons, 2002:2, 11-13), aangesien selfgerigte leerders as verantwoordelike besitters en bestuurders van hul eie leerproses beskou word (Khodabandehlou *et al*., 2012:1). Die wetenskappe moedig selfgerigte lewenslange leer aan, want die sienings en oortuigings wat oor die wêreld bestaan, verander voortdurend namate nuwe inligting oor verskynsels bekend word (DBO, 2011b:8).

Tydens die proses om in selfgerigte lesers en leerders te ontwikkel, speel ’n gebrek aan vaardighede soos konsentrasie, visuele onderskeiding, akkurate persepsie, memorisering, assosiasie, ouditiewe geheue en laterale interpretasie ’n beduidende rol (Lawrence *et al*., 2019:99). Graad 8-Natuurwetenskapleerders moet daarom eers hierdie vaardighede verwerf, aangesien dit die basis van goeie lees- en spellingvaardighede vorm en impliseer dat leesbegrip ’n belangrike voorvereiste vir leer is. Afflerbach, Pearson en Paris (2008:370) wys daarop dat kennis wat leerders oor lees- en kykstrategieë bekom, hulle vaardig maak om dit doelgerig toe te pas om leesbegrip te bewerkstellig. Strategiese lesers en leerders beskik derhalwe oor selfvertroue om hul lees- en leerprosesse te moniteer, te verbeter en gemotiveerd te wees om selfgerig te lees en te leer om sodoende akademies beter te presteer.

In hierdie wetenskaplike ondersoek is geïntegreerde multimodale lees-, kyk- en leerstrategieë op ’n konstruktivistiese wyse in die agt Natuurwetenskaplesse onderrig en gemodelleer. Die groep graad 8-Natuurwetenskapleerders het in ’n toeganklike en veilige klasruimte stelselmatig die strategieë self begin toepas om leerinhoud te ontdek en het aktief, onafhanklik en selfgerig begin lees en leer. Sysa *et al*. (2018:196) is dit eens dat selfgerigte lees ’n rol in suksesvolle leer speel. Volgens Palani (2012) sal leerders wat hierdie lees- en leerstrategieë kan integreer akademies presteer. Uiteindelik het die leerders wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het in selfgerigte lesers en leerders van Natuurwetenskap ontwikkel.

### *2.4 Kognitiewe ontwikkelingsvlak van ’n graad 8-Natuurwetenskapleerder*

Om seniorfaseleerders te begelei om in selfgerigte lesers en leerders te ontwikkel, is dit belangrik dat Natuurwetenskaponderwysers op hoogte van hierdie groep leerders se kognitiewe ontwikkeling is. In die onderhawige ondersoek is voorts ondervind dat hierdie groep leerders hulself nie binne die geslote ruimte van die klas kon uitdruk nie. Dit lei tot ongemotiveerde

leerders (Lamanauskas, 2013:396-397). Hierdie ondersoek het gepoog om leerders die geleentheid te gun om leerinhoud self te ontdek deur die toepassing van gepaste lees-, kyk-, en leerstrategieë wat by hul kognitiewe ontwikkelingsvlak pas. Met verloop van tyd verander adolessente se denke, aangesien hulle probeer sin maak van hul wêreld (Louw & Louw, 2014:342). Volgens die Piaget ontwikkelingsteorie van 1936 bevind graad 8-leerders hulle in die formeel-operasionele stadium (twaalf jaar en ouer) en ontwikkel hulle in hierdie fase abstrakte en wetenskaplike denke soos hipoteties-deduktiewe redenering, proporsionele denke, kombinatoriese ontleding en relativistiese denke (Louw & Louw, 2014:342).

Omidire (2016:31) is van mening dat adolessente in die formeel-operasionele fase aan leerstrategieë blootgestel word wat hulle lei om:

- hipotetiese redenering te ontwikkel;
- onderrig oor abstrakte konsepte te ontvang;
- deel te neem aan besprekings;
- deel te neem aan ervarings waar hulle hul idees met ander adolessente kan deel en vergelyk; en
- te begin dink aan die hand van verskillende veranderlikes.

Die feit dat adolessente abstrakte denke nog moeilik kan vind en hul kognitiewe ontwikkelingsvlak inligtingsverwerking (wat gerig is op persepsie, leer, geheue en probleemoplossing) behels, is in die kurrikulering van die lesreeks verreken.

## 4. Metodologiese verantwoording

Hierdie wetenskaplike ondersoek het die integrering van multimodale lees-, kyk- en leerstrategieë in agt leerdergesentreerde Natuurwetenskaplesse behels in ’n poging om graad 8-Natuurwetenskapleerders in selfgerigte lesers en leerders te ontwikkel. In hierdie navorsing is van die interpretivistiese navorsingsparadigma gebruik gemaak, aangesien ’n kwalitatiewe navorsingsbenadering gevolg is wat navorsers in staat stel om die wêreld deur die sienings en ervarings van deelnemers te beskou (sien Jansen, 2016:23).

’n Dokument- en inhoudsontleding van die graad 8-Natuurwetenskap-leerderhandboek, die KABV vir Afrikaans Huistaal graad 7 tot 9, die KABV vir Natuurwetenskap graad 7 tot 9 en die verslae van assesseringsliggame (ANA, TIMSS-, PIRLS- en SEAQMEC) het gelei tot die identifisering van temas wat gebruik is vir die kurrikulering van die agt Natuurwetenskaplesse. Hierdie lesse het as intervensie gedien om leerders se lees-, kyk- en leervaardighede van Natuurwetenskapinhoud te ontwikkel. Voor die aanbieding van die lesreeks het die leerders aan ’n voortoets deelgeneem om te bepaal hoe, met die KABV as grondslag, multimodale strategieë (lees-, kyk- en leerstrategieë) in die agt leerdergesentreerde lesse geïntegreer behoort te word. Tydens die aanbieding van die lesse het die eerste skrywer deurlopend waarneming gedoen en joernaalinskrywings voltooi om te bepaal of die graad 8-Natuurwetenskapleerders moontlik, na afloop van die agt lesse, in selfgerigte lesers en leerders ontwikkel het. Aan die einde van die lesreeks het die leerders ’n natoets voltooi om die eerste skrywer se onderrigsukses ten opsigte van die integrering van lees-, kyk- en leerstrategieë te evalueer. Die ingesamelde data (waarnemingskontrolelys en pre- en reflektiewe postjoernaalinskrywings) is na elke les ontleed en narratief beskryf. Dit het gelei tot die samestelling van riglyne vir graad 8-Natuurwetenskaponderwysers waarin multimodale lees, kyk- en leerstrategieë geïntegreer word om graad 8-leerders in selfgerigte lesers en leerders van Natuurwetenskap te ontwikkel.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a9


Die eerste skrywer het van ’n gerieflikheidsteekproefneming gebruik gemaak omdat hierdie metode gebaseer is op die beskikbaarheid van deelnemers wat by die studie betrek word (sien Lombard, 2016:102). Die studiepopulasie het uit drie graad 8-Natuurwetenskap-klasse met ’n totaal van 74 leerders bestaan. Die steekproef was ’n kwesbare groep leerders en daarom moes etiese goedkeuring van die etiekkomitee van die universiteit waaraan die skrywers verbonde is, verkry word. Ingeligte skriftelike toestemming is van die Vrystaatse Onderwysdepartement en die skoolhoof, beheerliggaam, graadhoof, ouers en leerders van die bepaalde skool verkry.

## 5. Konstruktivistiese fasilitering van lees-, kyk- en leerstrategieë in ’n lesreeks

Met die aanbieding van die lesreeks is die leerders deur konstruktivistiese onderrigbeginsels aan die volgende leesstrategieë (sien Tabel 1) bekend gestel: visualisering; woordomskrywing en die naslaan van definisies; vluglees; soeklees; lees vir inligting; verkenlees (deur ’n oorsig van die teks te gee); stiplees (om aandagtig en met begrip te lees); deurkyk; kritiese lees; en die formulering van ’n opsomming. Hulle het hierdie leesstrategieë in die lees en kyk van tekste toegepas.

Die groep leerders is terselfdertyd bewus gemaak van die volgende leerstrategieë (sien Tabel 1) wat hulle in die leerproses moes toepas: visuele uitbeeldings of voorstellings; onderstreping van belangrike woorde en kleurgebruik; vloeidiagramme met ’n kombinasie van visuele uitbeeldings; breinkaarte met visuele hulpmiddels; opsommings, diagramme, grafiese voorstellings en tabelle; flitskaarte met die gebruik van visuele uitbeeldings; kletsrym en visuele uitbeeldings; assosiasie; en storievertelling.

Figuur 1 dien as ’n opsomming wat toon hoe die lees-, kyk- en leerstrategieë progressief deur middel van steierwerk (konstruktivistiese onderrigbenadering) op mekaar volg en bygedra het tot die ontwikkeling van selfgerigte graad 8-Natuurwetenskaplesers en -leerders tydens ’n lesreeks van agt leerdergesentreerde lesse.




***Figuur 1:*** *Progressiewe ontwikkeling van lees-, kyk- en leerstrategieë (lees van onder na bo)*

**TABEL 1:** Graad 8-Natuurwetenskaplesreeks met integrering van lees-, kyk- en leerstrategieë

| | **Multimodale hulpbronne** | **Lees- en kyk-strategie** | **Uitkomste** | **Assesserings-instrumente** | **Empiriese bewyse** | **Gevolgtrekking** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Les 1**<br><br>**Lesonderwerp: Fotosintese**<br><br>**Afdeling: Lewenswetenskappe** | Visuele skyfiereeks en informatiewe teks | Visuele organisering | **KABV-uitkomste:** Om deur visuele, grafiese vorme inligting beskikbaar te stel;<br>Om doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en/of taalvaardighede in verskillende vorme te kommunikeer (DBO 2011a:5)<br>**Lesuitkoms:** Betekenis-skepping deur middel van grafiese samestelling. | Leeraktiwiteite: Leerders teken visuele beelde om konsepte uit te beeld.<br><br>Werkkaarte met nasienriglyne: Leerders beeld die chemiese vergelyking, proses van fotosintese uit deur visuele beelde te gebruik.<br><br>Waarnemings-kontrolelys | 81% van die studiepopulasie verkies grafiese voorstellings bo die weergee van definisies. | Leerders leer leerinhoud effektief met behulp van 'n visuele skyfiereeks-aanbieding.<br><br>Leerders leer leerinhoud deur van grafiese organisering gebruik te maak.<br><br>Onderwysernavorser se waarneming en ervaring: Leerders het gesukkel om vir abstrakte konsepte prentjies voor te hou – tog het hulle die konsepte makliker onthou deur 'n visuele beeld daarvan te skep. |
| | **Multimodale hulpbronne** | **Leer-strategie** | **Uitkomste** | **Assesserings-instrumente** | **Empiriese bewyse** | **Gevolgtrekking** |
| | Visuele skyfiereeks en informatiewe teks | Visualisering | **KABV-uitkoms:** Aantekening van inligting deur byvoorbeeld tekeninge (DBO, 2011b:31)<br>**Lesuitkoms:** Leerders verbind visuele beelde aan inligting in tekste waarmee hulle nie vertroud is nie. | Werkkaarte en leeraktiwiteite tydens klasaanbieding<br>Waarnemings-kontrolelys | 50% van die studiepopulasie het prentjies gebruik om te leer. Die res van die leerders is nie visueel ingestel nie en het gesukkel om visuele beelde aan konsepte te koppel. | Hierdie studiepopulasie is meer visueel ingestel, alhoewel hulle nie bewus was daarvan dat visuele beelde tot die sukses van die leerproses kan lei nie. |

**TABEL 1:** Graad 8-Natuurwetenskaplesreeks met integrering van lees-, kyk- en leerstrategieë *(vervolg)*

| | Multimodale hulpbronne | Lees- en kyk-strategie | Uitkomste | Assesserings-instrumente | Empiriese bewyse | Gevolgtrekking |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Les 2**<br><br>**Lesonderwerp: Ekosisteme en voedingsverhoudings**<br><br>**Afdeling: Lewenswetenskappe** | Visuele skyfiereeks en informatiewe teks | Vluglees | **KABV-uitkomste:** Om tydens prelees vir kerngedagtes en ondersteunende besonderhede te lees om onder andere dit in logiese volgorde te plaas (DBO, 2011a:23, 27).<br>**Lesuitkoms:** Om tersaaklike woord in ’n teks te vind. Om leeraktiwiteite rondom voedingsverhoudings te voltooi. | Leerderaktiwiteite: Leerders lees woorde op skyfiereeks en moet dan ’n vloeidiagram maak om die verbintenis met mekaar aan te dui.<br><br>Werkkaart met nasienriglyne: Leerders het deur ’n lys organismes gevluglees. Waarnemings-kontrolelys | 79% van die studiepopulasie het aangedui dat hulle ’n teks vinnig lees en tersaaklike woorde kan soek. | Vlugleesstrategieë kan sinvol gebruik word om die konsepte te soek wat van toepassing op mekaar is.<br><br>Alhoewel die studiepopulasie aangedui het dat hulle nie sukkel om vluglees te gebruik nie, sukkel hulle om dit met begrip te doen. Leerders hou daarvan om woorde in ’n teks te soek, want hulle hoef nie die sin te lees nie. |
| | **Multimodale hulpbronne** | **Leer-strategie** | **Uitkomste** | **Assesserings-instrumente** | **Empiriese bewyse** | **Gevolgtrekking** |
| | Visuele skyfiereeks, visuele insetsel en informatiewe teks | Vloeidiagramme (grafiese organiseerders) | **KABV-uitkoms:** Teken vloeidiagramme vir betekenisskepping (DBO, 2011b:39 – 40; 65 – 67).<br>**Lesuitkoms:** Om vloeidiagramme te teken om betekenis te skep sodat biologiese prosesse verduidelik kan word. | Leeraktiwiteite: leerders moes die woorde op die skyfiereeks in ’n vloeidiagram organiseer om die verwantskap aan te dui.<br><br>Werkkaart met nasienriglyne: Leerders moes ’n lys organismes deur middel van ’n vloeidiagram organiseer om voedselverhouding aan te dui.<br><br>Waarnemingkontrolelys | 80% van die studiepopulasie het aangetoon dat hulle dit geniet om vloeidiagramme te teken. | Hierdie groep leerders het geleer deur vloeidiagramme te teken.<br><br>Leerders was nie vertroud met die leerstrategie nie, tog het hulle die aktiwiteit geniet deur die lys organismes te organiseer in ’n vloeidiagram. |


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a9

**TABEL 1:** Graad 8-Natuurwetenskaplesreeks met integrering van lees-, kyk- en leerstrategieë *(vervolg)*

| | **Multimodale hulpbronne** | **Lees- en kyk-strategie** | **Uitkomste** | **Assesserings-instrumente** | **Empiriese bewyse** | **Gevolgtrekking** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Visuele<br>Skyfiereeks,<br>die periodieke tabel, wat 'n grafiese teks is, en 'n diagram van die deeltjiemodel. | Soeklees<br>Lees van simbole | **KABV-uitkoms:**<br>Soeklees vir ondersteunende besonderhede (DBO, 2011a:44)<br>**Lesuitkoms:**<br>Om gepaste inligting in 'n teks te identifiseer. | Leeraktiwiteite:<br>Leerders soek vetgedrukte woorde (nuwe terme), asook hulle definisies, in handboek.<br><br>Werkkaart met nasienriglyne:<br>Leerders soeklees die terme *subatomies*<br>Soeklees *Chloor* op periodieke tabel.<br><br>Waarneming-kontrolelys | 84% van die studiepopulasie het aangetoon dat hulle 'n teks oorsigtelik lees deur soeklees te gebruik. | Leerders maak gebruik van soeklees sonder dat hulle bewus is daarvan. Soeklees kan gebruik word om leerders te lei om kerngedagtes in tekste te soek.<br><br>Leerders was aanvanklik onseker, maar kon teen die einde van die les soeklees suksesvol gebruik. |
| **Les 3**<br><br>**Lesonderwerp:**<br>**Atome**<br><br>**Afdeling:**<br>**Fisiese Wetenskap** | **Multimodale hulpbronne** | **Leer-strategie** | **Uitkomste** | **Assesserings-instrumente** | **Empiriese bewyse** | **Gevolgtrekking** |
| | Visuele<br>skyfiereeks,<br>die periodieke tabel, wat 'n grafiese teks is, en 'n diagram van die deeltjiemodel. | Samestelling van breinkaarte | **KABV-uitkomste:**<br>Om breinkaarte saam te stel met die doel om te sorteer en te klassifiseer (DBO, 2011b:44).<br>**Lesuitkoms:**<br>Om konsepte te konstrueer en grafies op te som. | Leeraktiwiteite:<br>Leerders gebruik nuwe terminologie om 'n breinkaart te teken.<br><br>Werkkaart met nasienriglyne:<br>Leerders stel 'n breinkaart saam om subatomiese deeltjies uit te beeld. Daarna gebruik hulle soeklees om *chloor* op die periodieke tabel te vind om die aantal neutrone daarvan uit te werk.<br><br>Waarnemings-kontrolelys | Slegs 34% van die studiepopulasie gebruik breinkaarte in hul leerproses, tog het die meerderheid van hierdie leerders dit waardevol geag om tydens Les 3 breinkaarte saam te stel. | Die studiepopulasie besef die waarde van die samestelling van breinkaarte. |

**TABEL 1:** Graad 8-Natuurwetenskaplesreeks met integrering van lees-, kyk- en leerstrategieë *(vervolg)*

| | Multimodale hulpbronne | Lees- en kyk-strategie | Uitkomste | Assesserings-instrumente | Empiriese bewyse | Gevolgtrekking |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Les 4**<br><br>**Lesonderwerp: Deeltjiemodel**<br><br>**Afdeling: Fisiese Wetenskap** | Visuele skyfiereeks, handboek, diagram, naslaanbron | Lees aandagtig vir inligting | **KABV-uitkoms:** Maak 'n opsomming van kerngedagtes en ondersteunende besonderhede in paragraafvorm volgens vereiste lengte (DBO, 2011a:46).<br>**Lesuitkoms:** Lees vir inligting in naslaanbronne om belangrike inligting in 'n opsomming te verwoord. | Leeraktiwiteite: Leerders lees die gedeelte in die handboek oor die deeltjiemodel en versamel so inligting daaroor deur opsomming.<br><br>Werkkaart met nasienriglyne: Leerders lees die gedeelte in die handboek oor faseverandering en gebruik dit om die proses te verduidelik.<br><br>Waarnemingskontrolelys | 93% van die studiepopulasie lees 'n teks om 'n oorsig daarvan te kry. | Leerders hou nie daarvan om lang tekste te lees nie, maar dit is vir hulle sinvol as hulle iets spesifiek in die teks moet vind. Leerders dui aan dat hulle 'n teks lees, maar met die les het die onderwyser ervaar hulle lees nie 'n teks met begrip nie, met ander woorde hulle verstaan nie wat hulle lees nie. |
| | **Multimodale hulpbronne** | **Leer-strategie** | **Uitkomste** | **Assesserings-instrumente** | **Empiriese bewyse** | **Gevolgtrekking** |
| | Visuele skyfiereeks, handboek, diagram, naslaanbron | Maak 'n opsomming | **KABV-uitkomste:** Vir die maak van 'n opsomming soek- en vluglees vir hoofgedagtes en tema; tref onderskeid tussen hoof- en ondersteunende besonderhede; skryf hoofgedagtes in eie woorde, orden sinne in logiese volgorde en gebruik gepaste verbindingswoorde (DBO, 2011a:46).<br>**Lesuitkoms:** Identifiseer kerngedagtes uit die voorgeskrewe handboek. | Leeraktiwiteite: Opsomming oor die verskillende fases van materie en vul elke opsomming met 'n visuele voorstel aan.<br><br>Werkkaart met nasienriglyne: Leerders maak 'n opsomming van die proses van faseverandering en verskaf opsomming van 'n visuele uitbeelding daarvan.<br><br>Waarnemingskontrolelys | 75% van die studiepopulasie gebruik opsomming om te leer. | 'n Opsomming met behulp van 'n visuele beeld help leerders om die teorie bondig en prakties voor te stel. |

**TABEL 1:** Graad 8-Natuurwetenskaplesreeks met integrering van lees-, kyk- en leerstrategieë *(vervolg)*

| | Multimodale hulpbronne | Lees- en kyk-strategie | Uitkomste | Assesserings-instrumente | Empiriese bewyse | Gevolgtrekking |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Les 5** | Visuele skyfiereeks en informatiewe tekste: diagramme en naslaanmateriaal (handboek) | Stiplees / Aandagtige lees | **KABV-uitkomste:** Lees aandagtig om leesbegrip te vorm, om afleidings te maak, om tussen feite en menings te onderskei, om eie mening weer te gee (DBO, 2011a:51).<br>**Lesuitkoms:** Om hul Natuurwetenskap-woordeskat uit te brei en statiese elektrisiteit te kan omskryf en te verduidelik hoe 'n voorwerp gelaai word. | Leeraktiwiteite: 'n Flitskaartsame-stelling nadat hulle die inligting deur middel van stiplees geprosesseer het.<br><br>Werkkaart met nasienriglyne: Gebruik handboek om antwoorde op vrae te vind.<br><br>Waarnemings-kontrolelys | 80% van die studiepopulasie het aangedui dat hulle weet wat aandagtige deurlees van 'n teks behels. | Leerders sukkel om met begrip te lees en verstaan nie altyd wat die vraag in 'n leeraktiwiteit van hul verwag nie. Die uitbreiding van Natuurwetenskap-woordeskat is belangrik.<br><br>Leerders sukkel om antwoorde uit 'n teks op vrae te vind. Flitskaarte help hulle om antwoorde te vind. |
| | **Multimodale hulpbronne** | **Leer-strategie** | **Uitkomste** | **Assesserings-instrumente** | **Empiriese bewyse** | **Gevolgtrekking** |
| **Lesonderwerp: Statiese elektrisiteit**<br><br>**Afdeling: Fisiese Wetenskap** | Visuele skyfiereeks en informatiewe tekste: diagramme en naslaanmateriaal (handboek) | Flitskaarte | **KABV-uitkoms:** Om natuurweten-skaplike prosesse en gebeure in logiese volgorde te plaas DBO, 2011b:51).<br>**Lesuitkomste:** Verduideliking en herroeping van ou en nuwe woordeskat en leerinhoude. Verdeel leergeheel in kleiner dele om leerproses te vergemaklik. | Leeraktiwiteite: Leerders gebruik handboek om flitskaarte te ontwerp.<br><br>Werkkaart met nasienriglyne: Leerders gebruik visuele beelde en die handboek om die vrae te beantwoord, om sodoende die flitskaarte te maak.<br><br>Waarnemings-kontrolelys | 29% van die studiepopulasie het aangedui dat hulle flitskaarte gebruik om te leer. Aan die einde van die les het 48% van die leerders aangedui dat hulle dit wel sinvol gevind het om flitskaarte te gebruik. | Flitskaarte het die leerproses versterk, aangesien dit leerders gehelp het om hulle kennis oor die onderwerp te toets. Dit skep ook die geleentheid vir die leerder om oor sy eie vordering te reflekteer oor die inhoud.<br><br>Leerders was nie bekend met flits-kaarte as leerstra-tegie nie en sodoen-de baie terughoudend om dit te gebruik. Nogtans het sommige leerders aanklank daarby gevind. |


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a9

**TABEL 1:** Graad 8-Natuurwetenskaplesreeks met integrering van lees-, kyk- en leerstrategieë *(vervolg)*

| | Multimodale hulpbronne | Lees- en kyk-strategie | Uitkomste | Assesserings-instrumente | Empiriese bewyse | Gevolgtrekking |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Les 6**<br><br>**Lesonderwerp: Stroombane**<br><br>**Afdeling: Fisiese Wetenskap** | Visuele skyfiereeks en informatiewe teks: stroombaan- en komponent-diagramme, grafiese tekste, visuele uitbeeldings of voorstellings en multimediateks | Deurkyk | **KABV-uitkoms:** Deurkyk vereis van leerders om 'n teks vinnig en oorsigtelik te lees (die titel, die beginreël van elke paragraaf en die samevatting).<br>**Lesuitkoms:** Om te bepaal waaroor 'n teks handel. Om oorsaak en gevolg te bepaal. | Leeraktiwiteite: Leerders gaan die handboeke en skyfiereeks deurkyk en onder elke diagram die eienskappe neerskryf.<br><br>Werkkaart met nasienriglyne: Leerders verdeel in groepe en gebruik deurkyk om 'n kletsrym oor een van die stroombane te skryf.<br><br>Waarnemings-kontrolelys | Na mediëring kon 91% van die studiepopulasie 'n teks se titel, die beginreëls van elke paragraaf en die opsomming daarvan lees. | Leerders het deurkyk doeltreffend gebruik om tussen die bepaalde inhoud te onderskei om sodoende 'n kletsrympie te kon skryf. |
| | **Multimodale hulpbronne** | **Leer-strategie** | **Uitkomste** | **Assesserings-instrumente** | **Empiriese bewyse** | **Gevolgtrekking** |
| | Visuele skyfiereeks, visuele teks (videogreep) en informatiewe tekste (stroombaan- en komponent-diagramme), grafiese tekste, visuele uitbeeldings of voorstellings en multimediateks | Musiek (Kletsrym) | **KABV-uitkoms:** Verduidelik die werking en komponente van 'n elektriese stroombaan (DBO, 2011b:14)<br>**Lesuitkoms:** Om wetenskaplike terme gemaklik te gebruik. | Leeraktiwiteite: Leerders skryf inligting neer oor elke tipe stroombaan onder die diagram wat hulle geteken het.<br><br>Werkkaart met nasienriglyne: Leerders verdeel in groepe, kies 'n stroombaan en skryf 'n kletsrympie oor die bepaalde eienskappe van daardie stroombaan. Leerders voer dit op vir klas.<br><br>Waarnemings-kontrolelys | 23% van die studiepopulasie het kletsrymaktiwiteite geniet.<br><br>Slegs 8% van die studiepopulasie het al voor die les kletsrym gebruik om te leer, dus was die meeste leerders nie vertroud met die leerstrategie nie. Hulle was aanvanklik nie gemaklik daarmee nie, tog het verskeie groepe goed verwoorde kletsrym voorgedra. | Kletsrymaktiwiteite lei tot die maak van assosiasies, wat leerders kan help om belangrike inhoud oor konsepte te onthou. |


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a9

**TABEL 1:** Graad 8-Natuurwetenskaplesreeks met integrering van lees-, kyk- en leerstrategieë *(vervolg)*

| | **Multimodale hulpbronne** | **Lees- en kyk-strategie** | **Uitkomste** | **Assesserings-instrumente** | **Empiriese bewyse** | **Gevolgtrekking** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Les 7**<br><br>**Lesonderwerp: Die sonnestelsel en verder**<br><br>**Afdeling: Aardrykskunde** | Visuele skyfiereeks, en informatiewe tekste: grafiese tekste, visuele uitbeeldings of voorstellings, multimediateks en naslaanmateriaal (handboek) | Kritiese lees van teks | **KABV-uitkoms:** Om 'n teks aandagtig en krities te lees ter bevordering van leesbegrip (DBO, 2011a:29)<br>**Lesuitkoms:** Om vergelykings te tref, gevolgtrekkings te maak, te evalueer. | Leeraktiwiteite: Lees 'n teks deur en reageer krities daarop.<br><br>Werkkaart met nasienriglyne: Leerders sien werkkaart na om te bepaal aan watter aspekte van die sonnestelsel nog aandag geskenk moet word.<br><br>Waarnemings-kontrolelys | 83% van die studiepopulasie kan 'n teks lees om die doel daarvan te bepaal. | Die onderwyser-navorser het bevind dat die studiepopulasie in staat is om 'n teks aandagtig en krities te lees, aangesien hulle leerinhoude met begrip kan lees en krities daarop kan reageer.<br><br>Leerders kon 'n teks krities lees en dit aan alledaagse lewens-werklikhede koppel. |
| | **Multimodale hulpbronne** | **Leer-strategie** | **Uitkomste** | **Assesserings-instrumente** | **Empiriese bewyse** | **Gevolgtrekking** |
| | Visuele skyfiereeks en informatiewe tekste: grafiese tekste, visuele uitbeeldings of voorstellings, multimediateks en naslaanmateriaal (handboek) | Assosiasie | **KABV-uitkoms:** Skep assosiasies (DBO, 2011a:14)<br>**Lesuitkoms:** Om nuwe inligting aan leerders se voorkennis en ervarings te verbind. | Leeraktiwiteite: Leerders skep assosiasies om na 'n ligjaar te verwys.<br><br>Werkkaart met nasienriglyne: Leerders gaan outentieke assosiasies skep oor die sonnestelsel.<br><br>Waarnemings-kontrolelys | 53% van die studiepopulasie kan assosiasies skep. Assosiasies maak dit moontlik om nuwe kennis aan bestaande kennis of lewenswerklikhede te koppel. | Leerders maak gebruik van lewenswerklikhede om wetenskaplike terme daarmee te assosieer. |
| **Les 8**<br><br>**Lesonderwerp: Verkenning van die ruimte**<br><br>**Afdeling: Aardrykskunde** | **Multimodale hulpbronne** | **Lees- en kyk-strategie** | **Uitkomste** | **Assesserings-instrumente** | **Empiriese bewyse** | **Gevolgtrekking** |
| | Visuele skyfiereeks en informatiewe tekste: grafiese tekste, visuele uitbeeldings of voorstellings | Opsomming | **KABV-uitkoms:** Om kerngedagtes weer te gee (DBO, 2011a:30).<br>**Lesuitkoms:** Om 'n opsomming te maak met die doel | Leeraktiwiteite: Leerders gebruik aandagtige lees om betekenisvolle opsommings van die handboekleerinhoud te maak. | 55% van die studiepopulasie kan 'n opsomming betekenisvol formuleer. | Opsommings kan sinvol gebruik word om leerinhoud te konsolideer.<br><br>Die konstruktivistiese fasilitering van |

**TABEL 1:** Graad 8-Natuurwetenskaplesreeks met integrering van lees-, kyk- en leerstrategieë *(vervolg)*

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | om tussen hoofgedagtes en ondersteunende besonderhede te onderskei. | Werkkaart met nasienriglyne:<br>Leerders voltooi 'n multikeuse-opdrag wat handel oor die konsepte in die opsomming.<br><br>Waarnemings-kontrolelys | | leesstrategieë kan daartoe bydra dat leerders leesaktiwiteite van hoër orde suksesvol kan uitvoer. |
| | **Multimodale hulpbronne** | **Leer-strategie** | **Uitkomste** | **Assesserings-instrumente** | **Empiriese bewyse** | **Gevolgtrekking** |
| | Visuele skyfiereeks en informatiewe tekste: grafiese tekste, visuele uitbeeldings of voorstellings | Storievertelling | **KABV-uitkoms:**<br>Om aan te dui dat kennis van die sterrekunde deur stories nagelaat is (DBO, 2011b:36).<br>**Lesuitkoms:**<br>Om na afloop van die storievertelling leerders in staat te stel om hulle begrip van leerinhoud te verwoord. | Leeraktiwiteite:<br>Na afloop van onderwysersmediëring moet leerders 'n outentieke storie vertel om die leerinhoud op te som.<br><br>Werkkaart met nasienriglyne:<br>Leerders gebruik hulle storievertelling en hulle uiteindelike opsomming van leerinhoud om die multikeusevrae te beantwoord.<br><br>Waarnemings-kontrolelys | 58% van die studiepopulasie kon storievertelling gebruil om leerinhoud kreatief en opsommend te verduidelik. | Aangesien leerders die leerinhoud in hulle eie storievertelling kan verwoord, dra dit by tot die inskerping van belangrike leerinhoud. |


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a9

## 6. Riglyne om Natuurwetenskapleerders in selfgerigte lesers en leerders te ontwikkel

Danksy die literatuurondersoek, dokument- en tematiese ontleding en die gevolgtrekkings wat uit die lesreeks spruit, kan sekere riglyne vir graad 8-Natuurwetenskaponderwysers voorgestel word om, met behulp van die integrering van multimodale lees-, kyk- en leerstrategieë in lesse, leerders in selfgerigte lesers en leerders te ontwikkel. Die grondslag van die riglyne berus op die feit dat selfgerigte lesers en leerders akademies beter presteer. Voorts kan beter prestasies in Natuurwetenskap leerders motiveer om naskoolse opleiding of beroepe wat met wetenskappe verband hou, te oorweeg.

Die volgende riglyne is vir graad 8-Natuurwetenskaponderwysers geformuleer:

- Taal oor die kurrikulum heen is elke skoolbestuurspan en elke vakonderwyser se verantwoordelikheid en kan nie slegs aan die taalonderwyser oorgelaat word nie. Elke vakonderwyser moet erns maak met die ontwikkeling van leesvaardighede, die uitbreiding van vakterminologie, die korrekte spelling van vakterme, asook die korrekte uitspraak daarvan ter wille van betekenisskepping.
- Onderwysers kan aan leerders beklemtoon dat lees met begrip tot voordeel van hulle kognitiewe ontwikkeling strek.
- Wanneer ’n leerder ’n teks, soos byvoorbeeld ’n informatiewe teks in die Natuurwetenskaphandboek, met begrip kan lees en dit sinvol kan interpreteer, lei dit tot verbeterde leer.
- Lees- en kykinstruksies moet duidelik aan leerders weergegee word.
- Maak gebruik van konstruktivistiese steierwerk wat leerders se kennis sowel as hul bestaande kennis van konsepte deurlopend uitbrei.
- Begin met die fasilitering van die mees basiese multimodale strategieë, byvoorbeeld *visuele organisering* (leesstrategie) en *visualisering* (leerstrategie).
- Integreer multimodale lees-, kyk- en leerstrategieë as hulpmiddels by die lesinhoud sodat leerders die Natuurwetenskaptekste makliker kan lees en leer. Integrering van hierdie multimodale lees-, kyk- en leerstrategieë moet op so ’n wyse plaasvind dat die leerders nie agterkom dat dit doelbewus aan hulle onderrig word nie. Modelleer hierdie geïntegreerde multimodale strategieë progressief – van maklik na moeilik – aan leerders in die onderrigproses sodat die leerders na analogie van die voorbeelde Natuurwetenskaptekste selfgerig kan lees en leer.
- Maak tydens lesaanbiedings van gepaste lees-, kyk- en leerstrategieë vir ’n bepaalde Natuurwetenskapteks gebruik en verseker dat die leerders deur bepaalde leeraktiwiteite hierdie lees-, kyk- en leerstrategieë kan toepas.
- Gebruik en oefen kombinasies van multimodale lees-, kyk- en leerstrategieë in meer as een les om dit vas te lê.
- Gebruik eksperimente, lewenswerklike situasies en lees- en kyktekste (byvoorbeeld videogrepe) om leerders se belangstelling in Natuurwetenskap te prikkel en om hierdie lewenswerklike voorstellings of uitbeeldings aan wetenskaplike vakterme te koppel.
- Neem leerders se multi-intelligensie in ag tydens die kurrikulering van lesse sodat lesse aangepas kan word volgens leerders se voorkennis, belangstellings en vermoëns, byvoorbeeld om kletsrym te gebruik om leerinhoud by musikale leerders vas te lê.
- Pas lesse aan deur leerders se unieke leerstyle tydens lesbeplanning in ag te neem. Integreer verskillende strategieë deur kombinasies van lees-, kyk- en leerstrategieë te gebruik om al die leerders se verskillende leerstyle te akkommodeer. Grafiese


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a9

voorstellings kan byvoorbeeld saam met klank en beweging gebruik word om visuele, verbaal-ouditiewe en kinestetiese leerders by die lesgebeure te betrek.

- Ontwerp interessante, kleurryke, visueel stimulerende en insiggewende skyfiereekse (verkieslik saam met klank) wat leerders inspireer om die leerinhoud selfgerig te lees en aanleiding tot leer met begrip sal gee.
- Ontwerp leeraktiwiteite waarin leerders byvoorbeeld van vluglees gebruik moet maak om kerngedagtes in volgorde te plaas, aangesien dit hulle kan help om opsommings te maak. Soortgelyke leeraktiwiteite kan aan leerders die geleentheid bied om na te dink en te reflekteer oor die voordele wat die toepassing van geïntegreerde lees-, kyk- en leerstrategieë vir hul sukses inhou.
- Verseker dat werkkaarte, wat die toepassing van geïntegreerde lees-, kyk- en leerstrategieë bevat, in ooreenstemming is met die KABV-riglyne. Sodoende kan leerders se abstrakte denke, kritiese denkvermoë en probleemoplossings-vaardighede ontwikkel word.
- Die konstruktivistiese fasilitering van **lees- en kykstrategieë** verbeter leerders se leesbegrip. Eweneens is die onderrig van tekstipes (onder andere grafieke, tabelle, diagramme, foto's, kaarte, plakkate) belangrik, sodat leerders weet wat die doel van elke tekstipe behels. Gebruik die prosesbenadering om leesprosesse te bevorder. Leerders kan byvoorbeeld tydens die prelees van tekste voorspellings maak, assosiasies skep en hulle voorkennis kan geaktiveer word. Leerders kan deur inoefening van aandagtige lees, wat die herlees van 'n teks insluit, tot leesbegrip gelei word. Hierdie nuutverworwe leesbegrip sal beter antwoorde van leerders in leeraktiwiteite en assesserings tot gevolg hê. Deur die leesstrategie, deurkyk, te gebruik kan leerders differensieer tussen die inhoud van verskillende tekste. Sodoende kan hulle vasstel of die teks wat hul wil lees van toepassing is op hulle ondersoek en ook om oorsaak en gevolg van prosesse te bepaal. Aandagtige lees en die kritiese reaksie op die teks bevorder leesbegrip. Die maak van opsommings kan effektief gebruik word om te bepaal of leerders oor leesbegrip van Natuurwetenskapleerinhoud beskik. Die onderwyser kan die KABV (DBO, 2011a) se stappe aan leerders demonstreer sodat hulle op 'n sistematiese wyse 'n opsomming kan maak.
- Leer is 'n aktiewe proses en moet gekontekstualiseerd aan die hand van geskikte **leerstrategieë** plaasvind. Onderwysers kan aan leerders demonstreer hoe om breinkaarte saam te stel (ook met behulp van kleure), aangesien hierdie leerstrategie leerders in hul leerproses kan help om betekenis te skep, leerinhoude te klassifiseer, grafies voor te stel en op te som. Stel byvoorbeeld leeraktiwiteite saam wat van leerders verwag om betekenis te skep deur vloeidiagramme te teken om bepaalde prosesse te verduidelik. Om leerders te fasiliteer om goeie opsommings te maak, help hulle om in ander vakke kerngedagtes te identifiseer, aangesien dit 'n kritiese vaardigheid is. Die gebruik van flitskaarte kan nuwe woordeskat help uitbrei; leerders kan so ook hulle eie leerproses monitor; reflekteer oor nuwe terminologie en prosesse; gebeure in volgorde plaas; kennisvaslegging kan plaasvind; en groter leerinhoude kan in kleiner dele verdeel word ter bemeestering daarvan. Leerders het verskillende breinvoorkeure en leerstyle en dit moet in ag geneem word by kletsrym-aktiwiteite, aangesien nie almal die gawe tot kletsrym en ritme het nie.

Assosiasies moedig lewenslange leer aan. Assosiasies vergemaklik die leerproses, aangesien leerders moeilike of nuwe konsepte aan lewenswerklikhede kan koppel.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a9

Assosiasie help leerders om bestaande kennis aan nuwe kennis te koppel, sodat diepgaande leer plaasvind en die inhoud in die leerder se langtermyngeheue gestoor word. Deur gebruik te maak van storievertelling kan leerinhoude by leerders gevestig word. 'n Storie kan gebruik word om konsepte aan leerders oor te dra, sonder dat hulle bewus is van aktiewe leer.

- Onderwysers moet besef dat selfgerigte lesers en leerders oor die volgende vaardighede moet beskik: konsentrasie, visuele onderskeiding, memorisering, assosiasie, ouditiewe geheue en laterale interpretasie. Om hierdie vaardighede by leerders te ontwikkel, vereis goeie lees- en spelvermoëns en impliseer dat leesbegrip 'n belangrike voorvereiste vir leer is.

## 7. Gevolgtrekking

Volgens Mendieta, Múnera, Olmos, Onatra, Pérez en Rojas (2015:37) beïnvloed die vermoë om selfgerig te lees leerders se lees- en leergewoontes positief. Selfgerigte lees lei tot die aanwending van gepaste leesbegripstrategieë wat leerders in staat stel om opdragte met begrip te lees en te interpreteer. Voorts bemagtig selfgerigte lees leerders om hul eie lees- en leerproses te moniteer deur geskikte leerstrategieë toe te pas wat verder tot akademiese sukses lei. Mahlaba (2020:131) verduidelik dat selfgerigte leerders verantwoordelikheid vir hul eie leerproses aanvaar deur hul leerbehoeftes te identifiseer, leerdoelwitte te stel, lees-, kyk- en leerstrategieë wat by hul leerdoelwitte pas, te gebruik en hul leerproses te evalueer.

Hierdie ondersoek het bewys dat leerders meer bekende (wat laerordedenke vereis) sowel as minder bekende (wat hoërordedenke vereis) lees-, kyk- en leerstrategieë in die leeraktiwiteite kon toepas deur hul voorkennis te koppel aan die nuwe konsepte. Dit dui daarop dat hierdie groep leerders se leesbegrip- en leervaardighede verbeter het namate hulle meer selfgerig kon lees en leer danksy steierwerk en die doelbewuste fasilitering van geïntegreerde multimodale lees-, kyk- en leerstrategieë.

Die meerderheid van hierdie leerders (64%) het in die natoets aangedui dat hulle die lesse waarin geïntegreerde multimodale lees-, kyk- en leerstrategieë gefasiliteer is, baie interessant gevind het. Die natoets se resultate het verder bevestig dat die doelbewuste fasilitering van geïntegreerde multimodale strategieë leerders kan motiveer om lewenslange selfgerigte lesers en leerders te word, want ongeveer twee derdes van die groep (64%) kon die nuwe lees-, kyk- en leerstrategieë gebruik om vir die kwartaaltoets voor te berei.

Die integrering van multimodale lees-, kyk- en leerstrategieë het gelei tot verbeterde selfgerigte lees- en leervermoëns van hierdie groep graad 8-Natuurwetenskapleerders. Volgens Kline en Lerner (2006:373-374) word leerders se akademiese prestasie en bevoegdheid in enige vak op skool beïnvloed deur hul vermoë om te lees. Alhoewel die ondersoek op 'n groep graad 8-Natuurwetenskapleerders gebaseer is, kan die riglyne wat vir Natuurwetenskaponderwysers ontwikkel is, gebruik word in enige skoolvak, omdat goeie leesvaardighede die akademiese grondslag vir leerders lê, wat uiteindelik tot werksgeleenthede vir leerders na graad 12 aanleiding kan gee (Kline & Lerner, 2006:383).

Voor die ondersoek is met behulp van die voortoets bevind dat die leerders nie met begrip kon lees nie en as gevolg daarvan het die leerders tydens informele assessering vrae foutief of glad nie beantwoord nie. Ná die ondersoek het die eerste skrywer, uit die leeraktiwiteite waaraan die leerders deelgeneem het, bevind dat die leerders Natuurwetenskaptekste met meer begrip kon lees en sekere vakinhoud beter kon onthou as dit gekoppel is aan 'n spesifieke leerstrategie, soos onder meer visuele voorstelling. Dit is belangrik dat Natuurwetenskapleerders

tydens die aanbieding van lesse in die onderrigproses deurlopend blootgestel word aan lees-, kyk- en leerstrategieë deur konstruktivistiese steierwerk te gebruik waartydens lesse progressief opbou na hoërordedenkvlakke.

## 8. Slotopmerkings

Die riglyne ten opsigte van die fasilitering van geïntegreerde multimodale lees-, kyk- en leerstrategieë wat vir graad 8-Natuurwetenskaponderwysers saamgestel is, kan graad 8-Natuurwetenskapleerders in selfgerigte lesers en leerders ontwikkel. Tydens die studie is agt multimodale lees-, kyk- en leerstrategieë in Natuurwetenskaplesse geïntegreer. Daar is verskeie ander lees- (voorspelling, soek verbande, vraagstelling, maak afleidings) en leerstrategieë (gebruik akronieme om punte te herroep, neem van notas, eksperimenteer, opvoering, stel 'n vraag op) wat gebruik kan word.

Ofskoon die navorsing vir gerieflikheidsdoeleindes en vanweë koste-effektiwiteit met 'n klein groepie graad 8-Natuurwetenskapleerders (74 leerders) in 'n openbare skool uitgevoer is, kan die navorsing uitgebrei word na 'n groter studiepopulasie van graad 8-Natuurwetenskapleerders in meer provinsies. Hierdie studie het spesifiek op die integrering van multimodale lees-, kyk- en leerstrategieë in Natuurwetenskap berus, maar kan uitgebrei word na ander vakke waar leerders sukkel om met begrip te lees.

Alhoewel daar in die KABV vir Natuurwetenskap (DBO, 2011b:12) aangedui word dat goeie leesvermoëns belangrik is vir suksesvolle leer, ontbreek riglyne waarvolgens lees-, kyk- en leerstrategieë in die onderrigproses geïntegreer kan word. Dit is nie net taalonderwysers se verantwoordelikheid om leerders se leesbegrip te ontwikkel nie, maar die taak van elke vakonderwyser. Hierdie leemte behoort in toekomstige studies onder die loep geneem te word. Indien multimodale strategieë in verskillende vakke geïntegreer word, kan dit waarskynlik daartoe lei dat leerders in selfgerigte lesers en leerders ontwikkel.

Die navorsingsterrein van selfgerigte lees en leer kan by hierdie ondersoek baat vind, aangesien verwarrende konsepte soos selfgerigte lees, selfgerigte leer en multimodale strategieë (lees-, kyk- en leerstrategieë) goed belig is en die invloed daarvan op die onderrig- en leerproses uitgelig is. Hierdie ondersoek kan uitgebrei word deur kwalitatiewe en gemengde navorsingsbenaderings te volg om vergelykings te tref tussen leerders se akademiese prestasies voor en na die fasilitering van geïntegreerde multimodale lees-, kyk- en leerstrategieë. Die bydrae van hierdie studie behels die ontwikkeling en verskaffing van riglyne vir graad 8-Natuurwetenskaponderwysers om multimodale lees, kyk- en leerstrategieë in die aanbieding van lesse aan te wend met die doel om leerders in selfgerigte lesers en leerders te ontwikkel.

## BIBLIOGRAFIE


Adler, CR. 2012. *Seven strategies to teach students text comprehension* [Blog post]. https://www.readingrockets.org/article/seven-strategies-teach-students-text-comprehension [19 January 2021].

Admiraal, WF, Van Schaik, PW, Bastiaanse, AA & Van Schaik-Maljaars, NS. 2018. Teaching reading strategies in science and social science in secondary education. *Studies of Language and Literature,* 18:1-15.

Afflerbach, P, Pearson, PD & Paris, SG. 2008. Clarifying differences between reading skills and reading strategies. *International Reading Association,* 61(5):364-373.

Bezemer, J & Kress, G. 2008. Writing in multimodal texts: a social semiotic account of designs for learning. *Written Communication*, 25(2):166-195.

Departement van Basiese Onderwys (Suid-Afrika). 1997. *Kurrikulum 2005. Taal, Geletterdheid en Kommunikasie*. Senior Fase. Pretoria: Staatsdrukker.

Departement van Basiese Onderwys (Suid-Afrika). 2011a. *Nasionale Kurrikulum- en Assesserings-beleidsverklaring vir Verdere Onderwys- en Opleidingsfase, graad 7-9 Afrikaans Huistaal.* Pretoria: Staatsdrukker.

Departement van Basiese Onderwys (Suid-Afrika). 2011b. *Nasionale Kurrikulum- en Assesserings-beleidsverklaring vir Verdere Onderwys- en Opleidingsfase, graad 7-9 Natuurwetenskap.* Pretoria: Staatsdrukker.

Department of Basic Education, DBE (South Africa). 2014. *Report on the Annual National Assessment of 2014: Grades 1 to 6 & 9.* Pretoria: Government Printer.

Department of Basic Education, DBE (South Africa). 2017. *The SACMEQ IV Project in South Africa: A Study of the Conditions of Schooling and the Quality of Education.* Pretoria: Government Printer.

Garrison, DR. 1997. Self-directed learning: Toward a comprehensive model. *Journal of Adult Education Quarterly,* 48(1):18-33.

Gaudin, J. 2019. A history of the multimodal classroom from antiquity to the nineteenth century. In De Silva Joyce & Feez (eds). *Multimodality across classrooms: learning about and through different modalities.* New York, NY: Routledge.

Gibbons, M. 2002. *The self-directed learning handbook: Challenging adolescent students to excel*. San Francisco, CA: Jossy-Bass. https://books.google.co.za/books?hl=en&lr=&id=7xrxPudNcGgC&oi=fnd&pg=PR9&dq=gibbons+2002+self-directed&ots=_hV8oWmoGs&sig=zunmjN8Rc-pyhY36LcwkT48u7Y4&redir_esc=y#v=onepage&q=gibbons%202002%20self-directed&f=false [13 April 2020].

Hines, PJ, Wible, B & McCartney, M. 2010. Learning to read, reading to learn. *Science,* 328:447.

Holloway, JH. 1999. Improving the reading skills of adolescents. *Educational Leadership,* 57(4):80-81.

Howie, SJ, Combrinck, C, Tshele, M, Roux, K, McLoed Palane, N & Mokoena, GM. 2017. *PIRLS 2016: Progress in International Reading Literacy Study 2016 – South African children's reading literacy achievement.* Pretoria: Centre for Evaluation and Assessment.

Hung, Y. 2014. What are you looking at? An eye movement exploration in science text reading. *International Journal of Science and Mathematics Education*, 12(2):241-260.

Jansen, JD. 2016. Introduction to the language of research. In Maree (ed.). *First steps in research.* Pretoria: Van Schaik.

Kennedy, L. 2020, 17 Aug. 35 multimodal learning strategies and examples [Blog post]. https://www.prodigygame.com/main-en/blog/multimodal-learning [8 March 2021].

Khodabandehlou, M, Jahandar, S, Seyedi, G & Abadi, RMD. 2012. The impact of self-directed learning strategies on reading comprehension. *International Journal of Scientific & Engineering Research*, 3(7):1-9.

Kline, F & Lerner, J. 2006. *Learning disabilities and related disorders.* 10th ed. Boston, MA: Houghton Mifin.

Lai, A, Chen, C & Lee, G. 2019. An augmented reality-based learning approach to enhancing students' science reading performances from the perspective of the cognitive load theory. *British Journal of Educational Technology*, 50(1):232-247.

Lamanauskas, V. 2013. Natural science education in adolescence. *Journal of Baltic Science Education,* 12(4):396-398.

Lawrence, D, Le Cordeur, A, Van der Merwe, L, Van der Vyver, C & Van Oort, R. 2019. *Afrikaansmetodiek deur 'n nuwe bril*. Kaapstad: Oxford University Press.

Lombard, K. 2016. Steekproefneming. In Joubert, Hartell & Lombard (reds). *Navorsing: 'n Gids vir die beginnernavorser.* Pretoria: Van Schaik.

Louw, DA & Louw, AE. 2014. *Die ontwikkeling van die kind en die adolessent.* 2de uitg. Bloemfontein: Psychology Publications.

Mahlaba, SC. 2020. Reasons why self-directed learning is important in South Africa during the Covid-19 pandemic. *South African Journal of Higher Education,* 34(6):120-136.

Mendieta, J, Múnera, L, Olmos, T, Onatra, C, Pérez, P & Rojas, E. 2015. Fostering reading comprehension and self-directed learning in a collaborative strategic reading (CSR) setting. *Íkala, Revista de Lenguaje Y Cultura,* 20(1):15-42.

Mullis, IVS, Martin, MO, Foy, P, Kelly, DL, & Fishbein, B. 2020. *TIMSS 2019 International Results in Mathematics and Science.* Retrieved from Boston College, TIMSS & PIRLS International Study Center website: https://timssandpirls.bc.edu/timss2019/international-results/ [1 February 2023].

OECD (Organisation for Economic Co-operation and Development). 2018. *PISA 2015: results in focus*. https://www.oecd.org/pisa/pisa-2015-results-in-focus.pdf [21 August 2021].

Omidire, M. 2016. Contributions of cognitive theories to teaching and learning strategies. In Maphalala (ed.). *Teaching and learning strategies in South Africa*. Hampshire: Cengage Learning EMEA.

Palani, KK. 2012. Promising reading habits and creating literate society. *International Reference Research Journal,* 2(1):91-98.

Piaget, J. 1936. *Origins of intelligence in the child.* London: Routledge & Kegan Paul.

Pretorius, E & Ribbens, R. 2005. Reading in a disadvantaged high school: issues of accomplishment, assessment and accountability. *South African Journal of Education,* 25(3):139-147.

Pretorius, EJ & Klapwijk, NM. 2016. Reading comprehension in South African schools: Are teachers getting it, and getting it right? *Journal for Language Learning,* 32(1):1-20.

Pretorius, EJ. 2002. Reading ability and academic performance in South Africa: Are we fiddling while Rome is burning? *Journal of Language Matters,* 33(1):169-196.

Reddy, V, Visser, M, Winnaar, L, Arends, F, Juan, A & Isdale, K. 2016. *TIMSS 2015: Highlights of mathematics and science achievement of Grade 9 South African learners*. http://www.hsrc.ac.za/en/research-data/ktree-doc/17642 [19 May 2019].

Reddy, V, Winnaar, L, Juan, A, Arends, F, Harvey, J, Hannan, S & Zulu, N. 2020. *TIMSS 2019: Highlights of South Africa Grade 9 results in Mathematics and Science.* Pretoria: Department of Education.

Sysa, EA, Sobinova, LA & Prokhorets, EK. 2018. Teaching tasks in self-directed reading as a part of foreign language course. In Filchenko & Anikina (eds). *Linguistic and cultural studies: Traditions and innovations.* Cham: Springer.

TIMSS 2019 Encyclopedia. 2020. https://timssandpirls.bc.edu/timss2019/encyclopedia/pdf/South%20Africa.pdf [28 March 2021].

Van Staden, S. 2016. Van implementering tot verwesenliking: Aanwending van resultate van internasionale vergelykende studies. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie,* 35(1):1-6.

Van Staden, S, Graham, MA & Harvey, JC. 2020. An analysis of TIMSS 2015 Science reading demands. *Perspectives in Education*, 38(2):285-302.

Vollmer, HJ. 2006. Language across the curriculum. In *Conference Proceedings.* Intergovernmental Conference Languages of Schooling: Towards a Framework for Europe, Strasbourg. https://rm.coe.int/16805c7464 [13 April 2021].

Wabisabi Learning. 2020, 12 Nov. *10 effective ways of improving reading comprehension in your learners: Reading comprehension matters in school and in life* [Blog post]. https://wabisabilearning.com/blogs/literacy-numeracy/10-ways-improving-reading-comprehension [1 March 2021].

Whitten, C, Labby, S & Sullivan, SL. 2016. The impact of pleasure reading on academic success. *The Journal of Multidisciplinary Graduate Research,* 2(4):48-64.

Willenberg, I. 2018. South Africa's reading crisis: Focus on the root cause, not the peripherals. *Mail & Guardian,* 20 May. https://mg.co.za/article/2018-05-20-south-africas-reading-crisis-focus-on-the-root-cause-not-the-peripherals [31 July 2019].

Zimmermann, S & Hutchins, C. 2003. *7 keys to comprehension: How to help your kids read it and get it!* New York, NY: Three Rivers Press. https://www.scarsdaleschools.k12.ny.us/cms/lib5/NY01001205/Centricity/Domain/522/7_Keys_to_Comprehension.pdf [11 February 2019].

# *’n Soort taalcredo*

Onlangs gee prof. Ernst Kotzé my ’n artikel te lese oor taalergernisse in Nederlands en taaladviesboeke wat sulke ergernisse probeer regstel. Ek het toe gedink dit is miskien goed om hier aan die begin van ’n nuwe jaar in ’n soort beleidsverklaring te sê wat ek (en die redakteur van die *TGW*) met hierdie taalrubriek probeer bereik, soos ook met die *TGW* se vereiste dat artikels behoorlik taalversorg moet wees.

Onthou egter asseblief dat ek en die *TGW* hoofsaaklik met die standaardvariëteit van Afrikaans gemoeid is.

Ek wil ook sê waar ek beroepsgewys vandaan kom: Ek is reeds net meer as 50 jaar met Afrikaans in die praktyk doenig, aanvanklik in ’n onderrigomgewing en goed meer as 40 jaar in die taalpraktyk (teksredigering/taalversorging en vertaling). In dié tyd – tot vandag toe – kry ek gereeld “taalnavrae”: Wat is die regte Afrikaans vir XYZ? Hoe spel ’n mens dit of dat? Is sus of so een of twee woorde? En so meer en so voort. In die sewentiger- en tagtigerjare moes ek in ’n stadium in die Staatstaaldiens boekhou van die aantal navrae wat ek per maand beantwoord het, en ses tot agt per dag was nie vreemd nie.

In sowel die onderrig- as die praktyksomgewing moes ek dus aandui wat “reg” en wat “verkeerd” is, dus wat aan die taalnorme voldoen en wat nie daaraan voldoen nie.

Deur die jare het ek ook gesien hoe Standaardafrikaans in sommige opsigte verander het. Ek wil dus hoegenaamd nie aanvoer dat Afrikaans onveranderlik is of behoort te wees nie. Enige lewende taal is voortdurend aan die evolueer.

Ek weet goed dat baie taalteoretici hierdie soort normatiewe benadering tot taal (om te sê wat “reg” en wat “verkeerd” is, of wat moet en wat nie moet nie) veroordeel, want na hulle mening is daar nie iets soos “reg” of “verkeerd” in taal nie – hoogstens miskien “geskik” en “minder geskik”. Op ’n sekere teoretiese vlak kan ek dit verstaan en selfs onderskryf, maar die praktyk het my geleer dat die “gewone mense” – die skrywende en pratende publiek – óf nie ’n duiwel omgee nie en doen wat hulle wil, óf wil weet wat reg of verkeerd is en dan ook nie ’n hand vol alternatiewe wil hê nie.

Vir my is dit logies om te dink dat as een standaardtaalnorm geld, ’n ander een eweneens kan geld, mits albei natuurlik min of meer redelik is. In die laat 19de en vroeë 20ste eeu was daar byvoorbeeld geen gestandaardiseerde spelvorm vir Afrikaans nie. Sommige het volgens die GRA-stelsel hoogs gefonetiseerd gespel, ander het nog so veel moontlik Nederlandse spelling gebruik en waarskynlik die meeste het ’n mengsel van die twee geskryf. In die eerste *Afrikaanse woordelijs en spelreëls* (1917) het die Woordelijs-Kommissie in die voorwoord geskryf dat die gebrek aan ’n algemeen erkende spelsisteem in Afrikaans belemmerend op die ontwikkeling van die taal en die publikasie van byvoorbeeld onderwysmateriaal ingewerk het (*AWS* 1917:vi).

In dieselfde voorwoord (*AWS* 1917:iv) sê die Kommissie: “Op baing punte heers daar nog heelwat onsekerheid. Maar die nodige vastheid kan ons alleen krij deur meer en meer ons taal als kultuurtaal [lees: *standaardtaal*] te gebruik.”

Hierdie eerste *AWS* het dus ’n norm gestel en “die nodige vastheid” het inderdaad in die meer as ’n eeu daarna ontwikkel. Natuurlik is daardie en sulke norme nie in klip gegrif nie – dit het met verloop van tyd in sekere opsigte verander, hier byvoorbeeld die spellings *baing* en *krij*. Die punt is egter dat daar ’n norm gestel is wat ’n wesenlike bydrae tot die ontwikkeling


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a10

van die standaardvariëteit van Afrikaans gelewer het. Mettertyd het taalkundiges al hoe meer norme, of dan "reëls" of reëlmatighede, uit die taal soos hy gebruik word, geabstraheer.

Hoewel die standaardvariëteit van Afrikaans vandag in sommige opsigte nie meer presies is soos wat dit in, sê maar, 1917 of 1950 of 1985 was nie, is daar tog nog steeds norme (hoewel 'n mens dit soms kwalik kan glo as jy luister hoe mense praat en sien hoe mense skryf).

Een van die belangrikste norme is myns insiens die idioom van Standaardafrikaans. Met "idioom" bedoel ek hier wat die *WAT* noem die geheel van uitdrukkinge, segswyses, sinswendinge wat eie is aan 'n bepaalde taal of groep sprekers. Een van die groot taalghoeroes van die vorige eeu, prof. SPE Boshoff, het dit by geleentheid vergelyk met 'n mens se stem, wat dit meestal moontlik maak om, sonder jy die persoon sien, hom of haar aan sy of haar stem te identifiseer, byvoorbeeld 'n omroeper of sanger wat jy oor die radio hoor. Net so identifiseer 'n taal se idioom hom en onderskei dit hom van ander tale.

Om die heersende norme van Afrikaans (en enige taal) te ignoreer of te misken, toon disrespek vir die taal se sprekers, kan 'n blyk van onkunde wees, kan 'n lees- of begripsbelemmering word en kan 'n refleksie op die skrywer of spreker werp.

Die *TGW* wil Standaardafrikaans in tekste van wetenskaplike gehalte bevorder en hy doen dit deur die heersende taalnorme te handhaaf. My taak as taaladviseur vir die redakteur en as rubriekskrywer is om soms sekere norme uit te lig en te bespreek, te sê wat moet en wat liefs nie moet nie. My standpunt is dat indien 'n vaste norm soos spelreëls aanneemlik is en nut het, ander taalnorme, al is hulle nie noodwendig so vas gereglementeer soos die spelreëls in die *AWS* nie, ewe aanneemlik en nuttig behoort te wees.

**JD (Tom) McLachlan**
E-pos: tommcl@whalemail.co.za


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a10

# Ze namen een tussenjaar

### De Afrikaanse literatuur in Nederland in 2022

Wat begon dat jaar goed! Uit Zuid-Afrika kwam het bericht van de toekenning van de Van Ewijck-prijs voor de bevordering van de culturele betrekkingen met Nederland aan Ingrid Glorie. Een prachtige bekroning. Glorie loopt altijd over van plannen om voor de Afrikaanse letteren in Vlaanderen en Nederland aandacht te krijgen, en voert er bovendien heel veel uit.

Nederland bleef dit jaar bezorgd over de klimaatverandering en de opwarming van de aarde (komt de laagste helft van Nederland onder water?), maar begin 2022 kreeg een gunstige ontwikkeling tijdelijk meer aandacht. Het covidvirus leek op zijn laatste benen te lopen, boekwinkels (en andere winkels) gingen weer open, boekpresentaties en andere bijeenkomsten konden weer doorgaan, alles werd als vroeger.

Zo leek het tenminste. Maar in februari kwam de terugslag met de Russische inval in Oekraïne. Oekraïners vluchtten naar het westen, gas en elektriciteit werden tien keer zo duur en de prijzen van andere levensbenodigdheden kropen langzaam maar zeker omhoog. De Nederlandse taal kreeg er een nieuw woord bij: energiearmoede. Lampen uit en korter douchen! 2022 inflatiejaar!

Voor de boekenwereld blijkt 2022 achteraf toch vrij gunstig. Er werden 43 miljoen boeken verkocht, iets meer dan in 2021. Anders dan in 2021 (met al die covid-winkelsluitingen) hebben de gewone winkels weer iets meer verkocht dan de webwinkels. Bestseller van het jaar is *Daar waar de rivierkreeften zingen,* de vertaling van het romandebuut van de Amerikaanse Delia Owens. Lucinda Riley, jarenlang de winnares van deze Nederlandse wedstrijd, kwam met de vertaling van haar nieuwe boek op de tweede plaats. Als vierde eindigde het eerste oorspronkelijk Nederlandse boek: een jeugdboek, *De tijdmachine* van Rutger Vink en Thomas van Grinsven.

Oorspronkelijk Nederlandse romans haalden in 2022 geen grote oplagen; het grotere aantal boeken is te danken aan de groeiende verkoop van (onvertaalde) Engelse boeken, nu 20 % van het totaal. In verschillende nieuwsmedia vertelden meisjes en jonge vrouwen dat zij graag Engels lezen, nooit meer een Nederlands boek, ‘want die zijn saai’, maar ook ouderen lezen steeds meer Engels. Onder de Zuid-Afrikaanse Engelse schrijvers is Damon Galgut opgevallen, met *De goede dokter,* in de vertaling van Rob van der Veer.

### Zuid-Afrikahuis en *Spectrum*

Het Zuid-Afrikahuis in Amsterdam bleef zijn missie op volle kracht uitdragen: verbreiding van de kennis van Zuid-Afrika. De Afrikaanse literatuur neemt daarbij een grote plaats in. Met ‘Boeken uit het huis’ verzorgt Ingrid Glorie een reeks bijeenkomsten over uiteenlopende ontwikkelingen in de Afrikaanse letteren. De ‘vrienden’ van het Zuid-Afrikahuis ontvangen het digitale maandblad *Spectrum*, onder meer over taal en cultuur.

Afrikaanse literatuur die niet in het Nederlands is vertaald, wordt in Nederland hoogst zelden besproken. Maar *Spectrum* kent een literaire kroniek over onvertaald werk, van de hand van Francine Maessen, en dat is een zeldzaamheid. Des te jammerder dat Maessen dit jaar zelden of nooit enthousiast is geworden over de Afrikaner schrijvers die zij uitkoos: in


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a11

haar kroniek overheerst een zweem van teleurstelling. Op licht bevoogdende toon besprak zij de roman *Die teenovergestelde is net so waar* van Azile Coetzee. Zij reageerde genuanceerd op de bundel *Swatland* van Ashwin Arendse. Zijn schildering van een verleden vol armoede en geweld bezorgde haar een 'indringende leeservaring' maar als poëzie vond zij dit werk tekortschieten. Kritischer is zij over *Dol heuning*, de bundel van S.J. Naudé, die haar niet erg heeft kunnen verrassen – zij spreekt de hoop uit dat de schrijver in de toekomst 'iets meer variëteit gaat bieden.' De debutante Carien Smith kwam er met haar bundel *Bot* wat beter af. Maessen onderstreepte het belang van de poging van Smith om haar thematiek, de milieuvervuiling en klimaatverandering, te verbinden met een dystopische toekomstschets, waarbij de schrijfster 'de risico's van de huidige situatie uitvergroot […] om ons een spiegel voor te houden': om ons in te peperen wat er voor onze kinderen allemaal mis kan gaan. Maar jammer genoeg schiet ook Smith, evenals Arendse, naar Maessens oordeel in literair opzicht tekort: zij vertilt zich aan haar boeiende onderwerp, zij weet het niet geloofwaardig over te brengen.

*Spectrum* bood naast kritiek onder meer creatief proza en poëzie van Ryan Pedro, Bibi Slippers, Jolyn Phillips en Koos Kombuis; een interview met Zirk van den Berg over *Die onsigbare pou* en mooie in memoriams van Jacques van der Elst (door Hein Viljoen) en Piet Westra (door G.J. Schutte).

**Boeken uit het huis**

'Boeken uit het huis' bracht een zestal uiteenlopende presentaties van al of niet in het Nederlands vertaalde Afrikaanse boeken. Afwisselende gastvrouwen en -heren, onder wie de hoogleraar Afrikaans Margriet van der Waal (UvA), de detectiveschrijver en taalkundige René Appel en de journalist Tim du Plessis, ontvingen een of enkele gesprekspartners – veelal uiteraard de schrijver en/of de vertaler. Ingrid Winterbach was de eerste auteur, met het pas vertaalde *Roerige tijden* (*Die troebel tyd*); een andere nieuwe vertaling was *We wachten op de commandant* van Elsa Joubert; Louis Krüger heeft van *Die verleiding van Eva de Winter* nog geen Nederlandse versie gemaakt; een Nederlandse vertaling van de Ingrid Jonker-biografie van Petrovna Metelerkamp is aangekondigd maar nog niet verschenen en ook Quintus van der Merwes *Om te lewe, om te sterwe*, toch een spannend boek met zowel Nederlandse als Belgische raakvlakken, wacht nog op een vertaling. De 'Boeken'- reeks sloot af met de kinder- en jeugdliteratuur, een verrassend zwaartepunt in de bibliotheek van het Zuid-Afrikahuis en ook het domein van de (wèl in het Nederlands vertaalde) schrijver Jaco Jacobs. Mede dankzij de Nederlandse Taalunie waren deze bijeenkomsten gratis digitaal te volgen en blijven ze langere tijd digitaal bereikbaar.

De problematiek rond het vertalen uit het Afrikaans naar het Nederlands kwam meermalen aan de orde. In het gesprek van Krüger en Appel kwam naar voren hoe Krüger zich keerde tegen de gedachte als zou zijn verhaal 'slecht aflopen': aan het eind resteert een zekere zuiverheid, er gebeurt iets dat zuiverend is en zelfs reddend. Anders dan Appel ervaart Krüger 'zijn' slot juist als positief. Du Plessis en Van der Merwe voerden een interessant, maar uitgesproken Afrikaans gesprek – niet alleen in hun taalkeuze maar ook inhoudelijk: in hun onderwerpen en toespelingen richtten zij zich op een Zuid-Afrikaans, niet zozeer op een Nederlands publiek.

**Ingrid Jonker en Gerrit Komrij**

De middag over Metelerkamps Jonker-biografie (25 augustus) kwam in het kader te staan van een literair relletje dat een dag eerder was ontbrand door een artikel van Kevin van Vliet in


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a11

*Trouw* (24 augustus). Het ging om de bezittingen van Ingrid Jonker die decennia geleden zijn aangekocht door Gerrit Komrij (1944-2012) en nu behoren tot zíjn nalatenschap. Ze bleken gedeponeerd in het Literatuurmuseum in Den Haag, dat met een deel ervan een kleine tentoonstelling aankondigde – opening 27 augustus. Tegen deze gang van zaken klonk, ook in het Zuid-Afrika-huis, protest: de documenten van Jonker horen thuis in Zuid-Afrika, vond men, niet in een Nederlands museum. Ze moeten terug!

Bij de opening in Den Haag bleek over dat laatste tenslotte overeenstemming. 'Terug naar Zuid-Afrika' was ook de voorkeur van Komrij geweest. Museumdirecteur Aad Meinderts beklemtoonde dat de documenten *tijdelijk* in Den Haag zijn, om ze te digitaliseren en daardoor beter bereikbaar te maken. Intussen gaat het Literatuurmuseum op zoek naar een veilige verblijfplaats in Zuid-Afrika, voor de uiteindelijke oplossing.

Komrijs executeur en biograaf Arie Pos gaf voor de vijftig aanwezigen een beschrijving van de bezittingen zoals hij ze had aangetroffen en wees gretige onderzoekers van Jonkers werk alvast op veelbelovende studieonderwerpen. Annemarié van Niekerk oogstte voor haar ontroerende uiteenzetting over Jonkers persoon en werk een opvallend applaus. Ook haar toekomstblik op een te stichten Ingrid Jonker Cultureel Centrum als definitieve bestemming van de nalatenschap vond bijval. Op de tentoonstelling ontdekten sommigen dat Jonkers beroemde gedicht 'Die kind' al in 1961 is opgenomen in het Nederlandse linkse maandblad *De Nieuwe Stem.*

## Irma Joubert, Deon Meyer, Ronelda S. Kamfer en Antjie Krog

Dit zijn en blijven in de Nederlandse boekenwereld de grote Afrikaanse namen. Nieuwe Nederlandse vertalingen kan ik voor 2022 niet signaleren, maar hun status wordt duidelijk voor wie een blik slaat op de sites van hun uitgeverijen. Voor Mozaïek en Bruna zijn Joubert en Meyer hun ster-auteurs: de uitgevers houden vrijwel al hun romans voortdurend verkrijgbaar. En hoewel dichters niet de oplagen van romanschrijvers halen, biedt uitgeverij Podium de bundels van haar twee Afrikaanse dichteressen al even nadrukkelijk aan.

Een klein teken van de voortgaande acceptatie van Kamfers poëzie in de Nederlandse samenleving is te vinden in *NRC Handelsblad* (26 februari): het openingsgedicht van haar bundel *Santenkraam* siert daar een rouwadvertentie, en dat nog wel in onvertaald Afrikaans. Antjie Krog heeft Nederland weer bezocht. Haar optreden in het begin van het jaar werd gehinderd vanwege covid, maar in september is haar 'mis voor het universum' *Broze aarde*, op muziek van Antoni Schoncken, opnieuw uitgevoerd. Ditmaal in de Martinikerk in Doesburg, met Krog zelf als verteller. Het gold als het hoogtepunt van een meerdaags programma over milieu en duurzaamheid.

## Vertaald

Kijken we naar het aantal vertalingen en naar reacties in de Nederlandse pers, dan stel ik vast: twee vertalingen haalden de krant. *NRC Handelsblad* bracht een instemmende, maar ook korte en late, reactie op Elsa Jouberts *We wachten op de commandant.* Dat boek is hier al vorig jaar genoemd. De krant noemde het 'een even confronterend als ontroerend verhaal' (14 januari, vert. Rob van der Veer, Manuzio € 14,99). Ook Ingrid Winterbachs *Roerige tijden* was al in 2021 uitgekomen, maar pas midden december, zodat recensies van begin 2022 keurig op tijd zijn (*Troebel tyd,* vert. Robert Dorsman, Zirimiri Press € 21,50).

Annemarié van Niekerk (*Trouw* 22 januari) begon haar bewonderende beschouwing met een degelijke karakteristiek van Winterbachs werk, om vervolgens de belangrijkste trekken

daarvan in *Roerige tijden* aan te wijzen. Voorop stelde zij dat bij Winterbach 'niets is wat het op het eerste gezicht lijkt' waarmee deze schrijfster de vinger legt 'op de onzekerheid waarmee we in deze tijden moeten leven'. Haar boek is spannend, maar eerder dan door een meeslepend verhaal komt dat door de werking van 'tegenstrijdige krachten, de zintuiglijke tegenover de rationele, de emoties versus het intellect, de wetenschap tegenover het onverklaarbare'. Zo wordt de lezer 'wakker geschud', terwijl er door Winterbachs 'relativerende spot' onderweg voor hem ook nog 'ns het nodige te lachen valt.

Ook Persis Bekkering (*NRC* 4 februari) wees op aspecten van de roman die de lezer in tweede instantie anders moet opvatten dan aanvankelijk. Zo signaleert zij een reeks vooruitwijzingen, met als eigenaardigheid dat er niets op volgt, dat ze allemaal in de lucht blijven hangen. Het boek loopt over van crisissen en conflicten maar niets wordt opgelost: een 'intrigerend uitgangspunt', vindt Bekkering, voor een schildering van menselijke reacties op de hedendaagse wereld. Voor de schrijfstijl heeft Bekkering bepaald geen lof, zodat ze moet afronden met een gematigde aanbeveling: 'zo weet *Roerige tijden* ondanks de sleetse taal toch iets prangends over deze wereld te zeggen.'

Over de inhoud is Hendrik-Jan de Wit (in het digitale *Voertaal*, 20 januari) het grotendeels met Bekkering eens. In een kritiek vol lof wees hij erop dat *Troebel tyd* in Zuid-Afrika vóór de coronapandemie is verschenen, maar dat die pandemie de roman 'alleen maar schrijnender en misschien nog treffender' maakt. Een andere instemmende digitale reactie is een recensie van Lieke Polak in de nieuwsbrief van de Utrechtse vrouwenbibliotheek (https://vrouwenbibliotheek.nl).

Onder de kop 'Depressie van een briljante wormenonderzoekster' gaf Anneke Groen voor het veertiendaagse *Argus* (16 februari) uiting aan haar bewondering voor Winterbachs 'korte, heldere' persoonsbeschrijvingen en 'prachtige en soms ontroerende beschrijvingen van het Zuid-Afrikaanse kustlandschap […] zeker voor wie daar ooit geweest is, een plezier om te lezen.' Haar reactie graaft niet zo diep maar is daardoor voor het boek misschien wel wervender.

*Roerige tijden* kreeg in 2022 interessante kritieken maar desondanks kunnen we het jaar met het oog op deze kroniek toch maar het beste als een 'tussenjaar' beschouwen, in afwachting van een rijkere oogst die moet volgen. Bemoedigend was een initiatief van het Expertisecentrum Literair Vertalen, een samenwerkingsverband van de Taalunie, de Katholieke Universiteit Leuven en de Universiteit Utrecht. Dit centrum startte namelijk opleidingstrajecten voor vertalers Afrikaans-Nederlands en omgekeerd. Beide zijn belangrijk, maar vooral uit het eerste traject schep ik hoop voor de toekomst van de Afrikaanse literatuur in Nederland.

**Eep Francken**
Universiteit Leiden en Noordwes-Universiteit
E-pos: a.a.p.francken@hum.leidenuniv.nl


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a11

**Afrikaanses**

"Ons is geroepe tot 'n groot afspraak met die dood."
Uit *Springbokke* deur D.J. Opperman.

Dit het gebeur: ons beheer het gesterf.
Kwikstertjies nou wat in klein bossies hou
en met eie veertjies nessies bou
om miskien 'n eie staanplekkie te verwerf?

**Rowers**

As julle jul huise verlaat en vrolik uitgaan
sal ons hiënas julle goed vat en jul hard slaan,
want ons is baas van die plaas al dink julle nie so nie.
Met die finale instorting sal óns jul land laat vergaan.

**Oorlog en ondergang**

Die mens streef hoog maar skep ook sy eie ondergang.
Terwyl ons stip meerKAT na die heelal se ontstaan
word Eskomme en Vaaldamme elders plat geskiet.
Wie sal ná armageddon alles weer kan vervang?

**'n Flou perd**

Wat hul nou probeer is geen verweer
teen Eskom se val wat sal gebeur.
Kragstasies gaan vrek;
slegs die jeug kan red.

HENNIE PIETERSE
E-pos: hjcpieterse62@gmail.com


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a12

# Vier skrywers met sterstatus

**Titel:** *Blisverkopers, beeldvorming en bemarking*
**Outeurs:** Joanita Erasmus-Alt en HP van Coller

Hierdie boek van Joanita Erasmus-Alt en HP van Coller handel oor ’n aspek van die letterkunde waaroor daar baie misverstand en selfs onkunde bestaan, naamlik die heel praktiese en pragmatiese aspekte van die boekebedryf as die bedryf waarbinne boeke en die letterkunde tot bestaan en sigbaarheid kom, waarbinne skrywers gedy of verdwyn. Die boekebedryf is ’n groot, omvattende en veelfasettige meganisme waarsonder boeke in die onlangse eeue nie geproduseer, bemark en versprei kan word nie. Die meeste skrywers is van hierdie instansies afhanklik om gelees te kan word, om bekend te word en om erkenning vir hulle werk te kry. Maar hier, soos oral in die werklikheid, is almal gelyk, maar sommiges is wel meer gelyk as ander (met apologie aan Orwell). Daar is nie bose opset nie, maar as ’n manuskrip raakgesien word deur die regte uitgewer, as die manuskrip duidelik talent en oorspronklikheid toon en handel oor die regte tema op die regte tyd, veral ook as die skrywer bemarkbaar is, word daardie manuskrip ’n boek met vlerke en die skrywer ’n ster. Die ander uiterste van hierdie situasie is die posisie van iemand soos Emily Dickinson wat haar verse gestuur het vir haar vriend/raadgewer/uitgewer wat haar bemoedig het, maar nie gedink het haar werk is publiseerbaar nie. En tot vandag weet almal wat letterkunde ken van haar en baie lesers dra een of meer van haar gedigte in die geheue saam as iets wat nie vergeet kan word nie.

Die navorsing wat Joanita Erasmus-Alt onder leiding van HP van Coller gedoen het vir haar proefskrif, is die basis van hierdie boek maar dit word hier in ’n “sterk gewysigde vorm” onder die titel *Blitsverkopers, beeldvorming en bemarking* aangebied. Die kernidee in die boek is dat boeke, meer of minder populêr en selfs “hoë” literatuur, nooit in ’n vakuum of in isolasie tot stand kom en bestaan nie, maar deel vorm van ’n veel groter tydgebonde werklikheid ten opsigte van ekonomiese aspekte soos produksie en bemarking en verspreiding asook ten opsigte van ideologiese en kulturele aspekte in ’n bepaalde tydsgewrig. Een van die doelstelllings van die boek is om ’n manier te vind om hierdie komplekse interaktiewe terrein te verken, te beskryf en te ontleed en om die verworwe insigte dan aan die hand van gevallestudies te toets.

Hierin slaag die boek dan ook inderdaad. Na ’n inleidende hoofstuk volg daar drie hoofstukke waarin ’n groot aantal teorieë verken word oor die rol en posisie van die skrywer, oor die plek van literêre (en populêre) tekste in die wyer veld of binne groter sisteme in die omwêreld van die teks en oor aspekte van beeldvorming in die geval van skrywers. Die teoretiese uiteensettings is deeglik en noukeurig gedoen. Dit is ook goed georden sodat die leser daar ’n greep op kan kry. Dit is wel heel tegniese teoretiese materiaal wat hanteer word maar vir studente wat navorsing wil doen oor verskillende veldteorieë en sisteemteorieë, kan dit besonder nuttig wees. Die uiteensettings is helder geformuleer sodat die kernkonsepte van belangrike teoretici uit verskillende tradisies op ’n bruikbare wyse en met inbegrip van historiese ontwikkelinge, verduidelik word, onder meer die formalistiese en strukturalistiese werk van Even-Zohar, die konstruktivisme van Schmidt en Luhman, die veldteorie van Bourdieu asook van die Nederlanders Van Rees en Dorleijn, Heinich se kunssosiologie en Meizos se siening van die postuur van ’n kunstenaar. Op dieselfde noukeurige manier word aspekte van


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a13

beeldvorming van kunstenaars/skrywers behandel. Die boek se teoretiese gedeelte is dus omvattend en toon dat daar nie net wyd navorsing gedoen is nie (wat ondersteun word deur die besonder indrukwekkende uitgebreide bibliografie), maar dat die materiaal met insig hanteer word. As iemand helder kan skryf oor moeilike en abstrakte onderwerpe, beteken dit daardie teorieë en konsepte is deeglik bemeester.

Die volgende vier hoofstukke berus op net sulke deeglike en uitgebreide navorsing maar is baie interessant en sal selfs vir gewone lesers, wat nie in literêre teorieë geskool of daarin geïnteresseerd is nie, boeiend wees. Vier suksesvolle skrywers, Dalene Matthee, Marita van der Vyver, Francois Smith en Bibi Slippers, word ondersoek na aanleiding van omstandighede rondom daardie spesifieke boek wat ’n deurbraak was, wat ’n blitsverkoper geword het en die skrywers ’n huishoudelike naam gemaak het.

Trouens, op die buiteblad van die boek is daar lyntekeninge van die vier skrywers se gesigte, die meer besadigde gesigte van Dalene Matthee en Francois Smith aan die kante en Marita van der Vyver met haar guitige keps en Bibi Slippers met haar polkadot rok in die middel – ’n goeie weergawe van ’n kernaspek van elkeen van die vier skrywers se beeld of postuur om met die boeke se woorde te praat.

Van elke skrywer word ’n kort biografiese skets verskaf en daarna gefokus op relevante buitefaktore wat die aard van die skrywer en sy/haar werk bepaal of beïnvloed het. Ek gaan nou nie daardie argumente as sodanig hier weergee nie, maar dit kom daarop neer dat daar gekyk is na die skrywer se vorige publikasies en plek in die wêreld van woorde en skryf, met ander woorde die bestaande (of nie-) oeuvre en die aard daarvan, die ontdekking of ontwikkeling van die bepaalde manuskrip, die hantering daarvan, die publikasie en redaksionele werk daaraan en dan die bemarking, wat insluit die bemarking van die persona van die skrywer. Uiteindelik gaan dit ook op die resepsie van die boek in. Resensies en artikels asook die latere volhoubaarheid van die skrywer se statuur deur opvolgwerk en verdere bemarking en blootstelling. Al die verskynsels word beskryf in terme van die voorafgaande teorieë sodat dit duidelik word dat dit nie gaan om bloot persoonlike interpretasies van prosedures en strategieë nie, maar dat al hierdie sake in ’n wyer perspektief beskou word as algemene verskynsels hier en internasionaal.

Die boek sluit af met ’n hoofstuk waarin die stof ietwat anders maar verhelderend saamgevat word. En dan is daar die werklik omvattende bibliografie (75 bladsye) en ’n register van terme (byna 19 bladsye) wat uiters nuttig is. Die teks is goed versorg hoewel ek enkele setfoutjies raakgelees het. Veral in die inhoudsopgawe is foute, maar ek vermoed dit het met die rekenaarweergawe van diakritiese tekens te make. Oorsigtelik beskou is die boek ’n deeglike stuk werk.

Mens sou kon dink dat ’n studie soos hierdie ’n neerdrukkende uitwerking op skrywers kan hê. As jou werk nie op die regte tyd deur die regte persoon raakgesien word nie, kom daar geen magtige uitgewersbedryf in aksie om jou en jou werk te dra nie. Met jou keuse van uitgewer (en in Suid-Afrika is die keuses klein omdat die NB verskeie uitgewershuise in homself herberg met slegs enkele kleiner onafhanklike uitgewers) of meer nog, met die aanvaarding van jou manuskrip deur ’n bepaalde uitgewer (en die groot uitgewerye kan bekostig om uit te soek en te besluit soveel van dit en soveel van dat) is jou pad as skrywer bepaal. Sterk magte in die bedryf kan bemark van voor publikasie af en dit volhou tot by kunstefeeste.

Mens moet egter onthou dat selfs intensiewe eksterne pogings nie ’n swak boek tot lewe kan bring nie. As die goeie boek (of die regte boek op die regte tyd) geskryf word, moet mens bly glo dat dit wel raakgesien sal word, selfs sonder al die hulp en stutte en konneksies.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a13

Dit bring my by ’n ander punt: As mens lees hoe hierdie skrywers almal voor die verskyning van hulle blitsverkopers reeds verbind was aan óf die uitgewer self, die joernalistiek (van koerante en webblaaie verbonde aan die uitgewer of persmaatskappy), met kwalifikasies in Afrikaans (of ander letterkundes) óf selfs ’n dosent in Afrikaans is, en hoe daar verbintenisse bestaan tusssen resensente en artikelskrywers en joernaliste en die skrywers, kan jy twyfel aan die werklike waarde van en aan die waarde-oordele oor tekste.

Weer eens, moet mens verder dink. Die Afrikaanse letterkunde is ’n klein letterkunde en Afrikaans ’n klein en selfs krimpende taal. In Afrikaans het jy ook die verskynsel dat mense wat letterkunde of taalkunde in Afrikaans doseer, self ook skryf. In Nederland byvoorbeeld is die wêrelde van skryf en onderrig en navorsing absoluut geskei en hulle is agterdogtig oor ’n vermenging van funksies. Maar in Afrikaans was dit nog altyd so, Malherbe het klasgegee, Van Wyk Louw en Opperman het, Joan Hambidge en Henning Pieterse is dosente en so kan mens aangaan. Dit is gewoon die werklikheid vir ’n klein taal.

Dit is dan ook onvermydelik dieselfde groep mense wat in ’n bepaalde tydsperiode in die veld van die letterkunde werksaam is: dosente van Afrikaans, akademici en navorsers op die terrein van die Afrikaanse letterkunde en taalkunde asook Afrikaanse joernaliste doen dikwels hulle werk om den brode en skryf ook, skryf ook resensies van mekaar se werk en bestudeer die tekste en doseer daaroor. Dit beteken nie dat hulle oordeel altyd skeefgetrek is nie: ek glo dit is soms wel skeef, want mens moet nugter ook wees (ons leef nog in die ondermaanse en sommige mense hou meer en minder van mekaar), maar die meeste van hulle probeer objektief en eerlik wees, ook omdat hulle weet dat hulle min van die ander kan flous. Hulle weet van mekaar se konneksies en hou mekaar ook maar dop. Die meeste van hierdie mense is egter ook belese in ander tale, Engels, Nederlands en Duits en Frans, en het darem ’n wyer verwysingsveld as net Afrikaans as hulle tekste beoordeel.

Die blote feit dat die moeilik hanteerbare maar onontkombare praktiese aspekte van die literêre veld so sterk op publikasies en die lewe ná publikasie inwerk, bly ’n aktuele onderwerp en hierdie boek maak ’n groot bydrae om die saak te verhelder en die kontoere daarvan aan te toon.

**Heilna du Plooy**
Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: heilna.duplooy@nwu.ac.za


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a13

# Oproep om bydraes: *Afrikaans 100: 1925–2025*

Op **8 Mei 2025** vier Afrikaans, as een van die jongste tale in die wêreld, die eerste eeu van die erkenning en wetlike verordening daarvan as een van die amptelike tale van Suid-Afrika.

Dit is ongetwyfeld ’n gebeurtenis wat gevier behoort te word en dit is presies wat beoog word met ’n spesiale **temanommer** van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* in Maart 2025.

Enersyds is daar verskeie *mylpale* wat herdenk kan word in die aanloop tot en die ontwikkeling van Afrikaans (byvoorbeeld as volwaardige wetenskapstaal) sedert die amptelike erkenning daarvan as volwaardige taal in eie reg in Mei 1925. Andersyds is daar ook bepaalde *uitdagings*, of dalk eerder *bedreigings*, waarmee rekening gehou moet word op hierdie tydstip in die geskiedenis van Afrikaans. Dit kan uiteraard ook tot geleenthede vir groei vir Afrikaans lei.

So het byvoorbeeld die tersiêre landskap in die afgelope dekades onherroeplik verander en Afrikaans as wetenskapstaal is as gevolg daarvan ongetwyfeld onder druk. Besluite wat in die verlede oor taal geneem is, het duidelik ’n impak op die hedendaagse konteks. Dat die “*akademiese onderbou van Afrikaans*” (kyk dr Edwin Hertzog se stuk in die TGW, September-nommer 2022) se momentum sedert 1994 gestuit is, is baie sigbaar vir diegene wat hulle daagliks met Afrikaans as akademiese taal en as vaktaal besig hou. So is daar minder publikasies in vaktydskrifte, selfs minder vaktydskrifte in Afrikaans, min verhandelinge en proefskrifte word nog in Afrikaans geskryf, Afrikaans word stelselmatig aan universiteite afgeskaal, Afrikaanse studente wat hulle kursusse in Afrikaans wil volg, word minder en die aanbod kleiner, Afrikaanssprekende dosente aan universiteite word minder, ens. – om slegs enkele voorbeelde te noem van die gevolge van hierdie druk.

Ten spyte hiervan is daar die afgelope jare ook verskeie inisiatiewe onderneem waardeur Afrikaans op verskillende terreine bevorder is. Die stigting van Akademia in 2011, ’n onafhanklike Afrikaanstalige tersiêre instelling, is onteenseglike getuienis van ’n voortgesette betrokkenheid by die uitbouing van Afrikaans as wetenskapstaal. En Aros as instelling wat Afrikaanse onderwysers oplei, doen ook goeie werk. Aan sommige openbare universiteite in SA word Afrikaans wel nog ’n plek gegun.

Maar is dit genoeg om Afrikaans die toekoms in te dra? Wat sal gebeur as Afrikaans nie meer aan openbare universiteite as onderrigmedium gebruik word nie? Sal Akademia, Aros, selfs Sol-Tech, en ander private instellings, voldoende wees om aan die Afrikaanse gemeenskap se behoefte aan naskoolse opleiding te voldoen? Wat is die risiko as Afrikaanse naskoolse opleiding slegs by private instellings moontlik is? Wat is die werklike stand van sake rakende Afrikaans in die onderskeie gebruiksterreine? Gaan Afrikaans vorentoe of stagneer dit? Wat van Afrikaans as volhoubare taal van die wetenskap?

Hierdie – en talle ander moontlike vrae – kan in so ’n beoogde **temanommer** teregkom. Die groot vraag vir die tyd waarin ons nou leef, is hoe ons te werk moet gaan om Afrikaans binne ’n meertalige bedeling (waarvan mense die aard en implikasies nog nie regtig begryp nie) in Suid-Afrika se breë onderwysopset (van tersiêr, sekondêr, primêr tot preprimêr) nie net te behou nie, maar ook uit te brei. Dit is ons groot uitdaging en ook ons werklikheid.

Die tema bied ruimte vir heelwat insette oor ’n verskeidenheid toepaslike onderwerpe, soos:

- Afrikaans in die 20ste eeu vs. die 21ste eeu
- ’n Bestekopname van suksesse en mislukkings die afgelope 100 jaar
- ’n Bestekopname van suksesse en mislukkings sedert 1994
- Hoe Afrikaans se demografiese profiel lyk: wat daaruit afgelei kan word
- Wat gelei het tot die wegkalwing van die posisie wat Afrikaans geniet het in die ‘tradisionele’ taallandskap in Suid-Afrika
- Afrikaans as taal aan universiteite
- Afrikaans en die onderwys
- Die gebruik van Afrikaans in talle sektore, soos gesondheid, ekonomie, regte, godsdiens, e.a.
- Afrikaans as wetenskapstaal
- Afrikaans se funksies
- Afrikaans en taalregte
- Strategieë vir Afrikaans op die pad vorentoe
- Meertaligheid en Afrikaans
- Is moedertaalonderrig in Afrikaans volhoubaar?
- Afrikaans as vaktaal
- Afrikaans as akademiese taal
- Afrikaans en die tegnologie
- Die variëteite van Afrikaans

Uiteraard is daar nog talle ander onderwerpe as die paar wat hier bo genoem is.

**Hiermee nooi die redaksie van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* u vriendelik uit om betrokke te raak by die temanommer ter viering van 8 Mei 1925.**

**Nader gerus die twee gasredakteurs of die redakteur van die TGW met ’n voorstel oor ’n onderwerp sodat hulle seker kan maak dit val in die breë tema**. Die nodige skryfriglyne sal mettertyd aan medewerkers verskaf word.

Die plan is dat die temanommer as deel van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns se herdenkingsprogram vir Afrikaans 100 (2025) in Maart 2025 sal verskyn.

**Ten einde die produksieproses vir die temanommer te kan beplan, moet ons as gasredakteurs al teen 31 Augustus 2023 weet wie wil meewerk aan hierdie projek. Nader ons derhalwe spoedig met u tema. Die sperdatum vir die inhandig van die finale manuskrip is 30 Junie 2024.**

**Gasredakteurs:**

**Prof. Wannie Carstens**
Buitengewone professor in Afrikaanse taalkunde, NWU
E-pos: Wannie.carstens@nwu.ac.za

**Prof. Nerina Bosman**
Navorsingsgenoot, Departement Afrikaans, UP
E-pos: Nerina.bosman@up.ac.za

# Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, die kunste en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, word nie vir publikasie oorweeg nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin ’n bydrae verskyn, word gratis aan die outeur verskaf. Indien ’n outeur meer eksemplare verlang, kan dit teen die heersende prys van die Akademiekantoor bestel word.

Die volgende **algemene voorskrifte** geld vir voorgelegde manuskripte:

- Stuur **’n elektroniese kopie** aan publikasies@akademie.co.za. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word in skrifgrootte Arial 12-punt met ’n 25 mm-linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur ’n **erkende taalversorger** geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans of Nederlands geskryf wees en beperk wees tot tussen **8 000** en **10 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van ’n kort *curriculum vitae* in Afrikaans en Engels (100-200 woorde) en ’n foto(s) van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Die bydrae moet vergesel gaan van ’n opsomming van **100-250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus ’n opsomming van **600-1 000** woorde in Engels. ’n Opsomming in ’n ander taal as Afrikaans moet ’n **vertaling van die titel** as opskrif hê.
- Outeurs moet ’n lys van **10-20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels net ná die Engelse opsomming verskaf.
- **Illustrasies** of **grafika** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.

**Opskrifte** in die *Tydskrif* lyk soos volg:

**1.** **Hoofopskrifte** is in hoof- en kleinletters en vetdruk. Daar is ’n lynspasie tussen die hoofopskrif en die teks.

*1.1* *Opskrifte* is in hoof- en kleinletters en kursief; daar is ’n lynspasie tussen die opskrif en die teks.

*1.1.1* *Subopskrifte* is kursief; daar is ’n lynspasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte kan soos bo genommer word indien ’n outeur dit verkies. Daar is geen punte ná opskrifte nie.

**Opskrifte** by tabelle lyk soos volg:

**TABEL 2:** Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

**Onderskrifte** by figure lyk soos volg:

***Figuur 3:*** *Sistemiese interafhanklikhede in mensstrewes: Die waardestruktuur.*

Indien ’n opskrif of onderskrif ’n **subtitel** bevat, volg die subtitel ná ’n dubbelpunt en begin dit met ’n hoofletter, met inagneming van die gewone Afrikaanse patroon, byvoorbeeld die konvensie rakende die lidwoord *’n*.

**Plaas asseblief tabelle en figure op die regte plek in die teks.**

**Aanhalings en verwysings**

- **Aanhalings** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale as Afrikaans is nie. Aanhalings wat langer as **drie reëls** is, word geïndenteer en nie tussen aanhalingstekens geplaas nie. Enige invoeging in ’n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeelde.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

Alle bibliografiese besonderhede word verstrek in die taal van die geraadpleegde bron, mits dit in die Romeinse alfabet is.

*Voorbeelde:*

- **Boek:** Olivier, DV. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.
- **Tydskrifartikel:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.
- **Hoofstuk in ’n boek:** Verhoef, G. 2012. ’n Ekonomiese geskiedenis van die 19de eeu. In Pretorius, F (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot nou*. Kaapstad: Tafelberg, pp. 201-217.
- **Internetbron:**
  Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). http://www.edu.learning.html [14 October 2004].

*In Afrikaans***:**

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, http://www.akademie.co.za [14 Oktober 2004].

*Bronverwysings in die teks:*

Volgens Swan (1996:45) …
OF: … … (Swan, 1996:45) …
OF: … … (Swan, 1996:45). [aan sinseinde]

**Bladgeld**

Die *Tydskrif* hef R300 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die outeur om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen om bladgeld. Die *Tydskrif* is nasionaal geakkrediteer en opgeneem in internasionale indekse. Navorsingsartikels gepubliseer in die *Tydskrif* kwalifiseer dus vir staatsubsidies.

**Outeursreg**

Outeur(s) behou outeursreg in ’n artikel wat in die *Tydskrif* gepubliseer word.

# Guidelines for authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the subject fields of theology, languages, arts and culture, and social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions published elsewhere will not be considered for publication in the *Journal*. An author will receive two complimentary copies of the edition in which his/her contribution appeared. More copies may be ordered from the publications office at the current price.

Submitted manuscripts should meet the following requirements:

- Contributions are to be submitted electronically by email to publikasies@akademie.co.za. Manuscripts should be typed in double spacing in Arial 12 point, leaving a 25 mm left margin.
- Manuscripts have to be **edited and be ready for printing**. Authors have to submit proof in writing that their text has been language edited by a **recognised text editor/language practitioner**.
- Contributions should be submitted in Afrikaans or Dutch and be limited to **8 000-10 000** words.
- An abridged *curriculum vitae* in Afrikaans and English (100-200 words) and a photograph (JPEG format) of each author should be submitted along with the contribution.
- Manuscripts should be accompanied by an abstract of **100-250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1 000** words. An abstract in a language other than Afrikaans should be headed by a **translation of the title**.
- The English abstract should be followed by a list of approximately **10-20 keywords** in English and Afrikaans.
- **Illustrations** or **graphics** should be provided with suitable captions placed below them, and their size should be appropriate for the format of the *Journal*.

**Headings** in the *Journal* are styled as follows:

**1.** **Main headings** are in upper and lower case, and bold. Leave a line space between the heading and the text.

*1.1* *Headings* are in upper and lower case and italics. Leave a line space between the heading and the text.

*1.1.1* *Subheadings* are in italics. Leave a line space between the heading and the text.

Headings may be numbered, if preferred. There are no full stops after headings.

**Table headings** are styled as follows**:**

**TABLE 2:** Economic development according to demographic groups

**Captions** of figures:

***Figure 3:*** *Systemic interdependence: The value structure*

If a **subtitle** occurs in any heading or caption, it is preceded by a colon and begins with an upper-case letter.

**All tables and figures are to be inserted at the correct place in the text.**

**Quotations and references**

- **Quotations** are not italicised – not even when in a foreign language. Quotations that exceed **three lines** are indented and are not placed in quotation marks. Anything inserted in a quotation is placed in square brackets. See examples in the printed *Journal*.
- **Abbreviations** should be avoided as far as possible.
- **Bibliographic references** follow the abbreviated Harvard method, with some variation allowed for specific subjects.

All bibliographic details are given in the language of the source used, provided the source is in the Roman alphabet.

*Examples:*

- **Book:** Quirk, R. & Greenbaum, S. 1973. *A university grammar of English*. Essex, UK: Longman.
- **Article in a journal or magazine:** Paterson, A-M. 2013. Inspired by fellowship: How Poet's Corner in Westminster Abbey brought Burns lovers together. *The Scots Magazine*, 178(1):36-38.
- **Chapter in a book:** De Gruchy, JW. 1984. Jung and religion: A theological perspective. In Papadopoulos, RK & Saayman, GS. (eds). *Jung in modern perspective.* London: Ad Donker, pp. 193-203.
- **Internet source:**
  Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). http://www.edu.learning.html [14 October 2004].

*In Afrikaans:*

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, http://www.akademie.co.za [14 Oktober 2004].

*Citations in the text:*

According to Swan (1996:45) …
OR: … ... (Swan, 1996:45) ...
OR: … … (Swan, 1996:45). [at the end of a sentence]

**Page fees:**

A fee of R300 per printed page (+VAT) is charged to help cover printing costs. It is the responsibility of the author to apply for payment of these fees by his/her university/research institution. The *Journal* has been accredited nationally and is included in international indices. Research articles/papers published in the *Journal* therefore qualify for government subsidies.

**Copyright:**

Copyright of articles published in the *Journal* vests in the author(s).

Tydskrif vir
# Geesteswetenskappe
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

## Doel van die SA Akademie

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – oorspronklik *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* – is in 1909 gestig. Destyds was die doel om na die ontwikkeling van die Nederlandse (insluitende die Afrikaanse) taal, letterkunde, kuns, geskiedenis en oudheidkunde in Suid-Afrika om te sien en om leiding in hierdie sfere te gee. Vandag is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ’n multidissiplinêre organisasie.

## Missie en doelstellings van die SA Akademie

Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika. Voorts behels dit ook die lewering van diens aan die samelewing. Hierdie multidissiplinêre organisasie wat die belange van alle Suid-Afrikaners wil dien, streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes.

## Aktiwiteite van die SA Akademie

Binne die raamwerk van sy missie en doelstellings ondersoek die Akademie voortdurend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt daaroor in, en tree ook meermale adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op deur direk by die verloop van gebeure betrokke te raak.

This title is now indexed in Scopus
refine your research SCOPUS

*Sedert Maart 2009 geïndekseer in die Social Sciences Citation Index*

**VOORBLADFOTO:**
Engelenburghuis: Gister en vandag